A PHILOSOPHICAL ANALYSIS OF ASPECTS OF THE ARTICLES OF FAITH OF THE DUTCH REFORMED CHURCH

by

JOHAN THEODOR CROUSE

submitted in accordance with the requirements for the degree of

MASTER OF ARTS

in the subject

PHILOSOPHY

at the

UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA

SUPERVISOR: PROFESSOR M. CLOETE

January 2019

DECLARATION

Name: JT CROUSE

Student number: 0202-061-0

Degree: MASTER OF ARTS (PHILOSOPHY)

I declare that, **'n Filosofiese analise van aspekte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Geloofsleer,** is my own work and that all the sources that I have used or quoted have been indicated and acknowledged by means of complete references.

I further declare that I submitted the dissertation to originality checking software. The digital receipt is enclosed on the next page.

I further declare that I have not previously submitted this work, or part of it, for examination at UNISA for another qualification or at any other higher education institution.



.....

SIGNATURE

JT CROUSE

17 January 2019

turnitin

Digital Receipt

This receipt acknowledges that Turnitin received your paper. Below you will find the receipt information regarding your submission.

The first page of your submissions is displayed below.

Submission author:	Johan Theodor Crouse
Assignment title:	Revision 3
Submission title:	'n Filosofiese analise van aspekte ...
File name:	VERHANDELING_2019-_Copy.docx
File size:	422.4K
Page count:	218
Word count:	67,064
Character count:	358,324
Submission date:	16-Jan-2019 05:12AM (UTC+0200)
Submission ID:	1064651069



A PHILOSOPHICAL ANALYSIS OF ASPECTS OF THE ARTICLES OF FAITH OF THE DUTCH REFORMED CHURCH

by

JOHAN THEODOR CROUSE

submitted in accordance with the requirements for the degree of

MASTER OF ARTS

in the subject

PHILOSOPHY

at the

UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA

SUPERVISOR: PROFESSOR M. CLOETE

January 2019

i

Copyright 2019 Turnitin. All rights reserved.

ABSTRACT (English)

The main objective of the thesis is to address the fundamental claim by the Dutch Reformed Church that its articles of faith that were adopted by the synod of Dordrecht in 1619 are true, specifically those articles relating to the doctrines that address the question of the origin of humankind as well as the origin of sin. These doctrines have been presented as truths that are supposedly (theologically) grounded in the Bible as the Word of God.

The point of departure of this project is that the doctrines in question must be approached from within the relevant historical context when addressing the question of their validity. More importantly, it is contended that it is epistemologically justified today to believe that the doctrines in question have been rendered untrue by contemporary scientific findings and other relevant evidence.

The issue of truth must, therefore, be (re-)addressed from a perspective that includes the scientific findings of modernity. In 2010, however, the Dutch Reformed Church suggested that its foundational doctrines can coexist with the findings and evidence that render it untrue. The thesis demonstrates that this is not possible.

KEY TERMS:
Philosophy of religion; Dutch Reformed Church; Synod of Dordrecht; God; Divine revelation; Bible; Origin of humankind; Original sin; Truth; Reason; Faith; Scientific explanation; Doxastic agent; Epistemological justification.

ABSTRACT (IsiZulu)
INGQIKITHI YOCWANINGO

Inhloso enkulu yalolu cwaningo ngukuphenya lokho okushiwo yiSonto LamaDashi Eliguqukile elaziwa ngokuthi yiDutch Reformed Church okungukuthi imibhalo yezenkolo eyamukelwa nguMhlangano Wezisebenzi Zezenkolo ZaseDordrecht ngowe-1916, ikakhulukazi leyo emayelana nezimfundiso zemvelaphi yabantu nemvelaphi yesono, iyiqiniso laphakade. Lezi zimfundiso zethulwe njengamaqiniso okuthiwa (ngokwezifundo zezenkolo) asekelwe eBhayibhelini njengeZwi LikaNkulunkulu.

Iphuzu okuyilo elisemqoka kulo msebenzinhloso ngukuthi uma ukukholakala kwalezi zimfundiso kuhlolwa, kumele kubhekwe ngokwengqikithi yako kwezomlando. Okubaluleke kakhulu, kunokungavumelani ngokuthi esikhathini samanje, ngokolwazi esinalo kufanele sikholwe ukuthi izimfundiso okukhulunywa ngazo zithathwa njengezingesilo iqiniso ngenxa yemiphumela yocwaningo lososayensi yesikhathi samanje kanye nobunye ubufakazi obuhambisana nalokhu.

Ngakho-ke, udaba lweqiniso kufanele lubhekwe (futhi) sekubandakanywa nemiphumela yocwaningo lososayensi lwesikhathi samanje. Nakuba kunjalo, ngowe-2010, iSonto LamaDashi Eliguqukile laphakamisa ukuthi kuyinto engenzeka ukuthi izimfundiso zalo eziyisisekelo zibe nokuhambelana nabo ubufakazi (besayensi) obuthi azilona iqiniso. Lo mbiko wocwaningo uveza ukuthi lokho kuyinto engasoze yenzeka.

AMAGAMA ASEMQOKA:

Ifilosofi yenkolo; ISonto LamaDashi Eliguqukile; UMhlangano Wezisebenzi Zezenkolo ZaseDordrecht; UNkulunkulu; Isambulo sikaNkulunkulu; iBhayibheli; Imvelaphi yabantu; Isono sokuqala; Iqiniso; Isizathu; Ukholo; Incazelo yesayensi; Inxusa lezinkolelo; Incazelo yezinkolelo zomuntu ngenxa yolwazi analo.

ABSTRACT (Afrikaans)

Die hoofdoel van die verhandeling is om die fundamentele aanspraak van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aan te spreek dat sy belydenisskrifte, met spesifieke verwysing na daardie leerstellings wat met die vraag oor die ontstaan van die mensdom en die oorsprong van sonde handel en wat in 1619 deur die Sinode van Dordrecht aanvaar is, waar is. Hierdie leerstellings word (teologies) as waarhede voorgehou dat dit op die Bybel as die Woord van God gegrond is.

Die vertrekpunt van die verhandeling is dat die betrokke leerstellings vanuit ’n toepaslike historiese konteks benader moet word wanneer die vraag van hulle geldigheid aangespreek word. Nog meer, betoog die verhandeling dat dit vandag epistemologies geregverdig is om te glo dat die betrokke leerstellings deur hedendaagse wetenskaplike bevindings en ander tersaaklike bewyse onwaar gemaak is.

Die kwessie van waarheid moet daarom (her-)aangespreek word vanuit ’n perspektief wat moderne wetenskaplike bevindings insluit. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het egter in 2010 suggereer dat sy fundamentele leerstellings met daardie (wetenskaplike) bewyse wat dit onwaar maak, kan medebestaan. Die verhandeling demonstreer dat dit nie moontlik is nie.

SLEUTELTERME:
Filosofie van religie; Nederduitse Gereformeerde Kerk; Sinode van Dordrecht; God; Goddelike openbaring; Bybel; Ontstaan van die mensdom; Erfsonde; Waarheid; Rede; Geloof; Wetenskaplike verduideliking; Doksastiese agent; Epistemologiese regverdiging.

'N FILOSOFIESE ANALISE VAN ASPEKTE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SE GELOOFSLEER

deur

JOHAN THEODOR CROUSE

voorgelê luidens die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die vak

FILOSOFIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROFESSOR M. CLOETE

Januarie 2019

INHOUDSOPGAWE

TITLE PAGE		i
DECLARATION		ii
ABSTRACT (English)		iv
ABSTRACT (isiZulu)		v
ABSTRACT (Afrikaans)		vi
TITELBLADSY		vii
INHOUDSOPGAWE		viii
VERDUIDELIKING VAN AFKORTINGS		xiv
BEDANKINGS		xv
VOORWOORD: MY VERBINTENIS MET DIE NG KERK		xvi

HOOFSTUK EEN

INLEIDING

1.1	ORIËNTASIE	1
1.2	PROBLEEMSTELLING	2
1.2.1	ONTWIKKELING VAN DIE VERHANDELINGSPROBLEEM	4
1.2.2	ONWAARHEID VAN DIE BELYDENISSKRIFTE	9
1.3	DOEL VAN DIE VERHANDELING	10
1.4	METODOLOGIE	10
1.5	BEGRENSING VAN DIE VERHANDELING	13
1.5.1	DIE NGK SE BELYDENISSKRIFTE	13
1.5.2	DIE FILOSOFIE VAN DIE RELIGIE	13
1.6	BELANGRIKHEID VAN DIE VERHANDELING	14
1.7	RAAMWERK VAN DIE VERHANDELING	17

HOOFSTUK TWEE

DIE FILOSOFIESE VRAAGSTUKKE VAN WAARHEID, REDE EN GELOOF

2.1	INLEIDING	19
2.2	REDE EN GELOOF: DIE TEOLOGIE	22
2.2.1	DIE ERFSONDE	22

2.2.2 ST. AUGUSTINUS: DIE ERFSONDE EN DIE MAG VAN DIE KERK 25
2.2.3 ST. THOMAS AQUINAS: GELOOF BO REDE 26
2.3 REDE EN GELOOF: DIE MODERNE FILOSOWE 32
2.3.1 RENÉ DESCARTES: GOD DEUR REDE 33
2.3.2 JOHN LOCKE: REDE BO GELOOF 37
2.3.3 IMMANUEL KANT: VERSAAK KENNIS OM PLEK TE MAAK VIR GELOOF 40
2.4 DIE FILOSOFIESE VRAAGSTUK VAN WAARHEID 43
2.4.1 DIE FILOSOFIE EN GEREGVERDIGDE EPISTEMOLOGIESE GELOOF 45
2.4.2 GEREGVERDIGDE EPISTEMOLOGIESE GELOOF 46
2.4.3 DOKSASTIESE AGENT SOSIALE EPISTEMOLOGIE 47
2.4.3.1 Individuele doksastiese agent sosiale epistemologie 47
2.4.3.2 Kollektiewe doksastiese agent sosiale epistemologie 49
2.4.3.3 Stelsel georiënteerde sosiale epistemologie 49
2.4.4 TOEPASSING VAN DOKSASTIESE AGENT SOSIALE EPISTEMOLOGIE IN DIE VERHANDELING 49
2.5 SAMEVATTING VAN DIE HOOFSTUK 50

HOOFSTUK DRIE
DIE WAARHEID VAN DIE NATUURWETENSKAPPE SE VERDUIDELIKING VIR DIE OORSPRONG VAN DIE HEELAL EN VAN DIE MENS

3.1 INLEIDING 52
3.2 VRAAGSTUK VAN DIE WAARHEID VAN DIE NATUURWETENSKAPPE 53
3.2.1 WETENSKAPLIKE METODE, TEORIEË EN VERDUIDELIKINGS 53
3.2.2 DIE KRISIS VAN DIE TWINTIGSTE EEU 54
3.2.3 DIE WETENSKAPLIK GELETTERDE WÊRELD AS ’N EPISTEMOLOGIESE SISTEEM 56

3.3. AANVAARDING VAN DIE WETENSKAPLIK GELETTERDE WÊRELD AS 'N EPISTEMOLOGIESE FONDASIE 58
3.4 EPISTEMOLOGIESE REGVERDIGING DAT DAAR VÓÓR 4000VGE MENSE BESTAAN HET 63
3.4.1 OUDERDOM VAN DIE HEELAL 64
3.4.2 ONTSTAAN VAN DIE HEELAL 66
3.4.3 ONTSTAAN VAN DIE MENS 71
3.4.4 DAAR HET VÓÓR 4000VGE MENSE BESTAAN 73
3.5 DIE MENS AS 'N BIOLOGIESE ORGANISME 76
3.6 SAMEVATTING VAN DIE HOOFSTUK 84
3.6.1 OPSOMMING 84
3.6.2 GEVOLGTREKKINGS 84

HOOFSTUK VIER
DIE NGK SE EPISTEMOLOGIESE PARADIGMA:
KERN-IDEES EN BEGINSELS

4.1 INLEIDING 87
4.2 DIE BELYDENISSKRIFLEER OOR DIE ERFSONDE 87
4.3 DIE NGK SE BELYDENISSKRIF GEFUNDEERDE EPISTEMOLOGIE 88
4.3.1 LEERSTELLING OOR DIE BESTAAN VAN GOD 89
4.3.1.1 Bewys 1: God verklaar in die Bybel dat Hy bestaan 90
4.3.1.2 Bewys 2: Bestaan van die heelal dien as bewys dat God die skepper is 92
4.3.2 LEERSTELLING OOR GODDELIKE OPENBARING 93
4.3.2.1 God se openbaring aan Moses en Paulus 94
4.3.2.2 Vertolking van die Bybel 98
4.3.3 LEERSTELLING OOR WAARHEID DEUR GELOOF 102
4.4 DIE NGK AS 'N EPISTEMOLOGIESE SISTEEM 105
4.4.1 BEKENDSTELLING VAN DIE NGK 106
4.4.2 VERBAND TUSSEN LIDMATE, GELOOFSLEER EN KERKLEER 107
4.4.2.1 Belydenisskrifte 107

4.4.2.2 Katkisasieboeke 107
4.4.2.3 Sinodebesluite en ander verklarings 108
4.4.3 DIE NGK SE VERSKANSING VAN SY GELOOFSLEER 108
4.4.3.1 Belydenisskrifte 108
4.4.3.2 Die Kerkorde 109
4.4.3.3 Katkisante se belydenis van geloof 111
4.4.3.4 Diskreditering van ander denominasies en religieë 113
4.5 SAMEVATTING VAN DIE HOOFSTUK 113
4.5.1 OPSOMMING 113
4.5.2 GEVOLGTREKKINGS 114

HOOFSTUK VYF

ANALISE VAN DIE NGK SE GELOOFSLEER OOR DIE ERFSONDE

5.1 INLEIDING 117
5.2 ANALISE VAN DIE NGK SE BELYDENISSKRIFLEER OOR DIE ERFSONDE 118
5.2.1 TOEPASLIKE BELYDENISSKRIFTE 118
5.2.2 OORDRAG VAN DIE ERFSONDE 120
5.2.3 GOD HET VOOR DIE SKEPPING SONDE VOORSIEN 121
5.2.4 SONDE VORM DEEL VAN GOD SE LANGTERMYN PLAN VIR DIE MENSDOM 124
5.2.5 GOD IS VIR DIE ERFSONDE VERANTWOORDELIK 126
5.2.6 TEENSTRYDIGE AARD VAN DIE NGK SE GELOOFSLEER 128
5.3 ANALISE VAN DIE NGK SE KERKLEER OOR DIE ONTSTAAN VAN DIE MENS EN DIE ERFSONDE: 1927 TOT 2018 134
5.3.1 DIE GENESIS SKEPPING VAN ADAM TEENOOR DIE EVOLUSIONÊRE OORSPRONG VAN DIE MENS 135
5.3.2 BEREKENING VAN ADAM SE SKEPPINGSDATUM 136
5.3.3 KATKISASIEBOEK (1927) 139
5.3.4 KATKISASIEBOEK (1969) 140
5.3.5 KATKISASIEBOEK (2009) 141
5.3.6 NGK SE MODERAMEN (2010) 141

5.3.7 GELOOF WAT RÊRIG IS (2013) 144
5.3.8 SAMEVATTING VAN DIE NGK SE KERKLEER OOR DIE ONTSTAAN VAN DIE MENS EN DIE ERFSONDE 145
5.4 SAMEVATTING VAN DIE HOOFSTUK 147
5.4.1 OPSOMMING 147
5.4.2 GEVOLGTREKKINGS 147

HOOFSTUK SES
DIE NGK EN WETENSKAP: IS MEDEBESTAAN MOONTLIK?
6.1 INLEIDING 149
6.2 DIE VERGEWING VAN DIE ERFSONDE 149
6.2.1 CHRISTUS AS WARE MENS 150
6.2.2 CHRISTUS SE EGTE MENSLIKE SIEL 154
6.3 MEDEBESTAAN VAN DIE TWEE EPISTEMOLOGIESE SISTEME 159
6.4 MEDEBESTAAN VAN DIE INHOUD VAN DIE TWEE EPISTEMOLOGIESE SE SISTEME 161
6.5 MY TEENSTAND TEEN DIE NGK SE EPISTEMOLOGIESE SISTEEM 164
6.6 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 169
6.6.1 OPSOMMING 169
6.6.2 GEVOLGTREKKINGS 170

HOOFSTUK SEWE
SLOTHOOFSTUK
7.1 INLEIDING 171
7.2 GEVOLGTREKKING EEN: DIE BELYDENISSKRIF-LEERSTELLINGS OOR BYBEL/ERFSONDE HET ONWAAR GEWORD 173
7.2.1 BELYDENISSKRIFLEER DAT CHRISTUS 'N WARE MENS WAS 174
7.2.2 BELYDENISSKRIFLEER DAT ADAM VIR DIE ERFSONDE VERANTWOORDELIK WAS 175

7.2.3 BELYDENISSKRIFLEER DAT GOD BESTAAN EN DAT DIE BYBEL DIE WOORD VAN GOD IS 176
7.2.4 SAMEVATTING 177
7.3 GEVOLGTREKKING TWEE: DIE NGK KAN IN SEKERE ASPEKTE NIE MET DIE WETENSKAP MEDEBESTAAN NIE 177
7.4 GEVOLGTREKKING DRIE: DIE BELYDENISSKRIFTE IS 'N SIMPLISTIESE EN VEROUDERDE BESKOUING VAN MENSWEES 178
7.5 IMPLIKASIES VIR DIE NGK DAT SY BELYDENISSKRIFLEER OOR BYBEL/ERFSONDE ONWAAR GEWORD HET 179
7.6 VERWAGTE BESWARE EN ANTWOORDE DAAROP 184
7.7 VERDERE NAVORSING 186

NASKRIF 187

BIBLIOGRAFIE 189

VERDUIDELIKING VAN AFKORTINGS

Die volgende afkortings word in die verhandeling gebruik:

DNS	Deoksiribonukleïensuur
DLR	Dordtse Leerreëls
GE	Gewone Era (n.C.)
HKS	Heidelbergse Kategismus
IDA	Individuele doksastiese agent
NGB	Nederlandse Geloofbelydenis
NGK	Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
RKK	Rooms-Katolieke Kerk
VGE	Voor Gewone Era (v.C.)

BEDANKINGS

Ek wil graag my opregte dank en waardering teenoor die volgende persone en inrigtings vir hulle bydrae tot hierdie verhandeling uitspreek:

My toesighouer, Professor Michael Cloete, vir sy bystand, rigtinggewende leiding en aanmoediging vir die duur van die projek.

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir die mildelike studiebeurs wat aan my toegestaan is.

My eggenoot, Phia, vir haar begrip waarom ek hierdie projek aangepak het en vir haar deurlopende ondersteuning.

Die Universiteit van Suid-Afrika wat dit vir studente soos ek moontlik maak om verder te studeer.

VOORWOORD

MY VERBINTENIS MET DIE NGK

Die gevolgtrekking waartoe ek in die verhandeling kom, is dat die NGK se Belydenisskrifleerstellings oor Goddelike openbaring en die erfsonde wat in 1619 deur die Sinode van Dordrecht aanvaar is, in die een-en-twintigste eeu uitgedien geword het. Omdat hierdie ’n ernstige aantyging is, meen ek dat dit eties korrek is dat ek my verbintenis met die NGK verklaar.

Vir persoonlike redes is ek steeds ’n lidmaat van die NGK, maar nie meer ’n belydende een nie. Die rede waarom ek die NGK as navorsingsonderwerp gekies het, is my lewenslange verbintenis daarmee. Soos my voorgeslagte is ek in die NGK gebore en gedoop. Ek het in ’n plattelandse dorpie grootgeword en skoolgegaan. Voorskool was dit die Kinderbybel op moederskoot en daarna Kinderkrans, Sondagskool, Voortrekkers en kategese. In 1965 is ek as ’n lidmaat aangeneem en is sedertdien aaneenlopend ’n lidmaat van plattelandse sowel as stedelike gemeentes. Ek is met ’n NGK lidmaat getroud. Ons vier kinders is in die NGK gedoop en aangeneem.

Deur die jare heen het ek begin om die leer van die NGK wat ek grootliks onbevraagteken aanvaar het, te betwyfel. My betwyfeling was sporadies en in die algemeen. Ek het ook nie gedurende my werkslewe die tyd of die inklinasie gehad om dit te formaliseer nie. Toe ek so oud geword het soos my vader toe hy oorlede is (61), het ek myself gedwing om my naderende dood as ’n onvermydelike werklikheid te aanvaar. Voorop in my gedagtes was die vraag wat ná my dood met my sal gebeur. Anders gestel, op sterkte waarvan kan ek seker wees dat daar lewe na die dood is, soos wat deur die NGK aan lidmate voorgehou word.

Toe het ek begin lees. Ek het my onder andere na die NGK se 1619 Belydenisskrifte gewend wat ek laas in 1965, as ’n 16-jarige katkisant, onder oë

gehad het. Anders as wat in 1965 die geval was, was ek hierdie keer in staat om die Belydenisskrifte objektief en krities te bestudeer. Wat ek in die Belydenisskrifte gevind het, was vir my ’n ontnugtering. In die proses is my wyer belangstelling geprikkel en het ek voorlopig my vraag oor my eie mortaliteit agterweë gelaat. Dit het vir my belangrik geword om éérs vas te stel of die NGK se 1619 Belydenisskrif gefundeerde Geloofsleer op die spreekwoordelike Bybelse rots of op sand gebou is.

Hierna het ek my na my voorgraadse Unisa studiegidse gewend wat nog geduldig in my boekrak gewag het[1]. Omdat ek myself in die posisie bevind het waar ek myself forseer het om my aankomende dood te konfronteer, het ek Descartes, Locke, Hume, Kant en die ander filosowe wat ek gelees het, anders verstaan as toe ek ’n voorgraadse student was. Nou het ek tot die besef gekom dat hulle nie gefilosofeer het net om te filosofeer nie. Hulle denke oor menslike kennis, die bestaan van God en menslike immortaliteit was vir elkeen van hulle ook ’n persoonlike saak. Hulle was werklik op soek na die waarheid. Elkeen van hulle moes ’n doelbewuste besluit geneem het dat menslike rede vir hulle belangriker was as blinde religieuse geloof. Dit het die deurslag gegee waarom ek besluit het om verder in die filosofie te studeer. Op hierdie tydstip het ek afgetree en het ek meer vrye tyd tot my beskikking gehad. Hierdie sameloop van omstandighede het daartoe gelei dat ek in 2012 vir die Honneurs in Filosofie aan Unisa geregistreer het.

Met die verloop van my honneursstudies het dit vir my duidelik geword dat dit noodsaaklik was dat ek myself op hoogte moet bring met die verwikkelinge in die natuurwetenskappe sedert ek in 1966 matrikuleer het. Dit was veral die verwikkelinge in die genetika, sedert die ontdekking van DNS in 1953 wat weer tot die kartering van die menslike genoom in 2001 gelei het, wat vir my ’n tweede ontnugtering was. Toe ek myself so ver kon kry om te aanvaar dat ek waarskynlik aan alle organiese lewe op aarde verwant is, kon ek opnuut oor die mensdom se lewe op aarde besin.

[1] Ek het my BA graad met filosofie as hoofvak in 1981 aan Unisa behaal. Daarna het ek in ’n ander rigting verder studeer en het my voorgraadse filosofie verdof geraak.

Ek bevind my in ’n bevoorregte posisie om nog tot in die een-en-twintigste eeu te kan leef. Vir die eerste keer in die mensdom se geskiedenis bestaan daar verstaanbare verduidelikings (in teenstelling met spekulasie, hetsy blindelings of rasioneel) vir die ontstaan en funksionering van die heelal en van die mens. Vir die eerste keer maak tegnologie dit moontlik dat ons die funksionering van die mens se brein fisies kan waarneem[2], met die gevolg dat ons die grootste misterie in die heelal kan begin ontrafel, naamlik die menslike bewussyn. Hierdie een-en-twintigste eeu se wêreld stel ons in staat om nuwe vrae oor religie te vra. Hierdie vrae lei weer tot nuwe antwoorde – antwoorde wat tot in die middel van die 20ste eeu nog ondenkbaar was. Dit is iets wat nie vir die groot denkers van die vorige eeue beskore was nie.

Ek bevind my ook in die bevoorregte posisie om in ’n land te woon waarin ek ’n konstitusionele reg van vryheid van spraak geniet sodat ek vrae oor die waarheid van religieë kan vra en waarbinne ek sonder vrees vir openbare vergelding my opinie daaroor kan openbaar. Alhoewel dit nie nodig is om openbare vergelding te vrees nie, beteken dit nie dat ek die besonderhede van my verhandeling in my daaglike omgang met die kerkvaste gedeelte van my familie en vriende kon openbaar nie. Die meeste van my familie en vriende het geweet dat ek met ’n magister verhandeling besig was. Ek het egter nooit aan die kerkvaste gedeelte van hulle (wat die meerderheid verteenwoordig) die onderwerp van die verhandeling uitgespel nie juis omdat ek geweet het dat dit tot onmin, vanaf hulle kant, sal lei indien ek hulle geloof sou bevraagteken.

Die vereistes wat ’n filosofies analitiese verhandeling soos hierdie aan my gestel het, het my in staat gestel om op ’n akademies verantwoordbare wyse oor my geykte gedagtes aangaande die NGK se Geloofsleer (en die Christelike geloof) te herbesin.

My verhandeling is die joernaal van my ondersoek (tot nou toe) na die waarheid van die Belydenisskrifleer van die NGK spesifiek, die Christelike

[2] Dit word gedoen deur fMRI (‘functional magnetic resonance imaging’).

geloof in die algemeen asook alle ander religieë wat (deur hulle onderskeie teoloë of religieuse leiers) voorhou dat ’n immateriële goddelike wese op ’n bonatuurlike wyse met die mensdom, deur bemiddeling van materiële derde partye (hetsy priesters, profete of sterrewiggelaars) kommunikeer. My verhandeling is my testament waarom ek ’n deurdagte besluit kon neem dat ek nie een van hierdie religieë kan aanvaar nie, en in die besonder waarom ek nie meer ’n belydende lidmaat van die NGK kan wees nie. Ek probeer steeds om met my medemens (Christene en nie-Christene) volgens die Christendom se morele waardes en beginsels om te gaan en ook om my eie lewe hiervolgens te lei.

Ek gee toe dat geloof (‘faith’) die basis van die meeste wêreldreligieë is en dat hierdie geloof vir mense ’n gevoel van betekenis in hulle lewe gee. Terselfdertyd is my standpunt dat blinde irrasionele geloof gevaarlik is – veral wanneer ’n kerk en sy religieuse leiers blinde irrasionele geloof vereis. Die NGK, deur sy aanvaarding van die 1619 Belydenisskrifte, vereis blinde irrasionele geloof van lidmate. My mening is dat God, indien Hy ’n persoonlike belang in die lewe van individue het, nooit vir die mens ’n rasionele bewussyn sou gegee het indien Hy sou verwag, wat religie betref, dat mense hulle rasionele bewussyn moet verloën en die teologiese (mensgemaakte) dogma van hulle religieuse leiers blindelings en onbevraagteken moet aanvaar nie.

In my verhandeling maak ek sekere stellings oor die NGK en die Afrikanerpolitiek ten opsigte waarvan ek nie enige gesag aanhaal nie. Myns insiens maak ek hierdie stellings gesaghebbend op grond van my dekadelange verbintenis met (deelnemend wees aan) die Afrikaner *establishment* en my lewenslange verbintenis met die NGK. My verhandeling het my weer eens tot die besef gebring hoe die NGK in die twintigste eeu in ’n groot mate daarin geslaag het om sy lidmate binne ’n insulêre Afrikaner geloofsgemeenskap saam te snoer waarbinne die NGK die denke van lidmate (ook buite geloofsake) gevorm het.

My verhandeling fokus slegs op die NGK se Belydenisskrifte (wat betref Goddelike openbaring en die erfsonde) en bevraagteken nie die NGK se positiewe maatskaplike bydraes tot die Suid-Afrikaanse samelewing nie.

HOOFSTUK EEN

INLEIDING

1.1 ORIËNTASIE

Die filosofiese vraagstuk van waarheid is onderliggend tot hierdie verhandeling.

Die kwessie wat die verhandeling aanspreek is die aanspraak van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) dat sy[3] Geloofsleer[4] die ware en volkome leer van die verlossing is. Die NGK fundeer sy Geloofsleer[5] op die Belydenisskrifte wat in 1618 tot 1619[6] deur die Sinode van Dordrecht aanvaar is.

Die titel van die verhandelings is: 'n Filosofiese analise van aspekte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Geloofsleer (My onderstreping). Die doel van die verhandeling is nie om die hele spektrum van die NGK se Geloofsleer te analiseer nie maar om dit te begrens tot 'n analise van slegs die Belydenisskrifleerstellings dat die Bybel die geopenbaarde Woord van God is, en dan slegs insover dit betrekking het op die skepping van die mens gepaard met die ontstaan van die erfsonde en die vergewing daarvan. Verderaan in die verhandeling word hierna as die NGK se Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde verwys.

[3] In die verhandeling is verwysings na die NGK in die manlike vorm omdat die NGK dit self só doen.

[4] In die verhandeling word die NGK se Belydenisskrifte, Geloofsleer en Kerkleer met hoofletters gespel.

[5] Die NGK se Geloofsleer bestaan uit die Belydenisskrifte sowel as die NGK se Kerkleer. Kerkleer brei uit oor, en verduidelik, die Belydenisskrifte. Dit word in Hoofstuk Vier (paragraaf 4.4.2) verder verduidelik.

[6] Verderaan in die verhandeling word na die datum van die Sinode van Dordrecht verwys slegs as 1619.

In paragraaf 1.2 hieronder word verduidelik waarom dit in 1619 geregverdig was om te glo dat die NGK se Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde wat deur die Sinode van Dordrecht aanvaar is, waar was, en hoe dit vandag epistemologies geregverdig geword het om te glo dat hierdie leerstellings onwaar geword het.

In 2010 het die NGK se Moderamen 'n persvrystelling getitel *Kerk en Wetenskap* uitgereik[7]. In die persvrystelling stel die Moderamen dit dat die kerk en wetenskap beide bepaalde uitdrukkings van God se onbeskryflike grootheid en mag kan wees. My verstaan van hierdie stelling is dat die Moderamen in 2010 die mening toegedaan was dat die NGK se 1619 Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde kan medebestaan met daardie kontemporêre wetenskaplike verduidelikings wat dit onwaar maak.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die Belydenisskrifte skep 'n simbiotiese verwantskap tussen die ontstaan van sonde en die vergewing van sonde. Aan die een kant word Adam[8], die seun van God (Bybel[9]. Lukas 3:38), verantwoordelik gemaak vir die ontstaan van die erfsonde waarna die mensdom hierdie sonde oorerf en daarna, vir die duur van hulle lewe, gepredestineer is om verdere sonde te doen. Aan die ander kant moet hierdie sonde weer vergewe word sodat God se uitverkorenes immortaliteit kan beërwe. Dit word, aldus die Belydenisskrifte, bewerkstellig deur bemiddeling van Christus, ook die Seun van God. Christus is deur die Heilige Gees in die maagd Maria verwek en het, as ware God en 'n werklike/ware mens met menslike vlees en 'n egte menslike siel, aan die kruis gesterwe.

---

[7] Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2010. *Persvrystelling: Kerk en Wetenskap*. www.ngkerkas.co.za/wp-content/uploads/KerkENWetenskap.pdf

[8] Volgens die Belydenisskrifte was Adam werklik die eerste mens. Hy is eenmalig deur God geskep, en wel ongeveer 4000VGE.

[9] Hierdie aanhaling, asook alle aanhalings uit die Bybel verder in die verhandeling, sal wees uit *Die Bybel Nuwe Vertaling*. 1986. Sesde uitgawe. Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Sentraal in hierdie simbiotiese verwantskap tussen die ontstaan van sonde en die vergewing van sonde, staan die NGK wat die proses van die vergewing van sonde as't ware fasiliteer deur voor te hou dat sy Geloofsleer (Kerkleer en die Belydenisskrifte) die ware en volkome leer van die verlossing (hemelse immortaliteit) is. Hierteenoor is my standpunt wat in die verhandeling motiveer word, dat die NGK se 1619 Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde in die een-en-twintigste eeu onwaar geword het. Die spesifieke Belydenisskrifleerstellings wat onwaar geword het word, is die volgende[10]:

(a) Bybel: Artikels 1 en 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) leer dat God, synde 'n geestelike (immateriële) wese, bestaan. Artikel 3 van die NGB leer dat hierdie immateriële God homself aan sy materiële heilige mense openbaar het. Hierdie heilige mense het God se geopenbaarde woorde korrek in die Bybel op skrif gestel. Die Heilige Gees maak dit vir die gelowige die waarheid dat God bestaan en dat die Bybel die geopenbaarde Woord van God is. Artikel 14 van die NGB leer dat God homself aan sy heilige mens, Moses, openbaar het dat Hy die eerste mens uit die stof van die aarde geskep het. Hierdie eerste mens was Adam.

(b) Erfsonde: Artikel 15 van die NGB, Vraag en Antwoord 7 van die Heidelbergse Kategismus (HKS) en artikels 1 en 12 van die Dordtse Leerreëls (DLR) leer dat, as gevolg van Adam se ongehoorsaamheid aan 'n bevel van God, Adam vir die ontstaan van die erfsonde verantwoordelik was. Hierdie erfsonde is na die res van die mensdom oorgedra. Alle ander sonde spruit uit die erfsonde voort. Artikel 37 van die NGB leer dat die mens 'n onverganklike siel het wat na die dood van die liggaam bly voorbestaan. Op die oordeelsdag herrys die liggaam uit die dood en word die liggaam en siel herenig waarna elke mens geoordeel sal word. Die uitverkorenes sal met heerlikheid bekroon word waarteenoor die goddeloses gepynig sal word in die ewige vuur wat die duiwel vir hulle voorberei het.

[10] Die artikels van die Belydenisskrifte waarna in (a) en (b) hieronder verwys word, word in die loop van die verhandeling individueel aangehaal en behandel.

Adam, as ’n mens wat werklik bestaan het, is ’n kernkomponent van die Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde. Indien Adam nooit bestaan het nie, hou dit implikasies vir die NGK in omdat die NGK se 1619 Belydenisskrifte van die voorveronderstelling uitgaan dat Adam ’n historiese mens was wat bestaan het. Hierdie implikasies word met die verloop van die verhandeling verduidelik.

1.2.1 ONTWIKKELING VAN DIE VERHANDELINGSPROBLEEM

In die tydperk wat die 1619 Sinode van Dordrecht voorafgegaan het, het ’n ander intellektuele lewe as vandag geheers. Volgens Jordan (2005:803) was die grootste gedeelte van die mens se denke in die duisend jaar vanaf die vyfde tot die vyftiende eeue aan vrae oor God en geloof gewy. Dit was hoofsaaklik te danke aan die teologie van St. Augustinus (354-430GE) en St. Aquinas (1225-1274GE) wat die dogma, geloof bo rede, gevestig is. Dit, saam met die opkoms en mag van die Rooms-Katolieke Kerk (RKK), het tot die intellektuele slaap van rede gelei. Volgens Green (1965:14) was die daaglikse lewe van die Middeleeuse mens deurdrenk (‘saturated’) met die Christelike geloof. Volgens Ergang (1967:41) was die lewe van die gewone mens in die Middeleeue kort, onseker en miserabel en was dit maklik vir mense om hulle gedagtes op ’n beter en gelukkiger lewe in die hiernamaals te rig. Die Westerse Christelike mens was hoofsaaklik ongeletterd. Onkunde en bygeloof gaan hand aan hand en volgens Ergang (1967:171-173) was bygeloof deel van die daaglikse lewe van sowel geletterde as ongeletterde mense tot in die 16de eeu. Dit was in hierdie klimaat van bygeloof en byna algehele onkunde oor die natuurlike wêreld wat die Protestantse Reformasie in 1517 deur Martin Luther (1483-1546) ingelei is en waarin Johannes Calvyn (1509-1564) sy teologie ontwikkel het. Met hierdie as agtergrond en sonder enige verdere motivering, is dit my mening dat dit ten tye geregverdig was om te glo dat die Bybel die geopenbaarde Woord van God was, dat Adam die eerste mens was wat eenmalig deur God geskep is en dat hy vir die erfsonde verantwoordelik was.

Toe die Protestantse reformatore vanaf 1517 van die RKK weggebreek het, was hulle slagspreuk die sogenaamde vyf *Sola’s* waarvan die volgende twee

vir die verhandeling van belang is, naamlik, *Sola Scriptura, Sola Fide* ('Bybel alleen, geloof alleen'). Die uitgangspunt van die Protestantse teologie was dat die Bybel die geopenbaarde Woord van God is. Hiervolgens is elke woord wat in die Bybel geskryf is, letterlik deur God synde 'n geestelike oftewel immateriële wese aan sy materiële heilige mense op aarde, naamlik die outeurs van die Bybelboeke, openbaar. Protestantse teoloë het slegs onder mekaar verskil wat betref die Wil van God soos dit in sy heilige en onfeilbare Woord, die Bybel, opgesluit is.

Calvyn het op sy beurt van die res van die Protestantisme verskil in sy uitleg van die Bybel en het hy sy eie rigting ingeslaan en sy eie teologie ontwikkel. Dit staan as die Calvinisme bekend. Die uitstaande kenmerk van die Calvinisme is die sogenaamde uitverkiesingsleer[11] soos dit in die Dordtse Leerreëls (DLR) vervat is. Die NGK is 'n Calvinistiese Protestantse kerk en sy ontstaan kan by die 1619 Sinode van Dordrecht gevind word.

Ten tye van die Sinode van Dordrecht in 1619 was die Bybel die enigste bron wat 'n verklaring vir die ontstaan van die heelal, van die wêreld en van die mens gegee het. Die Bybel se Genesis skeppingsverklaring was daarom binne die Christendom as gesaghebbend beskou. God het die skepping in soveel woorde in Genesis openbaar. God het die heelal binne ses dae *ex nihilo* geskep; God het die eerste mens, Adam, op die sesde dag sowat 6,000 jaar gelede geskep[12]; die sondeval was 'n ware gebeurtenis; die mens was God se skeppingskroon wat bo ander lewende wesens verhewe is; wonderwerke was werklik; Christus is sonder die tussenkoms van 'n man in Maria verwek; en die son het om die aarde gewentel[13]. Hierdie was die Calvinisme (en die Christendom) se Goddelike geopenbaarde 1619 wêreldbeeld. Omdat daar,

[11] Volgens artikel 7 van die DLR (Heyns, Dressel & Botha 2009:403) het God reeds voor die skepping 'n voorafbepaalde, maar onbekende, aantal mense uitverkies om gered te word.

[12] Die berekening van hierdie datum word in hoofstuk 5 (paragraaf 5.3.2) behandel.

[13] In 1633 het die RKK vir Galileo as 'n ketter skuldig bevind oor sy stelling dat die aarde om die son wentel en nie andersom nie. Dit was 14 jaar ná die Sinode van Dordrecht. Dit ondersteun my stelling dat ten tye van die Sinode van Dordrecht in 1619 dit die aanvaarde waarheid was dat die son om die aarde wentel.

behalwe vir ander religieë se skeppingsmites, geen ander verduidelikings en definitief geen bewyse tot die teendeel bestaan nie, is dit my mening dat dit in 1619 geregverdig was om te glo dat hierdie wêreldbeeld die waarheid weerspieël het.

Ten tye van die Sinode van Dordrecht in 1619 het selfs die mees geletterde mense nie genoeg kennis[14] gehad om eens te kon bespiegel dat dit wat vandag kennis is, ooit kennis sal word nie. Vandag se kennis is die resultaat van 'n geleidelike proses wat in die laat Middeleeue begin is. Leergierige mense soos wetenskaplikes[15] en filosowe, ondersteun deur 'n groter wordende algemene publiek wat algaande meer geletterd geword het, het vrae oor die natuurlike wêreld begin vra. Sekulêre verduidelikings[16] is op hierdie vrae verskaf. Hierdie sekulêre verduidelikings het tot nuwe vrae en daarna tot nuwer verduidelikings gelei en so aan. Filosowe het verdere impetus aan hierdie proses van verandering gegee deur hulle bevraagtekening van die Christelike kerke se dogma van geloof bo rede. Hierdie aanvanklik langsame proses, gepaard met tegnologiese ontwikkeling, het vanaf die laaste helfte van die 19de eeu begin versnel, en het, vanaf die middel van die 20ste eeu, eksponensieel teen 'n verbysterende pas versnel.

Vandag se sekulêre wêreldbeeld verskil onherkenbaar van die Christendom se 1619 wêreldbeeld wat hierbo beskryf is. Volgens vandag se breë (min of meer algemeen aanvaarde) wetenskaplike verduidelikings het die heelal sowat 13,700 miljoen jaar gelede ontstaan en die aarde sowat 4,560 miljoen jaar gelede; die mens is 'n biologiese organisme wat die produk van 'n biologiese evolusionêre proses is wat vanaf sowat 4 miljoen jaar gelede tot sowat 2,5

[14] Die term, kennis, in hierdie paragraaf word as 'n uitdrukking in die gewone spreektaal gebruik en nie in die epistemologiese sin nie. Kennis, as 'n epistemologiese term word in Hoofstuk Twee (paragraaf 2.4) behandel.

[15] Wat vandag as natuurwetenskaplikes bekendstaan, het in die laat Middeleeue as natuurlike filosowe bekend gestaan.

[16] Die term sekulêre verduidelikings word gebruik om dit te onderskei van Bybelse, oftewel Goddelike verduidelikings. Verderaan in die verhandeling word na sekulêre verduidelikings as wetenskaplike verduidelikings verwys. Die rede hiervoor word in Hoofstuk Drie (paragraaf 3.2.1) verduidelik.

miljoen jaar gelede die primitiewe bewus wordende mens opgelewer het waarna die moderne mens (*homo sapiens*) sowat 100,000 jaar gelede in Afrika verskyn het; die mens, as ’n biologiese organisme, is waarskynlik aan alle ander biologiese organismes op aarde verwant; dit is hoofsaaklik die mens se rasionele bewussyn wat die mens van primate[17] onderskei; die natuurwette laat nie wonderwerke toe nie; die DNS van beide ’n biologiese vrou en ’n biologiese man (die ouers) is noodsaaklik vir die ontwikkeling van die mens vanaf konsepsie; en die aarde wentel om die son.

Behalwe om te erken dat die heelal nie in ses dae geskep is nie en dat die son nie om die aarde wentel nie, het die NGK, vanaf 1927 tot 2009, vasgestaan om sy Belydenisskrifte en sy wêreldbeeld in 1619 geanker te hou, spesifiek wat betref die skepping van die mens soos wat dit deur God aan Moses in Genesis openbaar is. Vanaf 1927 tot 2009 het die NGK aan lidmate voorgehou dat voormelde wetenskaplike verduidelikings oor die geleidelike ontwikkeling van die mensdom deur ’n proses van biologiese evolusie teenstrydig met die Bybel is en dat dit op grond daarvan verwerp moet word.

Vanaf 1927 tot en met 2009 was die posisie dat daar twee diametries opponerende standpunte oor die ontstaan van die mens bestaan het. Die een was die NGK se 1619 Belydenisskrif gefundeerde standpunt dat Adam die eerste mens was. Die ander was die hedendaagse wetenskaplike verduidelikings dat die mens evolusionêr oor ’n tydperk van miljoene jare ontwikkel het. Daar het dus ’n dooiepunt tussen die Belydenisskrifleer oor die ontstaan van die mens aan die een kant, en die wetenskaplike verduidelikings oor die oorsprong van die mens aan die ander kant, bestaan.

[17] Bewussyn (‘consciousness’) is nie tot die mens beperk nie. Primate en sekere ander soogdiere beskik oor ’n beperkte bewussyn. Roth (2013:209-222) verwys na studies wat gedoen is wat wys dat sekere primate en sommige ander soogdiere oor sommige elemente van menslike bewussyn beskik. Die menslike bewussyn word in Hoofstuk Drie (paragraaf 3.5) behandel.

Die NGK het sy apodiktiese houding oor evolusie eers in 2010 verander toe die NGK se Moderamen 'n persvrystelling[18] met die titel, *Kerk en Wetenskap*, uitgereik het. Die persvrystelling handel, onder andere, met die oerknal en evolusie. Hierin erken die NGK oënskynlik[19] dat hy evolusie as 'n verduideliking vir die oorsprong van die mens aanvaar, maar stuur daarvan weg om te erken dat sy 1619 Belydenisskrif gefundeerde Geloofsleer oor Adam as die eerste mens, onwaar geword het. In die persvrystelling suggereer die Moderamen dat die kerk en wetenskap beide, "... bepaalde uitdrukkings kan wees van God se onbeskryflike grootheid en mag". Wat betref die persvrystelling se hantering van evolusie, is my vertolking hiervan dat die Moderamen suggereer dat die kerk (synde die NGK se epistemologiese sisteem) en wetenskap (synde 'n sekulêre epistemologiese sisteem) kan medebestaan. Vir die doeleindes van die verhandeling gaan ek van die standpunt uit dat my verstaan hiervan korrek is. Dit kom daarop neer dat, binne die NGK se epistemologiese sisteem, die NGK se Geloofsleer oor die skepping van die mens die waarheid is. Die NGK sê terselfdertyd in effek ook dat die wetenskaplike verduidelikings oor evolusie, binne 'n sekulêre epistemologiese sisteem, die waarheid is. Dit is egter nie so eenvoudig as wat dit op die oog af voorkom nie. Die vraag is nie bloot of Adam en evolusie kan medebestaan nie. Die vraag is eerder of twee verskillende epistemologiese sisteme wat tot twee verskillende gevolgtrekkings oor dieselde onderwerp kom, kan medebestaan. 'n Verdere vraag is of een persoon terselfdertyd kan glo dat beide voormelde verskillende gevolgtrekking waar is.

Om op te som: In 2010 was die posisie dat daar steeds, soos tot en met 2009, twee diametries opponerende verklarings oor die ontstaan van die mens bestaan het, maar met een verskil, naamlik die NGK se suggestie dat *Kerk en Wetenskap* kan medebestaan. Dit beteken dat die NGK nie meer evolusie op grond van die Bybel ontken nie maar dat die NGK se 1619 Belydenisskrif-standpunt, naamlik dat Adam die eerste mens was, kan medebestaan met die

[18] Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Persvrystelling: Kerk en Wetenskap*. www.ngkerkas.co.za/wp-content/uploads/KerkENWetenskap.pdf

[19] Die rede waarom die stelling gemaak word dat die NGK oënskynlik evolusie aanvaar het, is omdat die persvrystelling dit nie onomwonde stel nie, maar dit impliseer. Hierdie aspek word verder in Hoofstuk Vyf (paragraaf 5.3.6) behandel.

een-en-twintigste eeu se wetenskaplike verduidelikings oor die oorsprong van die mens, naamlik evolusie.

In 2013 het die NGK, in die katkisasieboek *Geloof wat rêrig is* (Heyns, Dressel & Botha (2013:38)[20], die stelling gemaak dat: “Ons as gelowiges aanvaar wel dat daar ontwikkeling of evolusie is. Maar ons wys die evolusionisme af omdat dit God as die skepper ontken.” Hierdie standpunt het (sover as wat ek kon vasstel) nog nie sedert 2013 verander nie en is daarom die standpunt wat hierna in die verhandeling aangespreek word.

1.2.2 ONWAARHEID VAN DIE BELYDENISSKRIFTE

Hierbo is die stelling gemaak dat die Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde in 1619 waar was maar dat dit in die een-en-twintigste eeu onwaar geword het. Dit is nodig dat verduidelik word wat hiermee bedoel word. Sommige artikels van die Belydenisskrifte maak spesifieke stellings, terwyl ander weer met die woorde, “Ons glo ...”, begin. Dit veroorsaak ’n probleem.

Artikel 12 van die DLR maak die stelling: “Alle mense het in Adam gesondig en hulle skuldig gemaak aan die vloek en ewige dood.” Hierdie is ’n stelling wat betwis kan word op grond van feite/getuienis/bewyse wat hierdie stelling onwaar maak – naamlik dat Adam nooit bestaan het nie.

Dit is ’n ander saak wat betref artikel 15 van die NGB wat die volgende leer: “Ons glo dat die erfsonde deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het.” Artikel 15 kan nie, op sigself, betwis en onwaar gemaak word nie omdat die geloof van lidmate dat die inhoud van artikel 15 waar is, ’n private geloof is – ongeag of dit wat geglo word waar is of nie. Indien daar feite/getuienis/bewyse bestaan wat die basis waarop die lidmaat se geloof berus onwaar maak (naamlik dat Adam nooit bestaan het nie), dan kan die

[20] Hierdie katkisasieboek is deur NGK se Kategeseboekekommissie opgestel. Dit was nie vir my moontlik om vas te stel of die NGK se Moderamen hierdie standpunt sanksioneer het nie. Aan die ander kant was dit ook nie vir my moontlik om vas te stel of die Moderamen dit repudieer het nie. Vir die doeleindes van die verhandeling word dit aanvaar dat dit die NGK se amptelike standpunt verteenwoordig.

basis waarop die geloof berus, betwis en onwaar bewys word. Hierom, waar in die verhandeling die stelling gemaak word dat sekere artikels van die Belydenisskrifte onwaar geword het, beteken dit dat die basis waarop hierdie artikels berus, onwaar geword het.

1.3 DOEL VAN DIE VERHANDELING

Die eerste doel van die verhandeling is om bewyse voor te lê en argumente aan te voer dat dit epistemologies geregverdig is om te glo dat die NGK se 1619 Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde in die een-en-twintigste eeu onwaar geword het, met spesifieke verwysing na daardie artikels wat in paragraaf 1.2 (a) en (b) hierbo genoem is.

Die tweede doel van die verhandeling is om te argumenteer dat die inhoud van NGK se epistemologiese sisteem, met betrekking tot die skepping van die eerste mens, Adam, nie met die epistemologiese sisteem van die wetenskap, met betrekking tot die evolusionêre oorsprong van die mens kan medebestaan nie. Verder, om te argumenteer dat die NGK se epistemologiese sisteem van waarheid deur geloof, indien dit verkeerd toegepas word, ’n gevaarlike epistemologiese sisteem kan wees.

1.4 METODOLOGIE

In paragraaf 1.5.2 hieronder word verduidelik dat die verhandeling binne die filosofie van religie tuishoort en dat die doelstelling van die filosofie van religie is om, deur analise en argumentasie, te bepaal of religieuse aansprake waar is, of dit vals is, andersins dat dit nie bepaal kan word of dit waar of vals is nie. In navolging hiervan word hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, van filosofiese analise en argumentasie gebruik gemaak om te bepaal of die NGK se aanspraak dat sy Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde waar is, of dit vals is, andersins dat dit nie bepaal kan word of dit waar of vals is nie.

Met my bedinking van die vraagstukke rondom die Belydenisskrifleerstellings dat die Bybel die Woord van God is wat betref die skepping van die mens en

die gevolglike ontstaan van die erfsonde het ek tot die besef gekom dat die metode van filosofiese analise en argumentasie alleen, nie voldoende is om hierdie leerstellings, op sigself, as onwaar te kan bewys nie. Ten einde dit as onwaar te bewys, moet desnoods van kontemporêre sekulêre bewyse gebruik gemaak word.

Dit kan argumenteer word dat die gebeure rondom die ontstaan van die erfsonde soos dit in Genesis beskryf is en wat deur die Belydenisskrifte as ware gebeure voorgehou word en waarop die Belydenisskrifleerstellings oor die ontstaan van die erfsonde gebou is, nooit gebeur het nie. Hierdie argument is eenvoudig. Indien bewys kan word dat spesifieke Bybelse gebeure, wat deur die Belydenisskrifte as ware gebeure voorgehou word, nooit gebeur het nie, daar net een rasionele afleiding is wat hieruit gemaak kan word. Dit is naamlik dat God dit nie geopenbaar het nie en dat hierdie Bybelse gebeure daarom ’n ander oorsprong as van God het – met ander woorde dat dit ’n menslike oorsprong het. Die sentrale rolspeler in voormelde Bybelse gebeure is Adam, wat, volgens die Belydenisskrifte, ongeveer 4000VGE eenmalig as die eerste mens deur God geskep is.

In paragraaf 1.2.1 hierbo is verduidelik hoe die NGK vir die tydperk vanaf 1927 tot 2009 evolusie as ’n verklaring vir die oorsprong van die mens teengestaan het. My aanvanklike gedagte was om te bewys dat evolusie ’n aanvaarbare verklaring vir die oorsprong van die mens is. Daarvandaan sou argumenteer word dat evolusie die eenmalige skepping van Adam weerlê. Nadat ek oor evolusie begin nalees het, het ek tot die besef gekom dat daar te veel struikelblokke in die pad van hierdie metodologie lê. Daarom het ek besluit om nie met die verhandeling te probeer bewys dat evolusie, as ’n verklaring vir die oorsprong van die mens, die waarheid is nie, maar om ’n eenvoudiger roete te volg. In plaas daarvan om te probeer bewys dat evolusie waar is, sal argumenteer word dat daar reeds vóór Adam mense bestaan het. Indien daar reeds lank vóór Adam mense bestaan het, sal dit afdoende getuienis wees dat die Belydenisskrifleer oor die eenmalige skepping van Adam en die gevolglike ontstaan van sonde, onwaar geword het. Sommige van die verduidelikings vir die evolusionêre oorsprong van die moderne mens (*homo sapiens*) sal wel

aanvullend gebruik word om my standpunt te ondersteun dat Adam nie die eerste mens was nie. Dit sal beteken dat die NGK nie meer ’n verklaring vir die erfsonde en die sonde wat uit die erfsonde voortspruit, het nie.

Die verhandelingsprobleem is dat dit bewys moet word dat daar reeds vóór Adam mense bestaan het. Die bewyslas is op my om te motiveer dat dit epistemologies geregverdig is om te glo dat die bewyse wat voorgelê word, die waarheid is. Die probleem in hierdie verband is die filosofiese vraagstuk van waarheid. Hierdie vraagstuk so kompleks dat filosowe tot vandag toe nog nie eenstemmigheid bereik het oor ’n teorie wat toegepas kan word om die waarheid van ’n proposisie te beoordeel nie. Om hierdie rede bestaan daar nie ’n epistemologiese algoritme wat gebruik kan word om te beoordeel of die bewyse wat voorgelê word ter ondersteuning van my standpunt, die waarheid is nie. Om hierdie rede is ek aangewese om self ’n epistemologiese teorie te ontwikkel wat gebruik kan word om my standpunt te ondersteun.

Vir die doeleindes van die verhandeling is dit nie ter sake of die uitleg wat die Belydenisskrifte aan die Bybel gee, reg of verkeerd is nie. Die Belydenisskrifte is die onderwerp van die verhandeling en nie die korrektheid van die Belydenisskrifte se uitleg van die Bybel nie. Dit is die inhoud van die Belydenisskrifte, nadat die Bybel deur die Sinode van Dordrecht uitgelê is, wat in die verhandeling analiseer word. Die Sinode van Dordrecht het, met die aanvaarding van die Belydenisskrifte, besluit dat die Genesis gebeure rondom Adam en die sondeval ware gebeure was. Gegewe die feit dat die Belydenisskrifte tans deel van die NGK se Geloofsleer uitmaak, beteken dit dat die NGK teenswoordig dit steeds ondersteun dat hierdie Genesis gebeure ware gebeure was. My doelstelling is nie om te bewys dat die Bybel onwaar is nie maar om te argumenteer dat die NGK, met sy ondersteuning van die 1619 Belydenisskrifte, wat betref die Genesis gebeure as ware gebeure, uit pas is met die realiteite van die een-en-twintigste eeu waarin sy lidmate leef.

1.5 BEGRENSING VAN DIE VERHANDELING

1.5.1 DIE NGK SE BELYDENISSKRIFTE

Die verhandeling word begrens tot ’n analise van die 1619 Belydenisskrifte wat deur die sinode van Dordrecht aangeneem is, en dan slegs ten opsigte van leerstellings oor Bybel/erfsonde, en verder slegs soos hierdie leerstellings sedert 1927 deur die NGK toegepas is. Die verhandeling is nie met die Christelike geloof gemoeid nie. Dit is ook nie met ander Protestantse denominasies wat die 1619 Belydenisskrifte (wat deur die Sinode van Dordrecht aanvaar is) as hulle belydenisgrondslag aangeneem het, gemoeid nie. Die vertolking en toepassing van die Belydenisskrifte deur hierdie denominasies is nie vir die verhandeling van belang nie.

Die teologie van St. Thomas Aquinas en Johannes Calvyn, wat betref die onderwerp van Bybel/erfsonde, word as agtergrond behandel.

1.5.2 DIE FILOSOFIE VAN RELIGIE

Die verhandeling is begrens tot die Westerse filosofie en die filosofiese sub-dissipline, filosofie van religie. Daar bestaan ’n probleem met die plasing van die verhandeling binne filosofie van religie, asook met die beperkings wat daarop geplaas word, soos hierna verduidelik word.

Volgens Hospers (1997:201) is die filosofie van religie beperk tot argumente oor die regverdiging van geloof. Hy stel dit soos volg:

> “We are not concerned here with the psychology of religious believers or matters of ecclesiastical organization; we are concerned, as philosophy always is, with the *justification of belief*. By what arguments, if any, can religious belief be defended or attacked?”

Stumpf and Abel (2011:105) se siening stem ooreen met dié van Hospers. Hulle beskryf die funksie van die filosofie van religie soos volg:

> “Philosophy of religion examines the truth of religious claims. It tries to determine whether we can prove by argumentation that these claims are true, or that they are false. It also examines the possibility that we are unable to determine whether religious claims are either true *or* false.”

Met my bedinking van die verhandelingsprobleem het ek tot die besef gekom dat die metode van filosofiese analise en argumentasie alleen, nie voldoende is om die NGK se Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde, op sigself, as onwaar te kan bewys nie en dat daar desnoods van ander inligting (wetenskaplike verduidelikings) gebruik gemaak sal moet word om hierdie Belydenisskifleer as onwaar te bewys. Daarom sal daardie wetenskaplike verduidelikings, wat voormelde religieuse aansprake weerspreek, analiseer word om dit vir die waarheid te toets. Hierdie oefening plaas die verhandeling buite die toepassingsveld van die filosofie van religie en binne die toepassingsveld van die epistemologie, 'n sub-dissipline van die filosofie.

Von Wachter (2010:487) onderskei tussen filosofie van religie ('philosophy of religion') en filosofiese teologie ('philosophical theology'), waar eersgenoemde verwys na filosofiese ondersoek na God en religie, en laasgenoemde na die filosofiese analise van spesifieke leerstellings of praktyke binne 'n besondere religie. Volgens hierdie definisie van Von Wachter resorteer die verhandeling onder die filosofiese sub-dissipline, filosofiese teologie, en nie die filosofie van religie nie.

In ag nemende die sienings hierbo van Hospers, Von Wachter en Stumpf et al, word dit aanvaar dat die verhandeling binne die breë bestek van die filosofie van religie resorteer omdat dit spesifieke religieuse aansprake van die NGK analiseer met die doel om die waarheid daarvan al dan nie, vas te stel. Dit word ook aanvaar dat dit binne die bestek van filosofiese teologie resorteer.

1.6 BELANGRIKHEID VAN DIE VERHANDELING

Die verhandeling is binne die filosofie van religie belangrik omdat dit spesifieke religieuse aansprake, soos vervat in die Geloofsleer van 'n vooraanstaande kerk naamlik die NGK met ongeveer een miljoen lidmate, analiseer met die doel om te argumenteer dat sekere aspekte daarvan onwaar geword het. Alhoewel die verhandeling op die NGK se Geloofsleer fokus, mag sommige

van die beginsels wat in die verhandeling aangespreek word, toepassing vind op die geloofsleer van ander kerke.

Die verhandeling is ook buite die filosofie belangrik omdat dit vir nie-filosowe, spesifiek vir die NGK se lidmate, 'n filosofies analitiese perspektief op die hedendaagse probleme rondom die waarheid van die NGK se Geloofsleer gee. Die NGK bevind homself op 'n tydstip waar sommige van sy lidmate sy Geloofsleer bevraagteken. Die NGK het dit as ernstig genoeg beskou sodat hy in 2010 'n persvrystelling getitel, *Kerk en Wetenskap*, uitgereik het in 'n poging om hierdie bevraagtekening van lidmate te besweer.

Daar is 'n tweede rede waarom die verhandeling buite die filosofie belangrik is. 'n Spesifieke religie, of 'n kerk binne daardie religie, mag wel vra wat 'n filosoof die reg gee om daardie religie of kerk, ten opsigte waarvan lidmaatskap vrywillig is, aan filosofiese analise te onderwerp. 'n Kort antwoord is dat die geskiedenis van die mensdom tot en met die teenswoordige tyd 'n lewende bewys is van hoe individue (en individue gesamentlik in die vorm van organisasies) verskeie metodes aanwend om hulself in leierskapposisies te vestig en om, daarna, hulle magsposisies te bevorder, te konsolideer en laastens, om dit ten alle koste te beskerm en om dit uit te bou. Daarna streef hulle om die samelewing na hulle wil te beïnvloed. Om dit te kan doen is die metodes wat hulle gebruik, onder andere, wanvoorstellings, geweld, vrees, korrupsie, manipulasie, indoktrinasie en die onderdrukking van vrye denke en spraak. Hierdie strategie word reeds vir millennia deur diktators, konings en religieuse leiers aangewend. In die Westerse beskawing was dit konings en religieuse leiers wat, benewens voormelde metodes, verder daarop aanspraak gemaak het dat hulle hul gesag direk van die Christen God verkry het. Dit is met mag afgedwing, onder andere met vrees en die doodstraf. Wanneer leiers eers mag oor die denke van hulle aanhangers verkry het, wend hulle hierdie mag aan om hulle eie doelwitte te bereik[21]. Die laaste eeu het geleer dat die sleutel tot die omverwerping van hierdie tipe mag hoofsaaklik in rasionele denke en kennis geleë is. Die mate van individuele vrye denke en spraak

[21] Twee kontemporêre ekstreme voorbeelde hiervan is Noord Korea en die Islamitiese Staat.

(polities sowel as religieus) wat oor die afgelope honderd jaar van die mensdom se geskiedenis behaal is en wat wêreldwyd steeds beperk is en wat aktief deur sommige regerings, regimes en religieë beperk word, moet beskerm en uitgebou word.

In die vrye wêreld, wat Suid-Afrika insluit, word vryheid van spraak as 'n basiese mensereg beskou. Die probleem is dat vryheid van spraak, sonder vryheid van denke, 'n leë mensereg is. Vrye denke kan net binne 'n milieu geskied waar daar nie onderdrukking is nie. Die term, onderdrukking, word hier wyd gebruik om indirekte vorme daarvan in te sluit. Armoede en gevolglike ontneming van toegang tot post primêre onderwys, wat gepaardgaan met politieke propaganda, is seker die belangrikste vorm van indirekte onderdrukking van denke. Dit laat die onderdruktes intellektueel magteloos. Meer nog, dit laat hierdie onderdruktes in 'n posisie waar hulle nie hulle eie magteloosheid kan besef nie. Selfs in daardie groeperings van ons Suid-Afrikaanse samelewing waar daar nie grootskaalse armoede bestaan nie, word vryheid van denke deur vele ander vorms van subtiele indoktrinasie ondermyn.

Enige instansie, hetsy 'n religie, kerk of politieke beweging wat vryheid van denke ondermyn, is oop vir bevraagtekening, nie net deur filosowe nie, maar deur alle rasioneel denkende mense. Dit is die plig van alle rasioneel denkende mense om diegene wat die ideologieë van religieë, kerke en politieke leiers blindelings en onnadenkend aanvaar (veral omdat hierdie leiers blinde en onnadenkende geloof/gehoorsaamheid vereis en dit deur indoktrinasie en ander metodes inboesem[22]), te help om hulle reeds geïndoktrineerde vrees vir onafhanklike denke te oorkom. In hierdie opsig word Van den Berg (2010:ix) se siening ondersteun dat kritiese denke noodsaaklik is in die wêreld waarin ons, ons vandag bevind omdat kritiese denkvaardighede die mensdom sal toerus,

[22] In paragraaf 1.2.1 hierbo is verwys na die NGK wat vir die tydperk 1927 tot 2009, by implikasie, vir lidmate laat verstaan het dat dit sonde is om evolusie as 'n verklaring vir die oorsprong van die mens te aanvaar.

"... to unearth false assumptions, uncover hypocrisy, expose stereotypes, and lay bare wrong-headed beliefs[23]."

Myns insiens is dit noodsaaklik dat die NGK se lidmate die gevolge van onnadenkende geloof verstaan sodat hulle nie onseker mag wees wanneer hulle hul persoonlike religieuse geloofsoortuigings vorm nie. Om die gevolge van onnadenkende geloof te verstaan, is dit noodsaaklik dat die geskiedenis van die NGK in die vorige eeu in die gesig gestaar word. In hierdie tydperk het die NGK se teoloë en leraars hulle hoog gerespekteerde aansien as geestelike leiers binne die Afrikanergemeenskap gebruik om lidmate te oortuig dat Apartheid op grond van die Bybel geregverdig was. Die tragiese gevolge hiervan word vandag nog daagliks deur Suid-Afrikaners ervaar. Dit word in meer besonderhede in hoofstuk 6 (paragraaf 6.5) behandel. Lidmate van die NGK moet daarop bedag wees dat hulle nooit weer mag toelaat dat hulle religieuse geloofsoortuigings met politieke en ander propaganda vertroebel word nie. Om hierdie rede is die NGK en sy lidmate my teikengehoor en oorweeg ek dit om die verhandeling vir publikasie te verwerk.

1.7 RAAMWERK VAN DIE VERHANDELING

Hieronder word 'n breë uiteensetting gegee van hoe te werk gegaan word om die doelstellings van die verhandeling te bereik.

In Hoofstuk Twee word die filosofiese vraagstuk van waarheid behandel met spesifieke verwysing of die waarheid deur geloof of deur rede verkry word. Dit dien as 'n filosofiese agtergrond vir die res van die verhandeling.

In Hoofstuk Drie word die waarheid van die natuurwetenskappe se verduideliking oor die oorsprong van die heelal en van die mens behandel. Dit word motiveer op grond waarvan die wetenskaplik geletterde wêreld as 'n epistemologiese sisteem aanvaar word.

[23] 'n Voorbeeld hiervan is politici wat voorhou dat aardverwarming nie 'n realiteit is nie.

In Hoofstuk Vier word die NGK se epistemologiese sisteem uiteengesit en analiseer.

In Hoofstuk Vyf word die NGK se Belydenisskrifleer oor die erfsonde analiseer. Die NGK se Kerkleer oor die ontstaan van die mens vanaf 1927 tot vandag word verduidelik.

In Hoofstuk Ses word die moontlikheid ondersoek of die NGK met die wetenskap kan medebestaan.

In Hoofstuk Sewe word die verhandeling saamgevat, die gevolgtrekkings waartoe in die verhandeling gekom is, word bespreek. Verwagte besware teen die verhandeling word identifiseer en antwoorde daarop word formuleer. Verdere navorsing wat uit die verhandeling mag voortvloei word identifiseer. Die implikasies vir die NGK dat sy Geloofsleer oor Bybel/erfsonde onwaar geword het, word verduidelik.

HOOFSTUK TWEE

DIE FILOSOFIESE VRAAGSTUKKE VAN WAARHEID, REDE EN GELOOF

2.1 INLEIDING

In Hoofstuk Een (paragraaf 1.1) is aangedui dat die filosofiese vraagstuk van waarheid ('the problem of truth') onderliggend tot die verhandeling is. Indien die waarheid oor 'n proposisie enigsins bereikbaar is, volg die vraag of dit deur **rede** of deur **geloof** bereik kan word. Hierdie vraagstuk resorteer binne die epistemologie, oftewel kennisleer, 'n tak van die dissipline filosofie.

Die doel van hierdie Hoofstuk Twee is om die filosofiese vraagstuk van waarheid, soos dit op die verhandeling van toepassing is, in te lei. Hierdie inleiding dien as die filosofiese basis vir die res van die verhandeling.

Hierdie bespreking word ingelui met my verstaan van die dissipline, die filosofie. Dit kan in een sin opgesom word, naamlik dat dit rasionele denke is oor die mensdom en die wêreld waarin die mensdom hulle bevind. Twee ander dissiplines maak daarop aanspraak dat hulle verklarings oor die mensdom en die wêreld waarin die mensdom hulle bevind, kan gee. Dit is die teologie en die natuurwetenskappe. Russell (1971:13) beskryf die verhouding tussen die teologie, die filosofie en die wetenskap, dat die filosofie dit self as't ware tussen die teologie en die wetenskap bevind. Soos die teologie, spekuleer dit oor sake waaroor definitiewe antwoorde nie gegee kan word nie. Aan die ander kant, soos die wetenskap, steun dit op rede eerder as geloof. Alle definitiewe kennis behoort tot die wetenskap. Alle dogma oor wat verby die wetenskap se definitiewe kennis strek, behoort tot die teologie. Wat die filosofie betref stel Russell dit dat, "... between theology and science there is a No Man's Land, exposed to attack from both sides; this No Man's Land is philosophy."

Verder in die verhandeling word na voormelde dissiplines as epistemologiese sisteme verwys. Die vertrekpunte van hierdie drie epistemologiese sisteme verskil. Daarom lei dit tot verskillende uitkomste. Dit word hieronder oorsigtelik grafies illustreer insover dit op die verhandeling van toepassing is:

Teologie	Filosofie (epistemologie)	Natuurwetenskappe
↓	↓	↓
Uitkoms Religieuse geloof (“faith”)	Uitkoms Epistemologiese geloof	Uitkoms Teorieë
↑	↑	↑
Vertrekpunt Goddelike openbaring	Vertrekpunt Rede	Vertrekpunt Wetenskaplike metode
NGK Belydenisskrifte. God openbaar in Bybel dat hy vir Adam eenmalig geskep het en dat Adam die erfsonde oor die mens gebring het. Christus was sonder die toedoen van ’n man in Maria verwek.	WAT IS ← WAARHEID → EN WAAROM	Oerknal. Die mens ontwikkel uit ’n enkelsel organisme tot ’n bewuste biologiese mens. DNS van ’n menslike man is nodig vir die konsepsie en groei van ’n mens.

Die doel van die verhandeling is in Hoofstuk Een (paragraaf 1.3) beskryf. Die eerste is om bewyse voor te lê en om argumente aan te voer wat die verhandelingstesis ondersteun dat dit epistemologies geregverdig is om te glo dat die NGK se 1619 Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde in die een-en-twintigste eeu onwaar geword het. Adam, wat aldus die Belydenisskrifte, die eerste mens was wat God 4000VGE eenmalig geskep het, staan sentraal in die Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde. In die verhandeling word twee metodes gebruik om hierdie doel te bereik.

Eerstens word argumenteer dat daar reeds 4000VGE mense geleef het. Hierdie bewys is nie ’n filosofiese bewys nie, maar is ’n bewys wat op wetenskaplike teorieë, ontdekkings en verduidelikings oor die oorsprong en ontwikkeling (evolusionêr sowel as histories) van die mensdom berus. Die filosofie, spesifiek die epistemologie, word aangewend om vas te stel of dit epistemologies geregverdig is om te glo dat hierdie wetenskaplike teorieë, ontdekkings en verduidelikings die waarheid is. Dit word in Hoofstuk Drie (paragraaf 3.4) gedoen. In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.6.2) en Hoofstuk Vyf (paragraaf 5.3.1) word tot die gevolgtrekking gekom dat Adam nooit geleef/bestaan het nie en dat die Belydenisskrifleer oor Adam as die eerste mens wat eenmalig 4000VGE deur God geskep is en dat hy vir die erfsonde verantwoordelik was, gevolglik onwaar geword het.

Tweedens word dit, vir die doeleindes van argument, aanvaar dat die Genesis verklaring oor die skepping van die mens waar is. Daarna word die Belydenisskrifte teen hulleself gebruik om te argumenteer dat God, en nie Adam nie, primêr vir die ontstaan van die erfsonde verantwoordelik is. Dit word in Hoofstuk Vyf (paragraaf 5.2) gedoen. Die Belydenisskrifleer oor die erfsonde het daarom onwaar geword.

Die NGK se epistemologiese sisteem resorteer binne die breë epistemologiese sisteem van die teologie wat in die diagram hierbo illustreer is. Hierdie sisteem was hoofsaaklik deur St. Augustinus en St. Aquinas intellektualiseer en het sedertdien nog min wesenlike veranderings ondergaan. In hierdie hoofstuk word Aquinas se teologie slegs insover dit op die NGK se Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde betrekking het, behandel. Dit word in paragraaf 2.2.3 hieronder gedoen. Die breë beginsels van Aquinas se teologie is met verloop van tyd in die teologie van die Rooms-Katolisisme en die Protestantisme opgeneem – dit wil sê deur die Christelike teologie[24]. Sommige van hierdie beginsels is in die NGK se 1619 Belydenisskrifte vervat. Vanaf 1642 het filosowe begin om die Christelike teologie te bevraagteken, veral wat betref die bestaan van God, wilsvryheid en immortaliteit.

[24] Die verwysing na die teologie hier, en verder in die verhandeling, is ’n verwysing uitsluitlik na die Christelike teologie.

In hierdie hoofstuk word die denke van drie invloedryke moderne filosowe, naamlik Descartes, Locke en Kant, wat die Christelike teologie bevraagteken het, behandel. Vanaf die middel van die twintigste eeu het dit vir die biologiese wetenskappe moontlik geword om redelik betroubare verduidelikings oor die oorsprong van die mens, as ’n biologiese organisme, te gee. Die neuro-wetenskappe het nuwe insigte oor die werking van die menslike brein en bewussyn gebring – ’n belangrike element in die epistemologie van Aquinas, Descartes, Locke en Kant. Al hierdie verwikkelings het indringende vrae oor sekere Christelike dogma laat ontstaan.

In hierdie Hoofstuk Twee word die epistemologie van die teologie (slegs soos verteenwoordig deur Aquinas) en van die filosofie (slegs soos verteenwoordig deur Descartes, Locke en Kant) behandel. Die epistemologie van die natuurwetenskappe word in Hoofstuk Drie behandel. Die epistemologie van die NGK word in Hoofstuk Vier behandel.

2.2 REDE EN GELOOF: DIE TEOLOGIE

Die bloeitydperk van die Grieks-Romeinse beskawing vanaf ongeveer 500VGE het, as gevolg van die geleidelike disintegrasie van die Romeinse Ryk vanaf ongeveer 300GE, tot ’n einde gekom. Dit het die einde van die Griekse filosofie en die begin en opkoms van die Christen teologie ingelei. Wat hierna gevolg het, staan bekend as die Donker Middeleeue. Dit was deur die Rooms-Katolieke Kerk (RKK) oorheers.

In hierdie paragraaf 2.2 word twee kerkvaders, naamlik St. Augustinus en St. Aquinas, behandel. Sentraal in hierdie teologie staan Adam en die erfsonde. Dit staan ook sentraal in die NGK se Belydenisskrifte.

2.2.1 DIE ERFSONDE

Die Christendom verkry sy verklaring vir die erfsonde (‘original sin’) in Genesis 1-3. Genesis 1-3 word soos volg opgesom. God het vir Adam uit die stof van die aarde gemaak en het lewe in Adam geblaas. God het vir Adam ’n instruksie

gegee wat Adam verontagsaam het. Adam se straf was dat hy die paradys moes verlaat. Hierdeur is hy verhoed om van die boom van die lewe te eet met die gevolg dat hy nie ’n ewige lewe kon verkry nie. God het hierna die boom van die lewe deur gerubs laat bewaak, met die gevolg dat die mensdom nie toegang tot ’n ewige lewe kon verkry nie en dat hulle daarom, soos Adam, te sterwe sou kom. Buite die paradys moes Adam en sy nageslag werk om ’n lewe te kan maak (in die sweet van hulle aanskyn hulle brood verdien) en sal hulle aan die einde van hulle kort en moeilike lewe op aarde doodgaan (na stof terugkeer). Daarna het Adam en Eva voortgegaan om hulle kinders te verwek, en hiermee begin van die geskiedenis van die Jodedom.

Die natuurlike vraag wat uit die vorige paragraaf voortvloei, is of Genesis waarlik die geopenbaarde Woord van God is. Die Joodse Rabbi, Abraham Cohen (1995:xxxiii), beskryf die oorsprong en datum van die Torah[25] as ’n, “... vexed question”. Toe die Babiloniërs in 586VGE die Koninkryk van Judea verslaan het, is die Joodse volk na Babilonië weggevoer. Volgens Cohen is die Torah ’n, “... body of doctrine, written and oral, which had come down from past ages. ... we may assume that the Jews in Babylon had in their possession the Mosaic revelation in one form or another.” Volgens die Judaïsme het God die Torah aan Moses openbaar. Die skeppingsverhaal in Genesis 1-3 was eers mondelings oorgedra waarna dit later op skrif gestel is. In Hoofstuk Vier (paragraaf 4.3.2.1) word die siening van geleerdes (‘scholars’) voorgelê dat Moses nie die outeur van die Torah was nie, maar dat dit op verskillende tye deur verskillende mense geskryf is.

Cohen (1995:95-96) verduidelik dat die Rabbynse vertolking van Genesis 1-3 nog altyd was dat Adam gesondig het deur sy ongehoorsaamheid aan God. Sy straf was die dood. Sy sonde is nie na die res van die mensdom oorgedra nie. Die res van die mensdom ervaar egter die gevolge van Adam se sonde, naamlik die dood. Die dood is nie hulle straf nie. Die Judaïsme erken nie dat die sonde van een mens aan ’n ander toegereken kan word indien die ander

[25] Die Torah is dieselfde as die Pentateug van die Christelike Bybel, naamlik die eerste vyf boeke van die Ou Testament.

nie persoonlik daaraan skuldig is nie. Dit ondermyn die Judaïsme se dogma van menslike wilsvryheid.

Toe Paulus teen ongeveer 50GE met sy nuwe religie begin het, het hy vir Adam met Christus in verband gebring. In Romeine 5:12 leer Paulus: “Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot alle mense deurgedring, omdat almal gesondig het.” In 1 Korintiërs 15:22 leer Paulus: “Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word.” In die tyd van Paulus het die Christen Bybel nog nie bestaan nie. Toe Paulus na Adam as die oorsaak van die sonde en die dood verwys het, het hy dit binne die konteks van die Torah gedoen. Dit was eers met die kanonisasie van die Bybel[26] deur die Christelike kerk, dat dit die waarheid geword het dat God hierdie woorde aan Paulus openbaar het.

Die vroeë kerkvaders se vertolking van hierdie eenvoudige skeppingsverhaal uit die Joodse mitologie (Genesis 1-3), word hierna die fondasie waarop ’n ingewikkelde Christelike teologie gebou word. Dit is dat God bestaan en dat Hy hom in die Bybel aan die mensdom openbaar het wat betref die oorsprong van die heelal en die mensdom. Volgens hierdie vertolking het God die volgende in Genesis 1-3 gedoen (bo en behalwe wat in Genesis 1-3 geskryf is). Toe God vir Adam geskep het, het God vir Adam ’n immateriële onverganklike siel en ’n materiële liggaam gegee. God het ook vir Adam immortaliteit gegee. God het vir Adam ’n bevel gegee wat Adam nie gehoorsaam het nie. Hierdie ongehoorsaamheid het twee nadraaie gehad. Die eerste is dat Adam en die res van die mensdom hulle immortaliteit verloor het. Die tweede is Adam se ongehoorsaamheid ’n sonde geword het wat in die hiernamaals deur God strafbaar is. Nie net was Adam aan die sonde skuldig nie, maar sy nageslag (die hele mensdom) het terselfdertyd aan Adam se sonde skuldig geword. Dit was die erfsonde wat vanaf Adam na die mensdom oorgedra sal word. Hierdeur word elke mens met strafbare erfsonde besmet nog voordat hy/sy gebore is. Selfs ’n baba wat ’n dag na geboorte sou sterf en wat nog nooit ’n

[26] Dit was ’n lang proses wat vanaf ongeveer 100GE tot 370GE geduur het.

sonde gedoen het nie, is aan hierdie strafbare erfsonde skuldig. Bo en behalwe ander sonde wat ’n mens mag doen, is hierdie erfsonde spesifiek en outomaties deur God strafbaar.

2.2.2 ST. AUGUSTINUS: DIE ERFSONDE EN DIE MAG VAN DIE KERK

Vir die doeleindes van die verhandeling word Augustinus (354-430GE) se siening oor geloof en rede nie behandel nie, maar word sy bydrae tot die ontwikkeling van die RKK[27], as ’n teokrasie, verduidelik. Binne die konteks van die verhandeling is dit belangrik.

Augustinus se bydrae tot die ontwikkeling van die RKK as ’n teokrasie moet gesien word teen die agtergrond van die val van die eens magtige Romeinse Ryk en die sosiale en politieke verbrokkeling wat dit meegebring het. Dit het ’n leemte gelaat wat gevul moes word. Die RKK was die organisasie wat dit gedoen het en Augustinus was die denker wat dit moontlik gemaak het. Rogers (1960:183-184) se beskrywing van hoe Augustinus te werk gegaan het, word hierna opgesom.

Die kritiese probleem waarvoor Augustinus te staan gekom het, was die vraagstuk van God se openbaring aan die mens. Indien God homself aan individuele mense sou openbaar, sal dit die belangrikheid van die RKK, as ’n organisasie, ondermyn. Die RKK se outoriteit sal slegs behou kan word indien die individu se verlossing (‘salvation’) van die RKK afhanklik is. Om die outoriteit van die RKK (‘the City of God’) te vestig het Augustinus vir Adam, as die eerste mens wat deur God geskep is, gebruik. Volgens Augustinus se vertolking van Genesis 1-3, het Adam ’n vrye wil gehad. Adam het hierdie wilsvryheid uitgeoefen toe hy besluit het om ’n bevel van God te verontagsaam. Hierdeur is Adam met die erfsonde besmet. Dit is na die res van die mensdom oorgedra, met die gevolg dat die mensdom hulle wilsvryheid verloor het. Hierna was die mensdom gepredestineer om te sondig en kan hulle nie daarvan ontsnap nie behalwe met die bonatuurlike hulp van God se gawe van genade.

[27] In hierdie paragraaf 2.2.2 word na die RKK verwys alhoewel dit in die tyd van Augustinus nog nie as sulks bekend was nie.

Hierdie genade kan slegs deur bemiddeling van die RKK verkry word, en wel deur die sakrament van die doop. Verder mag slegs die RKK, synde God se verteenwoordiger op aarde, die sakrament van die doop bedien. Hierdeur word die RKK die sleutel tot die ewige hemelse lewe. Dit volg dat niemand die vervloeking ('condemnation') kan ontsnap sonder die tussenkoms van die RKK nie. Die RKK se outoriteit word hierdeur absoluut. Voorgaande verduidelik hoe die RKK begin het om sy houvas oor die denke van die Westerse mens te verkry.

Wat betref die skepping van die eerste mens leer Augustinus (1971:357):

> "... it is easy to see how much better it is that God was pleased to produce the human race from the one individual whom He created, than if He had originated it in several men."

In die opskrif van Boek XIII sê Augustinus (1971:360):

> "ARGUMENT. IN THIS BOOK IT IS TAUGHT THAT DEATH IS PENAL, AND HAD ITS ORIGIN IN ADAM'S SIN."

Uit hierdie aanhalings is dit duidelik dat, aldus Augustinus, Adam inderwaarheid die eerste mens was wat geskep is en dat hy vir die strafbare erfsonde verantwoordelik was.

2.2.3 ST. THOMAS AQUINAS: GELOOF BO REDE

Vir Aquinas (1225-1274GE) is daar twee maniere om te weet, naamlik deur **geloof** en deur **rede**.

Hierdie bespreking oor geloof bo rede word begin met Aquinas se epistemologie. Vir Aquinas (soos vir die filosowe wat in paragraaf 2.3 hieronder behandel word) begin kennis met sensoriese ervaring. Die kind word met 'n skoon verstand ('*tabula rasa*') gebore waarna intellektuele bewustheid volg. Dit volg dat sensoriese ervaring noodsaaklik is vir jou kennis van God in die natuurlike teologie (Tranøy 1985:105). Vir Aquinas bestaan daar 'n verskil tussen natuurlike teologie en geopenbaarde teologie.

Wat betref geopenbaarde teologie, tref Aquinas ’n onderskeid tussen die begrippe geloof (‘faith’) en rede (‘demonstration or science’). Volgens Aquinas kan die Wil van God nie deur rede vasgestel word nie. Daardie dinge wat God wil hê die mens moet weet, sal Hy aan die mens openbaar. Hierdie openbaring is vervat die Bybel, die Woord van God (‘Holy Scripture’).

Die sleutelvraag of die Bybel inderdaad van God afkomstig is, beantwoord Aquinas (1971:3-4 Vol.19) binne die konteks van die teologie as ’n wetenskap. Volgens Aquinas mag daardie dinge wat hoër as die mens se kennis strek, nie deur rede (‘philosophical sciences’) ondersoek word nie maar deur die teologie, as ’n heilige wetenskap. Wanneer die dinge wat die mens moet weet, “...are revealed by God [it] must be accepted by faith [My invoeging].” Deur hierdie proses word die Bybel God se openbaring wanneer dit deur geloof aanvaar word.

Binne die konteks van die verhandeling is dit nodig dat Aquinas se siening oor die vertolking van die Bybel gegee word. Aquinas (1971:354 Vol. 19) volg Augustinus in hierdie verband na. Aquinas leer dat twee reëls nagevolg moet word. Die eerste is, “... to hold the truth of Scripture without wavering.” Die tweede is, omdat die Bybel op vele maniere uitgelê kan word:

> “… one should adhere to a particular explanation only in such measure as to be ready to abandon it if it be proved with certainty to be false, lest Holy Scripture be exposed to the ridicule of unbelievers, and obstacles be placed to their believing[28].”

Die kwessie van die gesag van geloof bo rede word duidelik gemaak deur die antwoord wat Aquinas op die vraag verskaf of die begin van die wêreld ’n saak van geloof of van rede is. Aquinas (1971:253-254 Vol.19) antwoord soos volg[29]:

> “*I answer that*, We hold by faith alone, and it cannot be proved by demonstration, that the world did not always exist …
>
> Likewise neither can it be demonstrated on the part of the efficient cause, which acts by will. For the will of God cannot be investigated by reason, except as regards those things which God must will of necessity, ... But the divine will can be

[28] Dit was nie vir Aquinas moontlik om te voorsien dat die natuurwetenskappe, vanaf 350 jaar ná hom, struikelblokke in die pad van die waarheid van die Bybel sou plaas nie.

[29] Aquinas maak van ’n metode gebruik deur ’n vraag te vra en om dan die vraag te beredeneer deur middel van besware en antwoorde.

> manifested to man by revelation, on which faith rests. Hence that the world began to exist is an object of faith, but not of demonstration or science[30]. ..."

Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk word net een van Aquinas (1971:11 Vol. 19) se bewyse vir die bestaan van God aangehaal, naamlik: "Therefore I say that this proposition, 'God exists,' of itself is self-evident, for the predicate is the same as the subject, because God is His own existence ... ." In paragraaf 2.3.3 hieronder word Kant se weerlegging van hierdie bewys vir die bestaan van God behandel.

Wat betref Adam se rol in die erfsonde, bevestig Aquinas (1971:171 Vol. 20) die ontstaan van die erfsonde in Adam. Wat betref die skepping van Adam, behandel Aquinas (1971:481-527 Vol. 19) die oorsprong van die mens se siel en die produksie ('production') van die eerste mens se liggaam in besonderhede. Dit is nie nodig om dit hier op te som nie. Wat vir die verhandeling van belang is, is dat, volgens Aquinas, Adam se eenmalige skepping deur God 'n fisiese skepping was – Adam was nie 'n metaforiese mens nie. Hierbo is verduidelik dat Aquinas die beginsel aanvaar dat die mens vanaf geboorte kennis deur ervaring verkry. Die vraag ontstaan gevolglik waar Adam sy kennis verkry het aangesien hy eenmalig as 'n grootmens geskep is. Volgens Aquinas (1971:504 Vol. 19) was Adam se kennis goddelik ingegiet ('divinely infused'). Adam het daarom ten tye van sy skepping spekulatiewe kennis gehad wat deur latere ervaring bevestig sou word.

Wat betref die oorsprong en funksie van Adam se siel, behandel Aquinas (1971:378-488 Vol. 19) die mens se siel in besonderhede. Eerstens bespreek Aquinas (1971:483-384 Vol. 19) die siening van Origen naamlik dat God die siel van Adam, sowel as die siele van alle mense, in die begin (voor die skepping van Adam), saam met die siele van die engele geskep het. Hy bespreek ook die siening van Augustinus, en ander heiliges, oor die skepping

[30] In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.4.2) word die ontstaan van die heelal behandel. Hierin word argumenteer dat die heelal nie reeds vir altyd bestaan nie, dat dit nie spontaan ontstaan het nie maar dat dit deur 'n skepper geskep is. In voormelde argumente word **rede** gebruik om te argumenteer "that the world began to exist" en nie **geloof** nie. Dit is moontlik gemaak deur een-en-twintigste wetenskaplike kennis – iets wat Aquinas nie tot sy beskikking gehad het nie. In hierdie geval is geloof deur rede bevestig.

van die siel binne Genesis se ses skeppingsdae[31]. Aquinas kom tot die gevolgtrekking dat: “But as the soul is naturally in the form of the body, it was necessarily created not separately but in the body.”

Aquinas (1971:385-399 Vol. 19) beskryf die wisselwerking tussen die liggaam en die siel in besonderhede. Aquinas (1971:386 Vol. 19) stel dit dat: “Now it is clear that the first thing by which the body lives is the soul.” Aldus Aquinas (1971:398 Vol. 19) is die siel nie materie nie, maar vorm (‘form’) en bestaan dit in die hele liggaam. Verder is die siel intellektueel – dit wil sê die dinkende deel van die mens. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie intellektuele siel nie spesifiek net in die brein gesetel is nie, maar in die hele liggaam. Aquinas sê nie of die siel immaterieel is nie. Die wisselwerking tussen die liggaam en die siel wat Aquinas hier behandel, het later met die filosofie van Descartes as die liggaam-siel vraagstuk bekend geword. Vandag word dit in die neuro-wetenskappe eerder as die brein/verstand vraagstuk verstaan. Dit word in meer besonderhede in Hoofstuk Drie (paragraaf 3.5) behandel.

Wat betref die immortaliteit van die mens, behandel Aquinas (1971:383-384 Vol. 19) die immortaliteit van die siel. Aldus Aquinas is die siel nie vernietigbaar (‘corruptible’) nie omrede die siel nie materie is nie, maar vorm. Dit is die onverganklike siel wat immortaliteit geniet. Aquinas (1971:384 Vol.19) verduidelik: “That the soul remains after the body is due to a defect of the body, namely death. Which defect was not due when the soul was first created.” Hiervolgens was Adam se siel eers geskep en daarna sy liggaam.

Wat betref die oordrag van die erfsonde en die oordrag van die menslike siel vanaf Adam na die res van die mensdom, is Aquinas genoodsaak om die fisiologie van die menslike liggaam in ag te neem. Wat betref die oordrag van die siel vanaf ouer na kind, leer Aquinas (1971:602 Vol. 19) soos volg:

> “Therefore to hold that the intellectual soul is caused by the begetter is nothing else than to hold the sole to be non-subsistent, and consequently to perish with the body. It is therefore heretical to say that the intellectual sole is transmitted with the semen.”

[31] Aquinas (1971:377 Vol. 19) het tot die gevolgtrekking gekom dat die aarde binne ses dae van vier-en-twintig uur elk geskep is.

Aquinas (1971:604 Vol. 19) leer soos volg dat God vir elke mens ’n nuwe siel skep:

> “Since, therefore, all these opinions are unreasonable, we must confess absolutely that souls were not created before bodies, but are created at the same time as they are infused into them.”

Volgens die twee aanhalings hierbo is dit duidelik dat die intellektuele siel van die mens nie deur die semen van die vader na die kind oorgedra word nie. Elke mens verkry ’n nuwe siel direk van God. Vir Aquinas is vaag oor wanneer dit gebeur. Hy sê dat siele, “...are created at the same time as they are infused into ...” die liggame van mense.

Wat betref die oordrag van die erfsonde leer Aquinas (1971:164 Vol.20) soos volg:

> “*Reply Obj. 2*. Although the soul is not transmitted, because the power in the semen is not able to cause the rational soul, nevertheless the motion of the semen is a disposition to the transmission of the rational soul, so that the semen by its own power transmits the human nature from parent to child, and with that nature, the stain which infects it; for he that is born is associated with his first parent in his guilt through the fact that he inherits his nature from him by a kind of movement which is that of generation.
> *Reply Obj. 3*. Although the guilt is not actually in the semen, yet human nature is there virtually, accompanied by that guilt[32].
> *Reply Obj. 4*. The semen is the principle of generation, which is an act proper to nature, by helping it to propagate itself. Hence the soul is more infected by the semen than by the flesh which is already perfect, and already determined to a certain person.”

Russell (1971:449) identifiseer ’n anomalie met bogenoemde waarop ek verder uitbrei. Dit was Adam se immateriële intellektuele siel wat aan God ongehoorsaam was – nie Adam se materiële liggaam nie. Adam se immateriële

[32] Wat Aquinas hier sê kan in hedendaagse terminologie verduidelik word. In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.5) word die mens as ’n biologiese organisme behandel. Hierin word verduidelik hoe die sigoot 23 chromosome van elk van die ouers ontvang. Elkeen van die chromosome bevat gene. Gene bevat deoksiribonukleïensuur (DNS) wat die bloudruk van die nuwe mens is – dit bepaal liggaamsbou, karaktertrekke, intelligensie, ensovoorts. Sekere instinkte is ook in die brein se neurons geprogrammeer – byvoorbeeld ’n pasgebore baba wat instinktief aan die moeder se tepel suig. Wat Aquinas daarom sê is dat toe God vir Adam geskep het, Hy die DNS wat karaktertrekke bepaal en die neurons wat instink bepaal, so geskep het dat Adam ‘heilige’ karaktertrekke/instinkte ontvang het. Met Adam se sondeval het God die DNS van Adam verander sodat dit ‘sondige’ karaktertrekke/instinkte tot gevolg sal hê. Hierdie ‘sondige’ DNS is daarna geneties vanaf Adam na sy nageslag (die res van die mensdom) oorgedra. Wat Aquinas in effek sê is dat elke mens ná Adam, geneties as ’n sondige/bose wese geprogrammeer (‘hardwired’) is. In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.5) word verduidelik dat dit nie net genetiese oorerwing is wat ’n rol speel nie, maar dat ander faktore ook ’n rol speel in die vorming van elke individu.

intellektuele siel het egter Adam se materiële liggaam nodig gehad om fisies van die vrug van die boom wat in die middel van die tuin gestaan het, te eet omdat ’n immateriële siel nie ’n materiële vrug kan eet nie. Daarom was dit Adam se immateriële intellektuele siel wat vir die erfsonde verantwoordelik was. Aquinas was daarvan bewus dat die mens deur die manlike semen in die moeder voorgeplant word. Volgens Aquinas kry elke mens by konsepsie ’n nuwe siel van God. Omdat die siel van ’n volmaakte God verkry word, spreek dit vanself dat hierdie siel ook volmaak (dit wil sê sonder erfsonde) sal wees. Vir Aquinas is dit daarom kettery om voor te hou dat die mens se siel deur die semen van die vader na sy kinders oorgedra word. Dit is hier waar Aquinas se probleme begin. Indien die erfsonde in die siel gesetel is, en die siel word nie deur die semen van die vader na die kind oorgedra nie, is die vraag hoe die kind se siel met die erfsonde besmet word. Aquinas kan nie verklaar hoe ’n immateriële siel, deur materiële semen, met die erfsonde besmet (‘infected’) word nie. Hy probeer dit verklaar deur voor te hou dat die siel deur die semen besmet word en wel deur die beweging (‘motion’) van die semen. Hierdie verklaring hou nie water nie. Om die moontlikheid van ’n wisselwerking tussen die immateriële en die materiële te kan verklaar, was nog altyd, is steeds en sal altyd die grootste probleem van die Christendom bly. Dit geld eweneens ten opsigte van alle ander religieë wat op die openbaring van ’n immateriële goddelike wese staatmaak om hulle religieë te regverdig.

Rogers (1960:202) som Aquinas se teologie soos volg op. Aquinas het alle bestaan hiërargies georden van ’n laer ondergeskikte orde tot ’n hoër orde – die liggaam teenoor die siel, die materiële teenoor die geestelike, filosofie teenoor teologie, sekulêre mag teenoor ekklesiastiese mag. Die finale standpunt oor die verhouding tussen die filosofie en die teologie is dat rede (filosofie) altyd ondergeskik aan openbaring (teologie) is. Die hoëre waarhede van openbaring behoort tot ’n sfeer waar rede onbevoeg is om ’n beslissing te kan maak. Hierdie misterie van openbaring word die waarheid slegs deur geloof in die outoriteit van die Woord van God. Wanneer rede en geloof in konflik is, word geloof die beslisser. In die verlede was dit egter nie geloof wat die beslisser geword het nie maar die Pous. Verder was hy in die posisie om sy beslissing met mag af te dwing.

2.3 REDE EN GELOOF: DIE MODERNE FILOSOWE

Die eerste keer wat Aquinas (en die RKK) se dogma van geloof bo rede voor ’n toets te staan gekom het, was in 1542 met die publikasie van Copernicus se *De revolutionibus orbium coelestium* (‘Revolusies van die hemelse sfere’). Copernicus het, deur waarneming en rede, bewys dat die aarde om die son wentel – met ander woorde dat die son relatief tot die aarde en die ander planete stilstaan. Hierteenoor het God in die Bybel (Joshua 10:11-13) openbaar dat die bewegende son tot stilstand gekom het – ’n Goddelike bewys dat die aarde stilstaan en dat die son beweeg. Vir die RKK het die geloof dat die son beweeg soos wat dit in die Bybel openbaar is, Copernicus se rede dat die son stilstaan, oorheers en onwaar gemaak. In paragraaf 2.4 hieronder word verduidelik waarom dit ten tye van hierdie gebeure nie net vir die RKK waar was nie, maar ook vir die mens-op-straat, dat die aarde stilstaan en dat die son daarom wentel. Die stryd tussen Kardinaal Bellarmine en Galileo in hierdie verband word in Hoofstuk Ses (paragraaf 6.3) behandel.

Copernicus het nie self met die RKK gebots nie. Copernicus se *De revolutionibus orbium coelestium* is in 1542 gepubliseer toe hy op sy sterfbed was. Giordano Bruno was die kampvegter vir Copernicus se bevindings. Hiervoor is hy in 1600 deur die RKK as ’n ketter op die brandstapel tereggestel. Galileo het sy teleskoop in 1609 gebou. Hiermee kon hy onteenseglik bewys dat Copernicus en Bruno reg was. Dit het hom sedert 1614 in konflik met die RKK gebring. Galileo is in 1633 deur die RKK as ’n ketter skuldig bevind en onder huisarres geplaas tot en met sy dood in 1642. Uit vrees vir vergelding deur die RKK, asook van die Protestantse kerke, moes die filosowe wat hierna behandel word, noodwendig versigtig wees wat betref hulle filosofiese uitsprake oor die Christelike teologie.

Copernicus het die stryd wat die kerk met die wetenskap aangeknoop het, ingelui. Dit het ook die impetus verskaf vir die ontwikkeling van die moderne filosofie waarvan Descartes as die vader beskou word.

Hieronder word drie filosowe wie se denke ’n rigtingveranderende invloed op die filosofie uitgeoefen het en wie in die verhandeling gebruik word, behandel. Hulle is Descartes (God deur rede), Locke (rede bo geloof) en Kant (versaak kennis om plek te maak vir geloof).

2.3.1 RENÉ DESCARTES: GOD DEUR REDE

Rasionalisme (‘rationalism’) kan beskryf word as die teorie dat alle kennis uitsluitlik deur menslike rede verkry word. Dit beteken, onder andere, dat die bestaan van ’n immateriële God deur rede alleen bewys kan word.

Die prominentste rasionaliste van die sewentiende eeu was die filosowe Descartes (1596-1650), Spinoza (1632-1677) en Leibniz (1646-1716). Van hierdie drie word slegs Descartes behandel.

Vir die doeleindes van die verhandeling is dit nie nodig om Descartes se epistemologie in diepte te bespreek nie. Die basis van Descartes se epistemologie is sy bekende *cogito ergo sum* (‘ek dink daarom bestaan ek’). Aan die einde van hierdie paragraaf 2.3.1 word dit kortliks verduidelik hoe Descartes sensoriese waarneming met menslike denke in verband bring.

Met die sekerheid dat hyself bestaan, gaan Descartes, onder andere, voort om die bestaan van God, deur rede, te bewys. Descartes (1969:97) gaan van die vertrekpunt uit dat hy moet glo dat God nie bedrieglik (‘deceitful’) is nie. Sonder hierdie hipotese, sal geen kennis moontlik wees nie.

Descartes (1969:65) dra sy *Meditationes de prima philosophia in quibus Dei existentia et animae humanae a corpore distinctio, demonstantur* (‘Bepeinsinge oor die eerste filosofie waarin die bestaan van God en die onsterflikheid van die siel bewys word’) aan die Dekaan en Doktore van die heilige fakulteit van teologie van Parys op. Hierin verduidelik Descartes dat die tradisionele argument wat vir die bestaan van die Christen God aangevoer word, in sirkelargument is. Hy beskryf dit soos volg:

> "... and although it is quite true that the existence of God is to be believed since it is taught in the sacred Scriptures, and that, on the other hand, the sacred Scriptures are to be believed because they come from God (for since faith is a gift from God, the same Being who bestows grace to enable us to believe other things, can likewise impart of it to enable us to believe his own existence), nevertheless, this cannot be submitted to infidels, who would consider that the reasoning proceeded in a circle".

Omdat voormelde 'n sirkelargument is, deel Descartes die Dekaan en Doktore mee dat die filosofie 'n bydrae kan maak om die bestaan van God en van die siel deur rede te bewys.

Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk is dit nie nodig om al Descartes se bewyse vir die bestaan van God te behandel nie behalwe die volgende. Hy maak die stelling (1969:123) dat, "... because I cannot conceive God unless as existing, it follows that existence is inseparable from him, and therefore that he really exists: ... ." Hierna koppel Descartes die bestaan ('existence') van God aan die attribuut, volmaaktheid ('perfection'), van God. Hierdeur word 'bestaan' een van die attribute van God. In paragraaf 2.3.3 hieronder word Kant se weerlegging van hierdie bewys vir die bestaan van God behandel.

Wat wilsvryheid betref, kan Descartes (1969:111-119) se siening hieroor kortliks soos volg saamgevat word. Dit is dat God vir die mens wilsvryheid en die vermoeë gegee het om oor waarhede en valshede ('truth and error') te kan besluit. Wat betref die mens se wilsvryheid *vis a vis* Goddelike predeterminasie, is Descartes (1969:180-181) meer omsigtig. Die mens se verstand is beperk maar die mag van God is onbeperk. Daarom weet God reeds in alle ewigheid wat is, wat kan wees, en wat sal wees. Alhoewel die mens intelligent genoeg is om te kan weet dat God oor hierdie mag beskik, het die mens nie genoeg intelligensie om te verstaan hoe God die vrye aksies van die mens onbepaald ('indeterminate') toelaat nie. Volgens Descartes is dit daarom vir die mens onbegryplik ('incomprehensible') dat God alles voorafbestem en dat die mens terselfdertyd wilsvryheid geniet. Dit kom voor asof Descartes subtiel hier spot met die kerk se intern teenstrydige dogma, naamlik dat die mens oor 'n vrye wil beskik en dat God terselfdertyd die mens se doen en late vooraf bepaal het.

Descartes se impak op die teologie word hieronder illustreer. Dit is direk van toepassing op die verhandeling. Meyer (1975:1-5) verskaf die inligting wat in hierdie bespreking gebruik word.

Descartes was sedert 1629 in Nederland woonagtig omdat daar meer godsdiensvryheid as in sy geboorteland, Frankryk, bestaan het. Descartes het sy *Meditationes* in 1642 in Nederland publiseer. Die *Meditationes* het vir Descartes ondersteuners sowel as teenstanders laat verkry. Sy belangrikste teenstanders was die Calvinistiese teoloog Gisbertus Voetius en sy ondersteuners.

In plaas van om Descartes se bydrae tot die ontwikkeling van die filosofie te behandel, word Voetius se besware teen Descartes se filosofie gebruik om die impak van Descartes se denke op die Calvinistiese teologie te illustreer. Descartes se *Meditationes* is drie en twintig jaar nadat die Sinode van Dordrecht die NGK se Belydenisskrifte in 1619 aanvaar het, gepubliseer. Die besware wat Voetius teen die *Meditationes* ingebring het, is insiggewend omdat dit vandag nog die NGK se ingesteldheid van geloof bo rede weerspiëel. Dit is:

- Daar kan geen sprake wees dat die filosofie ’n selfstandige bevoegdheid naas die teologie mag verkry nie.
- Om menslike rede te gebruik om die bestaan van God te bewys is afkeurenswaardige hoogmoed. Die kerk benodig nie bewyse nie aangesien Goddelike openbaring alleen genoegsaam is.
- Die duidelike en presiese beredenering van Descartes is ’n bedenklike simptoom van die rasionalisme. Dit ruik na kettery omdat dit die drang na individuele ondersoek beklemtoon. Hierdeur word die kerk se gesag ondermyn.
- Descartes se voorstelling van God as ’n oneindig volmaakte wese is in stryd met die Protestantisme se leer dat God ’n onbegryplike wese is.

Descartes was die eerste moderne filosoof wat met die Christelike kerk in konflik gekom het – en dít omdat hy die bestaan van God deur rede probeer bewys het in plaas van om dit deur geloof te aanvaar. Copernicus en Galileo het reeds vóór Descartes met die RKK gebots. Hulle het dit gedoen in hulle hoedanigheid as wetenskaplikes (wat ten tye as natuurlike filosowe bekend gestaan het).

Wat Descartes (vir my) uniek maak, is die feit dat hy nie net op filosofiese rede staatgemaak het nie. Hy het ook probeer om die biologiese werking van die menslike liggaam, veral wat betref die sintuie en die brein, te verstaan. Reeds in 1632[33] skryf Descartes (2003:xxiii) aan sy vriend Mersenne dat hy besig is om 'n verhandeling te skryf oor die sterre, die uitspansel, die aarde en lewe op die aarde en dat hy hierdeur wou, "... show the way to an understanding of them through the combined use of experiment and reason." Om lewe op aarde te verstaan het hy, onder andere, diere dissekteer. In sy werk *Traité de l'homme* ('Verhandeling oor die mens') wat eers in 1662 (na sy dood) gepubliseer is, vergelyk hy die mens se liggaam met 'n masjien. Hy beskryf die funksie van die spiere, die senuwees en die hart en ander organe en hoe dit met die brein verbind word. Byvoorbeeld, wat betref die oog, beskryf Descartes (2003:84-85) dat lig deur die retina aan die agterkant van die oog ontvang word waarna die sensasie, deur die optiese senuwee, na die brein vervoer word. Dieselfde geld ten opsigte die sintuie van gehoor en reuk. Al die funksies van die liggaam word deur die siel, wat in die brein gesetel is, beheer. Descartes (2003:22) som dit self soos volg op:

> "And finally when there shall be a rational soul in this machine, it will have its chief seat in the brain and will there reside like the turncock who must be in the main to which all the tubes of these machines repair when he wishes to excite, prevent, or in some manner alter their movements."

Volgens Descartes bestaan daar geeste ('spirits') in die brein. Descartes beskryf dan hoe hierdie geeste die liggaam beheer. Hierdie geeste kan vergelyk word met wat in vandag se terminologie as die verstand ('mind') bekend staan. Vir Descartes was die immateriële dinkende en beherende siel

[33] Dit was twaalf jaar voordat Descartes sy *Meditationes* gepubliseer het.

in die pineale klier (materiële brein) gesentraliseer. Dit verskil wesenlik van Aquinas se siening van die siel wat, as vorm, in die hele liggaam ingegiet is. Volgens Descartes (1969:47) is die siel onverganklik.

2.3.2 JOHN LOCKE: REDE BO GELOOF

Empirisme, oftewel ervaringsleer, kan beskryf word as die teorie dat ervaring ('experience') die basis is waaruit menslike kennis ontstaan. Ervaring verwys hier na dinge wat deur die sinne ervaar word (wat waargeneem word) waarna dit deur die mens se verstand verwerk word.

Empirisme word hoofsaaklik verteenwoordig deur die Britse filosowe, Locke (1632-1704), Berkeley (1685-1753) en Hume (1711-1776). Slegs Locke se filosofie word in hierdie paragraaf behandel, en dan slegs insover dit op die verhandeling van toepassing is.

Volgens Locke is die mens se verstand by geboorte soos 'n vel skoon papier. Alle kennis wat die mens het, word uit ervaring verkry. Hierdie ervaring word deur die mens se sintuiglike kontak met die eksterne wêreld verkry (Locke noem dit 'sensation'). Die mens se sintuie word deur voorwerpe buite jouself gestimuleer. Byvoorbeeld mens sien, ruik en voel die tekstuur van 'n rooi roos en hoor ander mense praat. Die lig/reuk/gevoel/klank gaan die brein deur 'n meganiese proses binne. Wanneer lig/reuk/gevoel/klank die brein bereik veroorsaak dit 'n nie-meganiese uitwerking, naamlik 'n idee van gewaarwording (Locke noem dit 'impressions') in die verstand – met ander woorde, dit word as't ware op die verstand (as 'n vel papier) afgedruk. Hierdie ideë (opgedoende kennis) word in die verstand verwerk (Locke noem dit 'reflection'). Dit dien as die basis vir rede.

Wat rede betref, sê Locke (1971:380) dat God vir die mens rede gegee het. God sou nie vir die mens rede gegee het indien Hy wou gehad het dat die mens dit nie moet gebruik nie. Hierdie rede is nie perfek nie maar stel mens in staat om, op grond van bewyse/verifikasie wat deur jou sinne ervaar word, tot

sekere waarhede te kan kom. Locke (1971:381) onderskei soos volg tussen rede en geloof:

> "*Reason*, therefore, here, as contradistinguished to *faith*, I take to be the discovery of the certainty or probability of such propositions or truths which the mind arrives at by deduction made from such ideas, which it has got by the use of its natural faculties; viz. by sensation or reflection.
>
> *Faith*, on the other side, is the assent to any proposition, not thus made out by the deductions of reason, but upon the credit of the proposer, as coming from God, in some extraordinary way of communication. This way of discovering truths to men, we call *revelation*."

Locke (1971:383) gee voorbeelde van dinge wat God in die Bybel openbaar het en wat die onderwerp van geloof is. Dit is die engele wat teen God gerebelleer het asook dat die dooies sal opstaan en weer sal leef (dit wil sê menslike immortaliteit). Ek stem met Locke saam – dinge soos hierdie kan nie as waar of onwaar bewys word nie en is daarom die onderwerp uitsluitlik van geloof.

Locke (1971:381-384) se argumente oor Goddelike openbaring word kortliks soos volg opgesom. Locke gaan van die standpunt uit dat, eerstens, God nie kan lieg nie, en tweedens, dat God vir die mens sintuie en rede gegee het om tot die waarheid van proposisies te kan kom. Daarom sal God nie dinge in die Bybel openbaar wat teen die mens se sintuie en rede indruis nie. Wanneer iets in die Bybel geskryf is wat teen rede indruis, impliseer dit dat God dit nie openbaar het nie. Ek stem nie heeltemal met Locke saam nie. Indien iets wat in die Bybel verskyn teen rede indruis, kan dit wel geglo word dat God dit openbaar het. In so 'n geval moet die Bybel vertolk word sodat die betrokke Bybelverse nie teen rede indruis nie. Dit was Aquinas se uitgangspunt.

Locke se siening oor die skepping van Adam word in sy *The Reasonableness of Christianity, as delivered in the Scriptures* (2017[34]) uiteengesit. Locke begin sy *Reasonableness* met die volgende sinne:

> "It is obvious to any one, who reads the New Testament, that the doctrine of redemption, and consequently of the gospel, is founded on the supposition of Adam's fall. To understand therefore, what we are restored to by Jesus Christ, we must consider what the scriptures show what we lost by Adam."

[34] Die kopie in my besit se bladsye is nie genommer nie. Hierdie aanhaling verskyn op die tweede bladsy na die omslag van die boek.

Voordat Locke se opvattings hieroor bespreek word, moet daarop gelet word dat hy die Bybel as die basis vir sy argumente gebruik en nie Christelike dogma nie. Locke bespreek twee denkrigtings oor Adam[35] en menslike mortaliteit. Die een denkrigting is diegene wat die ongehoorsaamheid van Adam vertolk dat alle mense ná Adam sal doodgaan en na hulle dood op aarde in ewigdurende oneindige straf ('eternal infinite punishment') sal deurbring. Die uitsondering is daardie mense wat deur hul geloof in Christus gered word. Dit beteken dat die miljoene mense wat nog nooit van Christus gehoor het nie, vir alle ewigheid verdoem is[36]. Vir Locke druis so iets in teen die verstaan van God as 'n regverdige, goeie, groot en oneindige Wese. Die ander denkrigting is dat Adam die immortaliteit wat hy met sy skepping verkry het, verloor het – met ander woorde dat hy aan die einde van sy lewe sal sterf, en so ook alle mense na hom. Sonder om in besonderhede in te gaan, word Locke se opvatting soos volg opgesom. Locke vertolk Paulus se uitspraak in 1 Korintiërs 15:22 (naamlik dat mense in Christus lewend gemaak word) dat slegs daardie mense wat volgens Christus se leer geleef het, 'n ewige lewe sal verkry. Die res sal ná hulle afsterwe, dood bly. Dit maak die boodskap wat Christus verkondig het, niks anders as wat Locke die natuurlike wet ('natural law') noem nie. Dit impliseer dat Christus se kruisdood onnodig was.

Nêrens in sy *Reasonableness* betwyfel Locke die eenmalige skepping van Adam nie. Dit is waarskynlik omdat daar in die sewentiende eeu geen rede was om te glo dat Adam nie die eerste mens was nie. Dit is vandag moontlik om dit te bewys. Hierdie bewyse was nie ten tye aan Locke bekend nie.

[35] Dit kom voor dat Locke na Genesis 2:17 verwys waarin God vir Adam beveel dat hy nie van die boom van alle kennis mag eet nie en dat: "Die dag as jy daarvan eet, sterf jy."

[36] In paragrawe 2.2.1 en 2.2.2 hierbo is verduidelik hoe die kerkvaders vir die dogma verantwoordelik was dat die mens na dood, nie dood sou bly nie, maar dat daar na die dood 'n straf voorlê wat deur slegs deur die doop afgeweer kan word.

2.3.3 IMMANUEL KANT: VERSAAK KENNIS OM PLEK TE MAAK VIR GELOOF

Hierdie bespreking word met Rogers (1960:376) ingelei wat Kant se denke beskryf as, "... his world destroying thought."

Kant (1724-1804) se filosofie staan bekend as kritiese idealisme.

Kant begin die voorwoord tot die tweede uitgawe van sy *The Critique of Pure Reason* (1971:5-6) met 'n oënskou van wat die wetenskappe, naamlik logika, wiskunde en fisika, tot en met sy tyd bereik het. Dit is veral die nuwer wetenskap van die fisika wat vanaf Bacon (1561-1626) groot vooruitgang getoon het. Hierdie vooruitgang was daaraan te danke dat die natuurlike filosowe (wetenskaplikes) geleer het om die wette van die natuur, deur waarneming en eksperimentering, te ontbloot en te beskryf. Dit staan bekend as die wetenskaplike, oftewel deduktiewe, metode.

Hierteenoor het die metafisika, as 'n suiwer spekulatiewe wetenskap, agtergebly. Vir Kant word die metafisika gekenmerk deur skyngevegte in 'n veld waar geen stryder nog ooit 'n geveg permanent gewen het nie[37]. Kant identifiseer die metafisiese probleme van, "*God, freedom* (of will) *and immortality",* as die probleme wat hy wil aanspreek en oplos. In onderskeidelik paragrawe 2.3.1 en 2.3.2 hierbo is verduidelik hoe Descartes en Locke, deur rede, tot die gevolgtrekkings gekom het dat God bestaan. Kant vra of dit moontlik is om deur suiwer rede tot kennis van God, wilsvryheid en immortaliteit te kan kom. Om hierdie vraag te beantwoord, het Kant sy eie (ingewikkelde) epistemologie ontwikkel.

Dit val buite die bestek van die verhandeling om Kant se epistemologie verder te behandel. Wat vir die verhandeling van belang is, is dat Kant sy

[37] Ek neem aan dat Kant hier verwys na teoloë wat onder mekaar verskil en wat nie hulle verskille kan bylê nie. Moontlik verwys hy ook na verskille tussen die Katolieke en Protestantse teologie.

epistemologie gebruik het om tot ’n beredeneerde tesis oor die bestaan van God te kom.

Kant het die drie bewyse vir die bestaan van God analiseer, naamlik die ontologiese argument, die kosmologiese argument en die fisio-teologiese ontwerp argument. Die belangrikste hiervan is die ontologiese argument wat vir die eerste keer deur St. Anshelm in die elfde eeu geformuleer is. Dit kom daarop neer dat, omrede die idee van iets bestaan ten opsigte waarvan daar niks groter kan bestaan nie, dit volg dat die iets waarvan die idee bestaan, noodwendig moet bestaan. Dit is die kern van die argumente wat Aquinas en Descartes onderskeidelik in paragrawe 2.2.3, en 2.3.1 hierbo voer. Vir die doeleindes van die verhandeling is dit nie nodig om die besonderhede van Kant se argumente te behandel nie. Die belangrikste gevolgtrekking waartoe Kant gekom het, is dat die bestaan (‘existence’) van ’n ding, nie ’n eienskap (‘property’) is nie. Anders gestel, ’n denkbeeld van God impliseer nie die bestaan van God nie.

Myns insiens het Kant daarin geslaag om sy epistemologie aan te wend om te argumenteer dat die bestaan van God nie bewys kan word nie, en eweneens, dat dit nie bewys kan word dat God nie bestaan nie[38]. In hierdie verband stel Ayer (1952:114) dit dat: “It is now generally admitted, at least by philosophers, that the existence of ... God ... cannot be demonstratively proved.” Russell (1957:11-12) steun die siening dat Kant daarin geslaag het om die intellektuele argumente vir die bestaan van God te weerlê. Hy steun egter nie Kant se morele argument vir die bestaan van God nie. Magee (2011:137) stel dit dat Kant al die argumente vir die bestaan van God vernietig het en dat hy hierdeur, “... reduced to rubble much of the philosophising of centuries, if not millennia”. Dit beteken nie dat God nie bestaan nie, maar dat die mens nie kennis kan hê dat God bestaan nie. Kant (1971:10) self, som dit soos volg op: “I must, therefore, abolish knowledge to make room for belief.” Die God waarna Kant verwys is nie die Christelike of enige ander spesifieke godheid nie maar is ’n teoretiese (filosofiese) godheid.

[38] Plantinga (2000:3-30) stem nie hiermee saam nie. Ek stem weer nie met Plantinga saam nie. Dit is nie nodig om my verskil in die verhandeling te motiveer nie.

Kant het daarin geslaag om die intellektuele argumente vir die bestaan van God te weerlê. Ongeag hiervan, was hy daarvan oortuig dat hy met sy morele argument die bestaan van God kon bewys. Volgens Kant bestaan daar geen kennis buite ervaring nie. Dit beteken dat die mens geen kennis oor God, die menslike siel en die hiernamaals kan verkry nie. Kant se morele argument kom daarop neer dat ’n mens moet glo dat menslike immortaliteit ’n werklikheid is. Die mens het ’n vrye wil om te besluit of hy ’n sedelike lewe sal lei (met die oog op immortaliteit) al dan nie. Goeie mense sal weet dat dit hulle plig is om ’n sedelike lewe te lei asof daar ’n God is. Kant noem dit die kategoriese imperatief. Om hierdie redes, meen Kant, is dit geregverdig om te glo dat God bestaan. Hierdie bewys sal nie teoretiese sekerheid gee nie, maar sal voldoende wees om hierdie geloof te regverdig. Dit is nie nodig om Kant se filosofie oor die vrye wil van die mens en immortaliteit in besonderhede verder hier te behandel nie, behalwe dat wilsvryheid ’n voorvereiste vir Kant se kategoriese imperatief is. Die mens moet vry wees om te besluit en daar moet ’n noodsaaklike gevolg (immortaliteit) aan hierdie besluit gekoppel wees. Kant se kategoriese imperatief kan opgesom word dat jy moet optree soos jy wil hê dat alle rasionele mense teenoor alle ander mense moet optree asof daar ’n universele wet bestaan en dat jy nie enige ander motiewe vir jou optrede mag hê nie. Dit vergelyk met wat Christus in Mattheus 7:12 sê naamlik dat, “... alles wat julle wil hê wat mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen.”

Ongeag daarvan dat filosowe meen dat Kant afdoende argumenteer het dat die bestaan van God nie bewys kan word nie, ignoreer die Christelike kerke dit en volstaan hulle by hul eie bewyse vir die bestaan van God. In hierdie verband maak Wood (2009:150) die opmerking dat dit ironies is dat sommige teoloë en religieuse denkers minagtend na Kant se rasionele teologie verwys, selfs meer as wat hulle na ongelowiges en ateïste verwys. Hulle wend hulself eerder na die Bybel, of ekklesiastiese tradisie, of nie-rasionele religieuse ondervinding, as ’n teenvoeter vir Kant se rasionele teologie. Heyns (1967:105), ’n voormalige NGK teoloog en moderator van die NGK, is ’n voorbeeld hiervan. Alhoewel hy nie minagtend na Kant verwys nie, veroordeel hy Kant se kategoriese imperatief, oftewel sedewet, soos volg:

> "Om die [mens se] wil die wesensgrond van die sedelike te maak, vergoddelik die mens – hy word sy eie wetgewer. Kant hou nie voldoende rekening met die diepe bedorwenheid van die menslike natuur nie – wat juis 'n sedewet van buite die mens self noodsaaklik maak [My invoeging]."

Wat Heyns hier doen is om hom tot die voormelde ekklesiastiese tradisie te wend deur op 'n teologiese konstruk waarvan die fondasie onwaar geword het, naamlik die erfsonde, te steun dat die mens 'n bedorwe natuur het omdat dit van Adam oorgeërf is. Hierdie stelling, naamlik dat die erfsonde 'n fondasielose teologiese konstruk geword het, is die tema van hierdie verhandeling. Dit is juis hierdie tipe ongegronde metafisiese spekulasie oor God (in die onderhawige geval Heyns se verwysing na God se sedewet asof God hierdie sedewet aan die mensdom sou openbaar het) wat deur Kant vernietig is, wat Heyns ignoreer.

2.4 DIE FILOSOFIESE VRAAGSTUK VAN WAARHEID

Voordat die vraagstuk van waarheid behandel word, moet kennis geneem word dat die filosofiese vraagstuk van waarheid nie in isolasie staan nie. Dit is verweef met die filosofiese vraagstuk van kennis ('the problem of knowledge'). Vir die doeleindes van die verhandeling is dit nie nodig om die filosofiese vraagstuk van kennis verder te behandel nie, en word volstaan by Russell (2005:527) se uitspraak, naamlik dat:

> "… it must be admitted, empiricism as a theory of knowledge has proved inadequate, though less so than any other previous theory of knowledge. Indeed, such inadequacies as we have seemed to find in empiricism have been discovered by strict adherence to a doctrine by which empiricist philosophy has been inspired: that all human knowledge is uncertain, inexact, and partial. To this doctrine we have not found any limitation whatever."

Wat Russell hier sê is dat die kennis wat die mens deur die sintuie en die bewuste brein verkry, verduidelik kan word deur 'n teorie wat op wankelrige bene staan, naamlik die empirisme. Die vraagstuk wat hieruit voortvloei gaan oor die waarheid van voormelde verkrygde kennis.

Wat die filosofiese vraagstuk van waarheid betref, bestaan daar, net soos met die filosofiese vraagstuk van kennis, ook nie klinkklare antwoorde nie. Russell (1988:179) som die vraagstuk van waarheid soos volg op:

> "When I talk of 'undeniable data' that is not to be regarded as synonymous with 'true data', because 'undeniable' is a psychological term and 'true' is not. When I say something is 'undeniable', I mean that it is not the sort of thing that anybody is going to deny; it does not follow from that that it is true, though it does follow that we shall all think that it is true – and that is as near the truth as we seem able to get."

Russell se siening kan met die volgende voorbeeld toegelig word. Vóór Copernicus se *De revolutionibus orbium coelestium* in 1542 gepubliseer is, het die Westerse wêreld geglo dat dit die waarheid is dat die aarde stilstaan en dat die son daarom wentel. Die bewyse wat ten tye hierdie geloof die waarheid gemaak het, was die volgende:

(a) Die mens-op-straat het elke dag met die oog waargeneem dat die son in die Ooste opkom en in die Weste ondergaan. Dit was 'n afdoende bewys dat die aarde stilstaan en dat die son beweeg.
(b) Mense wat kon lees het 'n addisionele bewys in die Bybel (Joshua 10:11-13) gevind dat die aarde stilstaan en dat die son beweeg.
(c) Mense wat kon lees en wat boonop wiskunde kon verstaan, het nog 'n addisionele bewys in Ptolemeus (100GE-178GE) se werk *The Almalgest* gevind[39].
(d) Geen bewyse of teorieë tot die teendeel het bestaan nie.

Vandag word dit wêreldwyd deur die mens-op-straat as die waarheid aanvaar dat die aarde om die son wentel. Hawking and Mlodinow (2011:56-57) wys daarop dat dit nie sondermeer aanvaar moet word dat die aarde beweeg nie. Volgens hulle is dit moontlik om 'n konseptuele model te skep waarvolgens die aarde stilstaan en die heelal, relatief tot die aarde, beweeg. Vir praktiese oorwegings word dit aanvaar dat die aarde, relatief tot die son, beweeg.

Rorty se werk, *Philosophy and the Mirror of Nature* (2009), is onder andere daarop gerig om aan te toon dat die filosofie se soeke na waarheid 'n futiele

[39] Ptolemeus het deur waarneming die beweging van die son en die planete, vanaf 'n stilstaande aarde, wiskundig beskryf. *The Almalgest* is vandag steeds 'n besonderse werk, ongeag dat dit ons sonnestelsel verkeerdelik as aardsentries beskryf.

soeke is. Volgens Rorty (Dann 2006:1) moet die soeke na waarheid eerder verruil word, "... in favour of addressing useful, concrete social issues".

Die pragmatis Stich gaan verder as net die nie-haalbaarheid van die waarheid. Vir Stich maak dit nie saak of die inhoud van wat 'n mens glo waar of vals is nie – mits dit vir jou blymoedig laat voel. Lowe (2005:927) som Stich se siening soos volg op:

> "...truth as such has no cognitive value – that we literally should not care whether our beliefs are true or false, but only whether they enable us to achieve more substantive goals such as happiness and well-being."

Stich se siening is nie nuut nie. Flew (1984:314) wys daarop dat die skeptikus, Pyrrho (365-275VGE), se houding een van opskorting van geloof ('suspension of belief') was. Omdat 'n mens nie kan weet wat waar is nie, is dit beter om nie daaroor te tob nie. Dit sal vir 'n mens gemoedsrus ('peace of mind') gee. Dit kom op dieselfde as Stich se siening neer.

Indien die soeke na die waarheid 'n futiele oefening is en indien mens nie hoef om te gee of jou geloof waar of vals is nie, moet ek myself die vraag afvra waarom ek hierdie verhandeling aangepak het. Hierdie vraag is reeds in 'n mate in Hoofstuk Een (paragraaf 1.6) beantwoord. Hierdie antwoord is ook die basis waarom ek nie met Rorty en Stich saamstem nie. Volgens Fricker (2011:56) het die mens 'n fundamentele behoefte, "... to acquire true beliefs." Myns insiens gee die soeke na waarheid vir 'n individu 'n voorsprong. 'n Beter verstaan van die wêreld waarin jy jouself bevind, gee vir jou 'n beter kans om te oorleef en om suksesvol te wees binne die samelewing waarin jy jouself bevind. Daarom ondersteun ek Fricker se siening.

2.4.1 DIE FILOSOFIE EN GEREGVERDIGDE EPISTEMOLOGIESE GELOOF

In paragraaf 2.4 hierbo is Russell aangehaal waar hy verduidelik dat die waarheid 'n ontwykende begrip is en dat 'n mens hoogstens kan glo dat iets waar is. Die vraag wat hieruit volg is of hierdie geloof 'n blinde geloof ('n opinie of spekulasie) kan wees, andersins of hierdie geloof geregverdig moet wees.

Filosowe (epistemoloë) is dit eens dat ’n geloof geregverdig moet wees. Die vraag wat weer hieruit volg, is wat die vereistes is waaraan ’n geloof moet voldoen sodat dit epistemologies geregverdig is. Hierdie antwoord is nie voor die hand liggend nie. Meer nog, daar bestaan nie ’n epistemologiese algoritme wat toegepas kan word om te bepaal of ’n spesifieke proposisie waar of vals is nie. Hierna word die konsep van geregverdigde epistemologiese geloof en die rol van die doksastiese agent in die verkryging van epistemologiese geloof, behandel.

2.4.2 GEREGVERDIGDE EPISTEMOLOGIESE GELOOF

Die doelstelling van verhandeling is, onder andere, om te bewys dat dit epistemologies geregverdig is om te glo dat daar reeds vóór 4000VGE mense bestaan het. Hierdie bespreking word met ’n verduideliking van die onderstreepte gedeelte van die voorgaande sin begin. Fraser (2005:259) definieer ’n epistemologiese proposisie as: “A proposition is epistemic if and only if it has some implication for what, in some circumstances, is rationally worthy of belief.” Selfs met hierdie definisie ontstaan ’n probleem. Dit word aan die hand van Kant se bewyse teen die bestaan van God en van sy kategoriese imperatief illustreer.

Kant het afdoende argumenteer dat die bestaan van God nie bewys kan word nie, maar dat die individu kan glo dat God bestaan (dit wil sê dat God se bestaan die waarheid is). In die konteks van die definisie van epistemologies geregverdigde geloof, is die vraag daarom of hierdie (Kant se) geloof dat God bestaan epistemologies geregverdig is. Kant het immers bewys dat daar geen rasionele argumente bestaan wat die proposisie dat God bestaan waar (of onwaar) kan maak nie. Kant het daarom op sy morele argument gesteun om te bewys dat dit geregverdig is om te glo dat God bestaan. Die volgende vraag is of Kant se morele argument as voldoende rasioneel geag kan word dat dit epistemologies geregverdig is om te glo dat God bestaan. In paragraaf 2.3.3 hierbo is aangetoon dat Russell dit nie aanvaar nie.

Op hierdie punt word die konsep van ’n doksastiese (oftewel ’n epistemologiese) agent by die verhandeling ingebring as ’n vertrekpunt om die verhandeling vorentoe te neem.

2.4.3 DOKSASTIESE AGENT SOSIALE EPISTEMOLOGIE

Whitcomb (2011:3) onderskei tussen drie tipes sosiale epistemologie. Vir die doeleindes van die verhandeling word sy indeling aanvaar en word elkeen hierna, insover dit op die verhandeling van toepassing is, behandel.

2.4.3.1 Individuele doksastiese agent sosiale epistemologie

Goldman (2011:14-16) se behandeling van die konsep van ’n individuele doksastiese agent word as uitgangpunt vir hierdie bespreking gebruik.

Dit begin met ’n individuele persoon wat tot ’n besluit moet kom oor die epistemologiese waarheid/onwaarheid van ’n proposisie wat gegrond is op getuienis en bewyse wat voorgelê word ter ondersteuning van daardie proposisie. Dit is noodsaaklik dat hierdie persoon ook alle getuienis en bewyse wat teen die proposisie ingebring word, moet oorweeg. Hierdie besluitnemingsproses vind in die bewuste brein van die persoon plaas[40]. Ten einde vir hierdie persoon om as ’n doksastiese agent te kwalifiseer, moet hierdie persoon aan sekere ander vereistes voldoen. Die eerste vereiste is dat die persoon ’n eerlike bedoeling moet hê om vas te stel of ’n proposisie waar is al dan nie. ’n Verdere vereiste is dat die doksastiese agent epistemologies verantwoordelik moet wees. Watson (2016:53-54) beskryf dit dat ’n mens ’n epistemologiese disposisie moet ontwikkel. Dit moet insluit, “... intellectual humility and courage, open-mindedness, and carefulness.” Verder moet die doksastiese agent in gedagte hou dat sy/haar persoonlike agtergrond

[40] Dit sluit daarom persone met breinafwykings uit, soos byvoorbeeld waanvoorstelling, psigopatie en skisofrenie, om as individuele doksastiese agente te kwalifiseer.

inherente vooroordele impliseer. Locke se opvatting hieroor kan met dié van Watson in verband gebring word. Locke (1971:380) verwys nie na die mens as ’n doksastiese agent nie, maar wys daarop dat iemand wat die waarheid nastreef, “... [must pay] ... obedience due to his Maker, who would have him use those discerning faculties he has given him, to keep him out of mistake and error [My invoeging].” Hierdie opvatting van Locke word ondersteun.

In Hoofstuk Vier (paragraaf 4.3.3) word verduidelik dat die NGK, as ’n organisasie, nie denke/geloof kan ervaar nie omdat hy nie ’n bewuste brein het nie. Die NGK kan daarom nie as ’n doksastiese agent optree nie. Dit volg dat aangesien die NGK self nie kan dink/glo nie, ’n individu of individue (uitgesonderd gewone lidmate) binne die NGK die gesag moet hê om, namens die NGK, aan lidmate voor te skryf wat om te glo. Dit is die funksie van die NGK se teokrate[41]. Die NGK se teokrate is almal tersiêr opgelei. Dit word aanvaar dat die meerderheid teokrate nie tersiêr in die natuurwetenskappe opgelei is nie. Vir die doeleindes van die verhandeling is dit, myns insiens, noodsaaklik dat die definisie van ’n doksastiese agent so eng moontlik omskryf word omdat dit in die verhandeling gaan oor ’n doksastiese agent binne ’n bepaalde konteks, naamlik binne die konteks van die NGK se Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde. Met inagneming hiervan word ’n doksastiese agent verderaan in die verhandeling definieer as ’n persoon:

(a) Wat tersiêr opgelei is[42] maar nie in die natuur-wetenskappe nie.
(b) Wat ’n eerlike bedoeling het om vas te stel of ’n proposisie oor die **natuurlike wêreld** waar is al dan nie.

[41] Die woord, teokraat, is nie in Afrikaanse verklarende woordeboeke vervat nie. Dit is ’n woord wat ek vir die doeleindes van die verhandeling geskep het om na die NGK se leraars en teoloë te verwys.

[42] Hiermee word geensins insinueer dat ’n persoon sonder tersiêre opleiding, nie as ’n doksastiese agent kan funksioneer nie. Hierdie verhandeling gaan oor die NGK se Geloofsleer oor Bybel/erfsonde. Hierbo is verduidelik dat die NGK nie kan dink nie en dat die NGK se teokrate namens die NGK dink. Omdat die teokrate almal tersiêr opgelei is verteenwoordig hulle die NGK se denke op ’n tersiêre vlak.

(c) Wat epistemologies verantwoordelik en eerlik is (soos wat hierbo beskryf is).

Verderaan in die verhandeling word na ’n persoon wat aan al bogenoemde vereistes voldoen, verwys as ’n individuele doksastiese agent (IDA).

2.4.3.2 Kollektiewe doksastiese agent sosiale epistemologie

Goldman (2011:15-18) verduidelik dat ’n kollektiewe doksastiese agent, “... make judgements – collective, or aggregate, judgements – about the truth-values of propositions. Such collective judgements are presumably determined by the collective’s members’ judgements.”

2.4.3.3 Stelsel georiënteerde sosiale epistemologie

Goldman (2011:18-20) onderskei tussen formele en informele sosiale epistemologiese stelsels/sisteme. Die regstelsel van ’n land in ’n voorbeeld van eersgenoemde. Die wetenskap, onderwys en joernalistiek is voorbeelde van informele sosiale epistemologiese sisteme. Goldman beskryf die doel van hierdie sisteme, “... to elevate its community’s level of truth possession, information possession, knowledge possession, or possession of justified or rational belief.”

2.4.4 TOEPASSING VAN DOKSASTIESE AGENT SOSIALE EPISTEMOLOGIE IN DIE VERHANDELING

Ek het besluit om die definisies van doksastiese agent sosiale epistemologie in paragraaf 2.4.3 hierbo te aanvaar en om dit te gebruik in ’n poging om oor die waarheid van die bestaan van Adam as die eerste mens te kom. Verder sal dit gebruik word om die wetenskaplik geletterde wêreld en die NGK as kollektiewe doksastiese agente asook as informele sosiale epistemologiese sisteme te evalueer.

In Hoofstuk Drie hierna word die wetenskaplike geletterde wêreld se verklaring vir die ontstaan van die heelal en die oorsprong van die mens behandel. Eerstens word die wetenskaplik geletterde wêreld definieer, waarna ondersoek word of dit as ’n kollektiewe doksastiese agent en as ’n informele sosiale epistemologiese sisteem kwalifiseer. Daarna word die wetenskaplik geletterde wêreld se verduideliking vir die oorsprong van die heelal en van die mens beskryf. Daarna word ondersoek of dit vir ’n IDA (soos definieer in paragraaf 2.4.3.1 hierbo) epistemologies geregverdig is om te glo dat die wetenskaplik geletterde wêreld se verduideliking oor die oorsprong van die heelal en van die mens die waarheid kan wees.

In Hoofstuk Vier word die NGK se epistemologiese sisteem van waarheid deur geloof beskryf. Daarna word ondersoek of die NGK as ’n kollektiewe doksastiese agent kwalifiseer, en verder of sy epistemologiese sisteem as ’n informele sosiale epistemologiese sisteem kwalifiseer.

In Hoofstuk Ses word die probleem van die medebestaan van konflikterende epistemologiese sisteme, naamlik dié van die NGK teenoor dié van die wetenskaplik geletterde wêreld, behandel.

2.5 SAMEVATTING VAN DIE HOOFSTUK

In paragrawe 2.1 tot 2.3 hierbo is verduidelik hoe die erfsonde ontstaan het en hoe dit (saam met die leerstellings oor die bestaan van God en die Bybel as die geopenbaarde Woord van God) deur **geloof**, die fondasie van die Christelike teologie geword het. Dit is ook verduidelik hoe die filosowe Descartes, Locke en Kant met die Christelike kerk in konflik gekom het deur **rede** te gebruik om tot die waarheid oor Christelike dogma, veral oor die bestaan van God, te kom.

In paragraaf 2.4 is verduidelik waarom die **waarheid** oor ’n proposisie nie haalbaar is nie maar dat dit epistemologies geregverdig kan wees om te glo dat dit waar kan wees. In paragraaf 2.4 hierbo is ook verduidelik dat doksastiese agent sosiale epistemologie gebruik sal word om oor ’n epistemologiese geloof oor die waarheid te kom of daar reeds vóór Adam mense bestaan het.

Omdat hierdie hoofstuk as agtergrond vir die res van die verhandeling dien, word daar nie tot enige gevolgtrekkings hierin gekom nie. Die volgende beginsels word egter aanvaar, naamlik:

> Dat daar dinge is wat nie verkeerd/onwaar bewys kan word nie en dat dit deur geloof die waarheid word vir die individu wat dit glo, ongeag of dit waar is of nie. In paragraaf 2.3.2 hierbo is die bestaan van ’n godheid, engele en mensliklike immortaliteit as dinge identifiseer wat uitsluitlik die onderwerpe van religieuse geloof is. Rede speel nie ’n rol hierin nie. Met die verloop van die verhandeling sal ander dinge tot hierdie lys toegevoeg word.

> Dat daar dinge is wat vir ’n IDA, deur rede, epistemologies geregverdig word om te glo dat dit waar kan wees. Religieuse geloof speel nie ’n rol hierin nie. Dat die aarde om die son wentel is iets wat deur rede die waarheid word. Religieuse geloof kan dit nie die waarheid maak dat die son om die aarde wentel nie.

HOOFSTUK DRIE

DIE WAARHEID VAN DIE NATUURWETENSKAPPE SE VERDUIDELIKING VIR DIE OORSPRONG VAN DIE HEELAL EN VAN DIE MENS

3.1 INLEIDING

In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.1) is verduidelik dat beide die natuur-wetenskappe en die teologie daarop aanspraak maak dat hulle verklarings oor die mensdom en die wêreld waarin die mensdom hulle bevind, kan gee. Die doel van hierdie Hoofstuk Drie is om te ondersoek of dit vir ’n IDA epistemologies geregverdig is om glo dat die natuurwetenskappe se aanspraak waar kan wees.

In Hoofstuk Een (paragraaf 1.3) is die doelstellings van die verhandeling beskryf. Die eerste is om bewyse voor te lê en om argumente aan te voer dat dit epistemologies geregverdig is om te glo dat die NGK se 1619 Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde in die een-en-twintigste eeu onwaar geword het. In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.1) is verduidelik dat een van die argumente wat aangevoer sal word om hierdie standpunt te ondersteun, is dat daar reeds vóór 4000VGE mense geleef het. Dit is ook verduidelik dat hierdie bewys nie ’n filosofiese bewys is nie, maar ’n bewys wat op wetenskaplike teorieë, ontdekkings en verduidelikings oor die oorsprong en ontwikkeling (evolusionêr sowel as histories) van die mensdom berus. Dit is verder verduidelik dat die filosofie, spesifiek die epistemologie, gebruik sal word om te argumenteer dat dit vir ’n IDA epistemologies geregverdig is om te glo dat hierdie wetenskaplike teorieë, ontdekkings en verduidelikings die waarheid is. Dit word in paragraaf 3.4. hieronder gedoen.

Ten einde te kan besluit of daar reeds vóór 4000VGE mense geleef het, alternatiewelik of Adam die eerste mens was wat eenmalig 4000VGE deur God geskep is, is dit nodig om hieroor binne die konteks van die oorsprong van die

heelal te besin. Bykans elke onderwerp wat in paragraaf 3.4 hieronder behandel word, kan die onderwerp van ’n enkel navorsing wees. Hierdie onderwerpe word daarom slegs oorsigtelik behandel.

3.2 VRAAGSTUK VAN DIE WAARHEID VAN DIE NATUURWETENSKAPPE

Die vraagstuk van die waarheid van die natuurwetenskappe behoort tot die filosofiese sub-dissipline, die filosofie van die wetenskap (‘philosophy of science’). In hierdie paragraaf 3.2 word slegs enkele aspekte daarvan behandel.

3.2.1 WETENSKAPLIKE METODE, TEORIEË EN VERDUIDELIKINGS

Natuurwetenskaplikes probeer om die natuurlike wêreld te beskryf. Hulle gebruik, wat hulle die wetenskaplike metode noem. In kort kom dit daarop neer dat dit met die waarneming en beskrywing van natuurlike verskynsels begin. Wanneer verskynsels in die natuurlike wêreld hulleself herhaal, word hipoteses formuleer. Hierdie hipoteses word dan deur eksperimentering geverifieer. Indien laasgenoemde met onafwykende reëlmaat dieselfde is, word dit as ’n natuurwet geformuleer. Laastens word ’n teorie geformuleer om ’n aanvaarbare verklaring vir ’n betrokke natuurwet te gee. Met ander woorde, waarom die natuurverskynsels doen wat hulle doen. Die taal wat die natuurwetenskappe gebruik om die werking van die natuurwette te beskryf, is vakkundige skryftaal sowel as die taal van die wiskunde. Die biologiese wetenskappe verskil hiervan en word in paragraaf 3.5 hieronder behandel.

In gewone spreektaal word na wetenskaplike kennis verwys. In die verhandeling word die term, wetenskaplike verduidelikings, eerder as wetenskaplike kennis gebruik. Die rede hiervoor is omdat kennis (in die filosofiese sin) nie haalbaar is nie. Dit is in Hoofstuk Twee (paragraaf 2.4) behandel. ’n Tweede rede waarom na wetenskaplike verduidelikings verwys word, is om die polemiek rondom wetenskaplike teorieë te vermy. In hierdie verband word in paragraaf 3.2.2 hieronder verduidelik dat ’n wetenskaplike

teorie altyd falsifieerbaar is en dat dit daarom, teoreties, nooit finaal as die waarheid kan kwalifiseer nie. Om voormelde redes sal wetenskaplike verduidelikings nie as waar of vals kategoriseer word nie. Dit sal eerder evalueer word of dit vir ’n IDA epistemologies geregverdig is om te glo dat ’n spesifieke wetenskaplike verduideliking waar of onwaar is.

3.2.2 DIE KRISIS VAN DIE TWINTIGSTE EEU

Met die aanvang van die twintigste eeu was dit in die breë aanvaar (geglo) dat die waarheid in die wetenskap opgesluit is. Dit het egter verander. Die wetenskap het die les geleer dat wetenskaplike waarhede inderdaad onwaar kan word.

Cox and Forshaw (2009:10-11) verduidelik dat die bevindings van Tycho Brahe (1546-1607), Kepler (1571-1630) en Galileo (1564-1642) bewys het dat Copernicus in 1542 reg was (en die RKK daarom verkeerd) wat betref die son-sentriese beskrywing van ons sonnestelsel. Dit het direk gelei tot Newton se Wette van beweging en swaartekrag wat hy in 1687 in sy werk, *Mathematical Principles of Natural Philosophy,* publiseer het. In die Westerse wêreld het Newton se Wette aksiomatiese waarhede geword. Sedert Newton het ander wetenskaplike ontdekkings en tegnologiese voortuitgang die gedagte laat ontstaan dat die natuurwetenskappe die natuurlike wêreld akkuraat kan beskryf. Dit was ‘die waarheid’ tot in 1915 toe Einstein sy algemene relatiwiteitsteorie formuleer het. Hiermee het Einstein, onder andere, aangetoon dat Newton se Wette nie onder alle omstandighede toepaslik (waar) is nie. Hiermee is ’n tydperk van wetenskaplike twyfel ingelui. Hierdie tydperk van wetenskaplike twyfel het, met die formulering van kwantummeganika deur Bohr en Heisenberg in die 1920tigs, verdere stukrag gekry. Tarnas (2010:356) beskryf hierdie proses van wetenskaplike twyfel soos volg:

> “By the end of the third decade of the twentieth century virtually every major postulate of the earlier scientific conception had been controverted: the atoms as solid, indestructible, and separate building blocks of nature, space and time as independent absolutes, the strict mechanistic causality of all phenomena, the possibility of objective observation of nature.”

Hierdie verwikkelinge het tot groot opskudding binne die wetenskaplike wêreld gelei. Popper het die dilemma waarin die natuurwetenskappe hulle bevind het aangepak in sy werke, *The Logic of Scientific Discovery* (2002), wat die eerste keer in 1935 gepubliseer is, en *Conjectures and Refutations* (2002), wat die eerste keer in 1963 gepubliseer is. Popper het die gedagte van die falsifieerbaarheid van wetenskaplike teorieë ontwikkel. Die beginsel van falsifieerbaarheid kom daarop neer dat wetenskaplike teorieë altyd voorlopig is en dat dit deur latere teorieë as verkeerd (gedeeltelik of in geheel) bewys kan word. Latere teorieë is op hulle beurt weer falsifieerbaar.

Natuurwetenskaplikes gebruik ’n induktiewe metode wat beteken dat die verloop van toekomstige natuurlike gebeurtenisse uit die bewese reëlmaat van vorige natuurverskynsels afgelei word. Cohen (2005:432) verduidelik Popper se standpunt, hieroor. Die argument teen die induktiewe metode is dat, omdat die son reeds elke dag vir millennia opgekom het, dit nie dááruit afgelei kan word dat die son môre weer sal opkom nie. Wetenskaplikes maak eerder breë veralgemenings wat hulle later probeer verkeerd bewys, oftewel falsifieer. Volgens Popper onderskei die falsifieerbaarheid die natuurwetenskappe dit van pseudo wetenskappe.

Daar bestaan ’n verskil tussen falsifieerbaar en verifieerbaar. Flew (1984:368) illustreer dit met die voorbeeld dat die teorie, alle kraaie is swart, nie geverifieer kan word nie, maar dat dit falsifieer kan word wanneer ’n kraai ontdek word wat nie swart is nie. Die stelling dat eenhoringperde (‘unicorns’) bestaan of dat hulle bestaan het, kan nie vals bewys word nie omdat daar iewers ’n eenhoringperd of die fossiel van een kan bestaan maar dat dit nooit ontdek is of moontlik ontdek mag word nie. Wanneer ’n eenhoringperd (of ’n fossiel daarvan) ontdek sou word, word die stelling oor die bestaan van eenhoringperde geverifieer. Bestaansaansprake soos dié van ’n eenhoringperd kan daarom slegs verifieer word – dit kan nooit falsifieer word nie. Bestaansaansprake oor materiële voorwerpe verskil van bestaansaansprake oor ’n immateriële wese soos God.

Uit bostaande ontstaan die vraag waarom ek, as ’n IDA in my hoedanigheid as die skrywer van hierdie verhandeling, moet glo dat ’n bepaalde wetenskaplike

teorie vandag waar is, net sodat dit môre deur falsifiëring onwaar gemaak kan word. Hierdie vraag word in die konteks van die wetenskaplik geletterde wêreld beantwoord.

3.2.3 DIE WETENSKAPLIK GELETTERDE WÊRELD AS ’N EPISTEMOLOGIESE SISTEEM

Vir die doeleindes van die verhandeling word die wetenskaplik geletterde wêreld definieer as lande waar die staat en/of religieuse organisasies nie vir tersiêre- en/of navorsingsingsinstellings verbied om vakrigtings te doseer en/of om navorsing te doen wat met die staat en/of religieuse organisasies se denkrigtings mag verskil nie. Dit volg dat die natuur- en ander wetenskappe as vakke op skool en op tersiêre vlak aangebied word. Volgens hierdie definisie is Suid-Afrika deel van die wetenskaplik geletterde wêreld[43]. Dit is gemene saak dat die natuurwetenskappe en wiskunde as keusevakke deur die meerderheid skoolgangers in Suid-Afrika vermy word. Dit beteken egter nie dat Suid-Afrika nie deel van die wetenskaplik geletterde wêreld is nie. Die NGK se lidmate leef van dag tot dag in die moderne wetenskaplik geletterde wêreld wat deur die natuurwetenskappe moontlik gemaak is.

In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.4.3.1) is ’n IDA definieer as ’n persoon wat ’n rasionele besluit oor die waarheid/onwaarheid van ’n proposisie wil neem. Die aard van die werk van die individuele natuurwetenskaplikes is sodanig dat hulle outomaties as ’n IDA behoort te kwalifiseer. ’n Kollektiewe doksastiese agent is in Hoofstuk Twee (paragraaf 2.4.3.2) definieer. Hiervolgens bestaan die wetenskaplik geletterde wêreld uit individuele wetenskaplikes wat die kollektief van die wetenskaplik geletterde wêreld uitmaak. Die wetenskaplik geletterde wêreld voldoen aan hierdie definisie omdat dit die waarheid oor die natuurlike wêreld nastreef. Dit word aanvaar dat daar nie absolute eensgesindheid binne die wetenskaplik geletterde wêreld oor alle wetenskaplike teorieë heers nie. Die vraag of natuurwetenskaplikes foute kan begaan word soos volg deur Penrose (2007:1024) beantwoord:

[43] Myns insiens is hierdie lande ten minste Australasië, Japan, RSA, Sjina, VK, VSA, en die Wes-Europese lande.

> "The apparent subjectivity that we see in the strong influences of fashion, referred to above, are simply features of our gropings for this understanding, where social pressures, funding pressures, and (understandable) human weaknesses and limitations play important parts in the somewhat chaotic and often mutually inconsistent pictures that we are presently confronted with."

Die volgende vraag wat oorweeg moet word, is of 'n IDA vir natuurwetenskaplikes (in hulle hoedanigheid as 'n kollektiewe doksastiese agent en as 'n informele sosiale epistemologiese sisteem) kan vertrou. Hierdie vraag kan met die stelling beantwoord word dat die wetenskappe, net soos die filosofie en teologie, deur mense beoefen word. Waar mense by enigiets betrokke is, moet dit aanvaar word dat foute kan insluip asook dat menslike vooroordele en eiebelang 'n rol mag speel. Hierdie is die negatiewe sy van die prentjie. Die positiewe sy van die prentjie is die konsep van die wetenskaplik geletterde wêreld van die een-en-twintigste eeu wat hierna behandel word.

Die beoefening van die wetenskappe binne die wetenskaplik geletterde wêreld word in die Wikipedia artikel, *Scientific community*[44], toegelig. Die wetenskaplike gemeenskap wêreldwyd probeer om foute uit te skakel en om konsekwentheid te bewerkstellig. Die opleiding van akademici en die standaard van PhD kwalifikasies word gemonitor. Internasionale interaksie tussen wetenskaplikes word deur publikasies en konferensies bevorder. Navorsingswerk word onder wetenskaplikes versprei en kommentaar van ander wetenskaplikes word daarop verkry. Op hierdie manier word dit onderhewig aan portuurevaluering wat miskien een van die sterkste nie-wetenskaplike toetse is.

Die rol van die Verenigde Koninkryk se *Royal Society* en die VSA se *National Academy of Science* gee ook geloofwaardigheid aan natuurwetenskaplike navorsing en kweek vertroue in die natuurwetenskappe. Natuurwetenskaplike navorsing oor spesifieke probleme word ook wêreldwyd gedoen. Vigs- en kankernavorsing, as voorbeelde, word feitlik in al die moderne wêreldlande gedoen. Genetici van regoor die wêreld het meegehelp om die Human Genome Project (HGP) 'n sukses te maak. Ander navorsingsprojekte word

[44]Wikipedia 2018. Scientific Community. [aanlyn]. https://en.wikipedia.org/wiki/Scientific-community

multinasionaal bedryf, soos byvoorbeeld die Large Hadron Colider in Switserland en die Southern African Large Telescope (SALT) in Sutherland in die Karoo. Die SKA ('Square Kilometre Array') radioteleskoop (die wêreld se grootste) naby Carnarvon in die Karoo, is 'n multinasionale projek en sal, onder andere, help om te verstaan hoe die eerste sterre en sterrestelsels na die oerknal 13,700 miljoen jaar gelede gevorm het. SALT en SKA word genoem om te illustreer dat Suid-Afrika 'n volwaardige lid van die wetenskaplik geletterde wêreld is. Die James Webb ruimteteleskoop word tans in die VSA gebou teen 'n koste van ongeveer US$10 miljard. Daar word beplan om dit in 2020 te lanseer. Hierdie teleskoop sal meehelp, onder andere, om die ouderdom van die heelal en die formasie van sterrestelsels meer akkuraat te kan bepaal.

Die wetenskaplik geletterde wêreld het vandag informele en ongeskrewe selfregulerende kontroles ontwikkel om te verseker dat wetenskaplike teorieë en die werk van wetenskaplikes betroubaar is. Ongeag hiervan bly die feilbaarheid van die mens steeds 'n faktor.

In die lig van die motivering hierbo, is dit my tesis dat die wetenskaplik geletterde wêreld as 'n kollektiewe doksastiese agent, sowel as 'n informele epistemologiese sisteem kwalifiseer.

In welke mate die wetenskaplik geletterde wêreld deur 'n IDA as 'n epistemologiese sisteem aanvaar kan word, word hierna behandel.

3.3 AANVAARDING VAN DIE WETENSKAPLIK GELETTERDE WÊRELD AS 'N EPISTEMOLOGIESE FONDASIE

Dit is my tesis dat dit vir 'n IDA geregverdig is om die wetenskaplik geletterde wêreld as 'n epistemologiese fondasie te aanvaar om die natuurlike wêreld waarin die mens leef, te verduidelik. Dit word hierna motiveer. Daar is terselfdertyd bepaalde voorwaardes hieraan verbonde.

In Hoofstuk Een (paragraaf 1.4) is verduidelik dat daar nie ’n epistemologiese algoritme bestaan wat gebruik kan word om die waarheid oor ’n proposisie vas te stel nie en dat ’n epistemologiese teorie (model) ontwikkel sal word waarvolgens dit evalueer kan word of dit epistemologies geregverdig is om te glo dat daar reeds vóór 4000VGE mense geleef het. Ten einde dit te bewys, is die wetenskaplik geletterde wêreld as die instrument gekies. Vir ’n IDA is daar ’n probleem aan hierdie keuse verbonde.

Om die verhandeling te kon aanpak, moes ek noodwendig (as ’n navorser sowel as ’n IDA) seker maak dat die wetenskaplike verduidelikings waar is, naamlik dat daar reeds vóór 4000VGE moderne mense (*homo sapiens*) geleef het. Vir die doeleindes van die verhandeling beteken ‘moderne mense’ dat mense in groepe saamgewoon en saamgewerk het om te oorleef asook dat hulle deur middel van gesproke taal kommunikeer het. Verder in die verhandeling word daar nie na moderne mense verwys nie, maar slegs na mense wat vóór 4000VGE (dit wil sê voor die skeppingsdatum van Adam) geleef het.

Met die aanvang van my navorsing oor die oorsprong van die mens, het ek my eerstens tot Genesis 1-3 en die Belydenisskrifte gewend. Daarna het Wikipedia en Encyclopedia Britannica gevolg. Daarna het publikasies gevolg wat die wetenskappe vir die mens-op-straat in ’n mate toeganklik maak. Laastens het meer gevorderde publikasies gevolg.

Die primêre probleem waarmee ek in hierdie proses gekonfronteer was (en steeds is), is die feit dat die taal van die natuurwetenskappe uit die vakkundige taal van die onderskeie wetenskaplike dissiplines en die taal van die wiskunde bestaan. ’n Mens moet meer as ’n gangbare kennis van die onderskeie wetenskaplike dissiplines verkry voordat jy daarop kan aanspraak maak dat jy daardie dissipline verstaan. Die probleem is dat ’n mens nie kan weet of iets waar kan wees nie indien jy nie die besonderhede verstaan wat dit waarskynlik waar (of onwaar) kan maak nie.

Hierdie probleem word illustreer met die taal van biologie en biochemie met spesifieke verwysing na die bestaan en funksie van deoksiribonukleïensuur (DNS). Die ontleding van DNS van fossiele van die mens se primitiewe voorgangers, help die biologiese wetenskappe om die biologiese evolusie van die mens beter te kan verstaan. Dit help ook om die funksionering van die menslike liggaam beter te kan verstaan. As ’n navorser asook as ’n IDA het ek ’n punt daarvan gemaak om die aard en funksie van DNS in die funksionering van die menslike liggaam te probeer verstaan. Dit is gedoen deur DNS na te vors in die volgende publikasies wat almal in die bibliografie aan die einde van die verhandeling verskyn. Hulle is naamlik**:**

- *Genetics for Dummies* (Robinson 2010)
- *Human molecular genetics* (Strachan & Read 2004)
- *Life on the edge: The coming of age of quantum biology* (al-Khalili & McFadden 2014)
- *Secret chambers: the inside story of cells and complex life* (Brasier 2012)
- *The human genome* (Quackenbush 2011)
- *The language of genes* (Jones 2000)
- *The story of the human body* (Lieberman 2014)
- *Verken: Lewenswetenskappe* (Clitheroe, Dempster, Doidge, Marsden, Mbambisa, Singleton & van Aarde 2012)
- *What is Life?* (Schrödinger 2012).

Selfs die meer gebruikersvriendelike publikasies hierbo kan nie voldoende verstaan word indien mens nie chemie en biologie ten minste tot graad 12 op skool bestudeer het nie. Die kernvraag vir my as ’n IDA is of ek seker kan wees dat die mikroskopiese wêreld van DNS bestaan. Ek kon dit nog nie deur ’n mikroskoop waarneem nie en is aangewese op die woord van wetenskapliks wat dit wel deur ’n mikroskoop waargeneem het. Ná my bestudering van voormelde publikasies kan ek, as ’n IDA, verklaar dat ek aanvaar dat DNS bestaan en dat dit ’n rol in alle organiese lewe op aarde speel. Met ander woorde, ek verstaan dat DNS ’n bepalende rol speel maar ek weet nie hoe dit biologies geskied nie. Die rede waarom ek nie verstaan hoe dit geskied nie is

omdat ek nie oor die nodige wetenskaplike (biologiese) opleiding en vakkennis beskik nie.

Indien mens, as ’n nie-bioloog, enige biologies gebaseerde aspek van die publikasies wat hierbo aangehaal is wil verwerp, bevind jy jouself in ’n dilemma. Jy sal moet kan bewys dat die biologie verkeerd is. Dit kan slegs gedoen word indien jy voldoende biologies geletterd is (iets wat ek en die meeste van die mens-op-straat nie is nie). Die enigste ander roete wat oorbly is dat mens dit moet verwerp op sterkte daarvan dat jy dit nie verstaan nie. Indien mens hierdie roete volg, kan jy nie aanvoer dat die publikasies verkeerd is nie. Mens kan immers net aanvoer dat hulle verkeerd is indien jy verstaan waarom hulle verkeerd is. Indien mens aan jou volgelinge (ook nie-bioloë) sou verkondig dat hierdie publikasies verkeerd is, maak jy vir jouself aan ’n oneerlikheid skuldig.

Mens bevind jouself in dieselfde dilemma indien jy sou besluit om hierdie publikasies as korrek (die waarheid) te aanvaar nieteenstaande die feit jy dit nie verstaan nie. In hierdie geval sal mens die opinie van ander kundige bioloë oor die korrektheid daarvan moet verkry. Die vraag sal dan wees op grond waarvan hulle opinies as waar aanvaar kan word. Hierdie vraag kan teen die agtergrond van fondasionalisme (‘foundationalism’) en epistemologiese regressie beantwoord word.

’n Navorser, as ’n IDA, moet besluit wat hy/sy bereid is om as ’n epistemologiese fondasie te aanvaar waarteen die waarheid oor die oorsprong van die mens evalueer kan word. Vir my, as ’n IDA, is ek bereid om die wetenskaplik geletterde wêreld as ’n epistemologiese fondasie te aanvaar – vir die doeleindes van die verhandeling asook vir my persoonlik. Indien ek dit nie doen nie, kan ek in ’n fondasielose epistemologiese regressie verval waar ek uiteindelik by die punt sal kom dat ek tot die volgtrekking kom dat ek ’n solipsis is en dat die materiële wêreld nie bestaan nie. Die mens-op-straat kom voor dieselfde keuse te staan alhoewel hulle waarskynlik nie hulle keuse sal formaliseer soos wat ek (as ’n epistemologie student) dit doen nie. Vir die mens-op-straat sal dit eerder ’n intuïtiewe (‘gut-feel’) keuse uitoefening wees.

Wikipedia, Encyclopedia Britannica asook die ander publikasies wat in die verhandeling gebruik word, beskou ek as die produkte van die wetenskaplik geletterde wêreld van die een-en-twintigste eeu. Ek aanvaar dat die inhoud van hierdie publikasies in die breë korrek is. Ek aanvaar ook dat die motiewe van die outeurs van hierdie publikasies *bona fide* is. Daar bestaan 'n samehang tussen die inhoud van hierdie publikasies waar dit met verbandhoudende onderwerpe handel. Ek aanvaar dat hierdie samehang ('coherence') nie 'n samespanning ('conspiracy') deur die gemelde outeurs is met die doel om 'n fiktiewe natuurwetenskaplike wêreld vir die mens-op-straat te skep nie. My aanvaarding van voormelde publikasies geld ook ten opsigte van ander natuurwetenskaplike publikasies wat deur die wetenskaplik geletterde wêreld as *bona fide* aanvaar word.

My aanvaarding beteken nie dat alles wat in voormelde publikasies geskryf is, korrek is nie. Byvoorbeeld, wat die korrektheid van Wikipedia betref, beskryf Goldman (2011:11) vir Wikipedia as: "The epistemology of mass collaboration". Hierin bespreek Goldman (2011:25-26) 'n vergelyking tussen die akkuraatheid tussen Wikipedia en die Encyclopedia Britannica. Hiervolgens is bevind dat Encyclopedia Britannica gemiddeld 'n fout van 3 persent per artikel bevat. Hierteenoor bevat Wikipedia 'n gemiddelde fout van 3.9 persent per artikel.

My aanvaarding van die bestaan van die wetenskaplik geletterde wêreld as 'n epistemologiese fondasie word motiveer deur my poging gedurende my navorsing om die natuurlike wêreld te kan verstaan vir sover dit binne my vermoë is. Sonder die bestaan van die produkte van die wetenskaplik geletterde wêreld (publikasies en die internet) sou my begrip oor die natuurlike wêreld onmoontlik gewees het. 'n Mens se verstaan van die natuurlike wêreld beïnvloed noodwendig jou oorkoepelende wêreldbeeld. Sonder die wetenskaplik geletterde wêreld sou ek nie 'n nuwer en meer deurtastende wêreldbeeld vir myself kon ontwikkel het nie. My wêreldbeeld vandag verskil aansienlik van die een voordat ek in 2012 vir my honneurs studies geregistreer het.

Omdat my wêreldbeeld binne ses jaar aansieklik verander het, bring my by die vraag of elke mens se wêreldbeeld net so uniek soos sy/haar vingerafdrukke en DNS is. Die individu se ervaring (waarneming en vertolking) van die wêreld buite hulleself sal vir haar/hom ’n eie unieke wêreldbeeld skep. Vir die individu is die gevaar hieraan verbonde wanneer dinge in die wêreld daarbuite deur magte gemanipuleer word met die voorbedagte bedoeling om ’n valse wêreldbeeld te skep. In hierdie verband word verwys na die voorlaaste paragraaf van paragraaf 1.6 van Hoofstuk Een waarin die gevare hieraan verbonde uitgewys is.

Die aanvaarding van die wetenskaplik geletterde wêreld as ’n epistemologiese fondasie is met die voorbehoud dat ’n navorser ten alle tye die beperkings van die mens (wetenskaplikes, navorsers en jyself) in gedagte moet hou en dat jy oordeelkundig moet wees met die hantering van alle navorsingsmateriaal[45]. Verder moet dit in ag geneem word dat natuurwetenskaplike teorieë falsifieerbaar en daarom voorlopig is. Indien daar twyfel oor ’n wetenskaplike verduideliking bestaan, moet ’n epistemologiese uitspraak oor die waarheid daarvan opgeskort word, eerder as om dit as die waarheid te aanvaar. Dit kom ooreen met die konsep wat die jurisprudensie gebruik, naamlik dat die verduideliking ten minste op ’n oorwig van waarskynlikheid waar moet wees. Hierdie beginsels word verderaan in die verhandeling toegepas.

3.4 EPISTEMOLOGIESE REGVERDIGING DAT DAAR VÓÓR 4000VGE MENSE BESTAAN HET

Hierdie paragraaf volg op die inleidingsparagraaf 3.1 hierbo. Hieronder word argumenteer dat dit epistemologies geregverdig is om te glo dat daar reeds voor 4000VGE mense bestaan het. Adam se skepping gaan saam met die Genesisverklaring oor die ontstaan van die heelal, naamlik dat God die heelal in ses dae geskep het. Die Genesis skeppingsverklaring bevat te veel

[45] ’n Faktor wat ek persoonlik in ag neem om die gesaghebbendheid van ’n outeur van ’n publikasie te bepaal, is om na die uitgewer van die publikasie te kyk. Bekende uitgewers soos byvoorbeeld Oxford University Press sal nie boeke publiseer sonder bepaalde keuringsprosesse nie. Soos die ander metodes, is hierdie metode ook feilbaar.

anomalieë en daarom word die oerknal (as ’n verduideliking vir die ontstaan van die heelal) as die vertrekpunt vir hierdie bespreking gebruik.

Voordat die oerknal behandel word, is dit nodig dat twee grondvrae eers oorweeg word. Die eerste en moeilikste grondvraag is waarom daar iets bestaan, eerder as niks nie. Die tweede grondvraag is of die heelal geskep is, andersins of dit spontaan ontstaan het, andersins of dit reeds vir altyd bestaan. Die tweede grondvraag word hierna behandel. Die eerste grondvraag word eers in paragraaf 3.6.2 hieronder behandel.

In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.5) is twee beginsels aanvaar. Die eerste is dat daar dinge is wat nie verkeerd/onwaar bewys kan word nie en dat dit, deur geloof, die waarheid word vir die individu wat dit glo. Die tweede is dat daar dinge bestaan wat wel deur rede as waar of verkeerd/onwaar bewys kan word. Op hierdie punt word ’n derde beginsel toegevoeg. Dit is in paragraaf 3.3 hierbo aanvaar en is dat, indien daar twyfel oor ’n onderwerp van rede (soos ’n wetenskaplike verduideliking) bestaan, ’n epistemologiese uitspraak oor die waarheid al dan nie daarvan opgeskort moet word eerder as om dit as die waarheid te aanvaar. Hierdie beginsels word hierna toegepas.

3.4.1 OUDERDOM VAN DIE HEELAL

Die sterrekundiges Edwin Hubble en Georges Lemaître (laasgenoemde was ’n Belgiese Rooms-Katolieke priester) het in die twintigerjare van die vorige eeu, (onafhanklik van mekaar) bevind dat die heelal besig is om uitmekaar te beweeg. Penrose (2007:704) verduidelik dat Hubble in 1929 bereken het wat die spoed is waarteen die vêraf sterrestelsels besig is om van die aarde af weg te beweeg. Volgens Newton (1997:96-97) het hierdie later as die ‘Hubble Constant’ bekend geword. Herhaalde berekeninge het daarop gewys dat hierdie spoed konstant is. Deur hierdie beweging as’t ware in trurat te sit, het Hubble die ouderdom van die heelal bereken (Penrose 2011:59-60). Hierdie is ’n oorvereenvoudiging van die berekening van die ouderdom van die heelal, maar is voldoende vir die doeleindes van die verhandeling. In paragraaf 3.2.1 hierbo is verduidelik dat wetenskaplikes natuurverskynsels waarneem en indien

hulle vind dat ’n natuurverskynsel met onafwykende reëlmaat gemeet kan word, dit tot die formulering van ’n teorie lei. In hierdie geval is die natuurverskynsel die ‘Hubble Constant‘. Die teorie wat hieruit geformuleer is, is die oerknalteorie. Dit steun op die teorie dat die heelal uit ’n enkelvoudigheid (‘singularity’) ontstaan het. Dit word in paragraaf 3.4.2 hierna behandel. Sou die oerknalteorie in die toekoms falsifieer word, sal die dit nié beteken dat die heelal nie ongeveer 13,700 miljoen jaar gelede ontstaan het nie. Die oerknal is die teorie. Die ouderdom van die heelal is nie ’n teorie nie maar is ’n natuurverskynsel wat berekenbaar is. In paragraaf 3.4.2 hierna word die moontlikheid oorweeg dat die teorie dat ’n enkelvoudigheid voor die oerknal bestaan het, nie as ’n teorie kwalifiseer nie.

In paragraaf 3.2.3 hierbo is na die SKA (‘Square Kilometre Array’) radioteleskoop en die James Webb ruimte-teleskoop verwys. Die doel van hierdie teleskope is, onder andere, om die ouderdom van die heelal meer akkuraat te kan bepaal. Dit is onwaarskynlik dat projekte soos hierdie, multinasionaal en teen groot kostes, onderneem sal word indien daar nie rede is om te glo dat die heelal reeds sowat 13,700 miljoen jaar gelede ontstaan het nie. In Hoofstuk Vyf (paragrawe 5.3.6 en 5.3.7) erken die NGK in soveel woorde dat die heelal nie in die ses skeppingsdae soos dit in Genesis beskryf word, ontstaan het nie maar dit miljoene jaar gelede ontstaan het. Om hierdie redes is dit my tesis dat dit vir ’n IDA epistemologies geregverdig is om te glo dat die heelal ongeveer 13,700 miljoen jaar oud is. Hierna in die verhandeling word van die standpunt uitgegaan dat die heelal 13,700 miljoen jaar oud is.

Dit is nodig dat die kreasionisme se sogenaamde jong aarde argument hier genoem word. Omdat die NGK nog nooit hierdie argument geopper het nie, word dit nie in die verhandeling oorweeg nie behalwe om die opmerking te maak dat dit nie deur die wetenskaplik geletterde wêreld as ’n wetenskap erken word nie omdat dit nie falsifieerbaar is nie.

3.4.2 ONTSTAAN VAN DIE HEELAL

Die feit dat die waarneembare heelal bestaan, dien as ’n verstaanbare veronderstelling dat dit geskep is. Deur die millennia heen, tot vandag toe, word dit deur die meerderheid van die mensdom, ongeag hulle religieuse oortuiging, aanvaar. Die moontlikheid dat die heelal nie ’n skepper het nie, word nie ernstig deur die meeste religieë oorweeg nie – juis omdat hulle voorhou dat hulle godheid die almagtige skepper van die heelal is. Die aanspraak van die NGK dat die God van sy Belydenisskrifte die skepper van die heelal is, word in Hoofstuk Vier (paragraaf 4.3.1) behandel.

Indien die heelal nie geskep is nie, beteken dit dat die heelal nie ’n skepper het nie. Hieruit volg dit dat die God van die Bybel (die almagtige skepper van die hemel en die aarde) nie bestaan nie en dat die Christelike geloof daarom nie ’n bestaanreg het nie. Dit geld eweneens vir alle ander religieë wat ook daarop aanspraak maak dat hulle godhede die skeppers van die heelal is. Vir die doeleindes van die verhandeling is dit daarom noodsaaklik dat hierdie grondvraag aangespreek word.

Eerstens word dit oorweeg of die heelal reeds vir altyd bestaan. Russell (1957:7) huldig die mening dat daar geen rede is waarom dit nie veronderstel kan word dat die heelal reeds vir altyd bestaan nie. Vir die redes wat hieronder verduidelik word, stem ek nie met Russell saam nie.

Een van die teorieë binne die wetenskaplik geletterde wêreld oor die ontstaan van die heelal word deur Penrose (2007:719-720) verduidelik. Dit kom daarop neer dat die heelal reeds vir altyd bestaan. Volgens Penrose het die heelal, wat voor ons huidige heelal bestaan het, inmekaargetuimel (‘implode’) om sodoende die enkelvoudigheid (‘singularity’) te vorm waaruit ons huidige heelal weer ontstaan het, en dat soortgelyke prosesse, vóór die vorige heelal, *ad infinitum,* in die verlede terugstrek. Verder, dat dit *ad infinitum* weer in die toekoms oor en oor sal gebeur. Penrose verwys na hierdie as ‘Big Bang’ en ‘Big Crunch’ gebeurtenisse. Volgens Penrose se verduideliking benodig ’n ‘Big Bang’ ’n enkelvoudigheid om die proses aan die gang te sit. Dit beteken (myns

insiens) noodwendig dat daar ’n eerste ‘Big Bang’ (oerknal) moes gewees het om die daaropvolgende ‘Big Bang’ en ‘Big Crunch’ gebeurtenisse (wat daarna *ad infinitum* die toekoms in strek) aan die gang te gesit het. Hierdie gebeurtenisse kan daarom nie *ad infinitum* in die verlede terugstrek nie – daar moes ’n eerste oerknal gewees het. Die vraag wat hieruit volg is of die eerste oerknal spontaan ontstaan het, andersins of ’n skepper dit veroorsaak het.

Hawking and Mlodinow (2011:18-19) huldig die mening dat die heelal nie ’n bonatuurlike skepper benodig nie omdat die natuurwette daarvoor voorsiening maak dat die heelal dit self kon geskep het. Hulle lê egter nie konkrete empiriese bewyse voor dat die heelal dit inderdaad self geskep het nie.

Uit die verduidelikings van Hawking et al en Penrose kan afgelei word dat daar vóór die oerknal ’n ‘tyd’ was waarin ’n enkelvoudigheid bestaan het – toe die oerknal – daarna die tyd waarin die mensdom dit self tans bevind. Die bestaan van ’n enkelvoudigheid word deur Hawking et al (2010:231-232) verduidelik. Dit word verstaan teen die wet van swaartekrag/aantrekkingskrag (‘gravity’), naamlik die manier waardeur fisiese voorwerpe mekaar aantrek. ’n Enkelvoudigheid word definieer as ’n punt in ruimte-tyd waar ’n fisiese kwantiteit oneindig word. Dit beteken dat al die materie/energie waaruit die heelal ná die oerknal sou bestaan, voor die oerknal in hierdie enkelvoudigheid saamgetrek was en dat dit terselfdertyd die swaartekrag gevorm het wat dit self bymekaar gehou het. Wat betref die oorsprong van die materie/energie wat die enkelvoudigheid opmaak, spreek Strauss (2018:324) hom soos volg uit:

> “The big bang theory accepts the first two laws of thermodynamics, namely the law of energy-constancy (energy cannot be created or destroyed) and the law of non-decreasing entropy. This means that all the energy had to be present right at the beginning – the big-bang cannot create energy and cannot explain where energy came from.”

Nie Hawking et al of Penrose spreek Strauss se kritiese vraag aan nie. Indien dit, vir argument, toegegee word dat ’n enkelvoudigheid voor die oerknal bestaan het, laat dit (benewens Strauss se vraag) een ander vraag onbeantwoord.

Hierdie vraag word soos volg verduidelik. Die teorie is dat aangesien al die materie/energie wat voor die oerknal bestaan het nie vernietig kan word nie (eerste twee wette van termodinamika), het die wet van swaartekrag al die materie/energie waaruit die heelal ná die oerknal sal bestaan, in die enkelvoudigheid saamgetrek en bymekaar gehou. Hierdie aantrekkingskrag was so sterk dat daar nie eens tyd en ruimte buite die enkelvoudigheid kon bestaan het nie. Volgens Krauss (2013:xvi) bestaan die waarneembare heelal (wat uit die enkelvoudigheid ontstaan het) vandag uit ’n beraamde 400 biljoen (‘billion’) sterrestelsels. Hierbenewens bestaan die heelal na beraming uit 95% donker materie ‘(dark matter’) en donker energie (‘dark energy’). Die onbeantwoorde vraag is hoe die wet van swaartekrag (wat die enkelvoudigheid bymekaar gehou het) toegelaat het dat al die materie/energie uit die enkelvoudigheid kon ontsnap het om die huidige heelal te gevorm het. In hierdie verband word Hawking et al (2010:48) aangehaal, naamlik dat, “... there are no miracles, no exceptions to the laws of nature.” Die wet van swaartekrag is een van hierdie natuurwette. Iets moes onmiddellik voor die oerknal die wet van swaartekrag vir ’n moment opgeskort het sodat die massa/energie met die oerknal losgelaat kon word. Dit kom neer op die verbreking van die wet van swaartekrag, wat volgens Hawking et al nie moontlik is nie. Indien die wet van swaartekrag nie verbreek kan word nie, impliseer dit dat iets anders die massa/energie saamgetrek gehou het en dat hierdie iets anders 13,700 miljoen jaar gelede die massa/energie toegelaat het om uit die greep van swaartekrag te kon ontsnap het om sodoende die heelal te gevorm het. Indien hierdie ‘iets anders’ dit gedoen het, beteken dit dat die wet van swaartekrag nie voor die oerknal bestaan het nie – daar was nie nodigheid vir dit nie. Die wet van swaartekrag, saam met die eerste twee wette van termodinamika, vorm saam ’n eenheid om die bestaan van die enkelvoudigheid wetenskaplik te verduidelik. As dit nie nodig was dat die wet van swaartekrag voor die oerknal moes bestaan het nie, is daar insgelyks geen nodigheid waarom die eerste twee wette van termodinamika voor die oerknal moes bestaan het nie. Hierdie drie natuurwette kon daarom eers met die oomblik van die oerknal 13,700 miljoen jaar gelede tot stand gekom en nie voor die oerknal nie. In hierdie geval kan hierdie drie natuurwette nie verklaar wat voor die oerknal bestaan het nie. Omdat daar voor die oerknal nie natuurwette bestaan het nie, beteken dit,

streng gesproke, dat die teorie dat daar ’n enkelvoudigheid voor die oerknal bestaan het, nie as ’n teorie kwalifiseer nie. In paragraaf 3.2.2 hierbo is verduidelik dat wetenskaplike teorieë altyd falsifieerbaar is en dat falsifieerbaarheid dit van pseudo-wetenskappe onderskei. Indien my argument suiwer is dat daar nie voor die oerknal nie natuurwette bestaan het nie, is die teorie dat ’n enkelvoudigheid voor die oerknal bestaan het, nie falsifieerbaar nie. Dit is daarom metafisiese spekulasie dat ’n enkelvoudigheid voor die oerknal bestaan het.

Die fisikus, Krauss argumenteer dat die heelal nie ’n skepper nodig gehad het nie en dat dit spontaan, uit niks uit, kon ontstaan het. Vir my is die sleutel tot Krauss se siening, sy opmerking (2013:xxiii) naamlik:

> “Indeed, something from nothing may have been *required* for the universe to come into being. Moreover, all signs suggest that this is how our universe *could* have arisen.
>
> I stress the word *could* here, because we may never have enough empirical information to resolve this question unambiguously. But the fact that a universe from nothing is even plausible is certainly significant, at least to me.”

Krauss erken dat die heelal *ex nihilo* geskep kon gewees het maar dat daar nog nie genoeg empiriese bewyse bestaan dat die heelal dit self geskep het (‘to come into being’) nie en dat dit moontlik nooit verkry sal word nie.

In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.2.3) is Aquinas se opvatting behandel naamlik dat, “... that the world began to exist is an object of faith, but not of demonstration or science ...”. Hawking et al en Lowe spreek hulle soos hieronder oor die natuurwette uit.

Hawking et al (2010:184) kom tot die volgende gevolgtrekking oor die natuurwette:

> “We seem to be at a critical point in the history of science, in which we must alter our conception of goals and of what makes physical theory acceptable. It appears that the fundamental numbers, and even the form, of the apparent laws of nature are not demanded by logic or physical principle.”

Lowe (2005:670) kom tot die volgende gevolgtrekking oor die natuurwette:

> “It is now better appreciated that the natural sciences embody implicit ontological schemes which cannot be wholly justified on purely empirical grounds and which can

> on occasion engender theoretical perplexities, as in the quantum-mechanical disputes over wave-particle duality. Only metaphysical reflection can ultimately dispel such perplexities."

Vir die redes wat hierbo uiteengesit is, is dit my tesis dat dit vir 'n IDA epistemologies geregverdig is om te glo dat bostaande verduidelikings nie voldoende bewys dat die heelal reeds vir altyd bestaan of dat dit spontaan ontstaan het nie. Hieruit volg dit noodwendig dat dit vir 'n IDA epistemologies geregverdig is om te glo dat die heelal geskep is.

Die aanvaarding dat die heelal geskep is beteken *ipso facto* dat dit 'n skepper het. Die filosofiese eerste oorsaak argument ('first cause argument') kan hierteen ingebring word. My teenargument is dat die natuurwetenskappe by 'n punt gekom het, wat betref die oorsprong van die heelal, dat metafisiese spekulasie 'n aanvaarbare oplossing is. Wat die filosofiese eerste oorsaak argument betref, is my antwoord dieselfde as ten opsigte van die natuurwetenskappe, naamlik dat metafisiese spekulasie in hierdie geval toelaatbaar is. Dit beantwoord die eerste oorsaak argument. In hierdie geval bly die teologiese en filosofiese vraagstukke rondom die aard van hierdie skepper tersaaklik en daarom ook alles wat daarmee saamgaan en wat in hierdie verhandeling aangespreek word.

Nou dat dit vir die doeleindes van die verhandeling aanvaar is dat die heelal 'n skepper het, is die vraag wat hieruit volg wat 'n mens van hierdie skepper kan weet. Myns insiens kan mens slegs twee dinge van die skepper weet. Die eerste is voor die hand liggend. Dit is naamlik dat die skepper magtig genoeg was om die heelal te kon geskep het. Die tweede is dít wat die skepper aan die mens openbaar het, tewete die skepper se skepping, naamlik die materiële natuurlike wêreld. Hierdie materiële wêreld 'bestaan' reeds vir 13,700 miljoen jaar. Hierdie bestaan het eers 'n werklikheid geword toe die mens 'n bewuste brein (rasionele bewussyn) ontwikkel het. Hierdie materiële natuurlike wêreld word daarna vir elke mens, deur middel van haar/sy sintuie en bewuste brein (wat deel van die natuurlike wêreld is) 'n realiteit gemaak. Die mensdom kon tot nou toe nog nie afdoende verklaar hoe die brein bewus geword het om sodoende in staat te wees om vrae oor die wêreld waarin dit, dit self bevind, te

kan vra nie. Dit sluit in dat die bewuste brein vrae aangaande sy/haar eie bewuste brein kan vra wat insluit of dit na die dood van die liggaam sal bly voortbestaan. Verder of die skepper van die heelal haar[46], deur die Bybel, aan die mensdom openbaar het dat sy 4000VGE die eerste mens, Adam, as ’n goeie/morele wese geskep het andersins of Adam deur sy eie toedoen ’n sondige/immorele wese geword het sodat die res van die mensdom daarom outomaties inherent (geneties) sondig/immoreel gebore word. Die probleem met die menslike bewuste brein is dat dit nie ’n entiteit is wat met presisie funksioneer soos die ander natuurwette wat deur die skepper van die heelal geskep is nie – die teendeel is ongelukkig waar. Verder is dit ’n ope vraag of denke (die bewussyn) binne hierdie bewuste brein materieel of immaterieel is. Die problematiek rondom die mens se bewuste brein/bewussyn word in paragraaf 3.5 hierna behandel.

Hierna in die verhandeling word van die standpunt uitgegaan dat die heelal deur ’n onbekende skepper geskep is. Hieruit volg die vraag hoe en wanneer die skepper die mens geskep het.

3.4.3 ONTSTAAN VAN DIE MENS

In Hoofstuk Een (paragraaf 1.4) het ek verduidelik dat my aanvanklike gedagte was om te bewys dat evolusie ’n aanvaarbare verklaring vir die oorsprong van die mens is en dat ek besluit het om dit te laat vaar toe ek tot die besef gekom dat daar te veel struikelblokke in die pad hiervan lê. Ek het tot hierdie besef gekom toe ek die eerste vraag wat oor die mens as ’n biologiese organisme gevra moet word, probeer beantwoord het. Dit is naamlik wanneer en hoe die eerste biologiese organisme ontstaan het.

[46] Om in ’n geskrewe dokument sonder ’n voornaamwoord na die skepper te verwys, is ongerieflik. Om na die skepper as ‘dit’ te verwys voel nie reg nie. Aangesien reeds na God en die NGK in die manlike vorm verwys word, word verderaan in die verhandeling na die skepper in die vroulike vorm verwys.

Volgens Wikipedia (2018:1/32)[47] bestaan daar wetenskaplike verduidelikings dat die eerste lewendige organisme ongeveer 4,280 miljoen jaar gelede op aarde ontstaan het. Die vraag wat vir die doeleindes van die verhandeling belangriker is as wanneer die eerste eensellige organisme ontstaan het, is hoe die eerste lewendige eensellige organisme ontstaan het. Indien dit aanvaar word dat die vroeë wêreld uit anorganiese materiaal (die elemente wat op die periodieke tabel verskyn en wat uit atome bestaan) bestaan het, moes sekere van hierdie anorganiese materiaal omgeskakel het om organiese 'lewende' entiteite te vorm. Strauss (2010:6) verduidelik dat om van 'n 'lewende' entiteit te praat, verkeerd is juis omdat so 'n entiteit terselfdertyd 'lewend' asook 'nie-lewend' is. Die atome, molekules en makro-molekules waaruit 'n 'lewende' entiteit se 'lewende' organe bestaan, is 'nie-lewende' entiteite. Strauss (2018:325-327) bespreek die aanspraak van die bioloë van die *Evolution-of-Complexity* laboratorium van die Universiteit van die Witwatersrand dat hulle 'n antwoord het. Hierdie bioloë verduidelik nie hoe dit gebeur het nie maar hoe dit kon gebeur het, naamlik, "... how one of these crucial steps may have occurred (My onderstreping)." Wikipedia (2018:1/32) antwoord die vraag hoe dit moontlik is dat so iets in die eerste plek kon gebeur het soos volg: "The mechanism by which life began on Earth is unknown, though many hypotheses have been formulated and are often based on the Miller-Urey experiment." Strauss (2018:331) sluit soos volg hierby aan: "The foregoing considerations warn us to be modest in our expectations because we are still far away from explaining the origin of "life", in spite of all the efforts of gifted intellectuals wrestling with the problem before and since Darwin."

Die moontlikheid dat alle organiese lewe op aarde verwant is, word aan die hand van die bestaan van deoksiribonukleïensuur (DNS) verduidelik. Robinson (2010:251) wys daarop dat die ooreenkomste tussen die DNS van die mens en die DNS van ander lewende organismes daarop dui dat alle organiese lewe op aarde 'n gemeenskaplike enkel bron van oorsprong het en dat, "... all creatures great and small are related somehow." In hierdie verband meen Dawkins (2005:7) dat dit seker is dat daar net een gemeenskaplike voorouer vir alle

[47] Life. Wikipedia. https://en.wikipedia.org/wiki/Life

vorme van lewe op aarde is. Sy rede is omdat alle oorlewende lewensvorme op aarde wat al ondersoek is, "... share (exactly in most cases, almost exactly in the rest) the same genetic code; and the genetic code is too detailed, in arbitrary aspects of its complexity, to have been invented twice."

Vir die redes wat hierbo verduidelik is, is dit my tesis dat dit vir 'n IDA epistemologies geregverdig is om te glo dat die wetenskaplik geletterde wêreld nie kan verklaar hoe die eerste lewende organisme op aarde ontstaan het nie.

3.4.4 DAAR HET VÓÓR 4000VGE MENSE BESTAAN

Tuttle (2012:1-2) definieer menslike evolusie as:

> "The process by which human beings developed on Earth from now extinct primates. Viewed zoologically, we humans are homo sapiens, a culture bearing, upright walking species that lives on the ground and first evolved in Africa between 100,000 and 200,000 years ago. … there is abundant fossil evidence to indicate that we were preceded for millions of years by other hominines … The primary resource for detailing the path of human evolution will always be fossil specimens.

Tuttle (2012:1-2) verduidelik hoe die paleo-antropoloog te werk gaan uit fossielrekords te kan verstaan:

> "… researchers must consult a large and diverse array of fossil, and they must also employ refined excavation methods and records, geochemical dating techniques, and data from other specialized fields such as genetics ecology and paleoecology and ethology (animal behaviour) – in short, all the tools of the multidisciplinary science of paleoanthropology. "

Die wetenskaplike dissiplines wat Tuttle hierbo beskryf, het dit moontlik gemaak dat 'n oorsigtelike beeld gevorm kan word oor die oorsprong van die mens. Vir die doeleindes van die verhandeling is dit nie nodig dat miljoene jare teruggegaan word nie en word die bespreking met *homo sapiens* begin. Volgens McHenry (2009:267) het die eerste *homo sapiens* meer as 100,000 jaar gelede in Afrika verskyn en in sub-Sahara Afrika[48], ongeveer 90,000 jaar gelede. Teen sowat 50,000 jaar gelede het groepe van hierdie populasie uit

[48] Die vroeë mens het nie skrif geken nie, maar hulle het wel prentjies geteken in hulle skuilplekkie en op rotse in die omgewing waar hulle gewoon het. Volgens Rousseau (2006:302) is 'n 27,500 jaar ou rotskuns in 1969 in Namibië gevind, die oudste fonds in Afrika tot op daardie datum.

Afrika na Asië versprei. Daarna het die mens na Europa en oor die aarde versprei. Hierdie weerspieël die siening van die wetenskaplik geletterde wêreld dat *homo sapiens* in Afrika ontstaan het. Genesis verklaar die verspreiding van die mens oor die aarde deur die Bybelstorie[49] van die toring van Babel.

Rasmussen en Mellenby (2012:1-4) verduidelik dat die beoefening van landbou teen die einde van die laaste Ystydperk sowat 11,700 jaar gelede begin het. Omdat landbou ’n kulturele fenomeen is, het dit nie gelyktydig regoor die wêreld begin nie. Varke en skape is reeds teen ongeveer 11000VGE in Mesopotamië makgemaak. Teen ongeveer 9500VGE is met die verbouing van koring, gort, ertjies, lensies en vlas begin.

Roth (2013:244-247) ondersoek die verhouding tussen die evolusie van die senuweestelsel en die brein aan die een kant, en die evolusie van intelligent-kognitiewe funksies aan die ander kant. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die mens se evolusionêre ontwikkeling saamgegaan het met die vergroting van die brein. Dit word ondersteun deur McHenry (2009:268-269) wat daarop wys dat fossielrekords[50] daarop dui dat die brein van die voorgangers van *homo sapiens*, vanaf ongeveer 550,000 jaar gelede tot ongeveer 150,000 jaar gelede vergroot het vanaf 1,090cc na 1 300cc. Ongelukkig swyg fossielrekords oor hoe die brein dit self geneties georganiseer het. Roth meen dat diepgaande veranderinge moes plaasgevind het wat die ontwikkeling van spraak moontlik gemaak het. McHenry meen dat , “... a strong case can be made for a major genetic change that enabled *H. Sapiens* to speak and perform modern human behaviours beginning about 50 000 years ago ... .” Aangesien spraak ’n funksie van die brein is, meen McHenry dat die brein groot genetiese veranderings ondergaan het om die aanleer van spraak te fasiliteer.

[49] Ek noem dit ’n storie omdat die mensdom in daardie tyd nie oor die tegnologie beskik het om so ’n hoë toring te kon bou nie.

[50] Die wetenskaplike studie van fossielrekords is die argeologie. Argeoloë, deur van moderne dateringstegnieke gebruik te maak, kan die ouderdom van menslike beendere en artefakte redelik akkuraat bepaal. Dit dra daartoe by dat die evolusionêre ontwikkeling van die mens beter verstaan kan word (Daniel 2012).

Die grootste deurbraak om die funksionering van die mens se liggaam en die evolusionêre ontwikkeling van die mens beter te verstaan, was die 'Human Genome Project' (HGP) wat in 1992 begin is en wat die menslike genoom in 2001 karteer het. Dit kan vergelyk word met enige van die grootste mylpale in die geskiedenis van die mensdom. Quackenbush (2011:14) verduidelik dat die doel van die HGP was, "... to discover all the genes in the human genome and determine the order of the billions of DNA bases they comprise." Dit was 'n formidabele taak wat deur moderne tegnologie moontlik gemaak is. Die HGP het 'n platvorm geskep vanwaar die biologiese wetenskappe die genetiese basis van siektes soos byvoorbeeld hartsiektes, kanker, Alzheimer en depressie nou verstaan word. Die HGP gee ons vir die eerste keer 'n blik wat binne elkeen van 'n individuele mens se sowat 10 triljoen selle aangaan.

Wat die oorsprong van die mens betref, verduidelik Quackenbush (2011:145-149) dat die HGP dit moontlik gemaak het dat die Y chromosoom van alle mans op aarde teruggespeur kan word na 'n enkele man wat ongeveer 90,000 tot 60,000 jaar gelede in Afrika geleef het. Hierdie man staan bekend as die 'Y-chromosomal Adam'. Hierdie Adam was nie die eerste man wat geleef het nie, maar was een van baie. Dit is omdat die chromosoomlyn van die ander Y-chromosomale mans met die verloop van tyd uitgesterf het en dat daar daarom net een direkte Y-chromosomale manvoorsaat was. Die verduideliking van die eerste vrou word soos volg saamgevat:

> "By sequencing mitochondria from people around the world and performing data analysis similar to that done on the Y chromosome, scientists have traced back all living humans to a woman who lived in East Africa between 150,000 and 250,000 years ago. This ... is referred to as "Mitochondrial Eve".

Bostaande bespreking van die oorsprong, argeologiese en paleo-antropologiese geskiedenis van die mens vorm 'n geheelbeeld en die verskillende aspekte daarvan ondersteun mekaar. Hierom is dit my tesis dat dit vir 'n IDA epistemologies geregverdig is om te glo (in die lig van die verduidelikings van die wetenskaplik geletterde wêreld oor die ouderdom van die heelal, die oorsprong en historiese ontwikkeling van die mens) dat dit die waarheid is dat daar reeds vir ten minste 40,000 jaar mense (*homo sapiens*) op aarde geleef het wat deur gesproke taal kommunikeer het en dat hulle reeds

sedert ongeveer 9500VGE landbougewasse begin verbou het. Op sterkte hiervan is dit vir hierdie IDA geregverdig om die afleiding te maak dat Adam nie die eerste mens was wat 4000VGE eenmalig deur God geskep is nie.

In Hoofstuk Vyf (paragraaf 5.3) word die NGK se Kerkleer sedert 1927 oor die ontstaan van die mens behandel. In Hoofstuk Vyf (paragraaf 5.4.2) word die verduideliking wat in hierdie paragraaf gegee word vir die oorsprong van die mens (naamlik dat daar reeds 40,000 jaar gelede mense geleef het) teenoor die NGK se Belydenisskrif- en kerkleer oor die skepping van die mens, gestel en beoordeel.

3.5 DIE MENS AS ’N BIOLOGIESE ORGANISME

Die hoofstukke wat in (a) tot (d) hierna gelys is, word almal beïnvloed deur die mens as ’n biologiese organisme. Daarom is dit, myns insiens, nodig dat die mens as ’n biologiese organisme oorsigtelik bespreek word. Dit sal die Belydenisskrifte sowel as Aquinas en Calvyn se opvatting van die mens in perspektief stel.

(a) Hoofstuk Vier (paragraaf 4.3.2.1). Hierin word die probleem aangespreek hoe ’n immateriële God hom aan die materiële Bybelskrywers openbaar het en dat dit slegs deur die menslike brein kon gebeur het.

(b) Hoofstuk Vyf (paragraaf 5.2.2). Hierin word onderskeidelik Aquinas en Calvyn se opvattings oor die erfsonde (die mens se bedorwe natuur) en hoe dit (geneties) vanaf Adam na alle mense oorgedra is, behandel.

(c) Hoofstuk Ses (paragraaf 6.2.1). Hierin word die Belydenisskrifleer dat Christus sonder die DNS van ’n menslike man ’n werklike/ware mens kon gewees het, behandel.

(d) Hoofstuk Sewe (paragraaf 7.4). Hierin word die stelling motiveer dat die Belydenisskrifte ’n simplistiese en verouderde beskouing van menswees (‘the human condition’) is.

Die volgende beskrywing van die menslike organisme is oorsigtelik. Die inligting is algemeen bekend en word in skool- en tersiêre handboeke gevind.

Die individuele mens bestaan uit elf biologiese stelsels, naamlik die asemhaling-, bloedsomloop-, endokriene-, immuun, senuwee-, skelet-, spier-, vel-, vertering-, urinêre-, en voortplantingstelsel. Alhoewel die mens uit elf stelsels bestaan, is die mens ’n enkele biologiese organisme. Al elf stelsels werk saam om die voortbestaan van die organisme, en uiteindelik die voortbestaan van die spesie, te verseker. Die menslike liggaam bestaan hoofsaaklik uit die elemente kalsium, koolstof, stikstof, suurstof en fosfor. Hierdie elemente bestaan uit atome en sub-atomiese partikels. Die stelsels hierbo bestaan uit selle wat uit voormelde elemente opgemaak is. Daar is ongeveer 200 soorte selle, byvoorbeeld lewerselle, breinselle, ensovoorts in die mens se liggaam. Soos selle doodgaan, word hulle weer vervang. Die sel is die kleinste funksionele eenheid van die organisme en bestaan hoofsaaklik uit sitoplasma en ’n nukleus wat deur ’n selmembraan omring word. Die werking van die sel is ingewikkeld en word nie verder hier behandel nie, behalwe om te sê dat die verskillende soorte selle verskillende funksies vervul en dat hierdie selle lewe aan die organisme gee. Presies hoe ’n sel wat uit die atome van verskillende elemente bestaan, lewe aan die organisme gee, is tot nou toe onbeantwoord. Dit is reeds in paragraaf 3.4.3 hierbo behandel.

Die menslike organisme begin met die saamsmelt van slegs twee biologiese selle, naamlik ’n vroulike eiersel en ’n manlike spermsel. Wanneer die vroulike eiersel en manlike spermsel saamsmelt, vorm hierdie twee afsonderlike selle een nuwe sel, wat as ’n sigoot bekend staan. Hierdie sigoot verdeel, waarna die verdeelde selle weer verdeel, en so aan, totdat die volgroeide menslike liggaam uit ongeveer 10 triljoen[51] selle bestaan. Hierdie proses van selverdeling staan bekend as mitose. Die manlike spermsel en die vroulike eiersel is soos volg saamgestel. Elkeen van die selle bevat ’n nukleus. Die nukleus bevat 46 chromosome. Elkeen van die chromosome bevat gene. Gene is die bloudruk van die nuwe mens – dit bepaal liggaamsbou, karaktertrekke, intelligensie, ensovoorts. Die gene bestaan uit DNS. Die gene en DNS staan bekend as die mens se genoom. Wanneer die manlike spermsel en die vroulike eiersel saamsmelt om die eerste nuwe sel, die sigoot, te vorm, ontvang die

[51] Volgens die Britse stelsel word ’n triljoen soos volg geskryf: 1,000,000,000,000,000,000.

sigoot 23 van die spermsel se chromosome en 23 van die eiersel se chromosome. Op hierdie manier verkry die sigoot die DNS van albei ouers en word die gekombineerde DNS die DNS van die nuut ontstaande organisme. Voordat die sigoot verdeel, word die (nuwe) DNS gerepliseer om na die twee nuwe selle oorgedra te word. Die proses word herhaal met elke selverdeling daarna. Die DNS van elke nuwe sel bevat die bou-inligting van waar daardie sel in die groeiende liggaam inpas – met ander woorde watter selle lewerselle, breinselle, ensovoorts sal word en ander weer wat die kleur van jou oë, jou intelligensie, ensovoorts sal wees. Die 10 triljoen selle van die mens se liggaam kan vergelyk word met 10 triljoen stene van ’n gebou wat elkeen gemerk is om op ’n voorgeskrewe plek in die gebou in te pas. Sonder DNS is die proses van selverdeling nie moontlik nie en kan die sigoot nie tot ’n fetus, en die fetus nie tot ’n mens groei nie. Die proses van selverdeling word volgehou tot die dood omdat ou selle wat doodgaan (byvoorbeeld die vel), deur nuwe selle vervang moet word. So word elke mens op aarde met unieke velvingerafdrukke en DNS gebore.

Die brein vorm deel van die sentrale senuweestelsel. Die mens se brein is by geboorte nog nie ten volle ontwikkel nie. Die volgroeide brein bestaan uit ongeveer 1.4 kilogram sogenaamde grysstof wat saamgestel is uit ongeveer 100 miljard neurons wat aan 100 miljard sinapse gekoppel is. Die neurons is die vernaamste soort breinsel. Dit bestaan uit ’n selliggaam waaruit dendriete en sinaptiese terminale groei. Hiermee kommunikeer neurons met mekaar deur elektriese impulse. Deur proteïene te produseer bepaal die selliggaam die oorhoofse eienskappe, vorm en gedrag van die neuron. Dit word gedoen volgens die instruksies van die DNA wat hierbo beskryf is (Gibb 2012:30). Binne hierdie 1,4 kilogram grysstof met sy miljarde onderdeeltjies en elektriese impulse en chemiese reaksies, is iets wat in die algemene spreektaal as die mens se bewussyn (‘conscioussness’) bekend staan. Die vraagstuk van die menslike bewussyn (bewuste brein) is seker die mees komplekse vraagstuk in die heelal. Dit word hieronder in meer besonderhede behandel.

Alhoewel die nuwe mens met die saamsmelt van die vroulike eiersel en die manlike spermsel as’t ware gepredestineer is, is die groei van die fetus,

volgens hierdie bloudruk, nie gewaarborg nie. Seung (2012:111-112) noem dat statistiese studies daarop dui dat die kinders van moeders wat aan honger en virus infeksies blootgestel was, meer geneig is om later die breinafwyking, skisofrenie, te ontwikkel. Dit is ook waarskynlik dat outisme geneties sowel as deur voornatale fisiese invloede veroorsaak word. Dit is reeds lankal bekend dat die moeder se dieet, alkoholgebruik, rook en Duitse masels die normale groei van die fetus kan beïnvloed. Dit beteken dat, alhoewel die uiteindelik gebore mens geneties dieselfde mens is wat nege maande vantevore die 46 chromosome van die ouers ontvang het, hierdie mens se liggaam en brein nie noodwendig dieselfde is as wat dit sou gewees het, as dit nie vir die eksterne voornatale faktore was wat die natuurlike ontwikkeling daarvan nadelig beïnvloed het nie. Voormelde ingebore genetiese invloede word eers na geboorte en in die latere lewe gemanifesteer, soos byvoorbeeld skisofrenie.

Uit bostaande beskrywing van die menslike organisme is dit redelik seker dat die mens se fisiese brein in ’n mate geneties gepredestineer is. Dit beteken dat neurons van die menslike organisme reeds gepredestineer is wat betref die karaktertrekke wat hulle van die ouers oorgeërf het. Potensiële breinafwykings soos skisofrenie en depressie is reeds in die neurons gevestig. Sekere instinkte is ook in die neurons gevestig – byvoorbeeld die pasgebore baba wat instinktief aan die moeder se tepel suig. Die vermoeë om taal en spraak aan te leer is moontlik ook in die neurons gevestig.

Die vraag moet hier gevra word of die mens se sogenaamde ‘sondige natuur’ (die erfsonde) in die neurons gevestig kan wees. In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.2.3) is verduidelik dat Aquinas dit impliseer het (sonder dat hy van die bestaan van neurons bewus was). Vandat die mens gedurende die evolusionêre proses geleidelik taal en daarmee saam rede ontwikkel het, het die mens (vanaf sowat 50,000 jaar gelede) vrae oor ’n godheid begin vra en daaroor nagedink. Kan dit wees dat, aangesien hierdie vrae reeds vir sowat 50,000 jaar deur die mens gevra, bespreek en bedink is, dit veroorsaak het dat ’n ‘god-geen’ in die neurons ontwikkel het? In hierdie verband bespreek Strauss (2010:25-28) hierdie vraag maar kom nie tot ’n finale konklusie nie. Myns insiens kan dit op hierdie stadium aanvaar word dat, behalwe vir sekere

instinkte, die neurons by die geboorte van die menslike organisme *tabula rasa is*. Dit kan wees dat die aanleer van taal ook geneties in die neurons gevestig is. Dieselfde mag moontlik ten opsigte van ’n ‘god-geen’ geld. Indien daar wel ’n ‘god-geen’ sou bestaan, is die vraag of dit saam met die mens se ‘sondige natuur-geen’ kan medebestaan. Moontlik kan die twee gene medebestaan – en wel as die mens se gewete?

Nadat die biologiese organisme wat hierbo beskryf is, gebore is, beïnvloed eksterne faktore die bewuste brein. Die kind word in ’n ouerhuis binne ’n bepaalde kultuur (taal, skool, kerk) groot. Daarna betree die jong volwassene die wêreld daarbuite wat ’n enkel- of multikulturele gemeenskap kan wees. Hierdie menswording (aanpassing en oorlewing) binne ’n bepaalde gemeenskap, duur vir die res van ’n mens se lewe. Dit vorm, onder andere, die mens se wêreldbeeld (religieuse geloof, politieke siening, ensovoorts).

Die antwoord op die vraag wat die menslike organisme ’n rasionele wese maak, lê iewers tussen die verstand (‘mind’), die brein (‘brain’) en bewussyn (‘consciousness’). Na geboorte ontvang die neurons van die menslike organisme inligting deur die sintuie. Wat die neurons met hierdie inligting doen, en hoe dit gedoen word, is die vraag wat tot nou toe nie bevredigend beantwoord kon word nie. In die gewone spreektaal word na hierdie ‘wat en hoe’ as die menslike bewussyn verwys. Volgens Welshon (2011:4) is neuro-wetenskaplikes ongeneë om die term bewussyn te gebruik omdat dit so ’n ontwykende begrip is. Hulle verwys eerder na breinprosesse as bewus (‘conscious’). Hierdie breinprosesse word soos volg opgesom sonder om dit na Afrikaans te vertaal:

Arousal and tonic alertness	
Perception:	audition, vision, gustation, touch and olfaction.
Interoception:	thirst, hunger, pain, air hunger and others.
Proprioception:	sense of oneself as being in space and time.
Affection:	fear, disgust, love, depression, and others.
Cognition:	attention, working memory, phasic alertness, executive function, reasoning, control, metacognition and others.

Vir die doeleindes van hierdie bespreking word op die kognitiewe funksie van rede (‘reasoning’) gefokus. Die vraag is of daar, benewens die materiële

neurons (die brein), ’n afsonderlike verstand (‘mind’) bestaan wat vir die kognitiewe funksie van rede verantwoordelik is. Verder, of dit apart van die neurons bestaan en of dit materieel of immaterieel is. Hierdie vrae word oënskynlik deur die natuurwetenskappe beantwoord. Omdat die brein ’n materiële chemies gedrewe orgaan is, word breinafwykings soos depressie en skisofrenie met materiële farmakologiese middels behandel. Indien die argument aangevoer word dat die mens ’n immateriële dinkende verstand het, spreek dit vanself dat depressie en skisofrenie in hierdie immateriële dinkende verstand manifesteer sal word. Die vraag is dan hoe materiële farmakologiese middels op ’n immateriële dinkende verstand kan inwerk om depressie en skisofrenie te behandel. Volgens hierdie beskrywing funksioneer die brein suiwer as ’n materiële orgaan. Hierdie materialistiese model maak nie plek vir ’n aparte dinkende verstand nie. Wat meer is, die fisiese brein is geneties gepredestineer soos dit hierbo beskryf is. Die materialistiese model maak nie voorsiening vir die bestaan van ’n afsonderlike immateriële verstand of van ’n immateriële siel in die brein (of elders in die liggaam) nie. Ook nie vir die bestaan van immateriële bose geeste en duiwels in die brein (of elders in die liggaam) wat deur geestesbeswering daaruit verdrywe kan word nie. Dennett bespreek die hipotese dat die brein inderdaad die verstand is en dat dit nie twee afsonderlike entiteite is nie. Dennett (2017:15) beskryf die resultaat hiervan soos volg:

> “... the prospect of denying dualism threatened horrible consequences as well: If ‘we are just machines,’ what happens to free will and responsibility? How could our lives have meaning at all if we are just huge collections of proteins and other molecules churning away according to the laws of chemistry and physics? If moral precepts were nothing but extrusions generated by hordes of microbiological nano-machines between our ears, how could they make a difference worth honouring?”

Hierteenoor bestaan daar ’n dualistiese model (soos dié van Aquinas en Descartes) wat voorsiening maak vir ’n aparte verstand. In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.2.3) is verduidelik hoe Aquinas die probleem van die wisselwerking tussen die immateriële intellektuele siel en die materiële liggaam probeer verklaar het. In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.3.1) is verduidelik hoe Descartes die wisselwerking tussen ’n dinkende immateriële siel en die materiële liggaam verklaar het. Beide Aquinas en Descartes het die dinkende siel terselfdertyd as ’n religieuse onverganklike entiteit (die siel) gesien. Die

vraag of hierdie siel onsterflik is, word as ’n aparte kwessie in Hoofstuk Ses (paragraaf 6.2.2) behandel. Die vraag oor die moontlike afsonderlike bestaan van, en die moontlike wisselwerking tussen, die brein (‘brain’) en verstand (‘mind’) is vandag die aktiewe onderwerp van ondersoek deur filosowe en neuro- en ander wetenskaplikes. ’n Antwoord is nog nie in sig nie.

Dit is nie nodig dat materiële/immateriële brein/verstand vraagstuk verder in die verhandeling aangespreek word nie. Daar moet egter hiervan kennis geneem word omdat dit in Hoofstuk Vier (paragraaf 4.3.2.1) weer ter sprake kom. Hier word die probleem aangespreek hoe ’n immateriële God hom aan die materiële Bybelskrywers openbaar het en dat dit slegs deur die menslike brein kon gebeur het.

Die brein word oud en kan ook beskadig word. Dit laat die behoorlike funksionering daarvan afneem of vernietig dit, soos byvoorbeeld Alzheimer se siekte. Dit is ook vatbaar vir wanfunksionering en afwykings. Die mees algemene breinafwyking is seker depressie. Dan volg skisofrenie wat deur Howes & Murray (2010:820) beskryf word as die algemeenste ernstige breinafwyking. Sommige van die simptome is dat skisofrene:

> “… may experience their thoughts being spoken aloud, or voices that seem to come from an external source although they are internally generated. They may develop unusual or impossible ideas and beliefs (delusions), partly as a response to these experiences. These ideas can take very varied forms with persecutory, grandiose, religious, paranormal or personal themes, and often reflect the individual’s interests (My onderstreping).”

Nog `n breinafwyking is waanvoorstelling (‘delusion’) wat Davis (2011:244) beskryf as:

> “... a fixed, idiosyncratic belief, unusual in the culture to which a person belongs. Unlike normal beliefs, which are subject to amendment or correction, a delusion is held to, despite evidence or arguments brought against it. Delusions are usually taken to indicate mental illness, but something akin to them is occasionally to be observed at a meeting of scientists, for instance, when a person insists on the correctness of an idea that he overvalues, and denies any significance to evidence appearing to refute it.”

’n Verdere breinafwyking is psigopatie. Dit is moeiliker definieerbaar as bogenoemde brein afwykings. Slegs enkele aspekte van Whitlock (2010:767-769) se siening hieroor word opgesom. Volgens Whitlock word daar eerder na

’n psigopatiese persoonlikheid verwys. Dit is mense wat sukkel om by die reëls van die samelewing aan te pas, wie nie vaste verhoudings met andere kan vorm nie, wie nie uit ondervinding leer nie, en wie kriminele neigings toon. Dit word in die jurisprudensie van sekere lande as ’n psigopatiese gekrenkheid (‘psychopathic disorder’) beskou wat die individu minder toerekeningvatbaar maak. Dit wil voorkom asof dit met ouderdom (‘maturation’) kan verbeter.

Bogenoemde breinafwykings val buite die beheer van die individuele mens in wie dit gemanifesteer word. Dit kan egter (met ’n variërende mate van sukses) met farmakologiese middele behandel word. Die rede waarom dit behandelbaar is, is omdat die brein chemies gedrewe is. Die chemiese samestellings in die brein beïnvloed die gemoedstoestand in die brein. ’n Maklike daaglikse voorbeeld is dat te lae bloedsuiker ’n mens kortgebonde maak. Gibb (2012:191) noem dat voorlopige navorsing daarop dui dat die serotonien en dopamien vlakke in die brein verantwoordelik is vir romantiese liefde. Testosteroon en estrogeen is weer verantwoordelik vir seksuele liefde. Luiheid (‘sloth’), wat eens deur die RKK as een van die sewe dodelike sondes beskou en met ewige verderf strafbaar was, word vandag as depressie gediagnoseer. Die omstandighede rondom Paulus se bekering op die pad na Damaskus (Bybel. Handelinge 8-9) pas binne die definisie van ’n skisofreniese episode.

Dit is nodig dat die konsep van wilsvryheid van die mens, as ’n komplekse biologiese organisme, kortliks behandel word omdat dit ’n invloed op die konsep, sonde, het. Dit maak sin dat ’n mens nie vir ’n sonde (synde ’n oortreding van ’n gebod van God) gestraf kan word, indien jyself nie die mag het om jou oortreding te verhoed nie. ’n Toepaslike voorbeeld hiervan is hierbo aangehaal, naamlik luiheid (‘sloth’) wat deur die vroeë kerk as sonde beskou is. Die persoon wat hieraan ly het nie die wilsvryheid om daaruit te kan ontsnap nie. Dieselfde geld vir die psigopaat en die skisofreen. Tans is daar geen uitsluitsel, filosofies of natuurwetenskaplik, oor die mate van wilsvryheid waaroor die mens se bewuste brein beskik, of nie beskik nie. Penrose (2005:36-37) stel dit soos volg wat wilsvryheid betref: “Whether such a concept of ‘cause’ could lead us any closer to an understanding of the profound issue

(or the ‘illusion’?) of our free wills is a matter for the future.” Die probleem wat Penrose aanspreek is hoe deterministiese (materiële) kwantum sisteme wat binne die brein funksioneer, wilsvryheid kan toelaat. Hy dui aan dat hy nie in staat is om die vraagstuk van wilsvryheid te beantwoord nie. In hoofstuk 2 (paragraaf 2.3.3) het Kant die metafisiese probleme van, “*God, freedom* (of will) *and immortality”,* as probleme identifiseer wat hy wil aanspreek en oplos. Uit die bespreking hierbo van wilsvryheid, kan aanvaar word dat wilsvryheid vandag nie meer ’n suiwer ’n metafisiese probleem is nie en dat die natuurwetenskappe kan meehelp om hierdie probleem (moontlik) eendag op te los. Dit is nie nodig om wilsvryheid verder te behandel nie. Daar moet egter hiervan kennis geneem word omdat dit in Hoofstuk Sewe (paragraaf 7.4) weer ter sprake kom.

3.6 SAMEVATTING VAN DIE HOOFSTUK

3.6.1 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk het ek motiveer waarom die wetenskaplik geletterde wêreld as ’n kollektiewe doksastiese agent en as ’n epistemologiese sisteem vir die doeleindes van die verhandeling aanvaar word. Die ontstaan van die heelal en van die mens, soos dit binne hierdie epistemologiese sisteem verduidelik word, is behandel. Laastens is die mens as ’n bewuste biologiese organisme behandel.

3.6.2 GEVOLGTREKKINGS

Die belangrikste gevolgtrekking waartoe in hierdie hoofstuk gekom word, is dat die wetenskaplike geletterde wêreld nie ’n empiriese verklaring vir die ontstaan van die heelal het nie en dat daaruit afgelei kan word dat die heelal deur ’n skepper geskep is. Die bestaan van hierdie skepper berus nie op geloof nie, maar op rede. Dit is in paragraaf 3.4.2 motiveer. Verder is tot die gevolgtrekking gekom dat die wetenskaplike geletterde wêreld nie ’n empiriese verklaring vir die ontstaan van die eerste enkelselorganisme het waaruit organiese lewe op aarde ontwikkel het nie en dat daaruit afgelei kan word dat

die skepper die eerste enkelselorganisme lewendig gemaak het. Dit is in paragraaf 3.4.3 motiveer.

Die tweede gevolgtrekking is dat dit vir ’n IDA geregverdig is om te aanvaar dat dit waar is dat daar reeds vóór 4000VGE mense bestaan het. Verder, dat dit vir ’n IDA geregverdig is om te glo dat evolusie, as ’n verklaring vir die oorsprong van die mens, op ’n oorwig van waarskynlikheid waar is. Dit is in paragrawe 3.4.4 en 3.6.2 hierbo motiveer.

Die derde gevolgtrekking is dat die mens ’n komplekse bewuste biologiese organisme is.

In paragraaf 3.4 hierbo het ek onderneem om die eerste en moeilikste grondvraag, naamlik waarom daar iets eerder as niks nie bestaan, hier sal beantwoord. In paragraaf 3.4.2 hierbo is tot die beredeneerde gevolgtrekking gekom dat die heelal nie reeds vir altyd bestaan nie, dat dit nie spontaan ontstaan het nie en dat dit daarom geregverdig is om te aanvaar dat dit deur ’n skepper geskep is. In die konteks van die verhandeling moet die vraag, waarom daar iets bestaan eerder as niks nie, daarom eerder gevra word waarom die skepper besluit het om die heelal te skep. Hierdie vraag is, myns insiens, nie binne die mens se vermoë om te beantwoord nie. Die meeste religieë voer egter aan dat hulle weet wat hierdie doel is omrede die skepper van die heelal aan sekere van hulle heilige mense verklaar het wat hierdie doel is. So ook die NGK, soos hierna verduidelik word.

Volgens die NGK se Belydenisskrifte het God die skepper homself aan sekere van sy heilige mense (die skrywers van die Bybelboeke) openbaar. Die Sinode van Dordrecht se vertolking van hierdie openbaring (die Bybel) is vervat in die NGK se Belydenisskrifte. Dit word in Hoofstukke Vier, Vyf en Ses hierna behandel en kan kortliks soos volg saamgevat word. Volgens die Belydenis-skrifte het God vóór die skepping (13,700 miljoen jaar gelede)[52] twee dinge gedoen. Hy het sy Seun, Christus, verwek. Hy het ook besluit watter mense Hy

[52] In Paragraaf 3.4.1 is aanvaar dat die heelal reeds 13,700 miljoen jaar oud is.

sal laat gebore word tot en met die einde van die wêreld en Hy het sekere van hierdie mense uitverkies om gered te word. Op die sesde skeppingsdag (ongeveer 4000VGE)[53] het God die eerste mens, Adam, na sy beeld geskep. Adam het 'n gebod van God ongehoorsaam en het daardeur die strafbare erfsonde oor die mensdom gebring. Allerhande ander sonde spruit uit die erfsonde voort. Tot en met die einde van die wêreld bestuur God die wêreld direk ('hands on') na sy Wil, maar met die uitsondering van die sonde. Ongeveer 2,000 jaar gelede inkarneer God sy Seun, Christus, met die doel om sy (God se) boodskap[54] aan die mensdom te bring asook om vir die sonde van daardie mense wat Hy reeds voor die skepping uitverkies het, aan die kruis te sterf. Na sy kruisdood staan Christus uit die dood op en keer Hy na die hemel terug. Aan die einde van die wêreld wag die oordeelsdag. Dan sal al die mense wat sedert Adam geleef het en wat reeds dood is, lewendig gemaak word. Hulle sal dan saam met die mense wat op daardie tydstip nog leef, geoordeel word. Vir hierdie doel sal Christus vanuit die hemel na die aarde neerdaal en weer sy menslike gedaante aanneem. Diegene wat reeds voor die skepping uitverkies is, sal 'n ewige lewe in die hemel verkry terwyl diegene wat nie uitverkies is nie in alle ewigheid gepynig sal word in die vuur wat die duiwel vir hulle voorberei het.

In Hoofstuk Vier hierna word die NGK se Belydenisskrif gefundeerde epistemologiese sisteem behandel. Hierin word verduidelik hoe (binne hierdie epistemologiese sisteem) die inhoud van die voorgaande paragraaf deur geloof die waarheid gemaak word.

[53] In Hoofstuk Vyf (paragraaf 5.3.2) word verduidelik dat dit ongeveer 6,000 jaar gelede was, oftewel 4000VGE.

[54] Hierdie boodskap was (aldus die Belydenisskrifte), onder andere, dat God 'n Drie-enige God is, naamlik God die Vader, God die Seun (Christus) en die Heilige Gees. Volgens die genealogie van Christus wat in Hoofstuk Vyf (paragraaf 5.3.2) weergegee word, kan bereken word dat Moses ongeveer 1600VGE geleef het. God het homself aan Moses, Noag, Abraham in die Pentateug openbaar wie en wat Hy is. Tog het God om die een of ander onverklaarbare rede versuim om aan Moses en andere te openbaar dat Hy reeds vanaf voor die skepping 'n Drie-enige God is. God het eers in 325GE by die Sinode van Nicea sy status as die Christendom se Drie-enige God verkry.

HOOFSTUK VIER

DIE NGK SE EPISTEMOLOGIESE PARADIGMA: KERN-IDEES EN BEGINSELS

4.1 INLEIDING

In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.4) het ek my tesis motiveer dat **rede** dit vir ’n IDA epistemologies geregverdig maak om, gegrond op tersaaklike natuur- en ander wetenskaplike verduidelikings, te glo:

(a) Dat dit die waarheid is dat die heelal deur ’n onbekende skepper geskep is.

(b) Dat dit die waarheid is dat daar reeds sedert ten minste 40,000 jaar gelede mense geleef het (en dat Adam gevolglik nie 4000VGE eenmalig as die eerste mens geskep is nie).

Die doel van hierdie Hoofstuk Vier is om die NGK se epistemologie en die NGK as ’n epistemologiese sisteem, waarbinne **geloof** dit die waarheid maak dat God (soos hy deur die Belydenisskrifte definieer word) die skepper van die heelal is, dat Adam die eerste mens was wat 4000VGE eenmalig deur God geskep is en dat Adam vir die erfsonde verantwoordelik was, te beskryf en te analiseer.

In Hoofstuk Vyf (paragraaf 5.3) word die NGK se Kerkleer, sedert 1927, oor die skepping van Adam behandel.

4.2 DIE BELYDENISSKRIFLEER OOR DIE ERFSONDE

Die Belydenisskrifte en die katkisasieboek wat hieronder aangehaal word, is duidelik en is nie vir ’n ander vertolking vatbaar nie – hiervolgens was Adam ’n mens wat bestaan het en was hy vir die erfsonde verantwoordelik.

Artikel 15 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) som die Belydenisskrifleer oor die erfsonde soos volg op (Heyns, Dressel & Botha 2009:356):

> "Ons glo dat die erfsonde deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het. Dit is die verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is. ..."

Vraag en Antwoord 7 van die Heidelbergse Kategismus (HKS) (Heyns et al 2009:374) leer soos volg:

> "Vr. Waar kom hierdie verdorwe natuur van die mens vandaan?
> Antw. Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys (a). Daar het ons natuur so bedorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word (b). (a) Gen. 3; Rom. 5:12, 18, 19. (b) Ps. 51:7; Gen. 5:3."

Artikel 1 van die Dordtse Leerreëls (DLR) (Heyns et al 2009:402) leer soos volg:

> "Alle mense het in Adam gesondig en hulle skuldig gemaak aan die vloek en ewige dood."

Die 1927 katkisasieboek (Gerdener 1927:6-7) verduidelik dat Adam en Eva werklik mense was wat in die tuin van Eden, wat op die hooglande van die teenswoordige Armenië geleë was, gewoon het.

4.3 DIE NGK SE BELYDENISSKRIF GEFUNDEERDE EPISTEMOLOGIE

Die NGK se epistemologie berus op vier Belydenisskrifleerstellings (premisse), naamlik:

(a) Dat God (soos Hy deur die Belydenisskrifte gedefinieer is) bestaan.
(b) Dat die Bybel die geopenbaarde Woord van God is.
(c) Dat (a) en (b) die waarheid gemaak word deur geloof.
(d) Dat die Heilige Gees vir die gelowige laat glo dat (c) die waarheid is.

Leerstellings (a) tot (d) maak alles wat in die Bybel geskryf is die waarheid. Dit sluit Adam in as 'n mens wat eenmalig deur God geskep is. Leerstellings (a) tot (d) word in paragrawe 4.3.1 tot 4.3.3 hieronder verduidelik en analiseer.

4.3.1 LEERSTELLING OOR DIE BESTAAN VAN GOD

In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.4.2) is motiveer dat dit epistemologies geregverdig is om te glo dat die heelal deur ’n skepper geskep is. Verder is argumenteer dat niks meer van hierdie skepper geweet kan word as dat sy magtig genoeg was om die heelal te geskep het nie. In hierdie paragraaf 4.3.1 word ondersoek of die Belydenisskrifte daarin slaag om te bewys dat God bestaan en dat Hy die skepper van die heelal is. Omdat die Belydenisskrifte die onderwerp van hierdie hoofstuk is, is alle verwysings na God in hierdie hoofstuk ’n verwysing na God soos Hy deur die Belydenisskrifte definieer word – oftewel die Belydenisskrifgod.

In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.3.3) is Kant se argumente teen die tradisionele bewyse vir die bestaan van God behandel. Dit is ook verduidelik dat die meeste Christelike kerke Kant se argumente ignoreer en steeds voorhou dat hulle onderskeie bewyse vir die bestaan van God afdoende is. So ook die NGK wat vandag steeds die 1619 Belydenisskrifte se bewyse vir die bestaan van God as afdoende beskou.

Artikels 1 en 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) is die NGK se bewys dat God bestaan en dat Hy die skepper van die heelal is. In hierdie paragraaf word argumenteer dat artikels 1 en 2 van die NGB nie daarin slaag om dit te bewys nie.

Artikel 1 van die NGB (Heyns et al 2009:349) leer soos volg:

1(a) “Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar ’n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem.”

1(b) “Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.”

Ten einde die bespreking van artikel 1 hieronder te vergemaklik, is artikel 1 hierbo in twee sub-paragrawe opgedeel wat as artikels 1(a) en 1(b) genommer is.

Artikel 2 van die NGB (Heyns et al 2009:349) leer dat ons God deur twee middele ken:

2(a) "Ten eerste deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Dit is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien, soos die apostel Paulus sê (Rom. 1:20). Al die dinge is genoegsaam om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontneem."

2(b) "Ten tweede maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend, en wel soveel as wat vir ons in hierdie lewe tot sy eer nodig is en tot die saligheid van hulle wat aan hom behoort."

Ten einde die bespreking van artikel 2 hieronder te vergemaklik, is artikel 2 hierbo in twee sub-paragrawe opgedeel wat as artikels 2(a) en 2(b) genommer is.

4.3.1.1 Bewys 1: God verklaar in die Bybel dat Hy bestaan

Artikel 1(a) van die NGB bied nie enige van die tradisionele bewyse vir die bestaan van God aan nie. Dit spreek suiwer die geloof uit dat 'n godheid bestaan, dat hierdie godheid 'n geestelike wese is en dat diegene wat voorgaande glo, hierdie geestelike wese God noem.

Artikel 1(a), in isolasie beskou, is semanties betekenisloos. Dit het dieselfde semantiese waarde as die sin: Ons glo dat immateriële entiteite bestaan wat ons tokkelossies noem. Die geloof dat immateriële entiteite bestaan wat tokkelossies genoem word, kan nie as 'n bewys dien dat tokkelossies bestaan nie. Geloof kan ook nie tokkelossies se bestaan 'n objektiewe waarheid maak nie. Dit word toegegee dat die geloof dat tokkelossies bestaan, as 'n private waarheid vir 'n individu wat dit glo, 'n realiteit kan wees.

Volgens artikel 2(b) ken ons God ((van artikel 1(a)) deur twee middele, waarvan die tweede is:

> "Ten tweede maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend, ..."

Artikel 1(a) gelees met artikel 2(b) beteken dat die geestelike wese ((van artikel 1(a)) in die Bybel verklaar (Hy maak hom bekend) dat Hy God is. Hierdie aanspraak is vals, en wel om die volgende redes.

Artikel 1(a) gelees met artikel 2(b) is ’n variasie op die ontologiese argument wat in Hoofstuk Twee (paragraaf 2.3.3) behandel is. Artikel 2(b) poog om van God ((in artikel 1(a)) ’n entiteit te maak wat bestaan deur vir Hom ’n aktiewe daad te laat uitvoer, naamlik dat Hy hom bekend maak. Vir dieselfde rede as wat Kant die ontologiese argument verwerp het, word die poging van artikel 1(a) gelees met artikel 2(b) om die bestaan van God te probeer bewys, verwerp. Kortom, God moet eers bestaan voordat hy ’n aktiewe daad (homself bekend maak) kan uitvoer. Die NGB moet eers bewys dat God bestaan voordat God ’n daad kan uitvoer. Artikel 2(b) doen die teenoorgestelde. Dit laat God ’n aktiewe daad uitvoer en gebruik dan hierdie daad as ’n bewys dat God bestaan. Hierdie is ’n sirkelargument (drogredenasie) en daarom word artikel 1(a) gelees met artikel 2(b) verwerp.

Volgens artikel 2(b) maak God in die Bybel bekend dat Hy bestaan. Indien X in ’n vreemde dorp sou aankom en verklaar (bekend maak) dat X die burgemeester van daardie dorp is, en die inwoners verneem van X op grond waarvan X verklaar dat X die burgemeester is, kan X nie antwoord dat X dit verklaar op sterkte daarvan dat X ’n boek geskryf het waarin X bekend maak dat X die burgemeester is nie. Dit is die argument wat artikel 2(b) voer. Ook dit is ’n sirkelargument en word daarom verwerp.

Artikels 1(a) en 2(b) verwys na ’n kollektiewe ‘ons’ wat glo. Indien dit in die enkelvoud was, naamlik dat ‘ek’ glo, sou dit aanvaarbaar gewees het in die sin dat dit ’n private geloof sal wees vir elke individu wat dit glo. Indien dit toegegee word dat die kollektiewe geloof van die NGK se gelowiges (‘ons’) inderdaad die bestaan van God die waarheid maak, moet dit toegegee word dat die kollektiewe geloof van die gelowiges van ander religieë, eweneens die bestaan van hulle spesifieke godhede die

waarheid maak. Dit volg dat dit die waarheid is dat God bestaan asook dat dit die waarheid is dat alle ander religieë se gode bestaan. Die NGK sal moet bewys dat hierdie ander godhede nie bestaan nie. Die NGK sal dit nie kan doen nie omdat dieselfde argumente wat die NGK moontlik kan aanvoer dat die ander godhede nie bestaan nie, eweneens deur die ander religieë gebruik kan word om te argumenteer dat God nie bestaan nie[55]. Hoogstens een van hierdie religieë kan reg wees. Alternatiewelik kan almal verkeerd wees.

Artikels 1(a) en 2(b) van die NGB slaag nie daarin om die bestaan van die Belydenisskrifgod te bewys nie. Die bestaan van God kan slegs op geloof berus. Ayer (1952:118) se opmerking is in hierdie geval toepaslik. Hy sê dat die bestaan van God op vertroue (geloof) berus juis omdat die bestaan van God nie bewys kan word nie. Dit kom ooreen met Kant se opvatting.

4.3.1.2 Bewys 2: Bestaan van die heelal dien as bewys dat God die skepper is

Volgens artikel 2(a) van die NGB is die God wat deur artikel 1 van die NGB gedefinieer word, die skepper van die waarneembare heelal. Die NGB gaan van twee premisse uit. Die eerste premis is dat die heelal geskep is. Die tweede premis is dat God die skepper van die heelal is. Hierdeur skep die NGB ’n kousale verbintenis tussen die waarneembare geskepte heelal en God, sonder om hierdie verbintenis te substansieer.

In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.4.2) is drie moontlikhede oorweeg wat betref die ontstaan van die heelal. Dit is naamlik dat dit reeds vir altyd bestaan, dat dit spontaan ontstaan het of dat dit geskep is. Die eerste twee moontlikhede is verwerp en daar is tot ’n beredeneerde

[55] Hierdie is ’n soortgelyke argument as wat Hume (1971:493) gebruik. Hume gebruik die voorbeeld van wonderwerke van een religie wat die wonderwerke van ’n ander religie ontken. Hiervandaan argumenteer hy teen die moontlikheid van die bestaan van wonderwerke. Carrier (2011:4) gebruik ook ’n variasie op die argument wat hier gebruik word.

gevolgtrekking gekom dat die heelal geskep is. Dit stem ooreen met die eerste premis hierbo.

Die tweede premis is vals aangesien daar nie slegs een moontlike skepper is nie. Feitlik alle religieë sedert die daglumier van die mensdom glo dat hulle godhede die skepper van die heelal is. In hierdie geval kon die Belydenisskrifgod dit geskep het, enige van die ander religieë se godhede kon dit geskep het of ’n ander nie-religieuse skepper kon dit geskep het. Dit beteken dat daar meer as een aanspraak bestaan wat betref die identiteit van die skepper van die heelal. Indien dit aanvaar word dat die heelal wel ’n skepper het, is die vraag watter een (indien enige) van hierdie godhede inderwaarheid die skepper van die heelal is. Artikel 2(b) van die NGB beantwoord hierdie vraag deur te sê dat God in die Bybel verklaar dat Hy die skepper van die heelal is. In paragraaf 4.3.1.1 hierbo is die NGB se aanspraak dat God iets oor homself in die Bybel kan openbaar, sonder dat die bestaan van God eers bewys is, as ’n sirkelargument verwerp.

Artikel 1 gelees saam met artikel 2(a) slaag nie daarin om ’n verband tussen die heelal en God te bewerkstellig nie. Die heelal kon deur enige van ’n menigte godhede geskep gewees het. Dat die Belydenisskrifgod die heelal geskep het, kan daarom alleenlik op geloof berus.

4.3.2 LEERSTELLING OOR GODDELIKE OPENBARING

Nadat artikels 1 en 2 van die NGB die bestaan van God beredeneer het, gaan artikel 3 van die NGB (Heyns et al 2009:349) voort en leer soos volg dat God homself aan die mensdom openbaar het:

> “Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van ’n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek, soos die heilige Petrus sê (2 Pet. 1.21). Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy dienaars, die profete en apostels, beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel en hy het self met sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe. Daarom noem ons sulke geskrifte die heilige en goddelike skrif.”

Die bedoeling van artikel 3 is duidelik en is nie vir ’n ander vertolking vatbaar nie – dit is God se eie woorde wat in die Bybel verskyn. Die geestelike (immateriële) God het Homself, deur die (immateriële) Heilige Gees, aan sy (materiële) heilige mense, die Bybelskrywers, openbaar en hulle het sy woorde korrek in die Bybel neergeskryf. Die verwysing in artikel 3 na die twee tafels van die Wet, is ’n verwysing na Eksodus 31:18 waar God die twee tafels van die Wet aan Moses oorhandig het. Hiervolgens was Moses ’n historiese mens wat bestaan het. In paragraaf 4.3.2.1 hieronder word getuienis voorgelê dat Moses waarskynlik nooit bestaan het nie.

Vir my is die grootste enkele probleem vir die NGK se Belydenisskrifte (en vir alle denominasies en religieë) nie oor die bestaan van God en of dit bewys kan word al dan nie. Hierdie enkele probleem is die leerstelling oor Goddelike openbaring. Selfs al word aanvaar dat die immateriële Christen God die skepper van die heelal is, bestaan daar geen rasionele bewyse of argumente dat hierdie immateriële God homself, deur materiële mense, in die Bybel openbaar het nie. Die tweede probleem wat hiermee saamgaan is (al word aanvaar dat God homself in die Bybel openbaar het) wat die betekenis is van die woorde en sinne wat God in die Bybel openbaar het. Hierna word eerstens ondersoek hoe God hom aan Moses en Paulus openbaar het wat betref die bestaan van Adam en die ontstaan van die erfsonde. Daarna word die probleem van die vertolking van die Bybel behandel.

4.3.2.1 God se openbaring aan Moses en Paulus

Die fokus van hierdie verhandeling is of Adam inderwaarheid bestaan het en of hy vir die erfsonde verantwoordelik was. Vir die doeleindes van die bespreking van die leerstelling van Goddelike openbaring, word die twee Bybelskrywers wat met Adam en die erfsonde betrokke was, naamlik Moses en Paulus, behandel. Volgens die NGK se Belydenisskrifte was Moses die outeur van Genesis, een van die vyf boeke van die Pentateug. In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.2.1) is verduidelik hoe Paulus, deur Genesis 1.3, Romeine 5.12 en 1 Korintiërs 15:22 te gebruik, vir Adam met Christus in verband bring. Volgens

Paulus sal alle mense deur hulle verbondenheid met Adam sterf en sal almal weer deur Christus lewend gemaak word. In die tyd van Paulus het die Nuwe Testament van die Christen Bybel nog nie bestaan nie. Toe Paulus in Romeine en 1 Korintiërs na Adam as die oorsaak van die sonde en die dood verwys het, het hy dit binne die konteks van die Torah gedoen.

Op hierdie punt is dit nodig om af te dwaal en om kortliks te ondersoek hoe, in die praktyk, die Pentateug tot stand gekom het. Ten tye van die Sinode van Dordrecht in 1619 is aanvaar dat Moses die outeur van die Pentateug was. Vandag is dit nie meer so nie en is baie geleerdes dit eens dat die Pentateug nie deur God aan Moses, openbaar is nie. Die NGK teoloë, Nel en van Rensburg (2009:2-3), skryf dat, "... die Pentateug 'n ingewikkelde ontstaansproses deurloop het. Op verskeie plekke ... en op verskillende tye het groepe persone soos priesters, profete of koninklike beamptes ou oorlewings versamel." Die filosoof en NGK teoloog, Esterhuyse (2010:37-58), stel dit dat daar nie bewyse bestaan dat die Pentateug ware gebeure beskryf nie maar dat dit metafories van aard is. Die (Joodse) argeoloë, Finkelstein & Silberman (2002:70-71) maak die volgende stelling met betrekking tot Moses en die uittog uit Egipte:

> "The saga of Israel's Exodus from Egypt is neither historical truth nor literary fiction. It is a powerful expression of memory and hope born in a world of change. The confrontation between Moses and pharaoh mirrored the momentous confrontation between the young King Joshua and the newly crowned Pharaoh Necho".

Moses en Adam het hulle oorsprong in mondelinge oorlewerings deur die eeue heen binne die Joodse nomadiese gemeenskap gehad. Mettertyd is hierdie oorlewerings, soos die skeppingsmites van ander vroeë kulture, met die verloop van tyd (soos skrif ontwikkel het) opgeskryf en het dit binne daardie kultuur die waarheid geword. Volgens Holmes (2008:408) het die Judaïsme die Pentateug teen ongeveer 400VGE gesluit of gekanoniseer. So het die Pentateug amptelik die waarheid binne die Judaïsme geword. Die Judaïsme se Bybel het die

Ou Testament van die Christelike Bybel geword. Hierdeur het die bestaan van Adam en van Moses vir die Christendom die waarheid geword.

Eerstens word ondersoek hoe God homself aan Moses openbaar het. Vir die doeleindes van hierdie bespreking word aanvaar dat Moses bestaan het. Volgens artikel 3 van die NGB het God dit deur die Heilige Gees gedoen. Ek verskil hiervan omrede God direk met Moses kommunikeer het. In Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium is God persoonlik in gesprek met Moses. Hierin kommunikeer God direk met Moses, en wel deur middel van Moses se sintuig van gehoor[56].

Tweedens word ondersoek hoe God homself aan Paulus openbaar het. Volgens artikel 3 van die NGB het die Heilige Gees die woorde, soos vervat in Romeine 5.12 en in 1 Korintiërs 15:22, aan Paulus (een van God se heilige mense) dikteer en het Paulus dit daarna korrek op skrif gestel. Die vraag wat artikel 3 onbeantwoord laat, is hoe ’n immateriële Heilige Gees met ’n materiële Paulus kommunikeer het indien dit nie deur Paulus se sintuie gedoen is nie. Die filosowe, wat in Hoofstuk Twee (paragraaf 2.3) behandel is, leer dat die mens slegs deur die sintuie met die eksterne wêreld in kontak is. Dit word vandag ook so deur die neuro-wetenskappe aanvaar. In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.5) is die werking van die mens se brein behandel. Die menslike brein bestaan uit ’n materiële massa grysstof wat uit neurons en sinapse opgemaak is. Dit word deur elektro-chemiese prosesse gedrywe. Die menslike brein is ’n bewuste brein. Die sintuie voer inligting na die brein. Die enigste manier hoe die immateriële Heilige Gees met ’n materiële Paulus kon kommunikeer het (anders as deur Paulus se sintuie), was om direk met die materiële neurons in Paulus se bewuste brein te kommunikeer het. Daar bestaan geen wetenskaplike of ander rasionele verduidelikings of bewyse dat kommunikasie tussen ’n materiële mens se materiële neurons en ’n immateriële wese moontlik is nie. In Hoofstuk Drie

[56] God (en nie die Heilige Gees nie) praat ook direk met die Noag, Abraham en ander rolspelers in Genesis.

(paragraaf 3.5) is die moontlikheid oorweeg of die mens se verstand (denke) materieel of immaterieel is. Indien dit immaterieel is, kan die immateriële Heilige Gees moontlik op hierdie vlak met ’n immateriële verstand kommunikeer. Indien dit aanvaar word dat so ’n kommunikasie moontlik is, sal dit steeds ’n ope vraag bly waarom die skepper van die heelal meer as een persoon sal gebruik waardeur sy haarself aan die mensdom sou openbaar aangesien dit noodwendig tot teenstrydige weergawes van wat openbaar is, sal lei. Die verskillende vertolkings van die Bybel deur verskillende denominasies ondersteun die geldigheid van hierdie vraag. In die geval van die Bybel het God hom aan ’n moontlike 35 skrywers openbaar. In die geval van Islam het Allah hom slegs aan Mohammed openbaar – iets wat meer sin maak.

Die enigste ander moontlikheid hoe ’n immateriële wese met ’n materiële mens kan kommunikeer, is deur ’n wonderwerk. In hierdie geval het God ’n wonderwerk laat gebeur waardeur die neurons in Paulus se brein verstaan het dat die Heilige Gees vir hulle (die neurons) beveel het om Romeine 5.12 en in 1 Korintiërs 15:22 op skrif te stel. Skisofrene ‘hoor’ dat God met hulle praat. Moontlik was Paulus ’n skisofreen en het God op hierdie wyse met hom kommunikeer. In hierdie geval sou Paulus se brein voor geboorte deur God gevorm moes gewees het sodat dit vir skisofrenie vatbaar was. Die punt wat ek met hierdie twee absurde voorbeelde maak, is om te illustreer dat dit maklik is om in breë en vae teologiese taal, tewete artikel 3 van die NGB, die stelling te maak dat God homself aan die Bybelskrywers openbaar het. Dit is ’n ander saak om te verduidelik hoe God dit gedoen het.

In hierdie paragraaf is afdoende illustreer dat artikel 3 van die NGB onwaar geword het. Sonder om dit te erken, stem die NGK hiermee saam. Met my navorsing oor die NGK se toepassing van sy Goddelike openbaringsleer, het ek gevind dat dit sedert 1983 in die praktyk ingrypend verander het – soveel so dat dit op ’n indirekte repudiëring van artikel 3 van die NGB neerkom. Die beperkte omvang van die verhandeling laat my nie toe om my voorgaande stelling volledig in die

verhandeling te motiveer nie. Een voorbeeld hoe artikel 3 van die NGB repudieer word, word in voetnota 74 op bladsy 157 behandel.

In Hoofstuk 7 (paragraaf 7.5) word ses Bybelboeke identifiseer wat na Adam verwys as ’n mens wat bestaan het. Indien dit aanvaar word dat Adam nooit bestaan het nie, volg dit dat God nie in hierdie Bybelboeke sou openbaar het dat Adam bestaan het nie. Dit bevestig dat artikel 3 van die NGB onwaar geword het.

Aangesien die NGK nog nie amptelik sy Goddelike openbaringsleer gewysig het nie, bly artikel 3 van die NGB steeds die NGK se amptelike leerstelling oor Goddelike openbaring. In paragraaf 4.4.3.2 hieronder word verduidelik dat dit onwaarskynlik is dat die NGK artikel 3 sal wysig.

4.3.2.2 Vertolking van die Bybel

Een van die dilemmas waarin die Christendom dit self bevind, gaan oor die vertolking van die Bybel, synde die Woord van God.

In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.2.2) is beskryf hoe Augustinus te werk gegaan het om die kerk die tussenganger tussen God en die mens te maak. Aquinas se opvatting oor goddelike openbaring is in Hoofstuk Twee (paragraaf 2.2.3) behandel. Dit is naamlik dat wanneer God dinge in die Bybel openbaar, dit deur geloof aanvaar moet word. Verder, dat slegs die teologie, synde ’n heilige wetenskap, uitsprake oor God se openbaring mag maak. Op hierdie wyse sluit Aquinas rede (die filosofie) uit en geld slegs geloof (die teologie). Aquinas aanvaar dat die Bybel die Woord van God is op grond daarvan dat hy dit glo. Hy gebruik dit as vertrekpunt vir sy teologie. Die basis van Aquinas se teologie verder was dat Adam werklik eenmalig deur God as die eerste mens geskep is en dat Adam vir die strafbare erfsonde verantwoordelik was.

Calvyn gaan anders as Aquinas te werk wat betref sy vertolking van die Bybel. Soos die Belydenisskrifte, hou Calvyn voor dat die Heilige Gees

vir die uitverkore gelowiges laat glo dat die Bybel die geopenbaarde Woord van God is. Hy hou ook voor dat die kennis dat die Bybel God se geopenbaarde Woord is, deur geloof verkry word.

Calvyn (2011:33) laat hom soos volg oor die waarheid van die Bybel uit:

> "... our conviction of the truth of Scripture must be derived from a higher source than human conjectures, judgements, or reasons: namely, the secret testimony of the Spirit."

Calvyn gaan verder:

> "... Enlightened by [the Holy Spirit] ... , we no longer believe, either on our judgement or that of others, that the Scriptures are from God; but, in way superior to human judgement, feel perfectly assured – as much so as if we beheld the divine image visibly impressed on it – that it came to us, by the instrumentality of men, from the very mouth of God. [My invoeging]."

Calvyn (2011:34) maak hierna van 'n besonderse tegniek gebruik om te verseker dat sy spesifieke uitleg van die Bybel gesaghebbend is. Hy maak die stelling dat:

> "If at any time, then, we are troubled at the number of those who believe, let us, on the other hand, call to mind, that none can comprehend the mysteries of God save those to whom it was given."

Hiermee suggereer Calvyn dat hy een van 'n klein getal mense is aan wie die Heilige Gees die vermoë gegee het om waarlik te kan glo dat die Bybel die Woord van God is, asook om die Bybel te kan verstaan (vertolk). Dit kom neer op 'n tipe epistemologiese regressie wat by Calvyn, as die fondasie van Godgegewe kennis, stop. In Hoofstuk Vyf (paragraaf 5.3.2) hierna word Calvyn se siening van die skeppingsdatum behandel. Calvyn (2011:91) het in 1559 (die publikasiedatum van die finale uitgawe van die *Institutes of Christian Religion*) 'n letterlike uitleg aan die Genesis skeppingsverhaal gegee, naamlik dat God die heelal in ses dae geskep het, en wel omtrent 6,000 jaar gelede. Calvyn verwerp bewyse dat die aarde moontlik ouer as 6,000 jaar kan wees as ongegronde fabels ('monstrous fables'). In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.4.1) is dit aanvaar dat die heelal reeds ongeveer 13,700 miljoen jaar gelede ontstaan het. Calvyn is daarom verkeerd, ongeag sy geloof dat die Heilige Gees vir hom gelei het met die uitleg van die Bybel dat die

heelal omtrent 6,000 jaar gelede geskep is. Verder het Calvyn die Bybel vertolk dat God reeds voor die skepping ’n sekere getal mense uitverkies het om gered te word. Dit staan as die uitverkiesingsleer bekend en is in die Dordtse Leerreëls (DLR) vervat. Die RKK asook die meeste ander Protestantse kerke verskil hieroor met Calvyn (en daarom met die NGK wat die DLR as een van sy Belydenisskrifte aanvaar het).

Sonder om afbreuk aan die Bybel (veral die Ou Testament) as ’n besonderse literêre werk te doen, kan dit nie ontken word nie dat die Bybel ’n dubbelsinnige en onsamehangende dokument is wat interne teenstrydighede bevat, soveel so, dat dit deur feilbare mense (soos Calvyn en Aquinas) uitgelê moet word om daarvan sin te maak. Verder, dat dit vir meer as een vertolking vatbaar is. Die gevolge van hierdie uitleg was (en is steeds) dat verskillende teoloë die Bybel anders as ander teoloë uitlê en dat dit tot onmin binne die Christendom lei. Dit was juis die onmin binne die kerk wat tot die ekumeniese Sinode van Nicea in 325GE gelei het.

Een van die redes vir die ontstaan van die Protestantisme in die vyftiende eeu was dat die eerste Protestante reformatore die Bybel anders vertolk het as die RKK. Die Europese Godsdiensoorloë wat op die Protestantse Reformasie gevolg het, het vanaf 1517 tot 1648, na raming tien miljoen Christen lewens geëis. Vandag bestaan daar meer as 35,000 verskillende Christelike denominasies, elkeen wat voorhou dat hulle vertolking van die Bybel die regte vertolking daarvan is. Daar bestaan meer venyn as Christelike liefde tussen hierdie die onderskeie denominasies. In Hoofstuk Ses (paragraaf 6.5) word verduidelik hoe die NGK vir die periode 1929 tot 1986 die Bybel vertolk het dat Apartheid in ooreenstemming met die Bybel was terwyl die res van die Christelike kerke nie hierdie vertolking ondersteun het nie. Die gebeure binne die Christendom oor die afgelope 600 jaar is afdoende bewys dat die Bybel ’n gevaarlike dokument is.

Vir die doeleindes van argument, word in hierdie paragraaf aanvaar dat God die skepper van die heelal is en dat hy dit *ex nihilo* geskep het. Voor die skepping het God in ’n tydlose niksheid bestaan. Sowat 13,700 miljoen jaar gelede het God besluit om die oerknal te laat gebeur. Hierna het ’n beraamde 400 biljoen sterrestelsels in die waarneembare heelal ontwikkel. God het voor, of saam met die oerknal al die natuurwette waarvolgens die heelal met presisie sou funksioneer, vasgestel. Niemand kan ontken dat God magtig genoeg was om hierdie heelal te kon geskep het en om te sorg dat dit vir reeds 13,700 miljoen jaar met presisie volgens sy geskepte natuurwette funksioneer nie.

Dit druis teen normale begrip in dat ’n almagtige God, die argitek en skepper van die heelal, sou besluit het om sy Wil in ’n dokument wat vir verskillende vertolkings vatbaar is en wat al groot lewensverlies tot gevolg gehad het, aan die mensdom sal openbaar. God wat so magtig is dat Hy die heelal kon skep, moet noodwendig die mag hê om sy Wil op ’n duidelike en ondubbelsinnige wyse aan die hele mensdom oor te dra. Volgens die Bybel kommunikeer God, in Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium persoonlik met Moses, en wel deur middel van Moses se sintuig van gehoor. Verder het God self met sy vinger die twee tafels van die Wet geskryf en aan Moses oorhandig. Hierdie is voorbeelde van hoe God (aldus die Belydenisskrifte) in die verlede al direk en persoonlik met die mens kommunikeer het. Indien dit aanvaar word dat God op voormelde wyses met die mens kommunikeer het, bestaan daar geen rede waarom God dit nie weer kan doen nie. In die lig hiervan dra die argument van Carrier (2011:7-17) gewig, naamlik dat ’n almagtige God sy Wil, selfs vandag nog, aan die mensdom kan oordra as God dit sou wou doen. God swyg egter.

Op sterkte van bostaande argumente is dit my tesis dat die skepper van die heelal, wat in Hoofstuk Drie (paragraaf 3.4.2.) identifiseer is, haar nie deur die Bybel aan die mensdom openbaar het nie. Dat die Bybel die Woord van die Belydenisskrifgod is, kan net op geloof berus.

4.3.3 LEERSTELLING OOR WAARHEID DEUR GELOOF

Die opstellers van Belydenisskrifte moes besef het dat die bestaan van God en dat God homself aan die mensdom openbaar het, nie bewys kan word nie. Om hierdie rede is die Belydenisskrifleer van waarheid deur geloof geformuleer. Artikel 5 van die NGB (Heyns et al 2009:350) leer soos volg:

> "Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis is omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind."

Vraag en antwoord 21 van die HKS (Heyns . 2009:376-377) leer soos volg:

> "21 *Vr*. Wat is ware Geloof?
> *Antw*. 'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het (a) vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue (b) wat die Heilige Gees (c) deur die evangelie in my hart werk (d), naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus (e), vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid (f) geskenk het. ..."

Die 1969 Katkisasieboek (Malan 1969:341) illustreer die leerstelling van waarheid deur geloof soos volg:

> *"Slot*: Die evolusieleer is dus onskriftuurlik en met Gods Woord onversoenbaar. Die gelowige buig kinderlik sy hoof en aanvaar Gods Woord as die <u>waarheid</u> (Joh. 17:17) <u>deur *die geloof*</u>, wat ons *vaste bewys* is van die dinge wat ons nie sien of gesien het nie (Hebr. 11:1, 3). Die evolusieleer het *geen bewysgronde* nie (My onderstreping)."

In paragraaf 4.4.3.3 hieronder word lidmate se aflê van die Geloofsbelydenis behandel. Hiervolgens moet hulle glo dat die NGK se Kerkleer (met inbegrip van die Belydenisskrifte) die ware en volkome leer van die verlossing is. Dit beteken dat, wat betref artikel 5 van die NGB en vraag en antwoord 21 van die HKS (die leerstelling van waarheid deur geloof), dat lidmate moet glo:

(a) Dat die Bybel die Woord van God is.

(b) Dat alles wat in die Bybel geskryf is, waar is.

(c) Dat die Heilige Gees in hulle harte getuig dat (a) en (b) waar is.

Indien daar rasionele bewyse bestaan het dat (a) en (b) waar is, sou dit nie vir die Heilige Gees nodig gewees het om in die harte van lidmate te getuig dat dit waar is nie.

Die stelling in artikel 5 van die NGB asook vraag en antwoord 21 van die HKS dat die geloof in die waarheid van (a) en (b) deur die Heilige Gees in lidmate se harte bewerkstelling word, is nie duidelik nie. Dit wil voorkom asof die opstellers van die NGB (opgestel in 1561) en die HKS (opgestel in 1563) daarvan bewus was dat die Heilige Gees ’n fisiese kontakpunt met die mens moes hê. Hiervoor het hulle die hart gepostuleer. William Harvey het eers in 1628 sy verhandeling oor bloedsomloop gepubliseer waarin hy bevind het dat die hart niks anders as ’n orgaan is wat bloed deur die liggaam sirkuleer nie. Dit maak egter nie saak of dit die hart of die brein is waar die Heilige Gees kontak maak nie. Die moontlikheid van kommunikasie deur ’n immateriële Heilige Gees met ’n materiële mens is reeds in paragraaf 4.3.2.1 hierbo verwerp. So ’n kontak kan slegs deur ’n wonderwerk bewerkstellig word.

Op hierdie punt is dit belangrik om op die bewoording van artikel 5 van die NGB en vraag en antwoord 21 van die HKS te let. Hiervolgens getuig die Heilige Gees ((met betrekking tot (a) en (b) hierbo)) alleenlik dat die Bybel van God afkomstig is en dat die inhoud van die Bybel waar is. Wanneer lidmate eers deur hierdie geloof in die proses van waarheid deur geloof betrokke geraak het, is dit die punt waar lidmate se deelname aan die proses eindig en waar die NGK oorneem. Hiervandaan word lidmate van die proses uitgesluit omdat die Sinode van Dordrecht die sinne en woorde van die Bybel reeds in 1619 vertolk het. Dit is opvallend dat, volgens artikel 5 van die NGB en Vraag en Antwoord 21 van die HKS, die Heilige Gees dit slegs die waarheid maak dat die Bybel van God afkomstig is en dat die inhoud van die Bybel waar is. Dit swyg of die Heilige Gees die Sinode van Dordrecht gelei het in die Sinode se vertolking van die Bybel ten einde hierdie vertolking die waarheid te maak. Lidmate is verplig om die Sinode van Dordrecht se vertolking van die Bybel te aanvaar en om ook te aanvaar dat die NGK die mag het om hulle te tugtig indien hulle hiervan afwyk. Hierdie beginsel dat God homself slegs deur die kerk bekendmaak, is reeds ongeveer 1,600 jaar gelede deur Augustinus gevestig. Dit is in Hoofstuk Twee (paragraaf 2.2.2) verduidelik.

Die volgende probleem wat aangespreek word, is die konsep van ‘glo’. In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.5) is die menslike bewussyn behandel. Vir ’n

individu is dit ’n bewussynsfunksie om tot ’n geloof oor iets (hetsy religieus of sekulêr) te kom. Om hierdie rede word dit erken dat individuele lidmate die geloof mag ervaar dat die NGK se vertolking van die Bybel, wat betref Adam en die erfsonde, die waarheid is. Presies hoe hierdie geloof in die bewuste brein gevorm word, is nog nie aan die neuro-wetenskappe bekend nie.

Dit spreek vanself dat indien die NGK van lidmate verwag om te glo (dit wil sê om ’n bewussynsfunksie van geloof te ontwikkel) dat sy Geloofsleer (Belydenisskrifleer sowel as Kerkleer wat betref die bestaan van Adam) die waarheid is, die NGK dit self ook moet glo. Ek meen dat dit oneg van die NGK sal wees om van lidmate te verwag om dit te glo as hyself dit nie glo nie. Die NGK, as ’n organisasie, kan nie geloof (denke) ervaar nie omdat hy nie ’n bewuste brein het nie. Dit volg dat aangesien die NGK self nie kan glo nie, iemand (uitgesonderd gewone lidmate) binne die NGK die gesag moet hê om, namens die NGK, aan lidmate voor te skryf wat om te glo. Dit is die funksie van die NGK se teokrate. Hierbo is verduidelik dat dit slegs van die lidmaat verwag word om te glo dat die Bybel van God afkomstig is en dat die inhoud van die Bybel die waarheid is en dat die teokrate daarna die proses van waarheid deur geloof bestuur. Vir die doeleindes van die verhandeling word die NGK se teokrate definieer as teoloë en leraars wat die NGK se Geloofsleer formuleer en wat dit as die ware en volkome leer van die verlossing aan lidmate verkondig en wie die denke van gewone lidmate in geloofsake beïnvloed sodat lidmate hulle (die teokrate se) verkondigde Geloofsleer as die waarheid aanvaar. Myns insiens sal dit oneg van hierdie teokrate wees om van lidmate te verwag om te glo dat die NGK se Belydenisskrifleer wat betref Adam se bestaan en die erfsonde die waarheid is, as hulle dit nie self glo nie.

Die vraag moet hier gevra word of dit moontlik is dat ’n NGK teokraat, wat as ’n IDA optree, vandag steeds kan glo dat Adam werklik die eerste mens was wat 4000VGE eenmalig deur God geskep is. Ek meen dat die antwoord in paragraaf 4.4.3.2 hieronder gevind sal word. Hierin word verduidelik dat die NGK se epistemologiese sisteem ’n teokraat verbied om as ’n IDA op te tree in enige aangeleentheid wat met sy Belydenisskrifte verskil. Dit sluit die leer in dat Adam bestaan het en dat hy vir die erfsonde verantwoordelik was.

4.4 DIE NGK AS ’N EPISTEMOLOGIESE SISTEEM

In hierdie paragraaf word die NGK as ’n epistemologiese sisteem, waarbinne dit die waarheid word dat Adam die eerste mens was wat 4000VGE eenmalig geskep is, verduidelik en analiseer.

In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.4.3.1) is verduidelik dat vir ’n persoon om as ’n IDA te kwalifiseer, die individu aan sekere vereistes moet voldoen. Die belangrikste hiervan is dat die individu die wil moet hê om die waarheid oor ’n proposisie vas te stel. In paragraaf 4.3.3 hierbo is verduidelik dat die NGK nie ’n bewuste brein het nie en dat dit daarom nie ’n IDA kan wees nie.

In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.4.3.2) is ’n kollektiewe doksastiese agent definieer as ’n instelling wat, “... make judgements – collective, or aggregate, judgements – about the truth-values of propositions. Such collective judgements are presumably determined by the collective’s members’ judgements.” Dit is die teokrate van die NGK wat Kerkleer formuleer. Dit is die lidmate van die kerk wat hierdie kerkleer aanvaar al dan nie. Indien die lidmate hierdie kerkleer onnadenkend aanvaar, spreek dit vanself dat hulle nie as individuele doksastiese agente optree nie. Die NGK gaan egter verder. In paragrawe 4.4.3.1, 4.4.3.3 en 4.4.3.4 hieronder word verduidelik hoe die NGK se Belydenisskrifte te werk gaan om te verhoed dat ’n lidmaat as ’n IDA optree. Dit volg dat die NGK (gemeet aan voormelde definisie) nie as ’n kollektiewe doksastiese agent kwalifiseer nie.

Die doel van ’n informele stelsel georiënteerde epistemologiese sisteem is in Hoofstuk Twee (paragraaf 2.4.3.3) beskryf as, “... to elevate its community’s level of truth possession, information possession, knowledge possession, or possession of justified or rational belief.” In paragraaf 4.4.3 hieronder word dit verduidelik waarom die NGK (gemeet aan voormelde definisie) nie as ’n informele stelsel epistemologiese sisteem kwalifiseer nie.

4.4.1 BEKENDSTELLING VAN DIE NGK

Die NGK stel homself soos volg op sy webtuiste[57] onder die opskrif *Belydenisgrondslag* bekend. Die belangrikste verklarings wat hierin gemaak word, is:

(a) Dat die NG Kerk die onderstaande drie Ekumeniese belydenisse oor God Drie-enig wat deur baie kerke wêreldwyd aanvaar word ondersteun, naamlik:
Geloofsbelydenis van Nicea (Ontstaan: 325GE)
Geloofsbelydenis van Athanasius (Ontstaan: ongeveer 500GE)
Apostoliese Geloofsbelydenis (Moderne weergawe)

(b) Dat die NG Kerk die *Drie Formuliere van Enigheid* wat deur die Sinode van Dordrecht (1618-1619) aanvaar is, as die belydenisgrondslag van die NG Kerk aanvaar omdat dit in ooreenstemming met die Bybel is. Hierdie *Formulier van Enigheid* bestaan uit drie Geloofbelydenisse, naamlik:
Die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) (Ontstaan: 1561)
Die Heidelbergse Kategismus (HKS) (Ontstaan: 1563)
Die Dordtse Leerreëls (DLR) (Ontstaan: 1619)

Die NGK sluit sy *Belydenisgrondslag* soos volg af:

> "Die NG Kerk fundeer dus sy leer op die Bybel. Die Bybel is die onfeilbare Woord van God. In dié Woord openbaar God Hom as Vader, Seun en Heilige Gees. Die Kerk verklaar dus sy onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die wil van God soos dit in sy Woord geopenbaar is."

Alhoewel die ses belydenisse wat in (a) en (b) hierbo aangehaal is op verskillende tye ontstaan het, word verder in die verhandeling na hulle as die NGK se 1619 Belydenisskrifte verwys.

[57] Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Belydenisgrondslag*. www.ngkerk.org.za/belydenis

4.4.2 VERBAND TUSSEN LIDMATE, GELOOFSLEER EN KERKLEER

Die NGK verduidelik self in paragraaf 4.4.1 hierbo dat sy Belydenisgrondslag op die Bybel en die Bybel gefundeerde Belydenisskrifte baseer is. Hierdie is die basis van die NGK se Geloofsleer. Die NGK formuleer van tyd tot Kerkleer om sy Geloofsleer aan te vul en te verduidelik. Kerkleer vorm daarom deel van die Geloofsleer. Sedert 1619 het die NGK nog nie die Belydenisskrifte gewysig nie, maar wel sy Kerkleer en gevolglik ook sy Geloofsleer.

Die NGK kan nie sonder sy lidmate bestaan nie. Lidmate gee bestaansreg aan die NGK en dit spreek daarom vanself dat die NGK se Geloofsleer (die Belydenisskrifte asook Kerkleer) vir daardie lidmate wat dit wil verstaan, verstaanbaar moet wees omdat dit húlle (die lidmate) is van wie die NGK verwag om te bely dat hulle glo dat die NGK se Geloofsleer die ware en volkome leer van die verlossing is.

Die dokumente waarin die NGK se Geloofsleer uitgedruk word en waarop lidmate hulle geloof baseer, is dieselfde dokumente wat in die verhandeling gebruik word. Dit is die volgende:

4.4.2.1 Belydenisskrifte

In paragraaf 4.4.1 hierbo is die drie Ekumeniese Geloofsbelydenisse en die Formulier van Enigheid as die NGK se 1619 Belydenisskrifte as die NGK se belydenisgrondslag aanvaar.

4.4.2.2 Katkisasieboeke

Katkisasieboeke vorm die kern van die onderrig van katkisante en daarna vir hulle as lidmate. Katkisasieboeke vorm daarom die primêre bron van die NGK se Kerkleer. Die 1969 katkisasieboek (Malan 1969:123) verduidelik die doel en status van ’n katkisasieboek soos volg:

> "In 'n katkisasieboek van ons kerk mag daar ook niks staan omtrent die dinge wat ons glo wat nie ooreenstem met die leer van die Bybel en soos uitgedruk in die Belydenisskrifte van ons kerk nie. In hierdie katkisasieboek sal daar dinge uit die Bybel en soos uitgedruk in die Belydenisskrifte verduidelik word."

4.4.2.3 Sinodebesluite en ander verklarings

Sinodebesluite wat die NGK se Geloofsleer wysig en/of verduidelik, word van tyd tot tyd geneem. 'n Voorbeeld van so 'n verklaring is *Geloofsverklaring 2000*[58] wat die NGK met die aanvang van die nuwe millennium uitgereik het. Dit word in Hoofstuk Vyf (paragraaf 5.2.6) behandel.

4.4.3 DIE NGK SE VERSKANSING VAN SY GELOOFSLEER

In hierdie paragraaf word verduidelik hoe die Belydenisskrifte asook die NGK self, te werk gaan om sy Geloofsleer by leraars en lidmate te versterk en om dit teen eksterne en interne bevraagtekening te verskans. Dit word ook verduidelik hoe die NGK se Kerkorde te werk gaan om dit by leraars te versterk en teen interne bevraagtekening te verskans. Ander Christelike denominasies en ander religieë doen dieselfde – elkeen op sy eie manier en in 'n mindere of meerdere mate. Die NGK leer soos volg in hierdie verband:

4.4.3.1 Belydenisskrifte

Artikel 7 van die NGB (Heyns et al 2009:351):

> "... As daar iemand na julle toe kom wat 'n ander leer bring, moet julle hom nie in julle huise ontvang nie ... (2 Joh. 1:10)."

Die tweede paragraaf van artikel 13 van die NGB (Heyns et al 2009:355):

> "... Ons wil ook nie verder as wat ons kan verstaan, nuuskierig ondersoek instel na hierdie dinge wat Hy bo die vermoë van die menslike verstand doen nie; ... Ons is tevrede daarmee dat ons leerlinge van Christus is om

[58] Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Geloofsverklaring 2000*. www.kerkargief.co.za/doks/belyGD-Geloof.pdf

slegs te leer ken wat hy aan ons in sy Woord openbaar, sonder om die grense daarvan te oorskry."

Artikel 12 leer van die DLR (Heyns et al 2009:404):

"Die uitverkorenes word op God se tyd van hulle ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid verseker. ... Hierdie versekering ontvang hulle nie as hulle nuuskierig die verborgenhede en dieptes van God probeer deursoek nie. ..."

Artikel 14 van die DLR (Heyns et al 2009:405):

"...Hierdie leer moet egter oordeelkundig, met gelowige eerbied en heilige ontsag, sonder nuuskierige ondersoek na die weë van die Allerhoogste, verkondig word."

4.4.3.2 Die Kerkorde

In die laaste paragraaf van paragraaf 4.3.3 hierbo is verwys na die NGK epistemologiese sisteem wat teokrate verhoed om die leer dat Adam vir die erfsonde verantwoordelik was, te bevraagteken (ongeag of hulle dit glo of nie). Die stelling word hier motiveer.

Die Kerkorde van die NGK[59] is die reëls waarvolgens die NGK bestuur word. Volgens artikel 8.4 van reglement 10 van die Kerkorde moet 'n proponent, om as 'n leraar gelegitimeer te word, mondelings en skriftelik onder andere die volgende onderneem:

"1. dat ek glo dat die leer soos vervat in die drie algemene belydenisse en die drie Formuliere van eenheid – naamlik die Nederlandse Geloofs-belydenis (*Confessio Belgica*), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, ooreenkom met die Woord van God;
2. dat ek hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef;
3. dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, sal weerlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die Kerk te weer;
4. dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê het nie."

In die konteks van die verhandeling beteken artikel 8.4.3 dat leraars verplig is om enigiets (byvoorbeeld die evolusionêre ontwikkeling van die

[59] Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. http://www.ngkerkas.co.za/wp-contentuploads/2013/04/KERKORDE-2015-VOLLEDIG.PDF

mens) wat teenstrydig met die Belydenisskrifleer dat Adam die eerste mens was, te opponeer ('uit die kerk te weer') bloot op sterkte daarvan dit in stryd met die Belydenisskrifte is. Wat betref artikel 8.4.3 word vir die doeleindes van die verhandeling aanvaar dat daar al leraars was wie ander insigte oor die Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde ontwikkel het en dat hulle dit aan bevoegde kerkvergaderings vir beslissing voorgelê het. Omdat die Belydenisskrifte steeds onveranderd is, moet dit aanvaar word dat hierdie leraars onsuksesvol was in hulle poging om die Belydenisskrifte te probeer wysig. In paragraaf 4.5.2 hieronder word 'n moontlike verduideliking hiervoor aangebied.

Volgens die NGK se webtuiste[60] bestaan die NGK uit 10 sinodes (een vir elkeen van Suid-Afrika se Provinsies en een vir Namibië). Die 10 sinodes bestaan op hulle beurt uit 1 158 gemeentes (kerkrade) wat in 144 ringe opgedeel is. Die oorheersende sinode is die Algemene Sinode wat uit die 10 streeksinodes opgemaak is. Volgens die NGK se webtuiste het hy 1 074 765 doop- en belydende lidmate in 2015 gehad.

Vir die doeleindes van die verhandeling is die volgende artikels van die hoofstuk 3 van die Kerkorde toepaslik en word dit aangehaal:

> Artikel 45: "Die Algemene Sinode mag artikels van die *Kerkorde*, met die uitsondering van artikel 44.1 en 44.2 van die *Kerkorde*, met 'n tweederdemeerderheidstem óf opskort óf daarvan vrystelling verleen."
>
> Artikel 44.1: "Die wysiging van die Belydenis kan alleenlik geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid en twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het."
>
> Artikel 44.2: "Artikel 44.1 en 44.2 van die Kerkorde word gewysig nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit het en die Algemene Sinode daarna met 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit."

[60] Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Wie is Ons / NG Kerk*. http://ngk.org.za/wp/index.php/wie-is-ons/

Uit bostaande aangehaalde artikels van die Kerkorde blyk dit dat die wysiging van die Belydenisskrifte moeilik (maar nie onmoontlik nie) sal wees.

4.4.3.3 Katkisante se belydenis van geloof

Die term Geloofsleer word in die verhandeling gebruik omdat die NGK van lidmate verwag, as ’n voorwaarde vir lidmaatskap, dat hulle met hulle aanneming as lidmate ’n belydenis van geloof moet aflê dat hulle die NGK se Kerkleer aanvaar. Voordat katkisante die belydenis van geloof aflê, word die heersende katkisasieboek gebruik om hulle in die NGK se Kerkleer te onderrig. Al die katkisasieboeke sedert 1927 bevat ’n soortgelyke katkisasiebelydenis as die voorbeeld wat hieronder gebruik word.

Die huidig-geldende katkisasieboek wat as die basis vir die belydenis van geloof wat katkisante by aanneming moet aflê, is die 2009 katkisasieboek, *Geloof wat rêrig is* (Heyns et al 2009:7). Dit bevat die volgende belydenis:

> “1.Glo jy dat die leer soos in die Ou en Nuwe Testament (d.w.s. die Bybel) en die artikels van die Christelike Geloof vervat is en in die kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is?”
> 2. Beloof jy om as lidmaat van die gemeente van Christus deur sy genade in die belydenis van die leer (kort saamgevat: dat Jesus Christus die enigste Verlosser en Here is) tot aan die einde van jou lewe te volhard, en alle leringe wat daarvan afwyk te verwerp.
> 3. ...
> 4. Beloof jy dat jy jou onderwerp aan die kerklike opsig (leiding) en tug? ...“

Dit is belangrik om daarop te let dat katkisante spesifiek moet bely dat hulle glo dat, wat ‘in die kerk hier geleer word’, die ware en volkome leer van die verlossing is. Heyns et al (2009:145) verduidelik hierdie vereiste soos volg:

> “ ’n Mens kan nie sommer net glo soos jy wil nie. Kan jy jou indink dat iemand Jesus nie as die Seun van God erken nie en nog wil aanbly in die

> kerk? Dit is tog onmoontlik. Wanneer jy as lidmaat belydenis van geloof aflê, bely jy dat jy die leer van die kerk heelhartig aanvaar."[61]

Alhoewel die NGK die onderwerp van die verhandeling is, word die Rooms-Katolieke Kerk siening oor bogenoemde behandel. Hill, Knitter and Madges (2000:41) beskryf dit soos volg:

> "Spiritual reality cannot be seen, heard, touched, or subjected to scientific investigation. The acceptance of God's revelation through Jesus Christ as expressed by the church requires a certain 'leap' beyond observable phenomena. The humanity and divinity of Jesus Christ[62], the real presence in the Eucharist, ... the validity of church authority, ... are some examples of nonnegotiable truths for Catholics (My onderstreping)."

Soos die NGK, laat die RKK nie toe dat lidmate vrylik oor die kerk se dogma mag dink nie. Indien jy 'n lidmaat is, moet jy dink soos die kerk vir jou voorskryf wat jy mag dink. Hierdie 'kerk' is nie die kerk of God nie, maar is die kerk se teokrate. Indien lidmate hierdie verkondigde Geloofsleer aanvaar, word hulle (binne die NGK se geslote epistemologiese sisteem) die waarheid-makers van die teokrate se geformuleerde Kerkleer ongeag of hulle as individuele doksastiese agente opgetree het of nie.

Dit moet daarop gelet word dat Kerkleer (dit wat 'deur die kerk hier geleer word') deur die NGK se teokrate geformuleer word. In Hoofstuk Ses (paragraaf 6.5) word verduidelik dat die regverdiging van Apartheid in 1969 deel van die NGK se Kerkleer was. Hierdie Kerkleer was deur die NGK se teokrate formuleer.

[61] Hierdie leer gaan terug na Augustinus. In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.2.2) is Augustinus se opvatting hieroor behandel, naamlik dat God se openbaarmaking aan die kerk is. Hy wou verhoed dat lidmate vir hulleself dink om sodoende die kerk (se teokrate) se mag oor die individu te verseker.

[62] Die verwysing hierbo na die "…humanity and divinity of Jesus Christ …" vorm ook deel van die NGK se Geloofsleer. Dit word in hoofstuk 6 (paragraaf 6.2) behandel.

4.4.3.4 Diskreditering van ander denominasies en religieë

Een van die kenmerke van die meeste Christelike denominasies en ander religieë is dat hulle ander denominasies en religieë diskrediteer. Dit is daarop gerig om hulle eie lidmate se geloof in die waarheid van hulle eie kerk se kerkleer te versterk. Die NGK doen dit ook. Elke katkisasieboek vanaf 1927 bevat ’n hoofstuk wat daaraan gewy is om lidmate van hierdie sogenaamde dwaallere van ander kerke en religieë te oortuig.

4.5 SAMEVATTING VAN DIE HOOFSTUK

4.5.1 OPSOMMING

In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.4.2) is aanvaar dat die heelal deur ’n onbekende skepper geskep is. In paragraaf 4.3.1 het ek afdoende argumenteer dat artikels 1 en 2 van die NGB nie daarin slaag om te bewys dat God, soos hy deur artikels 1 en 2 van die NGB definieer word, bestaan en dat Hy die skepper van die heelal is nie.

In paragraaf 4.3 hierbo is die NGK se epistemologie, soos vervat in die Belydenisskrifte, behandel. Hiervolgens bestaan God en het God homself aan sy heilige mense, die Bybelskrywers, openbaar. God het, onder andere, openbaar dat Adam ’n mens was wat eenmalig deur Hom geskep is. Deur die leerstelling van waarheid deur geloof, maak die Heilige Gees dit vir gelowiges die waarheid dat God bestaan en dat God in die Bybel openbaar het dat Adam die eerste mens was. Hierteenoor is in Hoofstuk Drie (paragraaf 3.6.2) argumenteer dat dit epistemologies geregverdig is om te aanvaar dat daar vóór Adam (4000VGE) mense bestaan het en dat Adam daarom nooit bestaan het nie. In paragraaf 4.3.2 is argumenteer dat God se openbaring aan die Bybelskrywers slegs deur ’n wonderwerk kon geskied het. Dit volg hieruit dat die Belydenisskrifte se leerstellings van Goddelike openbaring en waarheid deur geloof onwaar geword het.

In paragraaf 4.4 is die NGK as ’n epistemologiese sisteem behandel. Binne hierdie sisteem word die geopenbaarde waarhede in paragraaf 4.3.3 (naamlik dat die Heilige Gees in die harte van gelowiges getuig dat dit die waarheid is dat God in die Bybel openbaar het dat Adam die eerste mens was) deur die NGK se Kerkorde verskans. Die Belydenisskrifte en Kerkorde verskans dit self ook teen interne sowel as eksterne bevraagtekening. Binne hierdie epistemologiese sisteem vereis die NGK van teokrate en sy lidmate om geloof bo rede te stel, ongeag of die onderwerp van die geloof waar is of nie.

4.5.2 GEVOLGTREKKINGS

Die belangrikste gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat die NGK se epistemologiese sisteem ’n insulêre sisteem is en dat die beginsel van geloof bo rede só sterk in die Belydenisskrifte en in die Kerkorde verskans is dat dit onwaarskynlik is dat die NGK enige van sy Belydenisskrifte sal wysig. Dit is egter nie onmoontlik nie. Daarom bly Adam, vir die NGK se belydende lidmate, ’n historiese mens wat bestaan het en dat hy vir die erfsonde verantwoordelik was. Dit is ’n ope vraag hoeveel van die NGK se teokrate dit vandag nog glo. Dit is verder ’n ope vraag of die NGK binne die afsienbare toekoms amptelik sal aanvaar dat sy Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde onwaar en verouderd geword het. Ek dink nie so nie en motiveer dit hierna.

Die laaste keer wat die NGK hom op sy webtuiste oor evolusie uitgespreek het, was met die persvrystelling in 2010 waarna in Hoofstuk Een (paragraaf 1.1) verwys is. Hierin erken die NGK oënskynlik dat hy evolusie as ’n verklaring vir die oorsprong van die mens aanvaar. Die persvrystelling word in meer besonderhede in Hoofstuk 5 (paragraaf 5.3.6) behandel. In Hoofstuk Een (paragraaf 1.2.1) is na die NGK se 2013 standpunt verwys, naamlik dat die NGK aanvaar dat daar ontwikkeling of evolusie is, maar dat evolusionisme afgewys word omdat dit God as die skepper ontken. Dit is die 2013 katkisasieboek vervat. Hierdie standpunt word in meer besonderhede in Hoofstuk 5 (paragraaf 5.3.7) behandel. Die feit dat die NGK hom sedert 2010 nog nie weer op sy webtuiste oor evolusie uitgespreek het nie, dui daarop dat daar binne die NGK opponerende standpunte oor evolusie bestaan. Myns

insiens bestaan daar hoofsaaklik twee kampe binne die NGK. Ek grond my mening op die verklaring van die Moderamen wat in Hoofstuk Vyf (paragraaf 5.3.6[a]) behandel word. Daarin verwys die Moderamen na onverkwiklike gesprekke binne die NGK se geledere, onder andere oor die oerknal en evolusie.

Aan die een kant is daar NGK teokrate en lidmate wat die 1619 Belydenisskrifleer ondersteun dat Adam ’n mens was wat bestaan het en dat die erfsonde in Adam ontstaan het. Die afleiding kan gemaak word dat hulle dit doen omdat hulle dit werklik glo, of omdat hulle aanvaar dat die Kerkorde dit verpligtend maak dat hulle dit te glo, of dat hulle ander motiewe het. Indien hierdie groepering ’n meerderheid binne die geledere van die NGK uitmaak, is dit onwaarskynlik dat die NGK amptelik sal erken dat evolusie ’n verklaring vir die oorsprong van die mens is. Vir solank as wat hierdie groepering ’n meerderheid bly, sal die 1619 Belydenisskrifte nie gewysig word nie.

Aan die ander kant is daar NGK teokrate en lidmate wat as individuele doksastiese agente opgetree het en wat tot die gevolgtrekking gekom het dat die 1619 Belydenisskrifleer oor Adam en die erfsonde in die een-en-twintigste eeu onwaar geword het. Hierdie groepering vorm waarskynlik ’n minderheid binne die geledere van die NGK. Dit kan egter wees dat hulle ’n meerderheid vorm maar dat hulle niks hieromtrent sal doen nie omdat die nodige meerderhede nie in terme van die Kerkorde verkry sal kan word om die Belydenisskrifte te wysig nie en dat ’n poging om dit te wysig tot kerkskeuring mag lei[63]. Myns insiens is dit om hierdie redes onwaarskynlik dat die NGK binne die afsienbare tyd enigiets sal doen om sy Belydenisskrifte te wysig.

[63] Die rede vir hierdie stelling is dat sedert ek met die verhandeling begin het, ek verskeie gesprekke met veral ouer NGK lidmate van verskillende gemeentes gevoer het. Vir hulle beteken evolusie steeds dat die mens van ape afstam soos wat die NGK sedert 1927 – meestal suksesvol – aan lidmate voorgehou het. Myns insiens sal hierdie lidmate nie goedkeur dat die Belydenisskrifte gewysig word waardeur die bestaan van Adam en die erfsonde op grond van evolusie ontken word nie.

As gevolg van hierdie tweespalt binne die NGK se geledere, het die outeurs van die 2013 katkisasieboek *Geloof wat rêrig is* (Heyns et al 2013), na my mening, die middeweg gevolg deur evolusie te erken en om evolusie terselfdertyd te ontken omrede dit God as die skepper ontken[64]. Op hierdie wyse word albei die opponerende kampe gedeeltelik geakkommodeer.

Die verhandeling is nie vir daardie NGK teokrate en lidmate bedoel wat reeds tot die gevolgtrekking gekom het dat die NGK se Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde onwaar geword het nie. Die verhandeling dien egter, vanuit my perspektief, om steun aan hulle te verleen. Die verhandeling is meer vir daardie NGK teokrate en lidmate bedoel wat ontken dat die NGK se Middeleeuse Belydenisskrifte oor Bybel/erfsonde in die een-en-twintigste eeu uitgedien geraak het, sodat hulle die redes kan verstaan waarom ander lidmate (soos ek en andere wat soos ek dink en soos wat dit in die verhandeling op ’n verstaanbare manier verduidelik word) van hulle verskil[65].

Hierna in Hoofstuk Vyf word die leerstelling oor die erfsonde analiseer met die oog daarop om te argumenteer dat, al het Adam bestaan, hy nie vir die erfsonde verantwoordelik was nie.

[64] In Hoofstuk Een (paragraaf 1.2.1) is verduidelik dat hierdie katkisasieboek deur NGK se Kategeseboekekommissie opgestel is en dat dit vir die doeleindes van die verhandeling aanvaar word dat dit die standpunt van die NGK is.

[65] In die Voorwoord van die verhandeling het ek verduidelik dat ek die verhandeling aanvanklik vir persoonlike redes aangepak het. Ek wou hoofsaaklik vir myself objektiewe sekerheid kry of die Belydenisskrifte oor Bybel/erfsonde die waarheid is.

HOOFSTUK VYF

ANALISE VAN DIE NGK SE GELOOFSLEER OOR DIE ERFSONDE

5.1 INLEIDING

Die doel van die verhandeling is in Hoofstuk Een (paragraaf 1.3) beskryf. Dit is om bewyse voor te lê en argumente aan te voer dat dit epistemologies geregverdig is om te glo dat die NGK se 1619 Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde in die een-en-twintigste eeu onwaar geword het.

In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.6.2) het ek my tesis motiveer dat **rede** dit vir ’n IDA epistemologies geregverdig maak om te glo dat daar reeds vóór Adam mense geleef het en dat Adam daarom nie die eerste mens kon gewees het nie. Indien Adam nooit bestaan het nie, volg dit dat hy nie vir die erfsonde verantwoordelik was nie.

In Hoofstuk Vier is die NGK se Belydenisskrifaanspraak behandel naamlik dat, binne sy epistemologiese sisteem, **geloof** dit die waarheid maak dat Adam die eerste mens was wat 4000VGE eenmalig deur God geskep is en dat hy vir die ontstaan van erfsonde verantwoordelik was.

Die doel van hierdie Hoofstuk Vyf is om te argumenteer dat, al het Adam bestaan, die Belydenisskrifte nie daarin slaag om te bewys dat Adam vir die erfsonde verantwoordelik was nie. Dit word in paragraaf 5.2 hieronder gedoen.

In paragraaf 5.3 hieronder word die NGK se Kerkleer, vanaf 1927 tot 2018, oor die ontstaan van die mens behandel.

5.2 ANALISE VAN DIE NGK SE BELYDENISSKRIFLEER OOR DIE ERFSONDE

Vir die doeleindes van argument in paragrawe 5.2.3, 5.2.4 en 5.2.5 hieronder word die Belydenisskrifleer aanvaar dat God bestaan en dat Hy die skepper van die heelal is, asook dat Adam eenmalig deur God geskep is, asook dat Adam aan 'n bevel van God ongehoorsaam was. Met ander woorde, dit word aanvaar dat elke woord wat in Genesis geskryf is, die Woord van God is soos wat dit deur artikel 3 van die NGB[66] bedoel word. Vanaf hierdie uitgangspunt word argumenteer dat die Belydenisskrifte nie daarin slaag om Adam vir die ontstaan van sonde (erf- en ander sonde) verantwoordelik te maak nie maar dat God in inderwaarheid daarvoor verantwoordelik was.

5.2.1 TOEPASLIKE BELYDENISSKRIFTE

Slegs die toepaslike gedeeltes van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB), die Heidelbergse Kategismus (HKS) en die Dordtse Leerreëls (DLR) wat in hierdie hoofstuk gebruik word, word hieronder aangehaal.

Artikel 1 van die (NGB) (Heyns, Dressel & Botha 2009:349):

> "Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed, en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is."

Artikel 13 van die NGB (Heyns et al 2009:355):

> "Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie, maar dit volgens sy heilige wil só bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie.
>
> Tog is God nie die bewerker van die sondes wat gedoen word nie, en dra Hy ook nie skuld daarvoor nie. Sy mag en goedheid is immers so groot en onbegryplik dat Hy sy werk baie goed en regverdig beskik en uitvoer, selfs al handel die duiwel en goddelose mense onregverdig.
>
> Ons wil ook nie verder as wat ons kan verstaan, nuuskierig ondersoek instel na die dinge wat Hy bo die vermoë van die menslike verstand doen nie; inteendeel ons eerbiedig juis in alle nederigheid en in aanbidding die regverdige oordele van God wat vir ons verborge is. ..."

[66] Artikel 3 van die NGB is in Hoofstuk Vier (paragraaf 4.3.2) aangehaal. Dit leer dat God homself aan sy heilige mense in die Bybel openbaar het.

Artikel 14 van die NGB (Heyns et al 2009:355-356):

> "Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het; Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, dit wil sê, goed, regverdig en heilig, sodat hy met sy wil in alles met die wil van God ooreenstem.
>
> Maar toe hy in aansien was, het hy dit nie verstaan en sy uitnemendheid nie besef nie. Hy het homself egter, deur na die woord van die duiwel te luister, willens en wetens aan die sonde, en daarmee aan die dood en die vervloeking, onderwerp. ..."

Artikel 15 van die NGB (Heyns et al 2009:356-357):

> "Ons glo dat die erfsonde deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het. Dit is die verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is. Dit is hierdie wortel wat in die mens allerhande sondes laat voortspruit. Dit is daarom so afskuwelik en gruwelik voor God dat dit rede genoeg is om die menslike geslag te verdoem. Dit word selfs nie deur die doop geheel en al tot niet gemaak of volkome uitgeroei nie, aangesien die sonde aanhoudend uit hierdie verdorwenheid opborrel soos water uit 'n giftige fontein. ..."

Artikel 16 van die NGB (Heyns et al 2009:357):

> "Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam homself deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort het, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig.
>
> God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus ons Here.
>
> God is regverdig, deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly, waarin hulle hulleself gewerp het."

Vraag en antwoord 10 van die HKS ((Heyns et al 2009:374-375):

> "10 *Vr*. Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?
> *Antw*. Nee glad nie. Inteendeel, sy toorn is verskriklik (a) sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen. Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met regverdige oordeel straf (b). ..."

Artikel 7 van die DLR (Heyns et al 2009:403):

> "Hierdie uitverkiesing is 'n onveranderlike voorneme van God. Daarvolgens het Hy nog voor die skepping 'n sekere aantal mense uit die hele menslike geslag uitverkies.
>
> Hierdie menslike geslag het deur hulle eie skuld van hulle oorspronklike ongeskondenheid in sonde en verderf verval. Die uitverkorenes is dus nie beter of waardiger as die ander nie, maar verkeer saam met die ander in 'n gemeenskaplike ellende.
>
> Nogtans het Hy hulle, uit volkome vrye welbehae van sy wil en uit louter genade, tot die saligheid in Christus uitverkies. ..."

Artikel 11 van die DLR (Heyns et al 2009:404):

> "God self is alwys, onveranderlik, alwetend en almagtig, en daarom kan sy daad van uitverkiesing nie ongedaan gemaak, oorgedoen, verander, herroep of afgebreek word nie. Die uitverkorenes kan ook nie verwerp of in getal verminder word nie."

Artikel 12 van die DLR (Heyns et al 2009:404):

> "Die uitverkorenes word op God se tyd van hulle ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid verseker. Dit gebeur verskillend en nie vir almal in gelyke mate nie.
>
> Hierdie versekering ontvang hulle nie as hulle nuuskierig die verborgenhede en dieptes van God probeer deursoek nie. ..."

Artikel 14 van die DLR (Heyns et al 2009:405):

> ' ... Hierdie leer moet egter oordeelkundig, met gelowige eerbied en heilige ontsag, sonder 'n nuuskierige ondersoek na die weë van die Allerhoogste, verkondig word. ..."

Artikel 29 van die Geloofsbelydenis van Athanasius (Viljoen 1988:119):

> "Hy is God uit die substansie van die Vader, voor alle tye verwek én mens uit die substansie van sy moeder, in die tyd gebore; ..."

5.2.2 OORDRAG VAN DIE ERFSONDE

Die Belydenisskrifte bied geen verduideliking aan hoe die erfsonde oorgedra word nie. Volgens die bewoording van artikels 14, 15 en 16 van die NGB berus die bestaan van die erfsonde op geloof. Dit beteken dat die NGK se belydende lidmate by aanneming as lidmate verklaar dat hulle glo dat hulle (benewens enige ander sonde wat hulle mag doen) persoonlik met strafbare erfsonde besmet is sonder dat daar 'n verduideliking aan hulle gegee word hoe die erfsonde vanaf Adam na hulle oorgedra is.

In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.2.3) is Aquinas se omvattende verduideliking hoe die erfsonde fisies deur die man se semen oorgedra word, asook die rol wat die mens se siel hierin speel, behandel. Die Belydenisskrifte verduidelik nie hoe die erfsonde oorgedra word nie. Calvyn doen dit wel. Indien ek Calvyn reg verstaan, word die erfsonde nie fisies deur die vader na kind oorgedra nie. Calvyn (2011:151-152) stel dit soos volg:

> "Thus, from a corrupt root corrupt branches proceeding, transmit their corruption to the saplings which spring from them. The children being vitiated in their parent, conveyed the taint to the grandchildren; in other words, corruption commencing in Adam, is, by perpetual decent, conveyed from those preceding to those coming after them. The cause of the contagion is neither in the substance of the flesh nor in the soul, but God

> was pleased to ordain that those gifts which he had bestowed on the first man, that man should lose as well for his descendants as for himself (My onderstreping)."

Volgens Calvyn word die besmetting ('contagion') met die erfsonde nie deur die liggaam of die siel oorgedra nie. God het bloot besluit dat Adam se sonde so groot was dat alle mense die geskenk van die ewige lewe wat Adam met sy skepping ontvang het, sal verloor. Dit beteken dat God op daardie tydstip besluit het dat die mensdom vervolgens aan strafbare erfsonde skuldig sal wees. Met ander woorde dat die mens daarna 'n sondige wese sal wees. In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.2.3) is Aquinas se verduideliking vir die oordrag van die erfsonde in hedendaagse terminologie verduidelik. Dit kom daarop neer dat toe God vir Adam geskep het, Hy die DNS wat karaktertrekke bepaal en die neurons wat instink bepaal, so geskep het dat Adam 'heilige' karaktertrekke/instinkte ontvang het. Met Adam se sondeval het God die DNS van Adam verander sodat dit 'sondige' karaktertrekke/instinkte tot gevolg sal hê. Hierdie 'sondige' DNS is daarna geneties vanaf Adam na sy nageslag (die res van die mensdom) oorgedra.

Wat Calvyn in effek hierbo sê is dat elke individuele mens 'n bose wese is. In hedendaagse terminologie beteken dit dat die DNS wat karaktertrekke bepaal en die neurons wat instink bepaal, gedurende die evolusionêre ontwikkeling van die mens geneties in elke mens gevestig ('hardwired') geword het met die gevolg dat elke mens in 'n bose wese sal ontwikkel. In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.5) is verduidelik hoe breinafwykings in sekere mense ontwikkel. 'n Voorbeeld hiervan is psigopate wat seker vir die meeste boosheid in die wêreld verantwoordelik is. Dit is 'n aanvegbare stelling dat elke mens inherent 'n bose/sondige wese is. Ek stem nie hiermee saam nie. Die beperkte omvang van die verhandeling verhoed dat ek my standpunt verder motiveer.

5.2.3 GOD HET VOOR DIE SKEPPING SONDE VOORSIEN

Artikel 1 van die NGB beskryf God, onder andere, as almagtig. Ook artikel 11 van die DLR (wat hierbo aangehaal is) beskryf God as almagtig. Artikel 11 van die DLR gaan dan voort met die stelling dat God sy daad van uitverkiesing nie

oordoen, verander, herroep, verbreek of ongedaan kan maak nie. Ek verskil van artikel 11 in hierdie verband. Artikel 11 is intern teenstrydig omdat dit in dieselfde sin die stelling maak dat God almagtig is sowel dat God nie iets kan doen nie, tewete dat hy nie gedane sake ongedaan kan maak nie.

Die ongedaan maak van gedane sake is ’n probleem wat betref die almag van God. Hoffman and Rosenkrantz (2010:271) wys daarop dat filosowe ongeneë is om te aanvaar dat God se almagtigheid vereis dat Hy terugwerkend sy eie dade ongedaan moet kan maak. Volgens hierdie standpunt sal God nie die geskepte heelal op enige tydstip ná die aanvanklike skepping summier ongedaan maak nie. Hierdie opvatting word aanvaar. God se uitverkiesingsbesluit verskil egter van die skepping van die heelal as ’n gedane saak. Alhoewel God sy uitverkiesingsbesluit vóór die skepping geneem het, is die oordeelsdag op ’n datum in die toekoms. Volgens artikel 11 van die DLR het God nie die mag om sy uitverkiesingsbesluit, wat reeds vóór die skepping geneem is, tot en met die oordeelsdag te verander nie. Ek stem nie hiermee saam nie. ’n Besluit wat nog nie realiseer het nie, se finaliteit kan nie vergelyk word met die finaliteit van ’n fisiese gebeurtenis wat reeds gebeur het en wat nie ongedaan gemaak kan word nie. ’n Daad van moord kan nie ongedaan gemaak word nie, maar God kan besluit om die moordenaars nie te straf nie en om vir hulle te vergewe. Niks verhoed ’n almagtige God, as ’n daad van liefde en genade om, selfs op die oordeelsdag, te besluit om die sondes van voormelde moordenaars, sowel as van al die mense wat nog ooit gelewe het en wie Hy nie uitverkies het nie, te vergewe nie. Hierdie daad van vergifnis sal beteken dat God inderdaad sy uitverkiesingsbesluit in die praktyk ongedaan maak, oordoen, verander, herroep of verbreek het. Om voor te hou dat God nie hierdie mag het nie, sal vergesog wees. Daarom word die leer van artikel 11 wat ’n beperking op God se almag plaas wat betref God se uitverkiesingsbesluit, verwerp.

Die uitgangspunt verder in hierdie hoofstuk sal wees dat, omrede God ingevolge artikel 1 van die NGB almagtig is, alle argumente of stellings wat afbreuk aan God se almag doen, nietig is. Dit sluit artikel 11 van die DLR in. My tesis is daarom dat God, as die skepper van die heelal, almagtig is met die

voorbehoud dat Hy nie fisiese gebeure wat reeds gebeur het, ongedaan sal maak nie. Op grond van die almag van God, word aanvaar dat Hy die toekoms kan sien. Dit word hierna motiveer.

In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.4.2) is aanvaar dat die heelal ’n skepper het. Vir die doeleindes van argument word aanvaar dat God die skepper is. Voor die skepping (die oerknal) het niks anders behalwe God bestaan nie. Dit moet so wees omdat God die heelal *ex nihilo* geskep het. God, as die skepper en onderhouer van die heelal, moes noodwendig die natuurwette waarvolgens Hy die heelal onmiddellik na die skepping sou bestuur (soos byvoorbeeld, die wet van swaartekrag, die spoed van lig, magnetisme en die funksionering van atomiese sub-partikels, ensovoorts) reeds voor die skepping vasgelê het. My rede vir hierdie stelling is die kompleksiteit van die natuurwette. Hierdie kompleksiteit dikteer dat God, as die skepper van die heelal, die natuurwette noodwendig moes bedink het voordat hy met die skepping van die heelal voortgegaan het. Hy moes noodwendig ook geweet het dat hierdie natuurwette effektief sou wees om die heelal te onderhou nadat Hy dit geskep het. God se voorafbepaalde natuurwette het in werking getree met die moment van die skepping (die oerknal). Dit kan nie argumenteer word dat God besluit het om die heelal te skep en dat die natuurwette hulleself daarna geskep het nie want dan was God nie die skepper van alles nie. Om hierdie rede is dit ondenkbaar dat God nie ook die konsep van die sonde voor die skepping gevorm het nie. Daarom is dit my tesis dat God, wat magtig genoeg was om die heelal en die natuurwette te kon skep, reeds voor die skepping ’n konsep van die sonde gevorm het en dat hy ook voor die skepping geweet het wat ná die skepping gaan gebeur. Met hierdie as agtergrond word die NGK se Belydenisskrifteer oor die erfsonde en die sonde wat daaruit voortvloei, verder analiseer.

Dit kan aanvaar word dat voor die skepping daar nie sonde bestaan het nie omdat, indien daar wel sonde bestaan het, God noodwendig die skepper van hierdie sonde moes gewees het – iets wat die Belydenisskrifte ontken op grond daarvan dat God goed is. Myns insiens moes God, synde almagtig, noodwendig reeds voor die skepping die konsep van die sonde gevorm het. Dit sluit in God se skepping van Adam, die sondeval en die gevolglike ontstaan

van die erfsonde. Die ontstaan van die erfsonde met die sondeval was inderwaarheid die verwerkliking van God se pre-skepping konseptualisering van iets wat nog nie bestaan het nie, naamlik die sonde wat uit die erfsonde voortspruit[67].

'n Verdere argument dat God reeds voor die skepping die konsep van sonde gevorm het, lê in die wese van die DLR. God het reeds voor die skepping besluit dat alle mense in Adam sou sondig en dat Hy slegs sekere van hierdie mense sou uitverkies. Hy was daarom deeglik van die toekoms bewus en dat dit die sonde insluit.

Inderwaarheid het God in die voor-skepping se tydloosheid, totdat Hy die heelal geskep het, genoeg 'tyd' tot sy beskikking gehad om te herbesin of Hy met sy skepping van Adam wou voortgaan al dan nie. Indien God nie met die skepping voortgegaan het nie, of as Hy ná die skepping maar vóór die skepping van Adam, besluit het om nie met die skepping van die mens voort te gaan nie, sou daar geen sonde gewees het nie. Hoe dit ook al sy – God het uit eie beweging met die skepping voortgegaan vir redes wat net aan hom bekend was. Omdat God 'n doelbewuste besluit geneem het om met die skepping voort te gaan, welwetende dat die sondeval hierop sou volg, maak vir God die primêre oorsaak van die sonde.

5.2.4 SONDE VORM DEEL VAN GOD SE LANGTERMYN PLAN VIR DIE MENSDOM

Na die skepping het God, vir wie die sonde, volgens artikel 15 van die NGB afskuwelik en gruwelik is, 'n kans gehad om die ontstaan van verdere sonde te verhoed indien Hy die post-skeppingsgebeure in 'n ander rigting wou stuur. Volgens Genesis 6:5-7 sien God:

> "… dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, het dit die Here berou dat hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in sy hart.

[67] Russell (1957:29) gebruik 'n soortgelyke argument. Volgens Russell moes God voor die skepping reeds die pyn en miserabelheid van die wêreld voorsien het.

> En die Here sê: Ek sal die mens wat ek geskape het, van die aarde verdelg, die mens sowel as die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou my dat ek hulle gemaak het."

Op hierdie punt is dit nodig dat tussen boosheid en sonde onderskei word. Artikels 14 en 16 van die NGB verwys na die ongehoorsaamheid van Adam as die ontstaan van sonde. In Genesis 6:5-7 word na die mens se boosheid verwys en nie na sonde nie. Dit is die Belydenisskrifte wat Adam se ongehoorsaamheid sonde maak. Om hierdie rede word die boosheid waarna Genesis 6:5-7 verwys, vir die doeleindes van hierdie paragraaf, as sinoniem met sonde beskou.

In Genesis 6:7 besluit God om mens en dier op aarde te verdelg om 'n einde aan sonde te bring. In verse 8 en verder verander God sy voorneme en besluit Hy om vir Noag en sy gesin te spaar. Die res is Bybelgeskiedenis. God se besluit was 'n fout – mits dit sy erns was om deur middel van die sondvloed van sonde ontslae te raak. In hierdie verband word teruggegaan na artikel 1 van die NGB wat God onder andere as volkome wys beskryf.

Deur die heelal uit niks uit nie te geskep het, het God reeds bewys dat hy almagtig is. Dit is 'n gegewe. Deur vir Noag te spaar, het God bewys dat hy nie volkome wys is nie, omdat die sonde onmiddellik na die sondvloed voortgegaan het soos vantevore, asof die sondvloed nie gebeur het nie. Indien dit egter aanvaar word dat God wel volkome wys is, volg dit dat Hy in sy wysheid vir Noag en sy gesin gespaar het, welwetende dat hulle daarna met hulle sondige weë sou volhou. Omdat God die toekoms kan sien, moes Hy geweet het wat ná die sondvloed sou gebeur. Die vraag ontstaan hieruit of God werklik 'n einde aan die sonde wou bring. Ek dink nie so nie en verduidelik dit aan die hand van Geloofsbelydenis van Athanasius.

Volgens artikel 29 van die Geloofsbelydenis van Athanasius was Christus 'n God uit die substansie van die Vader, voor alle tye verwek, en was Christus 'n mens uit die substansie van sy moeder, in tyd gebore. Hiervolgens het God reeds voor alle tye (dit wil sê voor die skepping 13,700 miljoen jaar gelede) vir

Christus verwek met die doel dat hy in vandag se tyd (ongeveer 2,000 jaar gelede) in die liggaam van Maria gebore kon word sodat hy dertig jaar daarná vir die mensdom se erfsonde aan die kruis kon sterf. In hierdie voor-skepping niksheid het God ook besluit watter van die mense wat in die toekoms gebore sal word, Hy sal uitverkies om deur Christus se kruisdood gered te word. God se langtermynbeplanning vir die mensdom was die koms van Christus. God se langtermynbeplanning was van die begin af dat Christus geïnkarneer word om vir die mensdom se sonde aan die kruis te sterf. Waarom anders sou God die sonde toegelaat het en vir Christus reeds voor die skepping verwek het. Hieruit kan afgelei word dat dit nooit God se bedoeling was om ’n einde aan die sonde te bring nie. Dit het nie by God se langtermynbeplanning vir die mensdom ingepas nie. Volgens die Belydenisskrifte is daar ’n begin en ’n einde aan die mensdom se bestaan op aarde. Dit begin by die skepping en eindig met die oordeelsdag. Tussen hierdie (deur God vasgestelde) twee pole bestuur God, aldus die Belydenisskrifte, alles behalwe die sonde. Hierdie bestuur is direk (‘hands on’) omdat niks sonder God se Wil kan gebeur nie.

5.2.5 GOD IS VIR DIE ERFSONDE VERANTWOORDELIK

Artikel 1 van die NGB beskryf God as goed. Artikel 13 van die NGB leer dat God nie die bewerker van sondes is nie, en dra Hy ook nie skuld daarvoor nie. Omdat die Belydenisskrifte vir God reeds as goed en almagtig definieer het, skep die ontstaan van sonde ’n dilemma vir die Belydenisskrifte in die sin dat dit nie erken kan word dat ’n goeie God vir die ontstaan van sonde verantwoordelik gehou kan word nie. Die Belydenisskrifte ontsnap hierdie dilemma deur die blaam vir die ontstaan van sonde op ’n ander plek te gaan soek. Die Belydenisskrifte verkry die blaam vir die ontstaan van sonde in Genesis. Hiervolgens was Adam die oorsaak van die sonde.

In paragraaf 5.2.3 hierbo is verduidelik dat daar voor die sondeval nie sonde bestaan het nie en, omdat God almagtig is, Hy reeds voor die ontstaan van die sonde ’n idee van sonde gehad het. God het noodwendig reeds voor die skepping die sonde konseptualiseer. Die vraag wat hier aangespreek word, is of Adam, ná sy skepping maar voor die sondeval, ’n idee van die sonde kon

gehad het asook of hy van die gevolge van sy potensiële ongehoorsaamheid (die sondeval) bewus was. Dit is nodig dat artikel 14 van die NGB hier opgesom word om die bespreking te vergemaklik.

- Toe God vir Adam geskep het, het God vir Adam volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, dit wil sê, goed, regverdig en heilig, sodat sy wil in alles met die wil van God ooreenstem.
- Adam het dit egter nie verstaan en sy uitnemendheid nie besef nie.
- Adam het, deur na die woord van die duiwel te luister, hom willens en wetens aan die sonde, en daarmee aan die dood en vervloeking, onderwerp.
- Adam het die gebod van die lewe wat hy ontvang het, oortree en homself deur die sonde losgeskeur van God, wat sy ware lewe was. So het hy sy hele natuur verderf en daarmee die liggaamlike en geestelike dood verdien.

Volgens artikel 14 van die NGB het God vir Adam volgens sy beeld en gelykenis geskep sodat hy in alles met God ooreenstem. Hiervolgens moes Adam ’n idee van die sonde gehad het asook wat die gevolge van sy potensiële ongehoorsaamheid sou wees. Dit beteken dat Adam, as God se ewebeeld van goed, regverdig en heilig, die erfsonde oor die mensdom gebring het. Vir die Belydenisskrifte is dit onaanvaarbaar dat Adam, omdat hy net so goed, regverdig en heilig soos God was, vir die sonde verantwoordelik kon wees. Daarom hou artikel 14 voor dat Adam dit nie verstaan en sy uitnemendheid nie besef het nie. Met ander woorde, Adam was in alle opsigte aan God gelyk maar met die een uitsondering, naamlik dat Adam dit nie verstaan en besef het nie. Omdat hy dit nie verstaan en besef het nie, het Adam, deur na die woord van die duiwel te luister, die erfsonde oor die mensdom gebring. Myns insiens het Adam dit nie willens en wetens gedoen nie, maar uit onkunde. Dit is duidelik dat God vir Adam ’n lokval gestel het deur vir hom in die duister te hou oor die gevolge van sy ongehoorsaamheid. God het nie vir Adam meegedeel dat sy ongehoorsaamheid die erfsonde tot gevolg sal hê nie. Indien God vir Adam ten volle ingelig het, is die kans dat Adam (as God se heilige ewebeeld) nie ongehoorsaam sou gewees het nie. God, indien

Hy goed was en indien Hy die erfsonde wou verhoed het, sou vir Adam ten volle ingelig het. Al wat God vir Adam laat verstaan het, was dat sy ongehoorsaamheid tot die dood sou lei[68]. Omdat God almagtig is, en omdat God willens en wetens vir Adam toegelaat het om na die duiwel te luister (omdat Hy vir Adam in ’n lokval wou inlei, of vir watter redes ook al) beteken dit dat God deels vir die ontstaan van die erfsonde aandadig was. Adam kan daarom nie alleen hiervoor die blaam dra nie. Adam het sy daad om na die duiwel te luister, met die passiewe toelating van ’n almagtige God, gepleeg. Dit volg dat God ten minste deels vir die sonde verantwoordelik gehou moet word. Dit bevestig dat God nie goed kan wees nie. Dit plaas Adam se skepping binne die langtermynplan van God, naamlik dat Christus reeds voor die skepping verwek is met die doel dat Hy aan die kruis sterf sal vir die vergewing van die mensdom se sonde wat deur Adam veroorsaak is.

5.2.6 TEENSTRYDIGE AARD VAN DIE NGK SE GELOOFSLEER

Een van die vraagstukke in die filosofie van religie is die sogenaamde vraagstuk van boosheid (‘the problem of evil’). Dit is so oud soos die filosofie self. Volgens Phillips (2013:28) word die volgende aan Epicurus (341-270VGE) toegereken:

> “Is god willing to prevent evil but not able? Then he is not omnipotent.
> Is he able but not willing? Then he is malevolent.
> Is he both able and willing? Then whence cometh evil?
> Is he neither able nor willing? Then why call him god?”

Hume (2008:103) sluit soos volg by Epicurus aan:

> “Why is there any misery at all in the world? Not by chance surely. From some cause then. Is it from the intention of a Deity? But he is perfectly benevolent. Is it contrary to his intention? But he is almighty. Nothing can shake the solidity of this reasoning, so short, so clear, so decisive; …”

[68] Genesis 3 behandel die sondeval soos volg: “En die vrou antwoord die slang: Van al die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.”

Beide Epicurus en Hume gebruik hulle argumente wat hierbo aangehaal is, om die teenstrydigheid uit te wys indien dit voorgehou word dat God beide goed en almagtig is. Hierdie argumente is van toepassing op artikel 1 van die NGB wat God as almagtig sowel as goed beskryf.

Die outeurs van die NGB moes bewus gewees het van die probleem van die teenstrydigheid van die attribute van almagtig en goed wat artikel 1 van die NGB aan God toeskryf[69]. In plaas van om rasionele argumente met rasionele teenargumente te beantwoord, systap die outeurs van die NGB dit met die tweede paragraaf van artikel 13 van die NGB wat soos volg leer:

- God is nie die bewerker van die sondes wat gedoen word nie en dra Hy ook nie skuld daarvoor nie. Sy mag en goedheid is so groot en onbegryplik dat Hy sy werk baie goed en regverdig beskik en uitvoer.
- Mens moet nie verder as wat jy kan verstaan, nuuskierig ondersoek instel na dinge wat God bo die vermoë van die menslike verstand doen nie.
- Mens moet die oordele van God wat vir die mens verborge is, aanvaar.

Artikel 13 van die NGB spreek nie die argument aan dat die attribute van almagtig en goed wat artikel 1 van die NGB aan God toeskryf, teenstrydig en onversoenbaar is nie. In plaas daarvan om die argument aan te spreek, hou artikel 13 voor dat God inderdaad terselfdertyd almagtig en goed is, maar dat mens nie hierdie teenstrydigheid en onversoenbaarheid kan verstaan nie omdat God onbegryplik is. Wat meer is, God se onbegryplikheid is bo die vermoë van die menslike verstand en om hierdie rede moet die mens nie nuuskierige ondersoek na God se onbegryplikheid instel nie.

Die attribute wat artikel 1 van die NGB aan God toeskryf (met die uitsondering van onbegryplik) dui daarop dat die opstellers van die Belydenisskrifte voorhou dat hulle presies begryp het wat God is, naamlik ewig, onsienlik, onveranderlik,

[69] Ek aanvaar dat Epicurus se argumente (of soortgelyke argumente) aan die opstellers van die Belydenisskrifte in 1619 bekend was.

oneindig, almagtig, wys, regverdig, en goed. Verder hou die Belydenisskrifte voor dat dit die korrekte vertolking van die Wil van God is. Die Belydenisskrifte kan nie voorhou dat dit begryp wat God is, deur duidelik omskryfde en verstaanbare attribute aan God toe te skryf, asook dat dit (die Belydenisskrifte) die korrekte vertolking van die Wil van God is, en dan terselfdertyd voorhou dat God onbegryplik is nie. Indien God onbegryplik is, ontstaan die vraag hoe die Belydenisskrifopstellers in die eerste plek begryp het dat God ewig, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig en goed is, soveel so, dat die Belydenisskrifte aan lidmate die versekering gee dat dit (die Belydenisskrifte) die ware en volkome leer van die verlossing (’n ewige lewe na die dood) is. Op hierdie punt moet dit in gedagte gehou word dat die Belydenisskrifopstellers in die eerste plek nie daarin geslaag het om die bestaan van God te bewys nie. Dit is in Hoofstuk 4 (paragraaf 4.3.1 behandel). Ongeag hiervan skryf die Belydenisskrifopstellers spesifieke attribute aan God toe.

Ayer (1952:118) argumenteer, tereg, teen teïste wat voorhou dat God ’n misterie is wat menslike verstaan transendeer. Om te sê dat iets die mens se verstaan transendeer, is dieselfde as om te sê dat dit onbegryplik is. Iets wat onbegryplik is, kan nie beskryf word nie. Daarom kan ’n onbegryplike God nie beskryf word nie. Vir die doeleindes van argument word aanvaar dat God die skepper van die heelal is, asook dat Hy onbegryplik is. Die feit dat God onbegryplik is beteken *ipso facto* dat daar niks meer van God geweet kan word nie behalwe dat Hy die skepper van die heelal is en dat Hy onbegryplik is. Deur die attribuut van onbegryplik aan God toe te skryf, diskwalifiseer die Belydenisskrifte dit self om enige verdere attribute aan God toe te skryf. Artikel 1 van die NGB is spesifiek – daarin word dit gestel dat God <u>is</u> ewig, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, wys, regverdig, en goed.

Die Belydenisskrifte se ontduiking om op die teenstrydigheid en onversoenbaarheid van die attribute van almagtig en goed te antwoord, dui daarop dat die attribuut, onbegryplik, wat aan God toegeskryf word, inderwaarheid ’n teologiese ontsnapklousule is. Dit is ’n ontsnapklousule wat die opstellers van die Belydenisskrifte gebruik wanneer hulle eie mens-uitgedinkte

dogma (nie God s'n nie) onlogies en/of irrasioneel en/of intern teenstrydig en/of onverklaarbaar word, en dit nie verder deur hulle (die opstellers) verduidelik kan word nie. In hierdie gevalle besmeek hulle God se onbegryplikheid. Wat die opstellers in effek doen is om God as 'n sondebok te gebruik waarop hulle, hulle eie onlogiese, irrasionele, teenstrydige en onverklaarbare dogma pak waarna hulle die sondebok (God se onbegryplikheid) die woestyn instuur om hulle self (nie God nie) teen bevraagtekening te verskans.

Die onbegryplikheidtegniek is nie tot die NGK beperk nie maar is vir eeue reeds deel van die Christelike kerk (se teokrate) se mondering om hulle mensgemaakte dogma teen rasionele bevraagtekening te beskerm. Dit is juis die bevraagtekening hiervan wat 'n rasioneel denkende gedeelte van die Christelike mensdom in staat gestel het om, deur rede, vanuit die Middeleeuse houvas wat die Christelike kerk (se teokrate) op die denke van mense gehad het, weg te breek.

Artikel 13 van die NGB moet saamgelees word met artikels 12 en 14 van die DLR. Artikel 12 leer dat mense nie die versekering van hulle uitverkiesing sal ontvang as hulle nuuskierig die verborgenhede en dieptes van God probeer deursoek nie. Artikel 14 leer dat die uitverkiesingsleer oordeelkundig, met gelowige eerbied en heilige ontsag, sonder nuuskierige ondersoek na die weë van die Allerhoogste, verkondig moet word. Voormelde artikels het net een doel voor oë, en dit is om vir lidmate te ontmoedig om te dink sodat hulle die Belydenisskrifte (wat deur mense – nie God nie – opgestel is) onbevraagteken en klakkeloos aanvaar[70]. Dit kan met Calvyn en die uitverkiesingsleer illustreer word. Calvyn het die Bybel vertolk dat God reeds voor die skepping 'n sekere getal mens uitverkies het om gered te word. Dit is vervat in die DLR. Die oorgrote meerderheid van die Christendom het nie met hierdie vertolking van die Bybel saamgestem nie. Daarom skryf artikel 13 van die NGB en artikels 12 en 14 van die DLR aan lidmate voor dat hulle nie nuuskierig die verborgenhede en dieptes van God moet deursoek nie. Dit is nie God se verborgenhede en

[70] In my gesprekke met NGK lidmate sedert ek met die verhandeling begin het, was dit opvallend hoeveel van hulle hierdie Belydenisskrifvoorskrifte aanvaar sonder om dit te bevraagteken. Dit is asof hulle vrees dat hulle 'n sonde doen indien hulle dit sou bevraagteken.

dieptes wat hier beskerm word nie. Dit beskerm vir Calvyn as die vertolker van die Bybel met betrekking tot die uitverkiesingsleer.

Volgende word die teenstrydige en onsamehangende aard van die NGK se Kerkleer oor God se liefde en regverdigheid behandel. Vir die doeleindes van hierdie bespreking word die leer van artikel 1 van die NGB dat God barmhartig en regverdig is, saamgevoeg met die NGK se leer dat God liefde is. Die NGK se *Geloofsverklaring 2000* waarna in Hoofstuk Vier (paragraaf 4.4.2.3) verwys is, leer onder andere soos volg:

> "Vierde verklaring: ... om die nuus dat God almal liefhet en dat Jesus Christus ons Redder is, aan een en almal te vertel. ...
> Twintigste verklaring:
> - Dat God liefde is.
> - Dat die bewys van God se liefde vir ons Jesus Christus is.
> - Dat die krag van God se liefde uiteindelik die wêreld sal oorwin."

Volgens artikel 7 van die DLR het God reeds voor die skepping besluit watter mense hy na die skepping tot en met oordeelsdag gaan skep (laat gebore word). God het ook besluit watter van hierdie mense Hy gaan uitverkies om gered te word. Geen mens het 'n seggenskap in God se uitverkiesingsbesluit gehad nie. Tewens, hulle kon nie want hulle was nog nie gebore nie.

Volgens artikel 16 van die NGB is God:

- Barmhartig, omdat Hy daardie mense wie Hy reeds voor die skepping uitverkies het, uit die verderf trek en verlos.
- Regverdig, omdat Hy die ander mense in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulself gewerp het.

Waarom dit enigsins vir God nodig is om die uitverkorenes uit die verderf te trek en te verlos as Hy hulle reeds uitverkies het, maak nie sin nie. Wat nog minder sin maak, is dat artikel 16 so ver gaan om God as regverdig te beskou omdat Hy daardie mense wie Hy vir sy eie subjektiewe redes nie voor die skepping uitverkies het nie, in hulle val en verderf laat bly, waarin hulle hulleself gewerp het. Ook dít maak nie sin nie omdat hulle nie hulself in die verderf gewerp het nie – God het reeds voor die skepping besluit om hulle nie uit te verkies nie. Hierdeur het God self vir hulle in die verderf gewerp en dít 13,700

miljoen jaar voordat hulle gebore is. Die NGB se gebruik van die begrippe regverdig en barmhartig druis in teen die gewone verstaan van hierdie begrippe en maak onsin[71] van die begrip regverdig. Dit maak ook onsin van spesifiek die Belydenisskrifgod (as hy sou bestaan) omdat hierdie uitverkiesings-God die onregverdigste en liefdelooste wese is wat ek my kan indink.

Die Belydenisskrifte se uitverkiesingsleer, soos omskryf in die DLR, druis teen *Geloofsverklaring 2000* se liefdevolle God in. Myns insiens is *Geloofsverklaring 2000* 'n wanvoorstelling deur die NGK. Terwyl die NGK die DLR as een van sy Belydenisskrifte het, kan die NGK nie 'n opregte stelling oor God se liefde maak nie. Indien die NGK eerlik is, moet *Geloofsverklaring 2000* wat hierbo aangehaal is soos volg lui met die onderstreepte woorde as invoegings:

> "Vierde verklaring: ... om die nuus dat God almal liefhet en dat Jesus Christus ons Redder is, aan een en almal te vertel, met dien verstande dat God se liefde beperk is tot slegs daardie mense wie Hy reeds voor die skepping uitverkies het en dat Hy slegs die Redder van hierdie mense is. ..."

Die taalgebruik hierbo van die Belydenisskrifte en die NGK staan bekend as teologiese taal. Dit word hierna behandel. Taal maak rasionele denke moontlik. Taal is daarom 'n noodsaaklike instrument waardeur oor die waarheid al dan nie van proposisies besin kan word. Ongelukkig het taal as 'n kommunikasiesmiddel inherente gebreke. Ongeag hiervan, behoort 'n epistemologiese sisteem altyd te poog om, sover as wat taal dit toelaat, presies en akkuraat met woorde en begrippe om te gaan. In hierdie verband wys Locke (1971:303-304), tereg, daarop dat dit noodsaaklik is dat morele begrippe gedefinieer word. Indien die deelnemers aan 'n dialoog nie dieselfde betekenis aan woorde en begrippe heg nie, is sinvolle dialoog nie moontlik nie. Die Belydenisskrifte en die NGK se hantering hierbo van die konsepte van almagtig, goed, regverdig, barmhartig en liefdevol ondersteun hierdie siening.

Nielsen (2010:425-426) verduidelik die probleem van teologiese taal deur te sê dat om vertroue in God te kan hê en om God te kan aanbid, 'n mens minstens iets van God moet kan weet wat jou in staat stel om te kan weet wie jy aanbid

[71] Die begrip 'onsin' is die antoniem van die begrip 'sin' en word daarom nie neerhalend bedoel nie.

en in wie jy vertroue het. Indien God so misterieus is dat ons God nie verstaan nie, kan ons beswaarlik in God glo, hom aanbid en vertrou.

Dit kan nie ontken word dat teoloë hulle teologiese denke in teologiese taal in hulle bewuste breins formuleer nie. In die praktyk moet die teoloë hulle teologiese denke na verstaanbare gewone taal omskakel ten einde dit aan gewone mense te kan kommunikeer. Indien dit nie gedoen word nie, is teologiese taal nie ’n kommunikasietaal nie, maar ’n nuttelose taal. Die NGK se teokrate moet in duidelik verstaanbare en ondubbelsinnige taal aan lidmate verduidelik wat die NGK se Geloofsleer behels – veral omdat die NGK voorhou dat sy Geloofsleer die ware en volkome leer van die verlossing is. Lidmate moet die NGK se Geloofsleer verstaan ten einde hulle geloof hiervolgens te kan inrig.

Hierbo is argumenteer dat die Belydenisskrifte se gebruik van die konsep van God se onbegryplikheid inderwaarheid ’n teologiese ontsnapklousule is. My standpunt wat hierby aansluit, is dat teologiese taal dieselfde ten doel het, naamlik om onlogiese en/of irrasionele en/of intern teenstrydige en/of onverklaarbare teologiese dogma te verdoesel eerder as om dit op te klaar.

5.3 ANALISE VAN DIE NGK SE KERKLEER OOR DIE ONTSTAAN VAN DIE MENS: 1927 TOT 2018

Sedert Augustinus 1,500 jaar gelede, fundeer die Christendom die leerstelling van die erfsonde op ’n Adam wat bestaan het. Dit is in Hoofstuk Twee (paragraaf 2.2) behandel. Die NGK se Belydenisskrifte doen dieselfde. Indien evolusie as ’n verduideliking vir die oorsprong van die mens aanvaar word, beteken dit dat Adam nie 4000VGE eenmalig deur God geskep is nie en verval die Belydenisskrifleer oor die erfsonde. In paragrawe 5.3.3 tot 5.3.5 hieronder word verduidelik hoe die NGK vanaf 1927 tot in 2009 evolusie ontken omdat dit teenstrydig met die Genesis skeppingverklaring is. In geen van die NGK se publikasies wat in die verhandeling aangehaal is, bring die NGK evolusie met die erfsonde in verband nie. Voordat die NGK se Kerkleer oor die ontstaan van die mens sedert 1927 behandel word, word die Genesis skeppingsverklaring

teenoor evolusie beoordeel en word die datum van die skepping van Adam bereken.

5.3.1 DIE GENESIS SKEPPING VAN ADAM TEENOOR DIE EVOLUSIONÊRE OORSPRONG VAN DIE MENS

In hierdie paragraaf word die Genesis skepping van Adam en Eva teenoor die evolusionêre oorsprong van die mens gestel en evalueer. Die twee standpunte word as (a) en (b) genommer om die bespreking daarvan te vergemaklik.

(a) Volgens Genesis 1:27 het God die man en vrou op die sesde skeppingsdag geskape. In paragraaf 5.3.2 hieronder word verduidelik dat die datum van hierdie skepping ongeveer 4000VGE was. Volgens Genesis 2:7 het God vir Adam uit die stof van die aarde geskape, die asem van die lewe in hom geblaas en so aan hom ’n lewende siel gegee. Volgens Genesis 2:21-22 het God vir Adam in ’n diep slaap laat val waarna Hy vir Eva uit een van Adam se ribbebene gevorm het. Hierna volg satan in die vorm van ’n pratende slang en die sondeval. Hierdie is die Bybelse basis waarop die Belydenisskrifleer oor die erfsonde formuleer is, naamlik dat Adam eenmalig deur God as die eerste mens geskep is.

(b) In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.4) is die wetenskaplik geletterde wêreld se verduideliking oor die oorsprong van die mens behandel, naamlik dat die heelal ongeveer 13,700 miljoen jaar gelede ontstaan het. Die eerste lewende organisme op aarde het ongeveer 4,280 miljoen jaar gelede ontstaan. Deur ’n proses van biologiese evolusie (waaroor nog onduidelikhede bestaan) het die mens (*homo sapiens*) hulle self reeds sowat 100,000 jaar gelede in Afrika bevind waarna hulle vanaf sowat 50,000 jaar gelede uit Afrika oor die wêreld versprei het. Die mens het vanaf sowat 50,000 jaar gelede deur gesproke taal begin kommunikeer. Die mens het reeds sedert ongeveer 9500VGE landbougewasse begin verbou.

In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.3) is die beginsel aanvaar dat indien daar twyfel oor ’n wetenskaplike verduideliking bestaan, ’n epistemologiese uitspraak oor

die waarheid daarvan opgeskort moet word, eerder as om dit as die waarheid te aanvaar. Verder dat ’n wetenskaplike verduideliking ten minste op ’n oorwig van waarskynlikheid waar moet wees. Bogenoemde twee verklarings oor hoe die mens ontstaan het, moet teenoor mekaar opgeweeg word en ’n besluit moet geneem word oor watter een waar is. Reeds in Hoofstuk Drie (paragraaf 3.6.2) het ek tot die gevolgtrekking gekom dat dit vir ’n IDA epistemologies geregverdig is te glo dat (b) hierbo op ’n oorwig van waarskynlikheid waar is. Aangesien (a) en (b) nie beide waar kan wees nie, volg dit dat (a) nie vir ’n IDA waar kan wees nie. Die Belydenisskrifleer dat God vir Adam 4000VGE eenmalig as die eerste mens geskep het, het vir ’n IDA onwaar geword.

Hierna in die verhandeling word van die standpunt uitgegaan dat Adam nooit bestaan het nie.

5.3.2 BEREKENING VAN ADAM SE SKEPPINGSDATUM

In hierdie paragraaf word verduidelik hoe die datum van die skepping van Adam bereken is. Dit kan nie uit die Belydenisskrifte afgelei word of die Sinode van Dordrecht in 1619 geglo het dat die heelal binne ses dae geskep is nie. Calvyn (2011:90-91) het in 1559 (die publikasiedatum van die finale uitgawe van die *Institutes of Christian Religion*) ’n letterlike uitleg aan die Genesis skeppingsverhaal gegee, naamlik dat God die heelal in ses dae geskep het, en wel omtrent 6,000 jaar gelede, oftewel 4000VGE. Calvyn verwerp bewyse dat die aarde moontlik ouer as 6,000 jaar kan wees as ongegronde fabels (‘monstrous fables’). Calvyn (2011:38) verwerp ook, wat hy noem, die babbelsugtigheid (‘garrulity’) van diegene wat die Egiptiese geskiedenis wil terugneem tot voor die Bybelse verklaring dat die heelal 6,000 jaar gelede geskep was. Calvyn het geglo dat Moses, die outeur van Genesis, bestaan het en dat Moses, “... in truth was a messenger sent forth from God”. In Hoofstuk Vier (paragraaf 4.3.2.1) is verduidelik dat Moses waarskynlik nooit bestaan het nie maar dat hy ’n mitiese figuur in die Joodse kultuurgeskiedenis is.

Geen van die katkisasieboeke wat in die verhandeling gebruik word, gee ’n aanduiding van die datum van die skepping van die heelal nie. Dit het reeds

vroeg in die 20ste eeu duidelik geword dat die heelal miljoene jaar oud is en nie 6,000 jaar soos die kerkvaders aanvanklik gemeen het nie. Dit kom voor asof die NGK dit aanvaar het. Die 1927 katkisasieboek (Gerdener 1927:6-7), maak die volgende stellings met betrekking tot die skepping van die heelal sonder om ’n spesifieke datum daaraan te koppel:

> “In die eerste vers van ... [Genesis 1] ... lees ons: ‘In die begin het God die Hemel en die aarde geskape.’ Wanneer daardie ‘begin’ was, weet geen mens nie, maar dit weet ons dat die aarde nie altyd bestaan het nie, ook dat dit nie toevallig ontstaan het nie, maar deur die Almagtige God geskape is. ... In ses dae het daardie werk van die skepping plaasgevind, en dit hoef ons nie hier besig te hou of elke skeppingsdag presies uit 24 uur bestaan het nie. Die hoofsaak is *dat God dit geskape het* en by Hom is 1,000 jaar soos een dag!”

Hier erken Gerdener dat Genesis 1 nie letterlik vertolk moet word nie. Ongeag hiervan vertolk Gerdener Genesis 2 en 3, wat betref Adam se skepping en die gebeure rondom die erfsonde, letterlik. Dit sluit in dat satan, in die vorm van ’n pratende slang, met Eva kommunikeer het. Gerdener gaan verder deur aan katkisante voor te hou dat Adam en Eva in die tuin van Eden wat op die hooglande van die teenswoordige Armenië geleë was, gewoon het.

Die Belydenisskrifte koppel nie ’n spesifieke datum aan die skepping van Adam nie. Volgens artikel 3 van die NGB (Goddelike openbaringsleer) het God die presiese inligting oor die genealogie vanaf Adam tot en met Christus in die Bybelboeke Genesis en Lukas, synde God se heilige en onfeilbare Woord, in die fynste besonderhede aan die mensdom openbaar. Deur van hierdie openbaring, naamlik Genesis 5 (genealogie van Adam tot Noag), Genesis 10 (genealogie van Noag tot Sem) en Genesis 11 (genealogie van Sem tot Abraham), saamgelees met Lukas 3:23-38[72], gebruik te maak, kan dit bereken word dat Adam ongeveer 4000VGE geskep is.

Die datum van ongeveer 4000VG kom ooreen met die Judaïsme se berekening van die skeppingsdatum. Die Judaïsme aanvaar die Rabbynse berekening van die skeppingdatum (soos dit in Genesis uiteengesit word) as 3761VGE. Vanjaar (2019) word die 5,780ste Joodse Nuwejaar gevier. Die Judaïsme (met die uitsondering van Joodse fundamentaliste) sien hierdie datum nie as die

[72] Lukas 3:23-38 werk die geslagregister van Jesus Christus terug tot by Adam.

fisiese datum van die skepping nie, maar as die simboliese begin van die Jode se verhouding met God.

In Hoofstuk Drie (paragrawe 3.4 en 3.6.2) is motiveer dat dit vir ’n IDA epistemologies geregverdig is om te glo dat dit waar is dat die heelal ongeveer 13,700 miljoen jaar gelede ontstaan het en daar reeds vir ten minste 40,000 jaar mense op aarde bestaan. Dit spreek vanself dat indien daar reeds vóór 4000VGE mense bestaan het, Adam nie 4000VGE eenmalig as die eerste mens deur God geskep kon gewees het nie. Die voormalige Moderator van die NGK, Johan Heyns (1992:175-176) het hierdie probleem raakgesien en het hy homself soos volg daaroor uitgelaat:

> “Vir die Bybel bestaan daar ’n eerste mens, deur God na sy beeld en gelykenis geskep, en met hierdie eerste mens, Adam, word Christus in verband gebring en vergelyk (Rom. 5:12; vgl. 1 Kor. 15:20 e.v.). Of daar mense voor Adam en Eva was en of daar ook mense behalwe hulle was, en of Adam en Eva presies soos ons vandag gelyk het, is vrae wat nie beantwoord kan word nie. Die bedoeling en gerigtheid van die Genesis-verhale is van so ’n aard dat dit nie informasie verskaf om sulke wetenskaplike vrae te kan beantwoord nie.
>
> Die Bybel is nie ’n wetenskaplike handboek nie, maar wil met sy basiese religieuse instelling die mens allereers skilder as wese wat vir sy bestaan en voortbestaan van God afhanklik is. Die Bybel wil aandui dat hy goed en na God se ewebeeld geskep is; dat die eerste mens ’n korporatiewe persoonlikheid was, dit wil sê as die hoof van die menslike geslag, ook verteenwoordiger van die ganse menslikheid; dat die mens ’n deur die Woord van God aangesproke wese is en dat hy kan leef enkel en alleen wanneer en solank as wat hy aan die Woord gehoorsaam is. Maar dit het nie gebeur nie. Die mens het nie na God se Woord geluister nie, maar na dié van die duiwel, en daarmee homself in die sonde gedompel.”

Volgens Heyns was Adam nie waarlik ’n historiese mens nie maar ’n korporatiewe persoonlikheid (dit wil sê ’n metaforiese mens). Hierdie metaforiese korporatiewe persoonlikheid het nie na God se werklike Woord geluister nie. God se werklike Woord kan net wees dat hy nie van die boom van die lewe mag eet nie omdat die Bybel, synde die Woord van God, nog nie ten tye van Adam bestaan het nie. Volgens Heyns het Adam, synde ’n metaforiese korporatiewe persoonlikheid, na ’n werklike duiwel geluister, en daarmee homself in werklike strafbare sonde gedompel. Heyns se verduideliking word verwerp op grond daarvan dat ’n metaforiese mens nie werklik aan God ongehoorsaam kon gewees het nie en daarom nie vir werklike sonde verantwoordelik kon gewees het nie. Met sy opvatting van Adam as ’n korporatiewe persoonlikheid, repudieer Heyns vir Augustinus, Aquinas, Calvyn,

die 1619 Belydenisskrifte en die NGK se katkisasieboeke se leer dat Adam waarlik ’n historiese mens was. Heyns repudieer ook al die Bybelboeke wat na Adam as ’n mens verwys wat bestaan het. Hierdie Bybelboeke word in Hoofstuk Sewe (paragraaf 7.5) gelys. Toe Paulus in Romeine en 1 Korintiërs na Adam verwys het, het hy nie na Adam as Heyns se sogenaamde korporatiewe persoonlikheid verwys nie, maar na ’n historiese mens wat bestaan het. Christus se verwysing na Adam en Eva in Mattheus 19:4 en in Markus 10:6 is ’n verwysing na Adam en Eva as mense wat werklik bestaan het. Heyns se weerspreking van die Belydenisskrifleer oor Adam as ’n mens wat bestaan het, ondersteun my standpunt dat die Belydenisskrifte onwaar en verouderd geword het om na Adam as ’n mens te verwys wat bestaan het.

Dit is slegs in teologiese taal wat ’n metafoor (Adam) ’n werklike gevolg (die erfsonde) kan hê. In hierdie verband is dit nodig om na Heyns (1992:29) se definisie van teologiese taal te verwys, naamlik:

> “... teologiese taal word ook wêreldtransendent. Daarom kan teologiese taal op verskillende maniere omskrywe word, as diepte-taal, verwysende taal, dubbelsinnige taal, kontrastaal, verbeeldende taal (My onderstreping)”.

In paragraaf 5.2.6 hierbo is die kwessie van teologiese taal behandel en dat daar nie ’n sinvolle gesprek met iemand gevoer kan word wat dubbelsinnige taal gebruik nie. Heyns se argumente hierbo is ’n voorbeeld van dubbelsinnige teologiese taal.

Hierna word uiteengesit hoe die NGK sy Belydenisskrifleer oor die ontstaan van die mens sedert 1927 verduidelik het.

5.3.3 KATKISASIEBOEK (1927)

Die 1927 katkisasieboek, *Handboek by die katkisasie* (Gerdener 1927:6-7), leer soos volg met betrekking tot die skepping van die mens:

> “Hieroor kan ons lees in GEN. 1: 26-31 en 2: 7, 21,22. Daar vind ons dat die mens die kroon was op die skeppingswerk, en in meer as een opsig was sy skepping anders as die van die dier. “Laat ons mense maak,” so klink die magwoord in GEN. 1:26. Vader seun en Heilige Gees tree hier openlik op die toneel en die mens word geskape na die beeld en gelykenis van God. ... Hierdeur verkry die mens verwantskap met die

> allerhoogste, en al sien sommige ook nog soveel ooreenkoms tussen die stoflike deel van die mens en die geraamte van aapsoorte, bly dit altyd vasstaan dat die mens, kragtens sy skepping na die beeld van God 'n hoër natuur besit, wat hom 'n 'weinig minder as die engele' maak (PSALM 8:6). Die beskouing dat die mens van die ape afstam, is 'n blote bewering, wat van alle grond ontbloot is."

Wat betref die sondeval, maak Gerdener (1927:7-8) dit duidelik dat Eva uit een van Adam se ribbebene gemaak is en dat Adam, Eva en Satan (laasgenoemde in die vorm van 'n pratende slang) wesens was wat in werklikheid bestaan het en dat die sondeval 'n ware historiese gebeurtenis was.

5.3.4 KATKISASIEBOEK (1969)

Die 1969 katkisasieboek, *Die katkisasieboek* (Malan 1969:20), spel die oorsprong van die mens soos volg uit: "Die Bybel alleen verduidelik aan ons wat die oorsprong van die wêreld en die mense is, en wat hulle eindbestemming is."

Malan (1969:340-341) verwerp die biologiese evolusie van die mens op sterkte van die Belydenisskrifte se letterlike uitleg van die Bybel. Dit is 'n omvattende uiteensetting en slegs die belangrikste argumente word behandel.

- Alles is geskape: Die aarde en alles daarop is in die begin deur God geskape. Lewende wesens is dus geskape en het nie uit laere lewensvorms ontwikkel nie. Elke ding is geskape na sy aard, volgens hul soort. Dit het geskied kragtens 'n besondere magsdaad van God en nie as die vrug van ontwikkeling nie.
- Die mens is geskape op 'n besondere wyse, naamlik na God se beeld. Die skepping van Eva was volmaak. Eva word uit Adam geskape deur die almag van God, dit wil sê, uit 'n deel van die man. Sy het nie uit laere diere ontwikkel nie en ook nie uit Adam ontwikkel nie, want hy het geslaap.
- Die werk van God was volmaak afgehandel.

Malan 1969:341) sluit met die volgende woorde af:

> "*Slot*: Die evolusieleer is dus onskriftuurlik en met Gods Woord onversoenbaar. Die gelowige buig kinderlik sy hoof en aanvaar Gods Woord as die waarheid (Joh. 17:17)

> deur *die geloof*, wat ons *vaste bewys* is van die dinge wat ons nie sien of gesien het nie Hebr. 11:1, 3). Die evolusieleer het *geen bewysgronde* nie (My onderstreping)."

Wat betref die sondeval, maak Malan (1969:25) dit duidelik dat Adam, Eva en 'n pratende slang (satan) wesens was wat in werklikheid bestaan het.

5.3.5 KATKISASIEBOEK (2009)

Die 2009 katkisasieboek, *Geloof wat rêrig is* (Heyns et al 2009:158), verwys spesifiek na artikels 12 tot 17 van die NGB en verduidelik dat hierdie artikels die skepping, voorsienigheid, sondeval en verlossing beskryf. Hiervolgens was Adam 'n mens wat inderdaad deur God geskep is. Heyns et al (2009:14) verwerp evolusie van die mens soos volg:

> "… Tog is daar mense wat nie glo dat God alles geskape het nie. Die evolusieteorie van Darwin in die laat 19de eeu het vir hierdie mense 'n wetenskaplike antwoord probeer gee. In die algemeen word Darwin se teorie nie meer deur wetenskaplikes as betroubaar en waarskynlik aanvaar nie. ..."

En verder:

> "Vir baie wetenskaplikes raak dit al hoe duideliker dat daar in die skepping 'n verborge 'plan' is, wat 'n afleiding noodsaak dat 'n 'gedagte' agter alles sit. Presies hoe alles tot stand gekom het, weet ons nie omdat die Bybel nie 'n wetenskaphandboek is nie, maar dit getuig wel op baie bladsye dat God alles gemaak het. As jy meer wil lees oor ons belydenis dat God die Vader ons Skepper en Onderhouer is, kan jy Vraag en Antwoord 26-28 van die Heidelbergse Kategismus agter in hierdie boek lees."

5.3.6 NGK SE MODERAMEN (2010)

In Hoofstuk Een (paragraaf 1.2.1) is verwys na 'n persvrystelling wat die NGK in 2010 uitgereik het. Die beperkte omvang van die verhandeling verhoed my om volledige kommentaar op al die stellings van die persvrystellingmaak, te lewer. Die Moderamen se 2010 persvrystelling se paragrawe is nie genommer nie. Ten einde verwysing na die onderskeie paragrawe te vergemaklik, is dit genommer. My kommentaar word aan die einde van elke paragraaf gelewer. Hier volg die persvrystelling en my kommentaar:

> "Na aanleiding van mediaberigte en internet-gesprekke, waaraan die verhouding tussen die kerk en wetenskap onderliggend is (en waarby Prof Piet Strauss betrek word) wil die Algemene Sinode se Moderamen (dagbestuur van die Sinode) graag die

jongste standpunt van hierdie vergadering oor hierdie saak, soos wat dit in Junie 2009 geneem het, stel:"

[a] "Die vraag oor die aard van die verhouding tussen kerk en wetenskap speel van tyd tot tyd onderliggend 'n bepalende rol in die lewens van ons lidmate, waar hulle hulself ook al bevind in die diverse sektore van ons samelewing. Dit is dan dat standpunte en argumente oor onderwerpe soos die **evolusie** (teorieë oor die ontstaan van die mens), die **oerknal** (teorieë oor die ontstaan van die skepping), en ander sake soos die invloed van gebed op (byvoorbeeld) reën, klimaatsverandering en dies meer, dikwels tot onverkwiklike gesprekke lei."

Kommentaar: Myns insiens lê die oorsaak van die onverkwiklike gesprekke daarin dat sommige van die NGK se lidmate (en leraars) nie meer die NGK se 1619 Belydenisskrifte oor die skepping aanvaar nie en dat hulle na die realiteite van een-en-twintigste eeu wil aanbeweeg.

[d] "As sodanig ondersteun of onderskryf die kerk nie noodwendig bepaalde wetenskaplike teorieë nie – is hy trouens nie bevoeg om daaroor enige gesaghebbende uitspraak te maak nie. Ons beskou dan ook nie die Bybel as 'n handboek wat vir ons allerlei wetenskaplike uitsprake maak wat buite hierdie bundel geskrifte se historiese kennis lê nie. Juis omdat ons respek het vir die teks van die Bybelse geskrifte, het ons respek vir die historiese konteks waarbinne hulle ontstaan het."

Kommentaar: Ek stem nie hiermee saam nie. Ten tye van die indien van die verhandeling het die Belydenisskrifte steeds die Belydenis-grondslag van die NGK gevorm. Kragtens hierdie Belydenisskrifte is die Genesis skeppingsverklaring, wat op 'n letterlike uitleg van Genesis berus, steeds die NGK se amptelike verklaring vir die ontstaan van die heelal en van die mens. Wat betref die stelling dat die Bybel nie 'n handboek is wat wetenskaplike uitsprake maak nie, moet daarop gewys word dat, sedert 1927, die NGK die Bybel as 'n hoër gesag gebruik het juis om wetenskaplike verduidelikings as onwaar te verklaar.

[e] "Wat die kerk wel ondersteun en bely, is 'n bepaalde geloofsuitspraak, naamlik dat God die Skepper van die hemel en aarde (heelal/veelal) is. Wat is, het nie maar toevallig en spontaan gebeur nie. Oor hoedat hierdie skepping egter tot stand gekom het, asook die komplekse aard van al die wetmatighede waarbinne die proses van die skepping plaasgevind het en nog steeds ontwikkel en funksioneer, kan ons as gelowiges ons net verwonder, veral namate die verskillende wetenskaplike dissiplines verder aan ons ontvou."

Kommentaar: Hierdie paragraaf is die belangrikste verklaring oor evolusie wat die NGK sedert 1927 gemaak het. Alhoewel die Moderamen nie evolusie pertinent by die naam noem nie, en in die konteks van paragraaf [a] wat pertinent na **evolusie** verwys, kan die afleiding gemaak word dat die Moderamen in hierdie paragraaf [e] ook na **evolusie** verwys. Die Moderamen erken dat ’n proses van skepping plaasgevind het en dat die skepping nog steeds ontwikkel en funksioneer. Die NGK erken (verwonder hom) dat hierdie ontwikkeling deur verskillende wetenskaplike dissiplines duidelik gemaak (aan ons ontvou) word. Omdat die Moderamen nie ’n onomwonde verduideliking verstrek nie behalwe dat ’n proses van die skepping plaasgevind het en nog steeds ontwikkel en funksioneer, kan die afleiding gemaak word dat die Moderamen ’n tipe evolusionêre proses as ’n verklaring vir die oorsprong van die mens erken. Omdat hierdie ’n afleiding is, word verder hierna as die Moderamen se oënskynlike aanvaarding van evolusie verwys.

Die stelling dat, “... die kerk wel ondersteun en bely, is ’n bepaalde geloofsuitspraak, naamlik dat God die Skepper van die hemel en aarde (heelal/veelal) is”, is ’n ingrypende klemverskuiwing. Dit kom voor asof die Moderamen nou ’n tipe teïstiese houding inneem, naamlik solank as wat erken word dat God die skepper van die mens is (al is dit deur ’n proses van skepping, oftewel ’n evolusionêre proses), sal die Moderamen tevrede wees. Die bestaan van God, as die skepper, word nou vir die Moderamen ’n bepaalde geloofsuitspraak. Voorheen was dit kennis, wat deur geloof tot stand gekom het, dat dit waar is dat God die skepper van die heelal is.

[f] “Dit is daarom jammer dat daar dikwels vanuit beide die kerklike sowel as die wetenskaplike kontekste, uitsprake gemaak word wat dui op ’n onverkwiklike stryd tussen kerk en wetenskap, asof beide nie bepaalde uitdrukkings kan wees van God se onbeskryflike grootheid en mag nie.”

Kommentaar: In Hoofstuk Een (paragrawe 1.1 en 1.2.2) is verduidelik dat ek hierdie paragraaf [f] van die persvrystelling vertolk dat die

> Moderamen se suggestie, naamlik dat die kerk en wetenskap beide uitdrukkings van God se onbeskryflike grootheid en mag kan wees, beteken dat die kerk (naamlik die NGK se epistemologiese sisteem) en wetenskap (naamlik ’n sekulêre epistemologiese sisteem) kan medebestaan. In die konteks van die persvrystelling in sy geheel, aanvaar ek dat die Moderamen hierdie medebestaan voorstel. Die vraag of voormelde twee epistemologiese sisteme kan medebestaan word in Hoofstuk Ses behandel.
>
> [g] Die NG Kerk sal graag vanuit hierdie perspektief wil deel wees van die gesprek tussen kerk en wetenskap – en ons daardeur laat begelei in die hantering en beoordeling van sake wat met hierdie verhouding verband hou.”
>
> Kommentaar: Sover my kennis strek het die NGK nog nie sedert 2010 ’n gesprek met die wetenskap aangeknoop nie. Indien wel, het die NGK nog nie weer op sy webtuiste daaroor berig nie.

In Hoofstuk Een (paragraaf 1.2.1) is die stelling gemaak dat die Moderamen se persvrystelling vaag is en dat dit in hierdie Hoofstuk Vyf verder behandel sal word. Hierbo is illustreer dat die persvrystelling vaag is. Die Moderamen maak breë stellings om sy standpunt te motiveer – veral in paragraaf [e] van die persvrystelling. Die Moderamen maak dit nie duidelik of hy evolusie as ’n verduideliking vir die oorsprong van die mens aanvaar nie. Om hierdie rede word na die Moderamen se oënskynlike aanvaarding van evolusie verwys.

5.3.7 GELOOF WAT RÊRIG IS (2013)

Die 2013 katkisasieboek, *Geloof wat rêrig is* (Heyns et al 2013) is ’n handboek vir kategete. ’n Kategeet is die persoon wat die katkisante leiding gee in hulle verstaan van die betrokke katkisasieboek. Hierin vra Heyns et al (2013:38) die vraag of daar, “... in die lig van opgrawings en die wetenskap wat aandui dat die skepping miljoene jare oud is, ook op ander maniere gedink kan word oor die skepping en dan spesifiek oor die skeppingsverhale in die Bybel.” Heyns et al (2013) verduidelik dat die Bybel verskillende literatuursoorte bevat wat ’n mens verkeerd sal verstaan indien jy dit letterlik sou vertolk. Daarom kan die

ses dae in Genesis verstaan word dat God die heelal in ses langer tydperke geskep het. Heyns et al (2013) swyg op watter stadium van die ses langer tydperke van die skepping, Adam eenmalige deur God geskep is en dat hy toe, deur na satan te luister, vir die erfsonde verantwoordelik geword het. Heyns et al (2013) maak hierna die volgende stelling naamlik: “Ons as gelowiges aanvaar wel dat daar ontwikkeling of evolusie is. Maar ons wys die evolusionisme af omdat dit God as die skepper ontken.” Hierdie sin is onduidelik. Dit wil voorkom asof die NGK evolusie erken maar dit terselfdertyd ontken. Die rede vir die ontkenning is dat evolusionisme vir God as die skepper ontken. Wat belangrik is, is dat die NGK sedert 1927 evolusie op die gesag van die Bybel ontken het. Nou word evolusionisme ontken omdat dit God as die skepper ontken. Nie in een van die natuurwetenskaplike boeke wat ek al oor evolusie gelees het, word God as die skepper ontken nie. In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.4.3) is verduidelik dat die natuurwetenskappe erken dat dit nie die ontstaan van die eerste eensellige organisme miljoene jare gelede kan verklaar nie. Verder kan die vraag wat ’n biologiese organisme laat ‘lewe’, nog nie deur die wetenskappe beantwoord word nie. Ek weet nie waar Heyns et al (2013) die inligting verkry het om hulle stelling te ondersteun nie. Myns insiens is hierdie verskoning bedoel om die aandag weg te lei van die werklike probleem soos dit in Hoofstuk Vier (paragraaf 4.5.2) verduidelik is. Dit is dat daar twee faksies binne die NGK bestaan en dat albei akkommodeer moet word.

5.3.8 SAMEVATTING VAN DIE NGK SE KERKLEER OOR DIE ONTSTAAN VAN DIE MENS EN DIE ERFSONDE

Paragrawe 5.3.3 tot 5.3.7 hierbo word soos volg opgesom en bespreek:

(a) Vanaf 1927 tot 2009 ontken die NGK evolusie op grond daarvan dat God in Genesis verklaar hoe Hy die heelal en die mens geskep het.

(b) In 2010 erken die NGK se Moderamen oënskynlik evolusie (met God as die skepper) as ’n verduideliking van die oorsprong van die mens. Hierdie is die NGK se amptelike standpunt omdat die NGK nog nie weer op sy webtuiste daardie berig het nie.

(c) In 2013 (Heyns et al 2013) -

(i) Word evolusie aanvaar maar word evolusionisme afgekeur op grond daarvan dat dit God as die skepper ontken.

(ii) Word aanvaar dat God die heelal nie letterlik in ses dae geskep het nie, maar dat dit in ses langer tydperke geskep kon gewees het en dat die skepping miljoene jare oud kan wees. Dit word verswyg op watter stadium van die ses langer tydperke van die skepping Adam eenmalig deur God geskep is.

(d) Binne die NGK bestaan daar nou ’n konflik tussen geloof en rede.

(i) Aan die een kant is dit, deur geloof, die waarheid dat Adam bestaan het omdat dit in die Bybel geskryf is. Dit is die NGK se amptelike standpunt omdat die Belydenisskrifte huidig die basis van die NGK se belydenisgrondslag vorm.

(ii) Aan die ander kant aanvaar die NGK in 2010, deur rede, die oerknal en evolusie (met God as die skepper) as ’n verklaring vir die ontstaan van die heelal en van die mens. In 2013 aanvaar Heyns et al, deur rede, dat die heelal miljoene jare oud kan wees en dat die mens deur ’n proses van evolusie (met God as die skepper) kon ontstaan het.

In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.4.2) is tot die gevolgtrekking gekom dat dit epistemologies geregverdig is om te glo dat die heelal deur ’n onbekende skepper geskep is. Dit volg hieruit dat hierdie skepper vir die proses in (d)(ii) hierbo verantwoordelik was. Dit beantwoord die beswaar van die NGK in (c)(i) hierbo gedeeltelik. Al wat nou oorbly is die vraag of God, of ’n onbekende skepper, die skepper van die mens was. Die NGK se beswaar sal ten volle beantwoord word indien dit toegegee word dat God hierdie skepper was. In paragraaf 5.3.7 hierbo het ek verduidelik dat die verskoning dat evolusionisme die bestaan van God ontken ongegrond is en dat dit bedoel is om die aandag van die werklike probleem weg te lei. Myns insiens is dit veilig om af te lei dat die NGK vir solank as wat dit moontlik is, sal uitstel om evolusie amptelik as ’n verklaring vir die oorsprong van die mens te aanvaar omdat die implikasies hiervan te vêrreikend is. Dit word in Hoofstuk Sewe (paragraaf 7.5) verduidelik.

5.4 SAMEVATTING VAN DIE HOOFSTUK

5.4.1 OPSOMMING

Die doel van hierdie Hoofstuk Vyf is in paragraaf 5.1 hierbo beskryf en sluit aan by die eerste doelstelling van die verhandeling, naamlik dat die NGK se Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde onwaar geword het. Myns insiens het ek in paragraaf 5.2 hierbo afdoende argumenteer dat al het Adam bestaan, hy nie alleen vir die ontstaan van die erfsonde verantwoordelik gehou kan word nie. God wat magtig genoeg was om die heelal te kon skep, se aandeel in die ontstaan van die erfsonde was groter as dié van Adam. In paragraaf 5.2.6 is ook illustreer hoe onderskeidelik die NGK en die Belydenisskrifte God se onbegryplikheid en teologiese taal as ’n ontsnapklousule aanwend om onlogiese en/of irrasionele en/of intern teenstrydige en/of onverklaarbare dogma te verdoesel eerder as om dit op te klaar.

In paragraaf 5.3 hierbo is verduidelik hoe die NGK se Kerkleer oor evolusie sedert 1927 verander het tot in 2013.

5.4.2 GEVOLGTREKKINGS

In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.6.2) is tot die gevolgtrekking gekom dat dit geregverdig is om te glo dat daar reeds vóór 4000VGE mense bestaan het en dat dit geregverdig is om te glo dat evolusie, as ’n verklaring vir die oorsprong van die mens, op ’n oorwig van waarskynlikheid waar is. In paragraaf 5.2 hierbo is geargumenteer dat, al het Adam bestaan, hy nie alleen vir die erfsonde verantwoordelik was nie, maar dat God die grootste aandeel in die ontstaan van sonde gehad het. Sonder Adam het die erfsonde ’n fondasielose teologiese konstruk geword.

Die NGK bevind hom in die posisie dat die Belydenisskrifte en die Kerkorde van Adam ’n mens maak wat bestaan het, dat Adam vir die erfsonde verantwoordelik was en dat allerhande ander sonde uit die erfsonde voortspruit. Aan die ander kant erken die NGK dat evolusie ’n verklaring vir die

oorsprong van die mens is maar keer evolusionisme af omdat dit God as die skepper ontken. Die NGK bring egter nie evolusie met die erfsonde in verband nie. Die rede hiervoor is, myns insiens, omdat die implikasies hiervan vir die NGK se Belydenisskrifte te vêrreikend is. Hierdie implikasies word in Hoofstuk Sewe (paragraaf 7.5) verduidelik. Daarom het ek in Hoofstuk Vier (paragraaf 4.5.2) die mening uitgespreek dat die NGK dit so lank as moontlik sal uitstel om evolusie amptelik as ’n verklaring vir die oorsprong van die mens te aanvaar.

Myns insiens het die NGK by ’n kruispad gekom. Dit is paragraaf 5.3.8 hierbo motiveer. Die NGK sal moet besluit of Adam bestaan het andersins of hy nie bestaan het nie. Logies is dit nie moontlik dat Adam tegelykertyd bestaan het en dat hy nie bestaan het nie. Indien Adam nooit bestaan het nie, sal die NGK ’n ander verklaring vir sonde moet verkry. Tot nou toe het die NGK uitsluitlik op die erfsonde gesteun as ’n verklaring vir al die ander sonde van die mens.

In paragraaf 5.2.2 hierbo is daarop gewys dat artikels 14, 15 en 16 van die NGB lidmate verplig dat hulle moet glo dat hulleself aan strafbare erfsonde skuldig is en dat alle ander sonde uit die erfsonde voortspruit. Wanneer ’n NGK lidmaat (kragtens hierdie voorskrif) glo dat sekere menslike doen en late sonde is wat deur God strafbaar is, word dit tereg, vir daardie lidmaat die waarheid deur geloof. ’n Ander persoon mag dieselfde menslike doen en late as verkeerd of immoreel (maar nie as strafbare sonde nie) beskou en vrywilliglik besluit om haar/hom daarvan te weerhou. Deur te ontken dat sonde bestaan beteken dit nie dat ’n mens nie ’n morele lewe kan lei nie.

Dit kan nie ontken word dat boosheid (‘evil’) in die wêreld bestaan nie. Myns insiens is dit nie nodig om ’n Adam en ’n sondeval te postuleer om die bestaan van boosheid in die wêreld te verduidelik nie. Psigopate (wat seker vir die meeste boosheid verantwoordelik is) steur hulle nie aan die konsepte van goedheid, kwaad, moraliteit en straf vir sonde in die duiwel se ewige vuur nie.

Die moontlikheid of die NGK en die wetenskap kan medebestaan, word hierna in Hoofstuk Ses behandel.

HOOFSTUK SES

DIE NGK EN WETENSKAP: IS MEDEBESTAAN MOONTLIK?

6.1 INLEIDING

Die tweede doel van die verhandeling is in Hoofstuk Een (paragraaf 1.3) beskryf. Dit is om te argumenteer dat die inhoud van NGK se epistemologiese sisteem, met betrekking tot die ontstaan van die mens, nie met die epistemologiese sisteem van die wetenskap, met betrekking tot die oorsprong van die mens kan medebestaan nie. Verder, om te argumenteer dat die NGK se epistemologiese sisteem van waarheid deur geloof, indien dit verkeerd toegepas word, ’n gevaarlike epistemologiese sisteem kan wees.

Die doel van hierdie Hoofstuk Ses is om te ondersoek of bogemelde medebestaan moontlik is. In hierdie hoofstuk word twee aspekte van medebestaan ondersoek. Verder word motiveer dat die NGK se epistemologiese sisteem ’n gevaarlike epistemologiese sisteem kan wees.

Die eerste aspek van medebestaan is of die NGK (as ’n epistemologiese sisteem) met die wetenskaplik geletterde wêreld (as ’n epistemologiese sisteem) kan medebestaan.

Die tweede aspek van medebestaan is of die inhoudelike van die twee epistemologiese sisteme kan medebestaan

6.2 DIE VERGEWING VAN DIE ERFSONDE

Voordat met die ondersoek oor die moontlike medebestaan van die NGK en wetenskap begin word, word twee verdere kwessies wat met die erfsonde verband hou, behandel. Dit is naamlik die vergewing van die erfsonde deur Christus en die Belydenisskrifleer dat Christus as ’n ware/werklike mens met menslike vlees en met ’n egte menslike siel aan die kruis gesterf het.

6.2.1 CHRISTUS AS ’N WARE MENS

Binne die NGK se epistemologiese sisteem is dit die waarheid, deur geloof, dat Christus tegelykertyd ’n ware mens en ’n ware God was. Die tersaaklike Belydenisskrifleestellings word hieronder aangehaal.

Artikel 18 van die NGB (Heyns, Dressel & Botha 2009:358) leer soos volg in hierdie verband:

> “ ... Hy het nie alleen wat die liggaam betref die menslike natuur aangeneem nie, maar ook ’n egte menslike siel, om so ’n werklike mens te wees. Want Hy moes sowel die siel as die liggaam aanneem om al twee te red, aangesien albei verlore was.”

Artikel 19 van die NGB (Heyns et al 2009:359) leer soos volg in hierdie verband:

> “... ware God om deur sy krag die dood te oorwin, maar ook ware mens om deur die swakheid van sy vlees vir ons te kon sterwe.”

Die Heidelbergse Kategismus (HKS) se vraag 35 en die antwoord (Heyns et al 2009:380):

> “... Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is en bly, die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria deur die werking van die heilige Gees aangeneem het. So is Hy tegelykertyd die ware nakomeling van Dawid, in alles aan sy broers gelyk, behalwe die sonde”.

Die Geloofsbelydenis van Athanasius (Viljoen 1988:119-120):

> “29. Hy is God uit die substansie van die Vader, voor alle tye verwek en mens uit die substansie van sy moeder, in tyd gebore;
> 30.Volkome God, volkome mens met ’n redelike siel en menslike vlees;”

In hierdie paragraaf word dit nie in dispuut geplaas dat Christus ’n ware God kon gewees het nie omdat dit onderwerp van geloof is. Dit word wel in dispuut geplaas, op grond van wetenskaplike verduidelikings oor die bestaan en funksie van DNS, dat Christus ’n ware mens kon gewees het. Dit beteken dat **geloof** dit die waarheid kan maak dat Christus ware God was, maar dat **rede** dit onmoontlik maak dat Christus ’n ware mens was.

Die Bybel bevat twee verwysings na Christus se verwekking, naamlik Lukas en Mattheus wat hieronder aangehaal word. In Hoofstuk Sewe (paragraaf 7.5) word verduidelik dat hierdie twee Bybelboeke na Adam verwys as ’n mens wat bestaan het. Indien Adam nooit bestaan het nie, beteken dit dat God nie aan die outeurs van hierdie Bybelboeke sou openbaar het dat Adam wel bestaan het nie. Hierdie twee Bybelboeke het daarom ’n ander oorsprong as van God. Dit volg dat God nie die woorde in Mattheus 1:18-20 en Lukas 1:35 wat hieronder aangehaal word, aan hulle openbaar het nie. Geleerdes is dit vandag eens dat die identiteit van die outeurs van Mattheus en Lukas onbekend is. My navorsing dui daarop dat die gebeure rondom die geboorte van Christus te Bethlehem menslike mites is. Byvoorbeeld, daar bestaan geen historiese getuienis dat daar ooit ’n sensus deur Keiser Augustus uitgeroep is nie. Dit is ook onmoontlik dat ’n hemelliggaam, die Bethlehemster, bo die stal te Bethlehem tot stilstand kon kom sonder om na benede te stort. Die beperkte omvang van die verhandeling verhoed my om verder hieroor uit te brei. Die vraag wat in hierdie paragraaf beantwoord word, is of Christus ’n ware mens met menslike vlees kon gewees het. Om hierdie vraag te kan beantwoord, is dit nodig dat Maria se swangerskap vanuit die invalshoek van die een en twintigste eeu se wetenskaplik geletterde wêreld analiseer word.

Volgens Mattheus 1:18 het Maria se swangerskap, “... van die Heilige Gees gekom.” Volgens Mattheus 1:20 het ’n engel [in ’n droom van Josef] vir Josef meegedeel dat, “... wat in haar [Maria] verwek is, is uit die Heilige Gees.” Volgens Lukas 1:35 is Maria deur ’n engel meegedeel dat: “Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word”. Met hierdie Bybelverse as die geopenbaarde Woord van God (volgens artikel 3 van die NGB) het die Sinode van Dordrecht die Belydenisskrifleerstellings wat aan die begin van hierdie paragraaf aangehaal is, aanvaar.

Die Belydenisskrifte wat hierbo aangehaal is verwys na Christus as ’n ‘volkome mens’, ’n ‘werklike mens’, ’n ‘ware mens’ wat uit ‘menslike vlees’ bestaan en wat ’n ‘menslike liggaam’ gehad het. Christus was, in vandag se terminologie, ’n biologiese mens. Dit is nie vir ander vertolkings vatbaar nie.

Die proses van menslike konsepsie is in besonderhede in Hoofstuk Drie (paragraaf 3.5) behandel. Dit word soos volg saamgevat. Konsepsie is die oomblik wanneer ’n individuele manlike spermsel, oftewel spermatosoön, die membraan wat die eiersel omring, deurdring sodat dit met die eiersel kan saamsmelt om ’n nuwe sel, die sigoot te vorm. Die sigoot verkry op hierdie manier sy/haar DNS van beide die moeder en die vader. Die gekombineerde DNS word die DNS van die sigoot. Hierna volg ’n proses van selverdeling en word die gesamentlike DNS van die twee ouers die boublokke van elke nuwe sel. Hierdie proses van selverdeling hou aan totdat die embrio as ’n mens gebore word. Sonder DNS is hierdie proses onmoontlik.

Hierdie bespreking van Christus se verwekking word begin met die Geloofsbelydenis van Athanasius, een van die ses Geloofsbelydenisse van die NGK. Athanasius leer dat Christus, uit die substansie van die Vader, God was. Hy was voor alle tyd verwek en mens uit die substansie van sy moeder, in tyd gebore. Voor alle tyd was voor die oerknal, 13,700 miljoen jaar gelede. As ek Athanasius reg verstaan, het God se eie spermsel (God se substansie) Maria se eiersel (Maria se substansie) voor die skepping, 13,700 miljoen jaar vantevore bevrug en het Christus, in die tyd van Maria (ongeveer 2,000 jaar gelede), in Maria se baarmoeder gegroei en is gebore. Dit beteken dat Maria se eiersel 13,700 miljoen jaar in tyd teruggeneem moes gewees het sodat dit deur God se spermsel bevrug kon word. Maria se eiersel moes noodwendig in tyd teruggeneem gewees het omdat Maria eers gebore moes gewees en puberteit bereik het sodat sy kon ovuleer om die eiersel te produseer wat dan 13,700 miljoen jaar in tyd teruggeneem kon word sodat God dit kon bevrug het. Daarna moes die bevrugte eiersel (die sigoot) weer in tyd (13,700 miljoen jaar) vorentoe getransporteer word om in Maria se baarmoeder geplaas kon word om daarvandaan verder as die embrio te groei en om daarna as ’n mens gebore te word wat tegelykertyd God was. Dit impliseer dat God die Vader in ’n tydkapsule van 13,700 miljoen jaar voor die tyd van Maria vasgevang was sodat dit nodig was dat Maria se eiersel 13,700 miljoen jaar in tyd teruggeneem moes word om bevrug te kon word. Die immateriële God sou vir ’n oomblik 13,700 miljoen jaar voor die tyd van Maria sy Goddelike immateriële aard moes

verander het om die materiële spermatosoön te kon produseer het wat Maria se eiersel bevrug het. Dit is nie nodig om die Geloofsbelydenis van Athanasius verder te bespreek nie. Hierna word Mattheus en Lukas se verklarings oor die onderwerp behandel.

Dit kan nie uit Mattheus 1:20 en Lukas 1:35 afgelei word of die Heilige Gees ’n buite-menslike (bonatuurlike) spermsel gebruik het om Maria se eiersel mee te bevrug nie. In die lig van Lukas 1:35 wil dit voorkom asof die uitdrukking, sonder die toedoen van ’n man en dat Christus die Seun van God is, beteken dat ’n menslike manlike spermsel nie gebruik is nie en dat die Heilige Gees Maria se menslik eiersel sonder die gebruik van ’n menslike manlike spermsel laat bevrug het.

Daar bestaan twee moontlikhede hoe Maria se eiersel sonder die toedoen van ’n man bevrug kon word, naamlik:

(a) Die spermsel van ’n buite-menslike wese is gebruik. In hierdie geval sou die sigoot (Christus) die DNS van Maria asook die DNS van ’n onbekende buite-menslike wese ontvang het. Volgens Athanasius was dit God se DNS.

(b) Die Heilige Gees het Maria se eiersel sonder ’n buite-menslike spermsel bevrug. In hierdie geval sou die sigoot (Christus) slegs van Maria DNS ontvang het en geen ander DNS nie.

In beide bogenoemde gevalle sou Christus in Maria se baarmoeder tot ’n fetus, en daarna tot ’n mens, sonder menslike manlike DNS gegroei het. Dit beteken dat Christus se verwekking en daaropvolgende groei tot sy geboorte nie ’n menslike biologiese proses was nie, maar dat dit ’n bonatuurlike proses was. In hierdie gevalle sou Christus daarom nie ’n volkome mens gewees het nie. In (a) hierbo sou Christus half mens (vanuit Maria se DNS) en half buite-menslike wese gewees het. In (b) hierbo sou Christus slegs die DNS van Maria gehad het en geen manlike DNS nie. In beide hierdie gevalle was Christus daarom nie ’n volkome/ware/werklike mens met menslike vlees nie, maar ’n bonatuurlike wese. Christus se vlees kon nie menslike vlees gewees het nie omdat menslike vlees, vanaf konsepsie, menslike manlike DNS sowel as menslike vroulike

DNS benodig om as menslike vlees te groei. Die enigste manier hoe hierdie twee onmoontlikhede verklaar kan word, is deur ’n wonderwerk. Dit sal beteken dat Christus as ’n wonderwerk aan die kruis gesterwe het en nie as ’n ware mens nie. Ware mense word deur biologiese prosesse verwek en groei daarna deur biologiese prosesse tot wasdom. Dit geskied nie deur wonderwerke nie.

Dit is my tesis dat dit vir ’n IDA epistemologies geregverdig is om te glo (in die lig van wetenskaplike verklaring betreffende die konsepsie van die mens wat hierbo verduidelik is) dat Christus (soos hy in die Belydenisskrifte hierbo definieer is) nie ’n werklike/ware (biologiese) mens kon gewees het nie.

Indien die NGK dit sou betwis, kan hy hom nie, deur die leerstelling van waarheid deur geloof, op die waarheid van die Bybel beroep nie omdat die Bybel nêrens ’n stelling bevat dat Christus ’n werklike mens met menslike vlees was nie. Dit is artikels 18 en 19 van die NGB en artikels 29 en 30 van die Geloofsbelydenis van Athanasius wat van Christus ’n werklike mens met menslike vlees maak. Om die stelling te kan betwis dat Christus nie ’n werklike mens met menslike vlees was nie, sal die NGK moet bewys dat die tersaaklike biologie verkeerd is. Die NGK sal moet bewys dat ’n biologiese mens sonder die DNS van ’n menslike man verwek kan word en tot ’n mens kan groei. Geloof kan nie die biologie onwaar maak nie.

6.2.2 CHRISTUS SE EGTE MENSLIKE SIEL

In Hoofstuk Twee (paragrawe 2.2.3 en 2.3.1 onderskeidelik) is Aquinas en Descartes se siening dat die mens se siel (in die religieuse sin) en die mens se dinkende verstand een en dieselfde entiteit is, behandel. Aquinas bied ’n omvattende verduideliking aan hoe God vir elke mens ’n siel gee. Descartes aanvaar dat die mens ’n siel het.

Die Belydenisskrifte bevat enkele verwysings na die mens se siel. Hierdie verwysings aanvaar bloot dat die mens ’n siel het. Calvyn (2011:103-112) aanvaar dat die mens ’n siel het maar bied nie ’n verduideliking aan presies hoe elke mens ’n siel verkry nie. Die Belydenisskrifte verduidelik ook nie wat

die oorsprong van die mens se siel is nie. Dit verduidelik ook nie wat die funksie van die siel gedurende die mens se lewe is nie.

Artikel 37 van die NGB (Heyns et al 2009:371) leer dat:

> "Want al die dooies sal uit die aarde opstaan, hulle siele saamgevoeg en verenig, elkeen met sy eie liggaam waarin hy geleef het."

Die 1969 katkisasieboek (Malan 1969:337) verduidelik die toestand van siele vanaf die dood tot by die oordeelsdag soos volg:

> "... Gods Woord [leer] ons baie duidelik dat die siel in 'n *bewuste* toestand verkeer na die dood.
> (a) ... maar nêrens en nooit sien dit [wys dit] op die sieletoestand as bewusteloos na die dood nie.
> (b) Die Bybel leer ons dat die siel na die dood in 'n *bewuste* toestand verkeer: Hulle lewe *bewus voort*, want hulle het pyn (Luk. 16:24), hulle kerm (Matt. 24:51), *Paulus* verlang om by Jesus te wees (Filip. 1:23), *die gelowiges weet* dat hulle by Jesus is (Joh. 12:26; 17:24-26), ... [My onvoeging]."

Bogenoemde aanhalings word soos volg opgesom. Die mens het gedurende die lewe op aarde beide 'n liggaam en 'n siel. Uit aanhaling (b) van Malan hierbo wil dit voorkom asof die siel 'n bewuste/rasionele (dinkende) en immateriële entiteit is. Na die mens se liggaamlike dood, bly die siel tot en met die oordeelsdag (iewers in die toekoms) in 'n bewuste toestand voortbestaan. Die onverganklike siel speel daarom 'n tydelike oorbruggingsrol. Met die oordeelsdag word die liggaam en die siel herenig en word die siel weer die liggaam se dinkende siel. Daarna geniet beide die liggaam en siel immortaliteit.

Artikel 18 van die NGB (Heyns et al 2009:357-358) verwys soos volg na Christus se siel: "Hy het nie alleen wat die liggaam betref die menslike natuur aangeneem nie, maar ook 'n egte menslike siel, om so 'n werklike mens te wees." Artikel 18 bevat inherente probleme. Hierbo is afgelei dat die mens se siel onverganklik is. Aangesien Christus 'n egte menslike siel gehad het, volg dit dat sy siel ook onverganklik is. Omdat Christus se siel onverganklik is, moes sy siel hom na sy kruisdood verlaat het en is dit met sy opstanding weer met hom herenig. Met die hemelvaart moes iets met Christus se menslike siel gebeur het. Hier bestaan twee moontlikhede. Voordat dit aangespreek word, word dit aanvaar dat die drie-enige immateriële God 'n dinkende God is. Die

eerste moontlikheid is dat Christus se menslike siel saam met hom hemel toe kon gegaan het. In hierdie geval sal Hy dan die enigste van die drie-enigheid wees wat ’n dinkende Godheid is en dat Hy ook ’n onverganklike dinkende menslike siel het. In hierdie geval ontstaan die vraag of Christus na sy hemelvaart met sy dinkende menslike siel of as ’n Godheid gedink het. Indien Christus se menslike siel nie saam met Hom hemel toe is nie, is die vraag of dit vandag nog saam met ander menslike siele iewers in die uitspansel voortbestaan tot die oordeeldag iewers in die toekoms om dan weer met Christus herenig te word wanneer Hy uit die hemel neerdaal en sy menslike vorm aanneem. In hierdie geval sal Christus saam met al die mense wat nog ooit op aarde geleef het, op die oordeelsdag weer beide ’n menslike liggaam en ’n egte menslike siel hê. Omdat die siel onvernietigbaar is, sal Christus na die oordeelsdag hierdie menslike siel in alle ewigheid behou[73].

Daar bestaan ’n alternatief wat bogenoemde kwessies afdoende en rasioneel kan beantwoord. Dit is naamlik dat die mens nie ’n siel het nie en dat Christus daarom nie ’n egte menslike siel gehad het nie. Ek motiveer dit soos volg. Indien dit aanvaar word dat biologiese evolusie waar is, naamlik dat die eerste eensellige organisme miljoene jare gelede ontstaan het en dat alle organiese lewe daaruit ontwikkel het, asook dat dit aanvaar word dat dit waar is dat die mens ’n siel het, is daar twee moontlikhede hoe die mens ’n siel kon verkry het.

Die eerste moontlikheid is dat ’n siel saam met die eerste eensellige organisme deur God geskep is. Vir die doeleindes van argument kan aanvaar word dat God ’n siel in hierdie organisme geplaas het. Hierna moet dit verklaar word, wanneer hierdie eerste organisme in twee verdeel om twee nuwe organismes te vorm, hoe hierdie eerste siel na die twee nuwe organismes oorgedra word, daarna na vier, dan na agt en so aan. Indien dit aanvaar word dat so ’n oordrag moontlik is, hou dit ’n verdere probleem in. In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.4.3) is daarop gewys dat denkrigtings bestaan dat alle organiese lewe op aarde moontlik uit dieselfde oorspronklike DNS ontwikkel het en daarom geneties verwant is. Daarom kan dit postuleer word dat (omdat die eerste eensellige

[73] Ek het nog nooit iewers gelees wat die aard van die drie-enige God in die hiernamaals sal wees nadat Christus weer sy menslike vorm aangeneem het nie.

organisme ’n siel van God ontvang het) hierdie siel na alle organiese lewe (wat diere en plante insluit) wat daarna uit die eerste organisme ontwikkel het, geneties oorgedra is. Dit beteken dat alle lewende organismes wat sedert die eerste organisme gelewe het, siele gehad het. Verder, dat alle organismes wat vandag en die toekoms nog sal lewe, siele sal hê. Hieruit ontstaan die vraag wat die aard van die siele van al die organismes wat al ooit bestaan het, sal wees. Van al die onberekenbare getal organismes wat al bestaan het, is dit slegs die mens wat ’n rasionele bewuste brein ontwikkel het. Die siel sou desnoods saam met die mens se liggaam evolusionêr ontwikkel het. Sal die mens daarom ’n bewuste rasionele siel hê, ’n dier ’n dier-siel[74], en ’n plant ’n plant-siel? Dit is nie ’n aanvaarbare verklaring nie.

Die tweede moontlikheid is dat die mens later, gedurende die evolusionêre ontwikkelingsproses ’n siel verkry het. Vir die doeleindes van argument word aanvaar dat God op ’n tydstip gedurende hierdie ontwikkelingsproses vir elke nuwe mens ’n siel gegee het. Die probleem hiermee is dat daar nie ’n enkel definieerbare moment was toe die ontwikkelende primitiewe mens eensklaps die moderne *homo sapiens* geword het nie. Daar was ook nie een enkel definieerbare moment toe die mens ’n rasionele bewuste brein ontwikkel het nie. Indien daar egter wel so ’n moment was, sal dit beteken dat die ouers op een moment nie ’n rasionele bewuste brein gehad het nie maar hulle gebore kinders wel. God sou daarom moes besluit het op watter stadium van die evolusionêre ontwikkelingsproses die mens ’n rasionele wese geword het sodat

[74] Die volgende is vervat in die 1957 Bybel. In Genesis 2:7 blaas God die asem van die lewe in Adam, en: “So het die mens ’n lewende siel geword (My onderstreping).” Genesis 1:30 lui soos volg: “Maar aan al die diere van die aarde en al die voëls in die hemel en al die kruipende diere op aarde, waarin ’n lewende siel is, gee Ek al die groen plante as voedsel (My onderstreping).” Hiervolgens het ’n dier, net soos Adam, ’n lewende siel gehad. In die 1983 Bybelvertaling lui Genesis 2:7 soos volg: “ ... lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens ’n lewende wese geword het (My onderstreping).” Die verwysing, in Genesis 1:30, na diere wat lewende siele het, is in die 1983 Bybelvertaling eenvoudig weggelaat en vorm dit nie meer deel van die Bybel nie. So het diere hulle siele verloor en het Adam en sy afstammelinge hulle siele behou. Volgens artikel 3 van die NGB is die woorde wat God in Genesis 1:30 gespreek het, werklik God se geopenbaarde Woord aan Moses. Volgens artikel 7 van die NGB is dit verbode, “...om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat ... .” Die 1983 Bybelvertalers het dit goedgedink om God se geopenbaarde Woord oor diere wat siele het, uit die 1957 Bybel te weg te laat. Hierdie kom neer op ’n repudiëring van artikels 3 en 7 van die NGB. Die verwysing na ’n lewende siel is deur die 1957 Bybel uit die oorspronklike Hebreeus vertaal.

Hy vir hulle rasionele siele kon begin gee het. In hierdie geval geld dieselfde argument as hierbo, naamlik dat die kinders siele sou gehad het, maar nie die ouers nie. Ook hierdie is nie ’n aanvaarbare verklaring nie.

’n Aanvaarbare verklaring is dat die mens nie ’n siel (’n immateriële dinkende verstand wat terselfdertyd onverganklik is) het nie. In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.5) het ek argumenteer dat die mens nie ’n dinkende verstand afsonderlik van die brein het nie maar dat die materiële brein inderwaarheid die sogenaamde dinkende verstand is. Hierdie materiële brein vergaan na die dood (as deel van die materiële liggaam). In hierdie geval word Aquinas, Descartes, Locke en die Christendom se konsep van ’n immateriële en onverganklike menslike siel deur biologiese evolusie weerlê.

Myns insiens is daar ’n oplossing vir hierdie probleem. Dit word aanvaar dat die mens se versugting na immortaliteit een van die redes is waarom die mens hulle na religieuse geloof wend. Om hierdie rede leer die Apostoliese Geloofsbelydenis, wat deur alle Christelike kerke aanvaar is, “... ek glo in ’n ewige lewe en die wederopstanding van die vlees.” Myns insiens is dit nie ’n voorvereiste om die bestaan van ’n immateriële siel te postuleer om sodoende immortaliteit te postuleer nie. As mens in staat is om in die wederopstanding van die vlees en immortaliteit te glo, kan mens ook glo dat jy, nadat jy jou laaste asem uitgeblaas het, dood sal wees en dood sal bly totdat jy op die oordeelsdag weer deur God lewendig gemaak word. Hiervoor is ’n oorbruggingsinstrument soos ’n immateriële siel (wat na die dood in ’n bewuste toestand die oordeelsdag afwag) nie ’n voorvereiste nie. Hierdie alternatief vir die bestaan van ’n siel kan nie deur evolusie of enige ander argument verkeerd bewys word nie. Dit word daarom suiwer ’n saak van geloof soos wat dit in Hoofstuk 2 (paragraaf 2.5) beoog word. Hierdie geloof in immortaliteit kan met ’n evolusionêr ontwikkelde siellose mens medebestaan. Hierdie verduideliking is makliker verstaanbaar as die postulering van ’n immateriële en onverganklike siel. Verder los dit die probleem op om die bestaan van ’n onverganklike immateriële siel te bewys.

In die lig van die argumente hierbo is dit my mening dat dit geregverdig is om te glo dat Christus nie ’n egte menslike siel gehad het nie en dat die Belydenisskrifte in hierdie verband onwaar geword het. Hierdie is argumente en nie empiriese bewyse nie. Daarom kan die bestaan van die menslike siel, deur geloof, die waarheid gemaak word.

6.3 MEDEBESTAAN VAN DIE TWEE EPISTEMOLOGIESE SISTEME

Die epistemologiese sisteem van die wetenskaplike geletterde wêreld is in Hoofstuk Drie (paragraaf 3.2) behandel. Daarin is verduidelik hoe ’n individuele wetenskaplike as ’n IDA optree in strewe na kennis van die natuurlike wêreld. Daarin is motiveer dat die wetenskaplik geletterde wêreld as ’n kollektiewe doksastiese agent en as ’n sosiale epistemologiese sisteem kwalifiseer.

Die epistemologiese sisteem van die NGK is in Hoofstuk Vier (paragraaf 4.3) behandel. Omdat die NGK se epistemologiese sisteem daarop ingestel is om sy 1619 Belydenisskrifwaarhede te behou en om dit teen interne sowel as eksterne bevraagtekening te verskans, kan dit nie as ’n kollektiewe doksastiese agent of as ’n sosiale epistemologiese sisteem kwalifiseer nie.

Rorty (2009:328-333) en Goldman (2011:31-32) gebruik die voorbeeld van Kardinaal Bellarmine en Galileo om die konflik tussen twee opponerende epistemologiese sisteme te illustreer. Galileo het geglo dat die Copernicaanse verduideliking, naamlik dat die aarde om die son wentel, waar is. Galileo kon sy standpunt met sy waarnemings deur ’n teleskoop steun. Hierteenoor het Bellarmine geglo dat die son om die aarde wentel. Bellarmine het sy steun hiervoor in die waarheid van die Bybel verkry, naamlik in Joshua 10:11-13. Bellarmine het geglo dat die Bybel ’n hoër gesag as Galileo se teleskoop is en dat hy daarom reg was en Galileo verkeerd. Vir hierdie rede het Bellarmine dit nie nodig geag om deur Galileo se teleskoop te kyk nie. In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.3) is verduidelik dat dit vóór Copernicus (1542) die waarheid was dat die son om die aarde wentel. Volgens Rorty kan beide Galileo en Bellarmine se standpunte (binne elkeen se epistemologiese sisteem) as die waarheid beskou word. Ek stem nie heeltemal met Rorty saam nie. In die

praktyk was daar ten tye van Galileo se verhoor in 1633, nie sprake van medebestaan van twee opponerende epistemologiese sisteme nie. Bellarmine het die steun van die RKK gehad wat uiteindelik besluit het dat hy reg was en Galileo verkeerd. Hierom het Galileo die res van lewe onder huisarres deurgebring. Bellarmine het op geloof staatgemaak waarteenoor Galileo op rede staatgemaak het. In 1633 was rede deur geloof getroef. Volgens die tydskrif *Time* (1984:52), het die RKK eers in 1984 (351 jaar na die dood van Galileo) erken dat die regters van die Inkwisisie wat Galileo skuldig bevind het (en nie die RKK nie), fouteer het. Dit beteken dat rede 351 jaar moes wag om deur die RKK erken te word.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika waarborg godsdiensvryheid. Dit beteken dat elke religie (se epistemologiese sisteem) met ander religieë (se epistemologiese sisteme) kan medebestaan. Dieselfde beginsel geld ook ten opsigte van die epistemologiese sisteem van die wetenskap – daarom kan dit met die epistemologiese sisteme van religieë wat daarvan verskil, medebestaan. Elkeen van hierdie epistemologiese sisteme se waarhede bestaan as die waarheid binne daardie sisteem. Dit volg dat die NGK se Geloofsleer (epistemologiese sisteem) ’n medebestaan gewaarborg is ten opsigte van die geloofsleer (epistemologiese sisteem) van byvoorbeeld Islam, ander Christelike denominasies wie se geloofsleer met dié van die NGK verskil asook ten opsigte van die wetenskap. Daar bestaan daarom ’n veelvoud van waarhede.

In die geval van Suid-Afrika is dit die waarheid, binne die NGK se epistemologiese sisteem, dat Adam die eerste mens was en dat Christus sonder die DNS van ’n manlike mens as ’n ware mens verwek is. Dit is ook die waarheid, binne ’n sekulêre epistemologiese sisteem, dat Adam nie die eerste mens was nie en dat ’n mens nie sonder die DNS van ’n manlike mens verwek kan word nie.

6.4 MEDEBESTAAN VAN DIE INHOUD VAN DIE TWEE EPISTEMOLOGIESE SISTEME

Die inhoud van die epistemologiese sisteme van die NGK en die wetenskaplike geletterde wêreld word soos volg opgesom wat betref die Bybel, Adam, die erfsonde en die vergewing van die erfsonde:

(a) Binne die NGK se epistemologiese sisteem (naamlik die Belydenisskrifte en die Kerkorde) word dit deur **geloof** die waarheid**:**
   (i) Dat die Bybel die geopenbaarde Woord van God is en dat Adam daarom waarlik ’n historiese mens was wat 4000VGE eenmalig deur God geskep is.
   (ii) Dat Adam vir die erfsonde (en alle ander sonde wat uit die erfsonde voortspruit) verantwoordelik was.
   (iii) Dat Christus, as ’n ware mens met werklike/ware menslike vlees aan die kruis gesterwe het.

(b) Binne die epistemologiese sisteem van die wetenskaplik geletterde wêreld dikteer **rede:**
   (i) Dat die mens deur ’n evolusionêre proses ontwikkel het.
   (ii) Dat daar reeds teen ongeveer 40,000 jaar gelede mense geleef het.
   (iii) Dat die eiersel van ’n biologiese vroulike mens en die spermsel van ’n biologiese manlike mens nodig is vir die vorming van ’n sigoot en die ontwikkeling daarna tot ’n biologiese mens.

Hierdie twee epistemologiese sisteme is nie teoretiese sisteme nie. Dit is, deur die deelname van mense, werklike sisteme. In Hoofstuk Vier (paragraaf 4.3.3) is verduidelik dat die NGK, as ’n organisasie, nie geloof (denke) kan ervaar nie omdat hy nie ’n bewuste brein het nie en dat dit die funksie van die NGK se teokrate is om namens die NGK te dink. Daarom, vir die NGK se teokrate is (a)(i)(ii)(iii) hierbo die waarheid deur geloof. Die standpunt van die teokrate (NGK) is huidig dieselfde as in (a)(i)(ii)(iii) hierbo maar met een uitsondering, naamlik dat hulle (die NGK) nou erken dat evolusie, as ’n verklaring vir die oorsprong van die mens, waar mag wees (persvrystelling 2010) maar dat evolusionisme afgekeur word omdat dit God as die skepper ontken (Heyns,

Dressel & Botha 2013). Dit is Hoofstuk Vyf (paragrawe 5.3.6 en 5.3.7) behandel.

Hierteenoor is my standpunt dat dit epistemologies geregverdig om te glo dat (b)(ii)(iii) waar is en dat (b)(i) op ’n oorwig van waarskynlikheid waar is. My standpunt is in Hoofstuk Drie (paragrawe 3.4 en 3.6.2) en Hoofstuk Vyf (paragraaf 5.3.1) motiveer.

Die vraag is of (a)(i)(ii) en (b)(i)(ii) hierbo kan medebestaan. In paragraaf 6.3 hierbo is aangedui dat dit, as epistemologiese sisteme, binne ’n demokratiese staatsbestel kan medebestaan. Die logika se stelreël van nie-kontradiksie bepaal dat ’n stelling *p* nie tegelykertyd waar en onwaar kan wees nie. My tesis is daarom dat ’n individu, hetsy as ’n IDA, of as ’n NGK teokraat, of as ’n NGK lidmaat, nie kan glo dat Adam die eerste mens was wat bestaan het en tegelykertyd kan glo dat daar reeds voor Adam mense bestaan het nie. Dit moet óf die een óf die ander wees.

Indien individuele NGK teokrate wie as individuele doksastiese agente sou optree en tot die epistemologiese geloof sou kom dat Adam nie die eerste mens was nie, kom elkeen van hierdie teokrate voor ’n persoonlike konflik te staan. Dit is naamlik dat hulle nie hulle siening hieroor kan openbaar nie omdat hulle gebonde is aan die onderneming wat hulle afgelê het toe hulle kragtens artikel 8 van die Kerkorde as leraars gelegitimeer is. Dit is naamlik dat hulle alles wat nie met die Belydenisskrifte ooreenkom nie, moet weerlê en dit uit die Kerk moet weer. Hierdie onderneming is in Hoofstuk Vier (paragraaf 4.4.3.2) behandel.

Die Moderamen se 2010 persvrystelling dui daarop dat die Moderamen daarvan bewus was dat daar, binne die NGK se insulêre geloofsgemeenskap, teokrate was wat as individuele doksastiese agente opgetree het en wat tot die oortuiging gekom het dat die NGK se Belydenisskrifleer oor Adam en die erfsonde nie meer in die een-en-twintigste eeu die waarheid is nie. Vir die doeleindes van hierdie bespreking word aanvaar dat daar wel sulke teokrate was. Dit beteken dat daar ten tye van die persvrystelling in 2010 twee

opponerende epistemologiese denkrigtings binne die NGK bestaan het maar dat die NGK (die meerderheid teokrate) nie hierdie ander sienswyses toegelaat het nie. Dit spreek vanself dat die NGK nie tegelykertyd twee opponerende standpunte kan handhaaf nie. Ek sê dit met verwysing na katkisante wat by aanneming moet bely dat hulle die NGK se Kerkleer as die ware en volkome leer van die verlossing aanvaar. Hierdie katkisante kan nie tegelykertyd bely dat Adam bestaan het en dat Adam nie bestaan het nie. In Hoofstuk Vier (paragraaf 4.4.3.3) is die 2009 katkisasieboek (Heyns et al 2009:145) se verduideliking aangehaal dat ’n lidmaat, “... nie sommer net glo soos jy wil nie. ... Wanneer jy as lidmaat belydenis van geloof aflê, bely jy dat jy die leer van die kerk heelhartig aanvaar.” In hierdie geval is dit ’n vereiste dat die lidmaat, onder andere, moet glo dat Adam die eerste mens was en dat Christus ’n ware mens met menslike vlees was ongeag die feit dat hy nooit die DNS van ’n menslike man ontvang het nie.

Die NGK se epistemologiese sisteem is in Hoofstuk Vier behandel. Daarin (paragraaf 4.4.3) is verduidelik dat die Belydenisskrifte en die NGK se Kerkorde daarop ingestel is om alles wat daarvan verskil, uit te sluit. Dit is daarom ’n insulêre geloofssisteem wat nie medebestaan met enigiets wat daarvan verskil, toelaat nie. Die NGK se voorstel in sy 2010 persvrystelling dat die NGK en wetenskap kan medebestaan, word inderwaarheid deur sy eie epistemologiese sisteem (waarvan die Kerkorde deel uitmaak) verbied. Dit geld eweneens ook ten opsigte van die 2013 handboek vir kategete waarin Heyns et al erkennings maak ten opsigte van die evolusionêre oorsprong van die mens wat teenstrydig met die Belydenisskrifte is.

In Hoofstuk Een (paragraaf 1.3) is die tweede doelstelling van die verhandeling verduidelik. Dit is dat die NGK se suggestie dat die Belydenisskrifte en die wetenskappe se verklaring vir die oorsprong van die mens kan medebestaan, nie moontlik is nie. Hierbo is verduidelik dat die NGK se Kerkorde so ’n medebestaan onmoontlik maak.

6.5 MY TEENSTAND TEEN DIE NGK SE EPISTEMOLOGIESE SISTEEM

Popper (1974:104) wys daarop dat die Christendom by tye deur totalitêre idees gedomineer was. Hy maak die terloopse opmerking dat: “There was the Inquisition; and, in another form, it may come again.” Hierby wil ek Rorty (2005:33) se siening toevoeg, naamlik:

> “For anticlericalism is a political view, not an epistemological or metaphysical one. It is the view that ecclesiastical institutions, despite all the good they do – despite all the comforts they provide to those in need or despair – are dangerous to the health of democratic societies. ... On our view, religion is unobjectionable as long as it is privatized – as long as ecclesiastical institutions do not attempt to rally the faithful behind political proposals and as long as believers and unbelievers agree to follow a policy of live and let live.”

Met Popper en Rorty se sienings as agtergrond motiveer ek my teenstand teen die NGK se epistemologiese sisteem hierna.

In Hoofstuk Vier (paragraaf 4.4.3) is verduidelik dat die NGK se epistemologiese sisteem daarop ingestel is om ’n insulêre geloofsgemeenskap te skep wat dit self teen interne sowel as eksterne bevraagtekening verskans. Deur middel van hierdie epistemologiese sisteem het die NGK se teokrate grootliks daarin geslaag om die Afrikaner se religieuse en politieke denke sedert die afloop van die Anglo-Boereoorlog in 1902, te vorm. Dit het saamgeloop met die armblanke vraagstuk en die opheffing van die Afrikaner.

Volgens Giliomee en Mbenga (2007:259-260) was dit die NGK se predikante en sendelinge wat in 1929 vir die eerste keer die apartheidsideologie geformuleer het. Hiervolgens het die NGK die toepassing van Apartheid Bybels geregverdig. So het Apartheid deel van die NGK se amptelike Kerkleer geword. Dit was met die opkoms van Afrikaner Nasionalisme wat die NGK (se teokrate), saam met die politieke leiers van die tyd ’n leidende rol begin speel het. In hierdie proses het die onderskeid tussen godsdiens en politiek mettertyd verdof en het die NGK se teokrate saam met die leiers van die Nasionale Party en die Afrikaner-Broederbond, ’n triumviraat gevorm wat die Afrikaner se politieke en religieuse denke gevorm en oorheers het. Dit word verpersoonlik deur dr. D.F. Malan, ’n teoloog wat in 1915 die politiek betree het toe hy die redakteur van

die invloedryke Afrikaanse koerant, *Die Burger*, geword het. Hy was ook lid van die Afrikaner-Broederbond en het die leier van die Nasionale Party geword wat in 1948 aan bewind gekom op sterkte van sy beleid oor Apartheid. Binne die triumviraat was dit die rol van die NGK (se leraars) om lidmate vanaf die kansel te oortuig dat Apartheid Skriftuurlik geregverdig was – iets wat grootliks met sukses gedoen is. My kennis van die Afrikanergeskiedenis is bogemiddeld en daarom het ek begrip waarom die gebeure sedert 1902 tot die gebeure van 1948 gelei het.

Die alliansie tussen Afrikaner politiek en kerk het sy hoogtepunt bereik toe B.J. (John) Vorster vanaf 1966 tot 1978 die Staatspresident van die RSA was, en sy broer ds. J.D. (Koot) Vorster vir ’n tydperk hiervan moderator van die NGK was. Pelser (1979:38-40) gee die lidmaatskap van die Afrikaner-Broederbond in 1968 aan. Die vier grootste groeperinge word aangegee as: Boerdery – 1 806 lede (22,1%); Onderwys (dit sluit tersiêre onderwys in) – 1 691 lede (20,6%); Handel – 833 lede (10,2%); Evangeliebediening (waarskynlik hoofsaaklik NGK en Susterkerk predikante) – 670 lede (8,2%). Volgens Wilkens & Strydom (1978:311) was meer as 40 persent van Afrikaanse predikante in die sestigerjare lid van die Afrikaner-Broederbond.

Die NGK se ondersteuning van Apartheid, as deel van sy Kerkleer, word bevestig deur sy 1969 katkisasieboek. Hierdie katkisasieboek (Malan 1969:343-344) verklaar, onder andere, die volgende oor die liberalisme:

> “Ook sê die Liberalis dat die Bybel niks met die politiek te doen het nie. Die menslike verstand moet self die beginsels waarvolgens op hierdie terrein gehandel word, uitdink. Alle mense, sê hy is volkome gelyk; daarom moet die onbeskaafde nie-blanke presies dieselfde politieke en ander regte as die beskaafde mens geniet en is dit nie verkeerd as hulle op gelyke voet verkeer en ondertrou nie. Aparte kerke vir blank en nie-blank is uit die Bose.”

Kommentaar: Sonder om Apartheid by die naam te noem, is hierdie ’n regverdiging van Apartheid deur die NGK aan sy katkisante en lidmate.

Die katkisasieboek (Malan 1969:349) spreek dit soos volg oor die Christelike Instituut uit:

> "Die doel van die Christelike Instituut is 'om die kerk van Christus op alle moontlike maniere te dien.' En hy meen dat hy hierdie doel dien wanneer hy hom beywer om 'rasse-, kulturele en denominasionele' grense te verwyder. Onder andere word samekomste vir Bybelstudie gehou en 'n aantal volgelinge van verskille Bantoe-sektes word ook hierby betrek."

En verder:

> "In 1966 het die Algemene Sinode dan ook besluit 'dat ampsdraers en lidmate hulle uit lojaliteit teenoor hul Kerk van die Christelike Instituut moet onttrek en onwankelbaar trou (behoort) te staan in hul liefde vir hul eie Kerk as 'n stigting van God deur Jesus Christus.'"

Kommentaar: In 1969 was Beyers Naude aan die hoof van die Christelike Instituut. Voor dit was hy 'n NGK predikant en lid van die Afrikaner-Broederbond en was uitgesproke teen Apartheid gekant. Hy het uit die NGK en die Afrikaner-Broederbond bedank. Die verwysing hierbo na die NGK, as 'n stigting van God deur Jesus Christus, is 'n betwisbare stelling. Die meeste Christelike kerke wêreldwyd het Apartheid, en die NGK se deelname daaraan, veroordeel. Met hierdie stelling het die NGK aan sy katkisante en lidmate voorgehou dat die NGK die ware kerk van Christus is en dat daardie kerke wat die NGK kritiseer, nie ware kerke is nie.

Die katkisasieboek (Malan 1969:350-352) wys op die verskille tussen die NGK en die RKK. Dit is nie nodig dat dit hier aangespreek word nie. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk is die volgende uitspraak van die katkisasieboek (Malan 1969:352) van belang:

> "Die Roomse Kerk is ook nog in Suid-Afrika die vyand van ons Protestante en wend alle middels aan om ons teë te werk soos onder meer die volgende maniere: ...
> (d) *Hul negrofilistiese standpunt* teenoor ons Bybelse standpunt van differensiasie en segregasie[75] is baie gevaarlik."

Kommentaar: Die NGK verswyg die feit dat bykans die res van die Protestantisme wêreldwyd ook teen Apartheid (en die NGK) gekant was en nie net die RKK nie. Hierdie is ook 'n bedekte regverdiging van die NGK se Bybelse standpunt aan lidmate oor Apartheid.

[75] Die Nasionale party en die NGK het nooit die woord Apartheid gebruik nie, maar wel die begrippe differensiasie, segregasie en afsonderlike ontwikkeling.

Wat in hierdie paragraaf van belang is, is dat die NGK sy Kerkleer verander het. Volgens Giliomee en Mbenga (2007:392) het die NGK met sy Sinodes van 1986 en 1990 verklaar dat Apartheid, "... in stryd met die Bybel is en 'n sondige en groot fout was." Apartheid het verander vanaf iets wat sedert 1929 Bybels geregverdig was tot 'n sonde wat in 1986 in stryd met die Bybel was. Die vraag wat hieruit voortspruit is hoe Apartheid kon verander het van iets (naamlik sonde) wat deur die Bybel toegelaat is tot iets wat deur die Bybel verbied word. Die vraag word beantwoord teen die agtergrond van die vertolking van die Bybel.

Die NGK se Belydenisgrondslag soos dit in Hoofstuk Vier (paragraaf 4.4.1) vervat is, leer soos volg :

> "Die NG Kerk fundeer dus sy leer op die Bybel. Die Bybel is die onfeilbare Woord van God. In dié Woord openbaar God Hom as Vader, Seun en Heilige Gees. Die Kerk verklaar dus sy onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die wil van God soos dit in sy Woord geopenbaar is."

Bogenoemde verklaring kom daarop neer dat Apartheid sedert 1929 in ooreenstemming met die Wil van God was, maar dat Apartheid in 1986/1990 teenstrydig met die Wil van God was. Die enigste verduideliking wat die NGK hiervoor kan aanvoer is dat hy die Bybel verkeerdelik vertolk het. Die vraag wat weer hieruit ontstaan is waarom God, as 'n liefdevolle, barmhartige, regverdige en almagtige God, nie by die NGK se aanvanklike verkeerde vertolking betrokke geraak het en só verhoed het dat die NGK Sy Wil verkeerd vertolk nie. God kon hierdeur die onherstelbare skade en tragiese gevolge van Apartheid verhoed het. God het dit nie gedoen nie wat impliseer dat Hy nie bestaan nie, of dat Hy nie omgegee het nie, of dat Hy hom nie persoonlik by die mensdom se doen en late inmeng nie. Dit kan nie aangevoer word dat God Apartheid gekondoneer het nie.

Volgende word die belydenis van geloof wat katkisante by aanneming moes aflê, soos wat dit die in die 1969 katkisasieboek (Malan 1969:443) vervat is, aangehaal naamlik:

> "Glo u van harte dat die leer van ons kerk, soos dit hier geleer word, die ware en volkome leer van die saligheid is in ooreenstemming met die Heilige Skrif, en neem u dit aan as u persoonlike geloofsoortuiging?"

Die leer van die NGK in 1969 soos wat dit in die katkisasieboek ‘hier geleer’ is, was dat Apartheid deel gevorm het van die ware en volkome leer van die saligheid en dat dit in ooreenstemming met die Bybel was. Dit word met die aanhalings uit Malan (1969) hierbo bevestig. Kortom, om vir hemelse immortaliteit te kwalifiseer moes ’n lidmaat in 1969 geglo het Apartheid Bybels geregverdig was. Die vraag is hoe dit kon gebeur het.

Myns insiens lê die antwoord in die praktyk dat die leraars van die NGK (en van ander Christelike kerke) hulle lidmate aanmoedig om die kerk se dogma blindelings en onnadenkend te aanvaar om vir ’n ewige lewe na die dood te kwalifiseer. Blinde en onnadenkende geloof word eufemisties ’n geloofsprong (‘leap of faith’) genoem. Die gevaar verbonde aan religieuse geloofspronge en hoe dit tot onnadenkende geloof, ook in nie-religieuse sake kan lei, is in Hoofstuk Een (paragraaf 1.6) behandel. Wanneer die teokrate van ’n kerk eers vir ’n individu oortuig het om ’n religieuse geloofsprong te neem, is dit soveel makliker om daardie individu te oortuig om ’n nie-religieuse geloofsprong te neem. Die daarstelling van Apartheid ondersteun hierdie stelling.

Deur sy lidmate te oortuig het dat Apartheid Bybels geregverdig is, het die NGK, as ’n lid van ’n totalitêre regime, deur sy teokrate, aan Apartheid (wat uit sommige oorde as ’n misdaad teen die mensdom beskryf word) deel gehad. Die gevolge van Apartheid is nog nie iets van die verlede nie. Wat in 1994 gebeur het, was inderwaarheid die eindresultaat van ’n revolusie met relatief min bloedvergieting. Daar is steeds diegene wat meen dat ’n revolusie sonder grootskaalse bloedvergieting nie ’n revolusie is nie. Die NGK van die twintigste eeu dien as ’n klassieke gevallestudie van hoe ’n kerklike instelling ’n gevaar vir die ideaal van ’n oop demokratiese samelewing kan inhou.

Die NGK se huidige Belydenisskrif gefundeerde epistemologiese sisteem wat in Hoofstuk Vier behandel is, is dieselfde epistemologiese sisteem wat in die vorige eeu gebruik is. Hierdie epistemologiese sisteem het dit vir lidmate die waarheid gemaak dat Apartheid Bybels geregverdig was. Om hierdie rede beskou ek die NGK se epistemologiese sisteem as ’n potensieel gevaarlike

sisteem. Omdat dit ’n potensieel gevaarlike sisteem is, is daar in ’n moderne oop demokrasie nie daarvoor plek nie. Met al haar foute is Suid-Afrika, saam met ’n handjievol ander lande buite die VSA en Wes-Europa, ’n voorbeeld vir die res van die wêreld van ’n konstitusionele oop samelewing. Dit sal slegs as ’n oop samelewing kan bly voortbestaan vir solank as wat rasioneel denkende mense die land se politici, sakelui, en religieuse leiers voortdurend aan bevraagtekening onderwerp. Bevraagtekening van sy epistemologiese sisteem (deur wie ook al) word deur die NGK as anatema beskou.

Die kritiek wat ek in hierdie paragraaf teenoor die NGK uitspreek, geld net so ten opsigte van elke ander Christelike denominasie, elke ander religie en elke ander organisasie wat hulle lidmate/aanhangers indoktrineer met die doel om die vrye denke van hulle lidmate/aanhangers te onderdruk en om dit te manipuleer.

6.6 SAMEVATTING VAN DIE HOOFSTUK

6.6.1 OPSOMMING

Die doel van hierdie Hoofstuk Ses sluit aan by die tweede doelstelling van die verhandeling wat in paragraaf 6.1 hierbo beskryf is. Dit is naamlik om te argumenteer dat die epistemologiese sisteme van die NGK en die wetenskap nie kan medebestaan nie. Verder dat die NGK se epistemologiese sisteem, indien dit verkeerd toegepas word, ’n gevaarlike sisteem kan wees.

In paragraaf 6.3 hierbo is verduidelik dat die NGK, as ’n epistemologiese sisteem, ’n Grondwetlike medebestaan met die epistemologiese sisteme van ander denominasies, religieë en die wetenskap geniet.

Myns insiens het ek in paragraaf 6.4 hierbo afdoende argumenteer dat ’n medebestaan van die inhoud van die twee epistemologiese sisteme (met betrekking tot die Belydenisskrifleerstellings dat Adam ’n mens was wat bestaan het en dat Christus wat ’n ware menslike liggaam gehad het) nie moontlik is nie. Verder dat die NGK se Kerkleer so ’n medebestaan verbied.

In paragraaf 6.5 is motiveer dat die NGK se epistemologiese sisteem ’n gevaarlike sisteem kan wees indien dit, onder die dekmantel van religie, vir nie-religieuse doeleindes aangewend word.

6.6.2 GEVOLGTREKKINGS

In Hoofstuk Vier (paragraaf 4.5.2) is tot die gevolgtrekking gekom dat daar tweespalt binne die NGK bestaan oor die waarheid al dan nie van die Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde en dat dit onwaarskynlik is dat die NGK binne die afsienbare tyd enigiets sal doen om sy Belydenisskrifte te wysig.

In Hoofstuk Vyf (paragraaf 5.4.2) is tot die gevolgtrekking gekom dat die NGK by ’n kruispad gekom het wat betref sy Kerkleer oor Bybel/erfsonde (spesifiek wat betref evolusie as ’n verklaring vir die oorsprong van die mens) en dat die NGK sal moet besluit of Adam bestaan het andersins of hy nie bestaan het nie.

Die gevolgtrekkings in hierdie hoofstuk sluit aan by die gevolgtrekkings van Hoofstukke Vier en Vyf hierbo. Dit is naamlik dat (benewens dat die inhoudelike van die NGK se Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde nie met die wetenskappe se verduideliking vir die evolusionêre oorsprong van die mens kan medebestaan nie) die NGK inderwaarheid nie met homself kan medebestaan nie. Die rede hiervoor is omdat daar interne uiteenlopende sienings binne die NGK oor sy Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde bestaan.

Myns insiens is NGK in ’n oorlewingskrisis gewikkel. Dit is omdat rede en geloof nie binne die NGK tot ’n vergelyk kan kom nie.

Die slothoofstuk van die verhandeling volg hierna.

HOOFSTUK SEWE

SLOTHOOFSTUK

7.1 INLEIDING

Die doel van hierdie Hoofstuk Sewe is om die verhandeling saam te vat, die gevolgtrekkings waartoe in die verhandeling gekom is te bespreek, verwagte besware teen die verhandeling te identifiseer, om antwoorde daarop te formuleer en om verdere navorsing wat uit die verhandeling kan voortvloei te identifiseer. Verder word die implikasies vir die NGK se Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde ondersoek, gegrond op die premis dat Adam nooit bestaan het nie.

Die filosofiese vraagstuk van waarheid is die tema van die verhandeling. Die vraagstuk wat hiermee saamgaan, is of die waarheid van ’n proposisie deur **geloof** of deur **rede** verkry kan word.

In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.2.3) is verduidelik dat Aquinas alle bestaan hiërargies georden het van ’n laer ondergeskikte orde tot ’n hoër orde – die liggaam teenoor die siel, die materiële teenoor die geestelike, rede teenoor geloof, ensovoorts. Wanneer rede en geloof in konflik kom, word geloof die beslisser. Inderwaarheid was geloof nie die beslisser nie, maar wel die RKK. Dit was ’n millennium gelede. In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.3.2) is verduidelik dat Locke onderskei tussen dinge wat die onderwerp van rede is en dinge wat die onderwerp van geloof is. Vir Locke is rede die beslisser wanneer rede en geloof in konflik kom. Dit was drie eeue gelede. In die verhandeling volg ek die denkrigtings van Aquinas en van Locke na, deur te onderskei tussen rede en geloof. In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.5) het ek twee soorte proposisies identifiseer wat óf die onderwerp van geloof óf die onderwerp van rede kan wees. In die een-en-twintigste eeu maak die natuur- en ander wetenskappe dit makliker as in die tye van Aquinas en Locke om objektief te onderskei tussen

daardie dinge wat die onderwerp van rede kan wees en daardie dinge wat die onderwerp van geloof kan wees. Dit word hierna verduidelik.

Die eerste soort proposisie is proposisies oor die **religieuse wêreld** wat, deur **geloof**, die waarheid word vir die individu wat dit glo. Die volgende is voorbeelde van sulke proposisies wat in die verloop van die verhandeling identifiseer is: God, Allah, Christus as ’n ware God, die Heilige Gees, die drie-enige God, die duiwel, die duiwel se ewige vuur, tokkelossies, engele, die menslike siel, lewe na die dood, sonde, die hemel en die hel. Hierdie proposisies val buite die domein van rede omdat rede dit nie onwaar kan maak nie.

Die tweede soort proposisie, is proposisies oor die **natuurlike wêreld** wat, deur **rede**, deur ’n IDA as ’n epistemologiese waarheid aanvaar word. Hierdie proposisies berus op **empiriese verduidelikings**. Die volgende is voorbeelde van sulke proposisies wat in die verloop van die verhandeling identifiseer is: die aarde wentel om die son, die heelal het ongeveer 13,700 miljoen jaar gelede ontstaan, daar het reeds 40,000 jaar gelede mense (*homo sapiens*) geleef en die DNS van beide ’n menslike man en vrou (die ouers) is nodig vir die konsepsie en groei van ’n biologiese mens. Hierdie proposisies val buite die domein van geloof omdat geloof dit nie onwaar kan maak nie.

Met die aanvaarding van die NGK se Belydenisskrifte deur die Sinode van Dordrecht in 1619 het daar, behalwe vir Genesis en ander skeppingsmites, geen verklarings vir die ontstaan van die heelal en van die mens bestaan nie. Omdat daar nie bewyse tot die teendeel bestaan het nie, het geloof, tereg, die Bybel se skeppingsverklaring soos dit in Genesis vervat is, die waarheid gemaak. Dieselfde geld ten opsigte van Christus wat met ’n ware/werklike menslike liggaam aan die kruis gesterwe het. In die verloop van die verhandeling is bewyse voorgelê en is argumente aangevoer dat die 1619 Belydenisskrif-geloof oor die skepping van die heelal en die mens, asook die menslike aard van Christus in die een-en-twintigste eeu deur rede vervang (onwaar gemaak) is.

Normaalweg is dit nie ’n probleem wanneer ’n aanvaarde waarheid deur nuwe kennis onwaar gemaak word nie. In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.2.2) is verduidelik dat Einstein bewys het dat Newton se Wette nie onder alle omstandighede toepaslik (die waarheid) is nie. Die natuurwetenskappe het nie as gevolg hiervan tot stilstand gekom nie, maar het gevorder tot waar dit vandag staan. Die verkeerd bewys van die Genesis skeppingsverklaring deur die wetenskap is van ’n ander orde as die Newton/Einstein voorbeeld omdat die Belydenisskrifte vir Adam (as ’n fisiese mens wat in tyd geleef het) en die erfsonde onlosmaaklik aan die skepping koppel. Adam word ook onlosmaaklik aan die vergewing van sonde gekoppel deur die Belydenisskrifleer dat Christus as ’n ware God en ware mens aan die kruis gesterf het. Sonder Adam se werklike bestaan kom daardie Belydenisskrifte wat op die bestaan van Adam steun, onder bevraagtekening.

’n Derde soort proposisie is in die verhandeling identifiseer. Dit is ’n proposisie waaroor daar, vir ’n IDA, deur **rede** sekerheid verkry word maar ten opsigte waarvan **geen empiriese verduideliking** bestaan nie. Slegs metafisiese denke kan ’n verduideliking hiervoor aanbied. Hierdie proposisie is in Hoofstuk Drie (paragraaf 3.4.2) identifiseer en dit is dat die heelal deur ’n skepper geskep is. Indien dit aanvaar word dat daar slegs een skepper bestaan, bestaan daar sekerheid dat hierdie skepper ook die skepper van alle organiese lewe op aarde is. Wat met sekerheid van hierdie skepper geweet kan word, is dat die skepper magtig genoeg was om die heelal te kon geskep het. Al verdere kennis wat die mens van hierdie skepper kan hê, is dít wat die skepper aan die mens openbaar het, tewete die skepper se skepping, naamlik die materiële natuurlike wêreld. Dit is Hoofstuk Drie (paragraaf 3.6.2) behandel.

7.2 GEVOLGTREKKING EEN: DIE BELYDENISSKRIFLEERSTELLINGS OOR BYBEL/ERFSONDE HET ONWAAR GEWORD

Die doelstellings van die verhandeling is vervat in Hoofstuk Een (paragraaf 1.4). Die eerste doel van die verhandeling is om bewyse voor te lê en argumente aan te voer dat dit epistemologies geregverdig is om te glo dat die NGK se 1619 Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde in die een-en-twintigste

eeu onwaar geword het. Hierdie Belydenisskrifleerstellings is vervat in die NGK se belydenisgrondslag soos dit ten tye van die indien van die verhandeling in 2019 gegeld het. Dit is in Hoofstuk Vier (paragraaf 4.4.1) behandel. Dit is naamlik dat die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB), die Heidelbergse Kategismus (HKS) en die Dordtse Leerreëls (DLR) die belydenisgrondslag van die NGK vorm omdat dit, aldus die NGK, in ooreenstemming met die Bybel, naamlik die geopenbaarde onfeilbare Woord van God is. Hierdie Belydenisskrifte leer soos volg oor Bybel/erfsonde:

(a) Artikels 1 en 2 van die NGB leer dat God, soos Hy deur die Belydenisskrifte definieer word, die skepper van die heelal is. Artikel 3 van die NGB leer dat hierdie God homself aan sy heilige mense openbaar het en dat hulle sy Woord korrek in die Bybelboeke neergeskryf het.

(b) Artikels 18 en 19 van die NGB en artikels 29 en 30 van die Geloofsbelydenis van Athanasius leer dat Christus as ’n werklike/ware mens met ’n menslike liggaam en ’n egte menslike siel, aan die kruis gesterf het.

(c) Vraag en Antwoord 7 van die HKS leer dat Adam eenmalig 4000VGE deur God geskep is. Artikels 14 en 15 van die NGB en artikel 1 van die DLR leer dat Adam vir die erfsonde verantwoordelik was. Artikel 37 van die NGB leer dat die mense wat nie voor die skepping deur God uitverkies is nie, in alle ewigheid in die duiwel se vuur gepynig sal word.

In paragrawe 7.2.1 tot 7.2.4 hierna motiveer ek dat ek die eerste doel van die verhandeling bereik het, naamlik dat (a) tot (c) hierbo onwaar geword het. Die bespreking van (a) tot (c) word met (b) begin. Daarna word (c) behandel. Laaste word (a) behandel.

7.2.1 BELYDENISSKRIFLEER DAT CHRISTUS ’N WARE MENS WAS

In hierdie paragraaf 7.2.1 word (b) van paragraaf 7.2 hierbo behandel, naamlik die Belydenisskrifleer dat Christus as ’n werklike/ware mens met ’n menslike liggaam en ’n egte menslike siel aan die kruis gesterf het.

In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.5) en Hoofstuk Ses (paragraaf 6.2.1) is verduidelik hoe die mens vanaf konsepsie tot ’n volgroeide mens ontwikkel. Op grond hiervan is motiveer dat dit epistemologies geregverdig is om te glo dat Christus nie as ’n werklike/ware mens met menslike vlees aan die kruis gesterf het nie, maar as ’n wonderwerk. Rede het artikels 18 en 19 van die NGB en artikels 29 en 30 van die Geloofsbelydenis van Athanasius onwaar gemaak. Geloof kan dit nie moontlik maak dat ’n biologiese mens sonder die DNS van beide die ouers verwek kan word en tot ’n mens kan groei nie.

Wat betref die aanspraak van artikels 18 en 19 van die NGB dat Christus ’n egte menslike siel gehad het, is in Hoofstuk Ses (paragraaf 6.2.2) argumenteer dat die evolusionêr ontwikkelde mens nie ’n siel het nie en dat ’n siel nie nodig is om as ’n oorgangsinstrument tussen die dood en die oordeelsdag te dien nie. Geen empiriese verduideliking is in hierdie verband voorgelê nie en daarom word dit aanvaar dat die bestaan van ’n menslike siel ’n saak suiwer van geloof kan wees.

7.2.2 BELYDENISSKRIFLEER DAT ADAM VIR DIE ERFSONDE VERANTWOORDELIK WAS

In hierdie paragraaf word (c) van paragraaf 7.2 hierbo behandel, naamlik die Belydenisskrifleer dat Adam eenmalig 4000VGE deur God geskep is en dat hy vir die erfsonde verantwoordelik was. Artikels 14 en 15 van die NGB, artikel 1 van die DLR en Vraag en Antwoord 7 van die HKS is duidelik – hiervolgens was Adam ’n historiese mens wat geleef het en was hy vir die erfsonde verantwoordelik.

Die oorsprong van die mensdom teenoor die skepping van Adam is in Hoofstuk Drie (paragrawe 3.4 en 3.6.2) en Hoofstuk Vyf (paragrawe 5.3.1 en 5.4.2) behandel. Die gevolgtrekking waartoe in voormelde paragrawe gekom is, kan opgesom word dat, indien ’n IDA al die getuienis en argumente wat in die verhandeling behandel is vir en teen die bestaan van Adam (soos hy deur die Belydenisskrifte beskryf word as ’n historiese mens wat 4000VGE eenmalig deur God geskep is), hierdie IDA tot die gevolgtrekking sal kom dat dit

epistemologies geregverdig is om te glo dat hierdie Adam nooit bestaan het nie.

In Hoofstuk Vyf (paragrawe 5.3.6 en 5.3.7) is verduidelik dat die NGK, in beginsel, aanvaar dat evolusie ’n verklaring vir die oorsprong van die mens kan wees. Hierdeur erken die NGK indirek dat Adam nooit bestaan het nie.

Omdat Adam nooit bestaan het nie, volg dit dat hy nie vir die erfsonde verantwoordelik was nie. In Hoofstuk Vyf (paragraaf 5.2.5) is argumenteer dat al het Adam bestaan, hy nie vir die erfsonde verantwoordelik was nie, maar dat God in hoofsaak hiervoor verantwoordelik gehou moet word. Die NGK het nie meer ’n verklaring vir die erfsonde en die ander sonde wat uit die erfsonde voortspruit het nie.

7.2.3 BELYDENISSKRIFLEER DAT GOD BESTAAN EN DAT DIE BYBEL DIE WOORD VAN GOD IS

In hierdie paragraaf 7.2.3 word (a) van paragraaf 7.2 hierbo behandel, naamlik die Belydenisskrifleer dat God, soos Hy deur die Belydenisskrifte definieer word, die skepper van die heelal is, en dat hierdie God homself aan sy heilige mense openbaar het en dat hulle sy Woord korrek in die Bybelboeke neergeskryf het.

Die argumente vir en teen die bestaan van God (soos hy deur die Belydenisskrifte definieer word) is in Hoofstuk Vier (paragraaf 4.3.1) behandel en word nie hier herhaal nie. In Hoofstuk Drie (paragraaf 3.4.2) is tot die gevolgtrekking gekom dat die heelal deur ’n skepper geskep is. In Hoofstuk Vier (paragraaf 4.3.2.2) is argumenteer dat artikels 1 en 2 van die NGB nie daarin slaag om te bewys dat God die skepper van die heelal is nie.

In Hoofstuk Vier (paragraaf 4.3.2) is die Belydenisskrifleerstelling oor Goddelike openbaring, soos vervat in artikel 3 van die NGB, behandel. Hierin is argumenteer dat die Belydenisskrifte geen rasionele bewyse voorlê dat ’n

immateriële God aan die materiële Bybelskrywers kon openbaar het nie. Die enigste manier hoe dit kon gebeur het, was deur ’n wonderwerk.

Rede maak die Goddelike openbaringsleer, soos vervat in artikel 3 van die NGB, onwaar. Dit word verder in paragraaf 7.5 hieronder motiveer. In voetnota 74 op bladsy 157 is aangetoon hoe die NGK artikel 3 van die NGB repudieer.

7.2.4 SAMEVATTING

Paragrawe 7.2.1 tot 7.2.3 hierbo is ’n samevatting van my tesis dat ek my eerste doelstelling van die verhandeling bereik het, naamlik om te bewys en te argumenteer dat dit epistemologies geregverdig is om te glo dat die NGK se 1619 Belydenisskrifleer oor die Bybel/erfsonde ((spesifiek artikels 1, 2, 3, 14, 15, 18, 19, en 37 van die NGB, artikel 1 van die DLR, en Vraag en Antwoord 7 van die HKS, wat in paragraaf 7.2(a) tot (c) hierbo aangehaal is)) in die een-en-twintigste eeu onwaar geword het.

7.3 GEVOLGTREKKING TWEE: DIE BELYDENISSKRIFTE KAN IN SEKERE ASPEKTE NIE MET DIE WETENSKAP MEDEBESTAAN NIE

Die doelstellings van die verhandeling is vervat in Hoofstuk Een (paragraaf 1.4). Die tweede doel van die verhandeling om te argumenteer dat die inhoud van NGK se epistemologiese sisteem, met betrekking tot die skepping van die mens, nie met die epistemologiese sisteem van die wetenskap, met betrekking tot die oorsprong van die mens, kan medebestaan nie. Verder dat die NGK se epistemologiese sisteem van waarheid deur geloof, indien dit verkeerd toegepas word, ’n gevaarlike epistemologiese sisteem kan wees. Ek is tevrede dat ek daarin geslaag het om die tweede doel van die verhandeling te bereik.

In Hoofstuk Ses (paragraaf 6.3) is verduidelik dat die NGK, binne ’n oop demokratiese samelewing waarin godsdiensvryheid gewaarborg is, as ’n epistemologiese sisteem met ander epistemologiese sisteme wat daarmee verskil, kan medebestaan. Die NGK se epistemologiese sisteem kan daarom met die wetenskap se epistemologiese sisteem medebestaan.

In Hoofstuk Ses (paragraaf 6.4) is motiveer dat die inhoud van die NGK se epistemologiese sisteem onbestaanbaar is met die inhoud van die epistemologiese sisteem van die wetenskaplik geletterde wêreld. Adam kan nie tegelykertyd bestaan en nie bestaan het nie. Verder kon Christus nie en werklike/ware menslike liggaam gehad het nie.

In Hoofstuk Ses (paragraaf 6.5) is motiveer dat die NGK se epistemiese sisteem ’n gevaarlike sisteem kan wees indien dit verkeerd toegepas word.

7.4 GEVOLGTREKKING DRIE: DIE BELYDENISSKRIFTE IS ’N SIMPLISTIESE EN VEROUDERDE BESKOUING VAN MENSWEES

Die derde gevolgtrekking waartoe ek met die verhandeling gekom het, is dat erfsonde vir die NGK (en vir die Christendom sedert Augustinus) ’n bestaanreg gee. Sonder die erfsonde sal die NGK ’n ander Goddelike verklaring moet kry waarom sekere menslike gedrag (doen en late) as strafbare sonde deur God beskou word. Indien sonde verstaan word as menslike handelinge (doen en late) wat deur God afgekeur en daarom deur God strafbaar is, beteken dit dat God aan die hele mensdom moet openbaar wat hierdie handelinge is. Tot nou toe nog kon die NGK (asook alle ander kerke en religieë) nie enige argument aanvoer of enige bewys voorlê dat ’n immateriële godheid haarself/homself aan die materiële mensdom openbaar het om sodoende die mensdom te kon meedeel watter menslike handelinge deur haar/hom as strafbare sonde beskou word nie. Selfs al word aanvaar dat God sekere verstaanbare instruksies in hierdie verband gegee het, kom ’n hele reeks ander vraagstukke na vore wat in die verhandeling aangeraak word maar wat nie in diepte behandel is nie. Die belangrikste hiervan is die mens se wilsvryheid.

In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.2.3) is aangetoon dat Aquinas menslike wilsvryheid as ’n voorvereiste vir verantwoordbaarheid stel – die mens moet ’n keuse hê om te sondig of om nie te sondig nie. In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.2.1) is aangetoon dat wilsvryheid ook sentraal in die teologie van die

Judaïsme staan. In Hoofstuk Twee (paragraaf 2.3.3) is aangetoon dat wilsvryheid ’n belangrike element van Kant se natuurlike teologie uitmaak.

Hierteenoor is in Hoofstuk Drie (paragraaf 3.5) oorsigtelik verduidelik dat die mens, as ’n biologiese organisme, grootliks geneties gepredestineer is en dat die mens se chemies gedrewe bewuste brein nie veel beweegruimte het wat wilsvryheid betref nie. Ekstreme voorbeelde hiervan is depressie, psigopatie en skisofrenie. Dit is fisiese brein-siektes wat die mens se wilsvryheid beperk. Dit kan nie as sondes geklassifiseer word nie omdat dit fisiese siektes is waaroor die mens nie beheer het nie. Vandag is farmakologiese medikasie beskikbaar vir die behandeling van depressie en skisofrenie. Voormelde voorbeelde illustreer dat die NGK se 1619 Belydenisskrifleer oor die erfsonde en die sonde wat daaruit voortspruit, en die straf vir hierdie sonde (en dít in die duiwel se ewige vuur vir daardie mense wat nie voor die skepping 13,700 miljoen jaar gelede deur God uitverkies is nie), ’n simplistiese en verouderde beskouing van menswees (‘the human condition’) is.

7.5 IMPLIKASIES VIR DIE NGK DAT SY BELYDENISSKRIFLEER OOR BYBEL/ERFSONDE ONWAAR GEWORD HET

In Hoofstuk Een (paragraaf 1.4) is verduidelik dat die Sinode van Dordrecht, met die aanvaarding van die Belydenisskrifte, aanvaar het dat die Genesis gebeure rondom Adam en die sondeval ware gebeure was. Volgens artikel 3 van die NGB het God hierdie ware gebeure in die Bybel openbaar. Paragraaf 7.2 hierbo is ’n opsomming van die verhandelingstesis dat Adam nooit bestaan het nie. Die bespreking hierna berus op die premisse dat Adam nooit bestaan het nie, maar dat God bestaan en dat God nie leuens sal vertel nie.

Die skepping van Adam is die fondasie waarop Genesis en die Pentateug rus. Na Adam volg Adam se nageslag, Noag en die sondvloed, God se verbond met Abraham, Moses, die slawerny en die uittog uit Egipte, die intrek in die beloofde land ensovoorts. Indien Genesis nie van God afkomstig is nie volg dit dat Eksodus en die ander boeke van die Pentateug nie van God afkomstig is nie. Indien Adam nooit bestaan het nie, volg dit dat God dit nie in die Pentateug

sou openbaar het dat Adam bestaan het indien dit nie feitelik korrek was nie. Hierdie gevolgtrekking ondersteun die opvatting van die geleerdes wat in Hoofstuk 4 (paragraaf 4.3.2.1) aangehaal is, naamlik dat daar geen historiese of argeologiese bewyse bestaan dat die Pentateug ware gebeure beskryf nie maar dat dit metafories van aard is.

Benewens Genesis, verwys ander Bybelboeke na Adam asof hy bestaan het. Indien Adam nooit bestaan het nie, volg dit dat God nie aan die skrywers van hierdie ander Bybelboeke sou openbaar het dat Adam bestaan het indien dit nie feitelik korrek was nie. Dit volg dat, omrede hierdie ander Bybelboeke na Adam verwys asof hy bestaan het, hulle nie die geopenbaarde Woord van God kan wees nie. Hierdie Bybelboeke moet derhalwe ’n ander oorsprong as van God hê. Nog ander Bybelboeke verwys na Moses en ander mitiese figure in die Joodse kultuurgeskiedenis asof hulle inderwaarheid bestaan het. Indien hierdie mitiese figure nooit bestaan het nie, volg dit dat God dit nie aan die skrywers van hierdie ander Bybelboeke sou openbaar het dat hulle bestaan het indien dit nie feitelik korrek was nie. Hierdie Bybelboeke moet derhalwe ’n ander oorsprong as van God hê.

Die Nuwe Testament bevat die volgende verwysings na Adam. Hierdie verwysings is ondubbelsinnig en dui daarop dat die skrywers van hierdie boeke vir Adam as ’n ware historiese mens beskou het: Mattheus 19:4; Markus 10:6; Lukas 3:38; Romeine 5:14; 1 Korintiërs 11:8-9, 15:22,45,47; 1 Timoteus 2:13 - 14.

Die Nuwe Testament bevat die volgende verwysings na Moses. Hierdie verwysings is ondubbelsinnig en dui daarop dat die skrywers van hierdie boeke vir Moses as ’n ware historiese mens beskou het: Mattheus 8:4, 22:24; Markus 7:10, 10:3-4 en 12:19; Lukas 2:22, 16:29-31 en 20:28; Handelinge 6:11,14 en 7:20; Romeine 5:14 en 9:15; 1 Korintiërs 10:2; 2 Korintiërs 3:7,13,15; 2 Timoteus 3:8; Hebreërs 3:2-5.

Christus verwys na Moses in Mattheus 8:4 en in Markus 7:10 en 10:3; na Abraham, Isak en Jakob in Mattheus 22:32 en Markus 12:26; na Adam in

Mattheus 19:4 en in Markus 10:6; na Moses in 1 Johannes 3:14. Dit is duidelik dat Christus se verwysing na ware historiese mense was.

Die gevolge van die bespreking hierbo is eerstens, dat artikel 3 van die NGB onwaar geword het deur te leer, ten opsigte van die Bybelboeke hierbo, dat die Bybel die geopenbaarde Woord van God is. Die tweede gevolg is dat, sonder Adam, die Belydenisskrifleerstelling oor die erfsonde ’n fondasielose teologiese konstruk word. Sonder die erfsonde het die NGK nie ’n verklaring vir die ander sonde wat uit die erfsonde voortspruit nie.

Sou die NGK bereid wees om te erken dat die nie-bestaan van Adam ’n probleem veroorsaak met betrekking tot die Belydenisskrifleerstelling oor die erfsonde, sal hy moet toegee dat die Belydenisskrifte se letterlike vertolking van Genesis verkeerd is. Ten einde Genesis as die Woord van God te behou, sal die NGK moet toegee dat Genesis nie letterlik vertolk moet word nie, maar metafories. Op hierdie wyse bly Genesis, asook die ander Bybelboeke wat na Adam verwys as ’n mens wat bestaan het, die Woord van God. Dit word dan, deur geloof, die waarheid dat die Bybel die metaforiese Woord van God is. Adam se metaforiese bestaan kan nie as onwaar bewys word nie, teenoor ’n aanspraak dat Adam inderdaad bestaan het, wel as onwaar bewys kan word.

’n Metaforiese vertolking van Genesis sal egter nie die NGK se probleem oplos nie. Sou die NGK Genesis as ’n metafoor vertolk, hou dit hoofsaaklik twee verdere probleme in.

Die eerste probleem is die kwessie van die strafbare erfsonde. Indien Adam nooit bestaan het nie, volg dit dat die erfsonde nie bestaan nie omdat die Belydenisskrifleer oor die erfsonde (en die ander sonde wat daaruit voortspruit) ’n Adam benodig wat werklik bestaan het en wat werklik aan God ongehoorsaam was. Indien Adam en die sondeval as ’n metafoor vertolk word, moet die erfsonde noodwendig ook as ’n metafoor vertolk word omdat werklike strafbare erfsonde nie uit ’n metaforiese Adam se metaforiese ongehoorsaamheid aan God (wie se bestaan alleen op geloof berus) kan ontstaan nie. ’n Verdere probleem wat hierby aansluit, is dat, volgens die

Belydenisskrifleer oor die erfsonde, alle ander sonde uit die erfsonde voortspruit. Kortom, sonder die erfsonde het die NGK geen ander verklaring vir sonde nie. Die NGK kan argumenteer dat ’n metaforiese vertolking van die Bybel vir Adam ’n metaforiese mens maak maar dat die metaforiese Adam nogtans vir werklike strafbare erfsonde verantwoordelik was. Laasgenoemde argument is deur Heyns (1992) aangevoer en is in Hoofstuk Vyf (paragraaf 5.3.2) behandel en verwerp. Myns insiens kan dit nie aanvaar word dat ’n liefdevolle God ((wat in die NGK se *Geloofsverklaring 2000* wat in Hoofstuk Vyf (paragraaf 5.2.6) beskryf is)) die mensdom vir Adam se metaforiese erfsonde sal straf nie, en dít in ’n werklike ewige vuur wat die duiwel voorberei het nie. Indien die vuur wat die duiwel voorberei het, ’n metaforiese vuur word, verdwyn die grootste oorsaak vir die gewone belydende NGK lidmaat se vrees vir die dood.

Die NGK se tweede probleem om Genesis as ’n metafoor te vertolk, is die kwessie van die ander Bybelboeke wat na Adam verwys asof hy ’n mens was wat werklik bestaan het. God sou nie aan die skrywers van hierdie Bybelboeke openbaar het dat Adam ’n mens was wat bestaan het, indien Adam nooit bestaan het nie. Dit volg dat hierdie Bybelboeke ’n ander oorsprong as van God het. Die Bybelboeke Lukas en Mattheus is twee van voormelde Bybelboeke wat ’n ander oorsprong as van God het omdat hulle na Adam as ’n mens verwys wat bestaan het. Die Belydenisskrifte maak spesifiek op Lukas en Mattheus staat om die Belydenisskrifleerstelling van Christus se Heilige Ontvangenis te regverdig. Volgens Lukas en Mattheus het ’n engel aan Josef en Maria openbaar dat Maria se swangerskap deur die krag van die Heilige Gees bewerkstellig is/sal word. Dit is in Hoofstuk Ses (paragraaf 6.2.1) behandel. Dit volg dat die Belydenisskrifleerstellings oor Christus se Heilige Ontvangenis en dat Christus beide mens en God was, op Bybelboeke (Lukas en Mattheus) berus wat nie van God afkomstig is nie. Die NGK bevind homself in dieselfde dilemma wat betref die erfsonde. Vraag en Antwoord 7 van die HKS wat in Hoofstuk Vier (paragraaf 4.2) aangehaal is, steun op Genesis 3 en Romeine 5:12 as ’n verklaring vir die erfsonde. Beide die Bybelboeke Genesis en Romeine verwys na Adam as ’n mens wat bestaan het en is hulle daarom nie van God afkomstig nie. In 1 Korintiërs 15:22 leer Paulus dat soos almal

deur hulle verbondenheid met Adam sal sterf, almal in Christus lewend gemaak sal word. Ook die Bybelboek 1 Korintiërs verwys na Adam as ’n mens wat bestaan het en is daarom nie van God afkomstig nie. Paulus se belofte (in 1 Korintiërs) van lewe na die dood is daarom ’n menslike belofte wat nie van God afkomstig is nie. In Mattheus 19:4 en Markus 10:6 verwys Christus na Adam en Eva as mense wat bestaan het. Die vraag is waarom Christus, as die Seun van God, na Adam en Eva sal verwys indien hulle nooit bestaan het nie. Myns insiens is dit omdat God die skepper in die eerste plek nie aan die skrywers van die Bybelboeke Mattheus en Markus openbaar het om sulke woorde in die mond van Christus te lê nie.

Bogenoemde twee probleme kan oorkom word indien die hele Bybel as ’n metafoor vertolk word. Christus se kruisdood moet dan ook as ’n metafoor vertolk word. Dit sal waarskynlik vir die NGK onaanvaarbaar wees omdat dit vir die Belydenisskrifte noodsaaklik is dat Christus werklik aan die kruis gesterf het, en wel ter vergewing van beide die erfsonde en ander sonde wat uit die erfsonde voortspruit.

Sonder Adam word die Belydenisskrifleer oor die erfsonde ’n fondasielose teologiese konstruk en sal die NGK ’n ander sinvolle verklaring vir die bestaan van sonde moet verkry om Christus se kruisdood te kan regverdig.

Uit die bespreking hierbo is dit duidelik dat die NGK, sou hy eendag amptelik (deur die Algemene Sinode) besluit om evolusie as ’n verduideliking vir die oorsprong van die mens te aanvaar, kreatief sal moet dink hoe om sy Belydenisskrifte sinvol (dit wil sê sonder die gebruik van dubbelsinnige teologiese taal) hierby aan te pas. In paragraaf 7.6 hierna motiveer ek my siening dat die 1619 Belydenisskrifte nie by die een-en-twintigste eeu se werklikhede aanpasbaar is nie.

Dit staan die NGK vry om in die toekoms geen verdere uitsprake oor evolusie en die invloed daarvan op sy Belydenisskrifte te maak nie. Daardie lidmate wat glo dat die Belydenisskrifte (wat insluit dat Adam eenmalig 4000VGE deur God as die eerste mens geskep is en dat Adam vir die erfsonde verantwoordelik

was) die ware en volkome leer vir die verkryging van hemelse immoraliteit is, sal as lidmate aanbly en sal húlle die NGK se voortbestaan verseker. Myns insiens is hierdie die waarskynlike toekomspad wat die NGK vir homself sal kies.

7.6 VERWAGTE BESWARE EN ANTWOORDE DAAROP

Myns insiens bevind die NGK homself in ’n dilemma wat betref sy Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde. Ek staan nie onsimpatiek teenoor die NGK nie. Die NGK dra nie die skuld dat hy homself in hierdie dilemma bevind nie. Die opstellers van die Belydenisskrifte en die Sinode van Dordrecht dra ook nie die skuld hiervoor nie. Reeds in Hoofstuk Een (paragraaf 1.2) is aanvaar dat dit in 1619 geregverdig was om te glo dat die Bybel se skeppingsverklaring, die sondeval en die erfsonde die waarheid was. Deur in 2019 op sy webtuiste te verklaar dat die 1619 Belydenisskrifte sy belydenis-grondslag vorm, ontken die NGK dat hy homself in ’n dilemma bevind wat betref sy Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde. ’n Moontlike rede hiervoor is in Hoofstuk Vier (paragraaf 4.5.2) aangebied. Omdat die NGK in 2010 en 2013 erken het dat evolusie ’n verduideliking vir die oorsprong van die mens mag wees, weerspreek die NGK indirek sy eie Belydenisskrifte dat Adam die eerste mens was wat eenmalig deur God geskep is. Om hierdie weerspreking (interne teenstrydigheid) te kan verklaar sal die NGK kan argumenteer dat die Belydenisskrifte hermeneuties verstaan moet word en dat my letterlike vertolking van die Belydenisskrifte in die verhandeling te eng is. My antwoord op hierdie moontlike beswaar is soos volg. Om die Belydenisskrifte (oor Bybel/erfsonde) hermeneuties te verstaan kom daarop neer dat die Belydenisskrifte, wat ’n antieke Bybel in ’n Middeleeuse konteks vertolk, op hulle beurt weer in ’n kontemporêre konteks vertolk moet word. Myns insiens sal dit nie die probleem oplos nie en sal dit tot nog meer verwarring lei. Byvoorbeeld, hoe moet die Belydenisskrifleerstellings dat Adam werklik bestaan het en dat hy vir die erfsonde verantwoordelik was, dat alle ander sonde uit die erfsonde voortspruit, dat Christus ’n mens met werklike/ware menslike vlees was, en dat die daardie mense wie nie 13,700 miljoen jaar gelede deur God uitverkies is nie en wie na die oordeelsdag in die duiwel se

ewige vuur gepynig sal word, hermeneuties verstaan word? Die NGK sal dan ’n handleiding moet opstel oor hoe die Belydenisskrifte hermeneuties verstaan moet word. Dit sal tog onsinnig wees. Die enigste oplossing is dat die NGK, met inagneming van die realiteite van die een-en-twintigste eeu, oor sy huidige ondersteuning van sy 400 jaar oue intern teenstrydige en onsamehangende Belydenisskrifte moet herbesin. Kortom, die Belydenisskrifleer oor Bybel/erfsonde wat sedert 1652 jaar die lig op die pad van die NGK in Suid-Afrika was, het in die een-en-twintigste eeu ’n anachronisme geword en ’n hermeneutiese vertolking daarvan kan dit nie regstel nie. Niks verhoed die NGK om te erken dat die Belydenisskrifte verouderd geword het nie. Die NGK kan dan die Bybel opnuut vertolk en wel in ’n een-en-twintigste eeu se konteks.

Die tweede moontlike beswaar teen die verhandeling mag wees dat die Bybel nie ’n wetenskaphandboek is nie. In Hoofstuk Vyf (paragrawe 5.3.3 en 5.3.4) het die NGK die Bybel, as ’n hoër gesag as die wetenskap, gebruik om die wetenskap onwaar te maak. Eers toe die NGK (en ander Christelike denominasies) tot die besef gekom het dat die wetenskap reg en die Bybel verkeerd is (wat betref die natuurlike wêreld), het hulle begin om die argument aan te bied dat die Bybel nie ’n wetenskaphandboek is nie. Hulle doen dit steeds. Die NGK se standpunt hieroor is in Hoofstuk Vyf ((paragrawe 5.3.5 en 5.3.6(d)) aangehaal. My antwoord op hierdie moontlike beswaar moet gesien word teen die stelling wat ek in Hoofstuk Een (paragraaf 1.4) gemaak het, naamlik dat die doelstelling van die verhandeling nie is om te bewys dat die Bybel onwaar is nie maar om te argumenteer dat die NGK, met sy ondersteuning van die 1619 Belydenisskrifte, wat betref die Genesis gebeure as ware gebeure, uit pas is met die realiteite van die een-en-twintigste eeu waarin sy lidmate leef. My antwoord op die moontlike beswaar dat die Bybel nie ’n wetenskapboek is nie, is daarom dat die Bybel nie van God, die argitek en skepper van die heelal, afkomstig is nie. Indien God werklik die skepper van die heelal en die outeur van die Bybel was, sou Hy nie soveel foute gemaak het wat betref stellings oor die natuurlike wêreld as wat die Bybel maak nie. Om watter rede sal God die skepper in die Bybel verklaar dat hemelliggame soos die son en die Bethlehemster in die lugruim stilgestaan het, om maar twee voorbeelde te noem. God was immers die skepper van die wette van

swaartekrag en beweging wat hemelliggame se posisies in die heelal reguleer. Die feit dat die Bybel sulke elementêre foute bevat, dien as ’n verdere bewys dat die Bybel nie van God, die argitek en skepper van die heelal, afkomstig is nie. Indien die NGK voet by stuk sou wil hou dat die Bybel die geopenbaarde Woord van God is, is die voor die hand liggende manier om hierdie dilemma reg te stel, dat die Bybel metafories vertolk word, “... lest Holy Scripture be exposed to the ridicule of unbelievers, and obstacles be placed to their believing.” Hierdie was Aquinas se standpunt. Dit is in Hoofstuk Twee (paragraaf 2.2.3) behandel. Die implikasies van ’n metaforiese vertolking van die Bybel is in paragraaf 7.5 hierbo bespreek.

Die derde moontlike beswaar wat verwag kan word, mag die tradisionele beswaar wees dat ek ongevoelig vir transendente religieuse sake is. Die Naskrif, ná paragraaf 7.7 hieronder, is my ontkenning hiervan.

7.7 VERDERE NAVORSING

My ouderdom maak dit onwaarskynlik dat ek navorsing met die oog op ’n verdere nagraadse kwalifikasie sal onderneem (mits ek daarin slaag om hierdie Magister te behaal). Indien ek dit egter sou doen, sal dit wees oor die Christendom en/of die NGK se konsep van sonde binne die konteks van Kant se rasionele teologie.

NASKRIF

Die reis wat ek met die verhandeling ervaar het vandat ek die eerste keer daaroor begin nadink het, was vir my ’n ontnugterende en terselfdertyd ’n verrykende eksistensiële ondervinding. Ek is dankbaar dat ek dit nog binne my leeftyd kon onderneem het.

In die Voorwoord van die verhandeling het ek genoem dat toe ek tot die besef gekom het dat ek die produk van ’n millennia lange evolusionêre proses is en dat ek waarskynlik aan alle organiese lewe op aarde verwant is, ek genoodsaak was om opnuut oor die mensdom se lewe op aarde te besin. In die verhandeling het ek motiveer dat dit geregverdig is om te glo dat die heelal deur ’n onbekende skepper geskep is. Die vraag wat ek vir myself afgevra het, is wat my verhouding met hierdie skepper en sy skepping (ons moeder aarde en alles daarin – die mensdom, die diereryk en die natuur) behoort te wees. Dit is ’n vraag wat die mensdom tot nou toe nog nie eenstemmig kon beantwoord het nie. Een ding waaroor die verhandeling vir my sekerheid gegee het, is dat die NGK se 400 jaar oue Belydenisskrifte nie die antwoord op my vraag is nie.

Ek kan nie die vereistes van die Belydenisskrifte en die Kerkorde aanvaar dat die Belydenisskrifte en die NGK se Kerkleer onbevraagteken, deur blinde geloof en met die verwerping van rede, aanvaar moet word nie. Verder kan ek nie die Belydenisskrifte en die NGK se ontsnapklousules van God se onbegryplikheid en teologiese taal aanvaar wat die intern teenstrydige en onverklaarbare Middeleeuse dogma van die Belydenisskrifte probeer verdoesel nie. Die NGK se gebruik van God se onbegryplikheid en van teologiese taal lei tot epistemologiese ambivalensie eerder as begrip en reflekteer negatief op die Geloofsleer van die NGK vanuit ’n een-en-twintigste eeu se intellektuele perspektief.

Ek kan nie aanvaar dat die skepper van die heelal al ooit met die mensdom kommunikeer het nie. Al wat die skepper tot nou toe aan die mensdom

openbaar het, is die skepping, naamlik die natuurlike wêreld[76]. Ek kan ook nie aanvaar dat Adam ooit bestaan het nie – die bewyse daarteen is te oorweldigend. Dit volg dat ek nie kan aanvaar dat die erfsonde, wat in die duiwel se ewige vuur strafbaar is, bestaan nie. Laastens kan ek nie aanvaar dat Christus[77] met 'n ware menslike liggaam aan die kruis gesterwe het nie.

Dit spreek vanself dat, vir solank as wat die Belydenisskrifte die NGK se belydenisgrondslag (oor Bybel/erfsonde) vorm, daar nie vir my (en andere wat soos ek dink) in die NGK plek is nie. Omdat ek anders as die NGK dink, beteken dit nie dat ek die morele waardes waarvolgens ek opgevoed is, oorboord gegooi het nie. Inteendeel, ek het tot die besef gekom dat hierdie waardes bo verdenking is en dat dit 'n bepaalde lewenswyse vereis wat moeiliker as *Sola Fide* is. In die praktyk is die uitleef van die beginsels van hoe 'n mens met jou medemens moet omgaan, soos vervat in Mattheus 5:17 tot 7:29 (die Bergpredikasie), geen maklike taak nie maar is dit iets om na te streef en om jou lewe na te rig. Dít is, myns insiens, wat Kant met sy rasionele teologie en Locke met sy natuurlike wet ('natural law') wou bereik het.

In die Voorwoord van die verhandeling het ek ook genoem dat toe ek so oud soos my vader geword het toe hy oorlede is, ek myself gedwing het om my naderende dood as 'n onvermydelike werklikheid te aanvaar en om oor die vraag wat ná my dood met my sal gebeur, te besin. Hierdie vraag is, aan die einde van die uur, waaroor die lewe en die dood gaan. Met die verhandeling het ek hierdie vraag so objektief en eerlik moontlik vir myself beantwoord en berus ek my hierin.

DIE EINDE

[76] In die verhandeling is sekere dinge waarvoor die natuurwetenskappe nie verduidelikings kan gee nie, identifiseer. Die fundamenteelste hiervan is die mens se bewuste brein wat 'n bestaan aan dit-self gee asook aan die skepper se skepping naamlik die materiële natuurlike wêreld.

[77] Hierdie Christus is die een wat deur die Belydenisskrifte definieer word. Ek aanvaar dat 'n persoon met die naam Jesus van Nazareth moontlik ongeveer 2,000 jaar gelede geleef het en dat hy sy boodskap in Israel verkondig het. Dit is moontlik dat sekere dinge wat die Nuwe Testament aanvoer hy verkondig het, in die breë waar mag wees – byvoorbeeld gedeeltes van die Bergpredikasie. My navorsing in hierdie verband dui daarop dat Jesus van Nazareth nie die Christus van die Nuwe Testament en van die Belydenisskrifte was nie.

BIBLIOGRAFIE

al-Khalili, J. & McFadden, J. 2014. *Life on the edge: The coming of age of quantum biology.* London: Transworld Publishers.

Augustine. 1971. *The city of God*, in Great Books of the Western World. Edited by R.M. Hutchins. London: Encyclopaedia Britannica, Vol. 18.

Aquinas, T. 1971. *The summa theologica of saint Thomas Aquinas,* in Great Books of the Western World. Edited by R.M. Hutchins. London: Encyclopaedia Britannica, Vol. 19.

Aquinas, T. 1971. *The summa theologica of saint Thomas Aquinas,* in Great Books of the Western World. Edited by R.M. Hutchins. London: Encyclopaedia Britannica, Vol. 20.

Ayer, A.J. 1952. *Language, truth and logic*. New York: Dover Publications.

Brasier, M. 2012. *Secret chambers. The inside story of cells and complex life*. Oxford: Oxford.

Calvin, J. 2011. *Institutes of the Christian religion*. Trans. H. Beveridge. Edinburgh: Peabody: Hendrickson Publishers.

Carrier, R. 2011. *Why I am not a Christian*. Richmond: Philosophy Press.

Clitheroe, F., Dempster, E., Doidge, M., Marsden, S., Mbambisa, N., Singleton, N., van Aarde, I. 2010. *Verken: Lewenswetenskappe*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Cohen, A. 1995. *Everyman's Talmud*. New York: Schocken Books.

Cohen, M. 2005. induction, in *The Oxford companion to philosophy*. Edited by T. Honderich. New York: Oxford University Press, 432.

Cox, B. & Forshaw, J. 2009. *Why does E = mc².* Philadelphia: Da Capo Press.

Daniel, G.E. 2012. archaeology, in *Encyclopaedia Britannica*. Encyclopaedia Britannica Deluxe Edition. Chicago: Encyclopaedia Britannica.

Dann, G.E. 2009. *After Rorty*. London/New York: Continuum International Publishing Group.

Davis, D.R. 2010. delusion, in *The Oxford companion to the mind*. Edited by R.L. Gregory. Oxford: Oxford University Press, 244.

Dawkins, R. 2005. *The ancestor's tale*. London: Phoenix.

Dennett, D.C. 2017. *From bacteria to Bach and back. The evolution of minds*. New York/London: Norton & Company.

Descartes, R. 1969. *A discourse on method: Meditations on the first philosophy: Principles of philosophy*. Trans. J. Veitch. London: J.M. Dent & Sons.

Descartes, R. 2003. *Treatise of man*. New York: Prometheus Books.

Die Bybel in Afrikaans. Vierde uitgawe 1957. Bungay: Richard Clay.

Die Bybel Nuwe Vertaling. Sesde uitgawe 1986. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Ergang, R. 1967. *Europe from the Renaissance to Waterloo*. Lexington: DC. Heath.

Esterhuyse, W. 2010. *Die God van Genesis*. Durbanville: Christelike Media Publikasies.

Finkelstein, I. & Silberman, N.A. 2002. *The Bible unearthed*. New York: Simon and Schuster.

Flew, A. 1984. *A dictionary of philosophy*. Revised second edition. New York: St. Martin's Press.

Fraser, E.J. 2010. epistemic, in *The Oxford companion to philosophy*. Edited by T. Honderich. New York: Oxford University Press, 259.

Fricker, M. 2011. Rational authority and social power: Towards a truly social epistemology, in *Social epistemology: Essential readings*. Edited by A. Goldman & D. Whitcomb. New York: Oxford University Press, 56-68.

Gerdener, G.B.A., 1927. *Handboek by die katkisasie*. Elsiesrivier: Nasionale Handelsdrukkery.

Gibb, B.J. 2012. *The rough guide to the brain*. London: Rough guides limited.

Giliomee, H. & Mbenga, B. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.

Goldman, A. 2011. A guide to social epistemology, in *Social epistemology: Essential readings*. Edited by A. Goldman & D. Whitcomb. New York: Oxford University Press, 11-37.

Goldman, A. & Whitcomb, D. (Editors). 2011. *Social Epistemology: Essential readings*. New York: Oxford University Press.

Green, V.H.H. 1965. *Renaissance and Reformation: A survey of European history between 1450 and 1660*. London: Edward Arnold.

Gregory, R.L. (Editor). 2010. *The Oxford companion to the mind*. Oxford: Oxford University Press.

Harvey, S.A. & Hunter, D.G. (Eds.). 2010. *The Oxford handbook of early Christian studies*. Oxford: Oxford University Press.

Hawking, S. & Mlodinow, L. 2011. *The grand design*. London: Bantam Books.

Heyns, J.A. 1967. *Denkers deur die eeue*. Elsiesrivier: Tafelberg-Uitgewers.

Heyns, J.A. 1992. *Inleiding tot die dogmatiek*. Halfway House: NG Kerkboekhandel.

Heyns, R, Dressel, L. & Botha, W. (Eindredaksie) 2009. *Geloof wat rêrig is*. Brandhof: Handise Drukkers.

Heyns, R, Dressel, L. & Botha, W. (Eindredaksie) 2013. *Geloof wat rêrig is*. Brandhof: Handise Drukkers.

Hill, B.R., Knitter, P. & Madges, W. 2000. *Faith, religion, and theology*. Mystic CT: Twenty-Third Publications.

Hoffman, J. & Rosenkrantz, G. 2010. Omnipotence, in *The Routledge companion to philosophy of religion*. Edited by C. Meister and P. Copan. Oxon: Routledge, 271.

Holmes, M.W. 2010. The Biblical Cannon, in *The Oxford handbook of early Christian studies*. Edited by S.A. Harvey & D.G. Hunter. Oxford: Oxford University Press, 408.

Honderich, T. (Editor). 2005. *The Oxford companion to philosophy*. Oxford: Oxford University Press.

Hospers, J. 1997. *An introduction to philosophical analysis.* London: Routledge.

Howes, O. & Muray, R.M. 2010. schizophrenia, in *The Oxford companion to the mind*. Edited by R.L. Gregory. Oxford: Oxford University Press, 820.

Hume, D. An essay concerning human understanding in R.M. Hutchins (Ed.). 1971. *Great Books of the Western World*, Volume 35. London: Encyclopaedia Britannica, Inc.

Hume, D. 2008. *Dialogues and the natural history of religion*. Oxford: Oxford University Press.

Jones, S. 2000. *The language of genes.* London: Flamingo.

Jordan, M.D. 2010. religion, history of the philosophy of, in *The Oxford companion to philosophy*. Edited by T. Honderich. New York: Oxford University Press, 803.

Kant, I. 1971. *The critique of pure reason,* in Great Books of the Western World. Edited by R.M. Hutchins. London: Encyclopaedia Britannica, Vol. 42.

Krauss, L.M. 2013. *A universe from nothing*. New York: Atria.

Kriel, D.M. & Meyer, A.T.M. 1975. *René Descartes se bepeinsinge oor die eerste filosofie waarin die bestaan van God en die onsterflikheid van die siel bewys word*. Pretoria en Kaapstad: Academia.

Lieberman, D. 2014. *The story of the human body*. London: Penguin.

Life. Wikipedia. https://en.wikipedia.org/wiki/Life (Verkry op 19 Augustus 2018).

Locke, J. 1971. *Concerning human understanding,* in Great Books of the Western World. Edited by R.M. Hutchins. London: Encyclopaedia Britannica, Volume 35.

Locke, J. 2017. *The reasonableness of Christianity, as delivered in the Scriptures*. Lavergne: First Rate Publishers.

Lowe, E.J. 2005. ontology, in *The Oxford companion to philosophy*. Edited by T. Honderich. Second edition. New York: Oxford University Press, 670.

Lowe, E.J. 2005. truth, in *The Oxford companion to philosophy*. Edited by T. Honderich. Second edition. New York: Oxford University Press, 927.

Magee, B. 2011. *The story of philosophy*. New York: DK Publishing.

Malan, D.J. (Eind-keurder). 1969. *Die Katkisasieboek*. Een-en-twintigste druk. Bloemfontein: Algemene Jeugkommissie van die NGK.

McHenry, H.M. 2009. Human Evolution, in *Evolution: The first four billion years*. Edited by M. Ruse and J. Travis. Cambridge and London: Belknap, 267-269.

Meister, C. & Copan, P. 2010. *The Routledge companion to philosophy of religion*. Oxon: Routledge.

Mellanby, K & Rasmussen, W.D. 2012. agriculture, in *Encyclopaedia Britannica*. Encyclopaedia Britannica Deluxe Edition. Chicago: Encyclopaedia Britannica.

Meyer, A.T.M. 1975. René Descartes Sy lewe, in *René Descartes se bepeinsinge oor die eerste filosofie waarin die bestaan van God en die onsterflikheid van die siel bewys word*. D.M. Kriel & A.T.M. Meyer. Pretoria en Kaapstad: Academia, 1-5.

Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Belydenisgrondslag*. www.ngkerk.org.za/belydenis (Verkry op 19 Augustus 2018).

Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Geloofsverklaring 2000*. www.kerkargief.co.za/doks/belyGD-Geloof.pdf (Verkry op 19 Augustus 2018).

Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. 2015. http://www.ngkerkas.co.za/wp-contentuploads/2013/04/KERKORDE-2015-VOLLEDIG.PDF (Verkry op 19 Augustus 2018).

Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Persvrystelling: Kerk en Wetenskap*. 2010. www.yumpu.com/nl/document/iew/39265160/kerk-en-wetenskap-ng-kerk (verkry op 19 Augustus 2018).

Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Wie is Ons / NG Kerk*. http://ngk.org.za/wp/index.php/wie-is-ons/ (Verkry op 19 Augustus 2018).

Newton, R.G. 1997. *The truth of science*. Cambridge & London: Harvard University Press.

Nielsen, K. 2010, The problem of religious language, in *The Routledge companion to philosophy of religion*. Edited by C. Meister and P. Copan. Oxon: Routledge, 425-426.

O'Connor, D.J. (Editor). 1985. *A critical history of Western philosophy*. New York: The Free Press.

Pelser, A.N. 1979. *Die Afrikaner-Broederbond: Eerste 50 Jaar*. Kaapstad. Tafelberg.

Penrose, R. 2005. *Shadows of the mind*. London: Vintage.

Penrose, R. 2007. *The road to reality*. New York: Vintage.

Penrose, R. 2011. *Cycles of time*. London: Vintage.

Phillips, P.J.J. 2013. *Gagging on profundity*. Victoria: FriesenPress.

Plantinga, A. 2000. *Warranted Christian Belief*. New York: Oxford University Press.

Popper, K. 1974. *The open society and its enemies. The spell of Plato,* Volume 1. London: Routledge & Keegan Paul.

Popper, K. 2002. *Conjectures and refutations*. New York: Routledge.

Popper, K. 2002. *The logic of scientific discovery*. New York: Routledge.

Ptolemy, C. 1971. *The Almalgest,* in Great Books of the Western World. Edited by R.M. Hutchins. London: Encyclopaedia Britannica, Vol. 16.

Quackenbush, J. 2011. *The Human genome project*. Watertown: Charelsbridge.

Rehabilitating Galileo's image. 1984. *Time*. 123(11):52.

Robinson, T.R. 2010. *Genetics for dummies*. Hoboken: John Wiley.

Rogers, A.K. 1960. *A student's history of philosophy*. New York: Macmillan.

Rorty, R. 2005. Anticlericalism and atheism, in *The future of religion*. New York: Columbia University Press, 33.

Rorty, R. 2009. *Philosophy and the mirror of nature*. Oxfordshire: Princeton University Press.

Rorty, R. & Vattimo, G. 2005. *The future of religion*. New York: Columbia University Press.

Roth, G. 2013. *The long evolution of brains and minds*. Dordrecht: Springer.

Rousseau, L. 2006. *Die groot avontuur*. Kaapstad: Human &Rousseau.

Ruse, M., Travis, J. (Editors). 2009. *Evolution: The first four billion years*. Cambridge and London: Belknap.

Russell, B. 1957. *Why I am not a Christian*. New York: Simon & Schuster.

Russell, B. 1971. *History of Western philosophy*. Sixth impression. London: George Allen & Unwin.

Russell, B. 1988. *Logic and knowledge*. London: Unwin Hyman.

Russell, B. 2005. *Human knowledge. Its scope and limits*. London/New York: Routledge.

Scalambrino, F. (ed). 2016. *Social epistemology and technology*. London/New York: Rowman & Littlefield.

Schrödinger, E. 2012. *What is life?* Cambridge: Cambridge University Press.

Scientific Community. Wikipedia. https://en.wikipedia.org/wiki/Scientific-community (Verkry op 19 Augustus 2018).

Seung, S. 2012. *Connectome*. London: Penquin.

Strachan, T. & Read, A. 2011. *Human molecular genetics*. New York & Abington: Garland Science.

Strauss, D. 2018. The impasse of encompassing modern biological theories, in *Ponte International Journal for Sciences and Research*. Vol. 74/ No. 3/1/ Mar 2018, 326-327, 331.

Strauss, D.F.M. 2010. A perspective on (neo-) Darwinism (2010), in *Koers* 74(3) 2010:1-43.

Stumpf & Abel, D.C. 2011. *Elements of philosophy: An introduction*. New York: McGraw-Hill.

Tarnas, R. 2010. *The passion of the Western mind: Understanding the ideas that have shaped our world view*. London: Pimlico.

Thompson, E. 2007. *Mind in life*. Cambridge & London: Belknap.

Tranøy, K. 1985. Thomas Aquinas, in *A critical history of Western philosophy*. Edited by D.J. O'Connor. New York: The Free Press, 105.

Tuttle, R.H. 2012. human evolution , in *Encyclopaedia Britannica*. Encyclopaedia Britannica Deluxe Edition. Chicago: Encyclopaedia Britannica.

Van den Berg, M.E.S. 2010. *Critical reasoning and the art of argumentation*. Unisa: Unisa Press.

Van Rensburg, F.J., & Nel, M. 2009. *Die Bybellennium. 'n Eenvolume-kommentaar*. Vereniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Viljoen, D. 1988. *Ons glo ... Die drie formuliere van eenheid en ekumeniese belydenisse*. Kaapstad: NGK Uitgewers.

Von Wachter, D. 2010. Protestant theology, in *The Routledge companion to philosophy of religion*. Edited by C. Meister & P. Copan. Oxon: Routledge, 487.

Watson, J.C. 2016. Filter bubbles and the public use of reason: Applying epistemologyto the newsfeed, in *Social epistemology and technology: Towards public self-awareness regarding technological mediation*. Edited by F. Scalambrino. London/New York: Rowman & Littlefield, 47-57.

Welshon, R. 2011. *Philosophy, neuroscience and consciousness*. Montreal & Kinston: Ithaca.

Whitcomb, D. 2011. Introduction, in *Social epistemology: Essential readings* Edited by A. Goldman & D. Whitcomb. New York: Oxford University Press, 3-7.

Whitlock, F.A.W. 2010. psychopathic personality, in *The Oxford companion to the mind*. Edited by R.L. Gregory. Oxford: Oxford University Press, 767-769.

Wilkens, I. & Strydom, H. 1978. *The super-Afrikaners*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Wood, A.W. 2009. *Kant's rational theology*. Ithaca: Cornel University Press.